


VERKLARING

Ek, Peter Edwards, verklaar hiermee dat die proefskrif wat ek hiermee vir die doktorsgraad *Doctor Philosophiae* aan die Universiteit van Pretoria indien, my selfstandige werk is en dat ek dit nie voorheen vir 'n kwalifikasie by 'n ander hoër onderwysinstelling ingedien het nie.

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'P. Edwards', written over a dotted line.

P. Edwards

72137861

November 2020

**GROOT BRITTANJE SE AANSPRAAK OP DIE SUIDELIKE
GEDEELTE VAN DELAGOABAAI, 1822 – 1875**

Peter Edwards

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE (GESKIEDENIS)

In die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die

Universiteit van Pretoria

Fakulteit Geesteswetenskappe

Studieleier: Prof. Fransjohan Pretorius

November 2020

Hierdie proefskrif word opgedra aan my eggenote, Aryna, uit dank vir haar en my dogters se opofferings wat deur die jare ter wille van my nagraadse studies gemaak is, en haar aanmoediging in 2010 om my navorsing oor Delagoabaai in die Britse argief voort te sit. Hieruit het die voortsetting van die vreugdevolle ure van navorsing in Londen en Lissabon tot 'n tweede proefskrif gevloei.

INHOUD

	Bladsy
DANKBETUIGING.	i
OPSOMMING	ii
ABSTRACT	iii
LYS VAN KAARTE EN ILLUSTRASIES	iv
LYS VAN AFKORTINGS	vi
INLEIDING	vi
1. EUROPESE AANSPRAKE OP DELAGOABAAI, 1501-1822	1
2. EERSTE BRITSE AANSPRAKE OP DELAGOABAAI, 1822	27
3. OWEN SE VERDRAE MET DIE TEMBE- EN MAPUTO-KONINGS EN PORTUGEEES-BRITSE INTERAKSIE, 1823	57
4. VERDERE VERWIKKELINGE RONDOM DELAGOABAAI, 1824-1835	95
5. HERNUDE BRITSE BELANGSTELLING IN DELAGOABAAI, 1835-1866	123
6. ANGLO-PORTUGESE ONDERHANDELINGE OOR DIE SUIDELIKE GEDEELTE VAN DELAGOABAAI, 1868-1872	172
7. DIE DELAGOABAAI-ARBITRASIE, 1872-1875	214
8. SLOT	247
9. BIBLIOGRAFIE	254

DANKBETUIGINGS

'n Hartlike word van dank en waardering aan die volgende persone en instansies wat die voltooiing van hierdie proefskrif moontlik gemaak het:

Professor Fransjohan Pretorius, my studieleier, vir sy kundige en inspirerende leiding, en die besondere belangstelling wat hy deurentyd deur sy toeganklikheid en sy positiewe en ondersteunende kommentaar in my studie getoon het. Dit was 'n groot voorreg om hierdie proefskrif onder sy leiding te voltooi.

Alett Nell, inligtingkundige van die biblioteek van die Universiteit van Pretoria, vir haar besondere professionele ondersteuning in die verkryging van artikels en bronne in buitelandse biblioteke en argiewe.

Die personeellede van die Britse Nasionale Argief, die Portugese Argief van Buitelandse Sake en die Portugese Koloniale Argief.

Paul en Alicia Fraser van Kew Gardens wie se besondere gasvryheid en hartlikheid ek vir tien jaar tydens my navorsingsbesoeke aan Londen kon geniet.

Rosário Melo, my gasvrou in Lissabon, vir haar onderhoudende gesprekke en haar hulp om my weg in dié stad te kon vind.

Judith Coetzee, my onbaatsugtige voormalige kollega en vertroueling, vir haar hulp met dokumentontwerp en die invoeging van honderde voetnotas.

Fiona Capstick, my skerpsinnige en belese buurvrou, vir haar hulp met die interpretasie en vertaling van Portugese en Franse dokumente.

Yvonne Bredell, voormalige kollega, vir haar uitstekende vertaling van Engelse diplomatieke taal.

Dirk Taljard, voormalige kollega en taalpraktisyn, vir sy hulp met vertaalwerk en die formulering van argumente in die idioom van Afrikaans.

My dogter Cornelia wat my, te midde van haar eie nagraadse studie, in Utrecht en Amsterdam gehuisves het, 'n kosbare Portugese bron vir my present gegee het en my met haar belangstelling sóveel morele ondersteuning gebied het.

My eerstydse kollegas by die Afrikaanse Hoër Seunskool vir hulle volgehoue belangstelling in my navorsingwerk en hulle ondersteuning in hierdie verband.

Alle eer aan my Skepper vir die genade om hierdie studie te kon voltooi.

Pretoria

November 2020

OPSOMMING

In die tydperk 1822 tot 1875 het Groot-Brittanje verskeie aansprake rakende eienaarskap op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gemaak wat tot 'n aantal insidente met Portugal gelei het. Hierdie aansprake het nie 'n spesifieke patroon gevolg nie.

Kaptein William Fitzwilliam Owen kan as die grondlegger van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai beskou word. Sy ooreenkomste met die inheemse leiers van Tembe en Maputo in 1823 het die grondslag vir Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gelê.

Portugese protes teen Owen se aggressiewe bevordering van Britse belange in Delagoabaai het reeds in 1826 tot die eerste korrespondensie op diplomatieke vlak gelei. Hierdie korrespondensie, en veral die verskil in interpretasie oor die Anglo-Portugese konvensie van 1817, sou in 1875 die grondslag van die Delagoabaai-arbitrasie vorm.

Hernude Britse belangstelling in die handelsmoontlikhede van die suidelike gedeelte van Delagoabaai het in November 1861 tot die Britse besetting van Inyackeiland in die monding van die baai gelei. President M.W. Pretorius se poging in 1868 om die Zuid-Afrikaansche Republiek se grondgebied tot Delagoabaai uit te brei en sy daaropvolgende erkenning van Portugal se aanspraak op die suidelike gedeelte van die baai, het protes van die Britse regering ontlok. Langdurige Anglo-Portugese onderhandelinge het uiteindelik tot 'n gesamentlike besluit gelei om hul opponerende aansprake aan die arbitrasie van die Franse president, maarskalk Patrice MacMahon, voor te lê. Op 27 Julie 1875 het MacMahon uitspraak ten gunste van Portugal gelewer.

Sleutelwoorde: Anglo-Portugese konvensie 1817; Delagoabaai; Groot-Brittanje; Inyackeiland; Maputo; M.W. Pretorius; P. MacMahon; Portugal; suidelike gedeelte van Delagoabaai; Tembe; W.F. Owen.

ABSTRACT

In the period of 1822 to 1875, Great Britain made various claims regarding ownership of the southern part of Delagoa Bay which led to a number of incidents with Portugal. These claims did not follow any specific pattern.

Captain William Fitzwilliam Owen can be regarded as the champion of the British claim to the southern part of Delagoa Bay. His agreements with tribal leaders of Tembe and Maputo in 1823 lay the foundation for the British claim to the southern part of Delagoa Bay.

Portuguese protests against Owen's aggressive advancement of British interests in Delagoa Bay led to the first correspondence on diplomatic level in 1826. This correspondence and especially the difference of interpretation of the Anglo-Portuguese convention of 1817, would form the foundation of the Delagoa Bay arbitration in 1875.

Renewed British interest in the possibility of trade relations with the southern part of Delagoa Bay led to the British occupation of Inyack Island in the mouth of the Bay in November 1861. The attempts of President M.W. Pretorius in 1868 to expand the Zuid-Afrikaansche Republiek's Z.A.R.'s territory to Delagoa Bay and his recognition of Portugal's claim to the southern part of the bay, led to protestation from the British government. Lengthy Anglo-Portuguese negotiations would eventually lead to a combined decision to have the issue of their opposing claims arbitrated by the French president, Marshal Patrice MacMahon. On 27 July 1875 MacMahon decided in favour of the Portuguese.

Key words: Anglo-Portuguese convention 1817; Delagoa Bay; Great Britain; Inyack Island ; Maputo; M.W. Pretorius; P. MacMahon; Portugal; southern part of Delagoa Bay; Tembe; W.F. Owen

LYS VAN KAARTE EN ILLUSTRASIES

1. Kaptein William Fitzwilliam Owen (1774-1857)	26
2. English River, Delagoabaai – Skets van Luitenant Thomas Boteler	37
3. English Bill – Skets van luitenant Thomas Boteler	42
4. Owen se kaart van English River-hawe in Delagoabaai, 1822	47
5. Tembe-inwoners met English River-hawe in die agtergrond	50
6. A Survey of Delagoa Bay: Owen se eerste kaart, 1822.	56
7. Sketskaart by koloniale kantoor se memorandum oor Delagoabaai, 1853	122
8. Lyons McLeod, eerste Britse konsul in Mosambiek, 1857-1858	129
9. Lyons McLeod se kaart van Oos-Afrika waarop hy die omvang van Portugese aansprake op die ooskus aandui, 1859	140
10. Afbeelding van die oorspronklike kaart van Lyons McLeod waarop hy die Portugese aansprake tussen Kaap Delgado en Delagoabaai in blou aangedui het, 16 November 1858.	141
11. Lyons McLeod se sketskaart waarop hy die plek aandui waar die Portugese in Desember 1857 op die <i>Herald</i> in die King Georgerivier beslag gelê het (met kruisie in rooi aangedui)	144
12. Lyons McLeod se sketskaart om die omvang van die Portugese nedersetting van Lorenzo Marques aan te dui, 1858.	145
13. Sketskaart by F. Irving se memorandum vir die Britse departement van buitelandse sake om die grense van Portugese aansprake op Delagoabaai aan te toon, Januarie 1860	156
14. Sketskaart van die ZAR-Portugese grensreëling van Julie 1869 waarvolgens die ZAR Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai erken het	187

15. Paivo Manso se Memoria sobre Lourenço Marques (Delagoa Bay) wat die Portugese regering in Julie 1871 aan die Britse minister van buitelandse sake gestuur het.	204
16. Corvo se kaart van Februarie 1872 aan die Britse departement van buitelandse sake waarop hy Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aangedui het.	211
17. Delagoabaai-arbitrasie: Britse kaart: A Survey of Delagoa Bay, 1822.	216
18. Delagoabaai-arbitrasie: Portugese kaart waarop botsende Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aangedui word, September 1873	223
19. Delagoabaai-arbitrasie: Kaart van 1843 deur Charles Michell, landmeter-generaal van die Kaapkolonie, waarop die Portugese aansprake op die suidooskus heelwat suid van Delagoabaai erken word, soos voorgelê September 1873.	228

LYS VAN AFKORTINGS

ADM:	Admiralty
AHU:	Archivo Historico Ultramarino
BL:	British Library
CO:	Colonial Office
DO:	Dominion Office
FO:	Foreign Office
SS:	Staatsekretaris
TAB:	Transvaalse Argiefbewaarplek
TNA:	The National Archive

INLEIDING

Die rol van Delagoabaai in die geskiedenis van suidelike Afrika is al deur verskeie navorsers aangeraak. C.G. Coetzee het in sy MA-verhandeling, *Die Kompanjie se besetting van Delagoabaai* (Universiteit van Stellenbosch, 1948) en sy proefskrif, *Die Stryd om Delagoabaai en die Suidooskus, 1600-1800* (Universiteit van Stellenbosch, 1954) op die belangrike rol wat die baai in die Europese koloniale geskiedenis voor die negentiende eeu gespeel het, gewys.

Wat die negentiende eeu betref, het navorsers soos A.K. Smith¹ en M.V. Jackson Haight² die rol wat Delagoabaai in die eerste dekades van dié eeu in die Britse buitelandse en koloniale beleid gespeel het, aangedui, maar as 'n verwante aspek van 'n breër onderwerp. Hoewel beide navorsers uitstekende werk gelewer het, kon hulle weens die aard van hul studieterrein slegs 'n enkele hoofstuk aan die oorsprong van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai afstaan.

D.W. Krüger het in sy proefskrif, *Die weg na die see of die Ooskus in die Boere-beleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding tot die Portugese* (1938), die belangrike rol wat Delagoabaai voor 1877 in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek gespeel het, aangedui. Hoewel Britse en Portugese belange in die baai 'n rol in sy studie speel, het hy egter weens die aard van sy onderwerp slegs van enkele dokumente in die argiewe van die Britse departement van buitelandse sake en departement van kolonies gebruik gemaak. Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai het derhalwe weinig aandag in sy voortreflike studie geniet. Slegs een paragraaf word aan die Delagoabaai-arbitrasie, wat so 'n belangrike rol in die geskiedenis van Europese aansprake op Delagoabaai gespeel het, gewy.

¹ A.K. Smith, *The Struggle for Control of Southern Mozambique, 1720-1835*, (University of California, Los Angeles, 1970).

² M.V. Jackson Haight, *European Powers and South-East Africa: A study of international relations on the South-Eastern coast of Africa 1796-1856*, (New York: F.A. Praeger, hersiene uitgawe, 1967)

Beide C.J. Uys³ (1933) en C.W. de Kiewiet⁴ (1929) het in hul gesaghebbende studies gewys op die belangrike rol wat Delagoabaai in die Britse koloniale beleid teenoor die Boererepublieke in die tydperk 1848 tot 1877 gespeel het. Weens die aard van hul studieterrein was hul navorsing egter beperk tot die argiewe van die Britse departement van kolonies. Daar is geen bewyse dat hulle die groot hoeveelheid belangrike dokumente met betrekking tot Delagoabaai in die argiewe van die Britse departement van buitelandse sake en die Britse admiraliteit geraadpleeg het nie. Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai het vanselfsprekend dan ook nie veel aandag in hul navorsing geniet nie.

Navorsers soos C.F. Goodfellow⁵ (1966) en M.S. Appelgryn⁶ (1979) het in hul gesaghebbende werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die tydperk na 1872 ook aandag geskenk aan Britse regte in die suidelike gedeelte van Delagoabaai, maar hoofsaaklik as 'n verwante aspek van 'n breër onderwerp. Hoewel beide navorsers uitstekend gebruik gemaak het van die argiewe van die Britse departement van kolonies, het hul weens die aard van hul studieterrein nie die argivale bronne in die Britse departement van buitelandse sake geraadpleeg nie.

R.W. Bixler⁷ het in 'n tydskrif-artikel onder die opskrif: "Anglo-Portuguese Rivalry for Delagoa Bay" (1934), 'n kort oppervlakkige oorsig oor die verloop van die botsende Britse en Portugese aansprake op die baai in die negentiende eeu gegee. Sy navorsing oor die onderwerp het berus op enkele dokumente in die argief van die Britse departement van buitelandse sake. Hy het geen Portugese bronne of die waardevolle bronne in die argiewe van die Britse departement van kolonies en die Britse admiraliteit benut nie. Die geloofwaardigheid van Bixler se navorsing word ongelukkig ook deur 'n growwe feitefout met betrekking tot die presidentskap van die

³ C.J. Uys, *In the era of Shepstone, being a study of British Expansion in South Africa (1842-1877)*, (Lovedale : Lovedale Press, 1933).

⁴ C.W. de Kiewiet, *British Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872*, (London: Longman's, Green and Company, 1929); *The Imperial factor in South Africa: a study in politics and economics*, (Cambridge: Cambridge University Press, 1937)

⁵ C.F. Goodfellow, *Great Britain and South African Confederation (1870-1881)*, (Kaapstad: Oxford University Press, 1966).

⁶ M.S. Appelgryn, *Thomas Francois Burgers, Staatspresident 1872-1877*, (Pretoria: HAUM Uitgewery, 1979)

⁷ R.W. Bixler, Anglo-Portuguese Rivalry for Delagoa Bay, *The Journal of Modern History*, Vol. 6, Nr. 4 (Desember 1934), pp. 425-440.

Zuid-Afrikaansche Republiek in gedrang gebring, deurdat hy Paul Kruger met T.F. Burgers verwar.

Aan Portugese kant verdien die name van twee navorsers, Alexandre Lobato, en burggraaf Paivo Manso, spesiale vermelding. Lobato se *Quatro Estudos e Uma Evocação Para a História de Lourenço Marques* (1961), is die enigste studie aan Portugese kant waarin die gevolge van kaptein Owen se optredes in Delagoabaai in oënskou geneem word. Sy navorsing is egter uitsluitlik op Portugese argivale bronne gebaseer en het nie veel lig op die onderwerp gelewer nie.

Paivo Manso het in die 1870's drie studies oor die geskiedenis van Lourenço Marques (Delagoabaai) die lig laat sien. Die eerste studie: *Memoria sobre Lourenço Marques (Delagoa Bay)* het in 1870 verskyn en was 'n polemiese geskrif oor Portugal se aansprake op Delagoabaai. Die Portugese regering het op grond van hierdie publikasie die opstel van die Portugese saak vir die Delagoabaai-arbitrasie aan Manso toevertrou. Hoewel sy bydraes oor Portugal se historiese aansprake op Delagoabaai min om die lyf gehad het, het hy tog deur die publikasie van 'n groot aantal belangrike Portugese dokumente met betrekking tot die dispuut, 'n waardevolle historiese bydrae gelewer.

Groot-Brittanje se aansprake op die suidelike gedeeltes van Delagoabaai tussen 1822 en 1875 is egter tot nog toe nie aan 'n wetenskaplike studie onderwerp nie. Hierdie proefskrif is dus 'n poging om in hierdie leemte te voorsien. Dit probeerg om op wetenskaplike wyse aan te toon hoe die Britse aansprake ontstaan het, watter waarde Britse regeringslui aan die aansprake geheg het, wie Britse aansprake betwis of bedreig het, waarom die dispuut met Portugal oor die suidelike gedeelte van die baai uiteindelik na 'n arbiter verwys is, en waarom hy ten gunste van Portugal se aansprake beslis het.

Kaptein W.F. Owen het in November 1822 tydens 'n wetenskaplike opname van die Oos-Afrikaanse kus die eerste Britse aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gemaak. Sy daaropvolgende verdrae met die inheemse leiers van die Tembe- en Maputo-groepe in 1823 sou die grondslag lê vir die Anglo-Portugese

dispuut oor die besitreg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai wat eers in 1875 ten gunste van Portugal beslis is.

Die onderwerp van hierdie proefskrif was 'n uitvloeisel van bepaalde omstandighede. Skrywer het in 1989 'n doktrale proefskrif getiteld: *Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899*, onder leiding van professor Ockie Geyser aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi. Vier uiters vrugbare besoeke aan die Britse nasionale argief in die tydperk 2010 tot 2013 het my oortuig om 'n tweede proefskrif, getiteld: "Groot-Brittanje, die Zuid-Afrikaansche Republiek en Delagoabaai 1822-1889", onder leiding van professor Fransjohan Pretorius aan die Universiteit van Pretoria te onderneem. Weens die groot omvang van my verdere vrugbare navorsingsbesoeke aan Britse en Portugese argiewe, was ek egter verplig om my studie tot Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te beperk.

Die meeste navorsing vir hierdie proefskrif het in die Britse nasionale argief in Kew buite Londen plaasgevind. Danksy hierdie argief se uiters volledige argiewe van die Britse admiraliteit, die koloniale- en buitelandse kantoor, kon daar 'n deeglike studie van die Britse en Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gemaak word. Navorsing in die British Library (Londen), die National Maritime Museum (Greenwich, Londen), Hatfield House (Hertfordshire) en die argief van die Royal Geographical Society (Londen), het ook waardevolle inligting opgelewer.

Wat die navorsing in Portugal betref, was die oes wat dokumente betref heelwat skraler as in die geval van Brittanje. Dié navorsing in die argiewe van die Portugese departement van buitelandse sake en kolonies, asook die Portugese nasionale biblioteek in Lissabon, was nietemin van onskatbare waarde. Weens die groot waarde wat die Portugese aan die besit van Delagoabaai geheg het, het die Portugese departement van buitelandse sake al die belangrikste dokumente met betrekking tot die dispuut met Brittanje in 'n enkele houer versamel. Hierdie versameling dokumente, asook dié in die Portugese koloniale argief, het gehelp om 'n gebalanseerde beeld van die Anglo-Portugese dispuut oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai te vorm.

Weens die aard van die onderwerp het my navorsing in Pretoria en Kaapstad nie soveel om die lyf gehad as dié in die buiteland nie. Die navorsing in die Staatsargief in Pretoria het nietemin lig gewerp op die belangrike rol wat presidente M.W. Pretorius en T.F. Burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek in die Anglo-Portugese dispuut oor Delagoabaai gespeel het.

HOOFSTUK EEN

EUROPESE AANSPRAKE OP DELAGOABAAI, 1501-1822

Verskeie Europese moondhede het sedert die vroeë sestiende eeu aanspraak op Delagoabaai gemaak. Hoewel Portugese seevaarders die eerste Europese besoekers aan die baai was, is die eerste permanente Europese nedersetting in die baai eers vroeg in die sewentiende eeu deur 'n Nederlandse handelsmaatskappy tot stand gebring. Engelse handelaars het hulle nie aan Portugese of Nederlandse aansprake op die baai gesteur nie en sedert die einde van die sestiende eeu gereelde winsgewende handelsvaarte daarheen onderneem. Eers aan die begin van die negentiende eeu kon die Portugese na verskeie mislukte pogings daarin slaag om 'n fort en permanente nedersetting in Delagoabaai tot stand te bring en hul aanspraak op die baai deur Groot-Brittanje erken te kry.

Delagoabaai, wat sedert 1975 as Maputobaai bekend staan, is die wye mond van 'n strandmeer wat op die hoogte van ongeveer 25°30' suider breedtegraad, in Mosambiek aan die suidooskus van Afrika geleë is. Drie groot riviere vloei uit die suide, weste en noorde in die baai wat van noord na suid ongeveer 40 kilometer lank en van wes na oos ongeveer 33 kilometer breed is. Die baai is een van die min natuurlike hawens aan die ooskus van Afrika en weens die veilige en beskutte ankerplek vir groot seilskepe die beste hawe tussen die monding van die Zambesierivier in die noorde en Algoabaai aan die Kaapse kus in die suide. Die terrein rondom die baai is plat en laagliggend en word deur die Lebombobergreeks, sowat een honderd kilometer ten weste van die baai, van die hoërliggende binneland geskei.¹ Sover vasgestel kan word, het Delagoabaai nooit deel gevorm van die Arabiese kushandel langs die ooskus van Afrika nie. Dit wil voorkom of hierdie kushandel nie verder suid as Kaap Correntes, sowat 100 kilometer ten noorde van Delagoabaai, gestrek het nie.² Hoewel die laagliggende kusvlakte rondom Delagoabaai vrugbaar en bosryk is, het die talle moerasse en subtropiese klimaat die baai 'n ongesonde omgewing vir Europese besoekers gemaak.

Ten tye van die eerste Europese kontak met die suidooskus van Afrika aan die begin van die sestiende eeu is Delagoabaai en omgewing al eeue lank deur inheemse mense van die suidelike Ronga-sprekende groepe bewoon.³ Twee groepe, die Inhaca en Tembe, was aan die begin van

¹ D. Sleight, *Die Buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795*, p. 679; A.K. Smith, *The Struggle for Control of Southern Mozambique, 1720-1835*, pp.1-4.

² C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai en die Suidooskus, 1600-1800*, p. 6.

³ A.K. Smith, *The Struggle for Control...*, pp. 8-11; L. Chewins, *Trade at Delagoa Bay: The influence of trade on political structures, 1721-1799*, p. 2.

die sestiende eeu reeds sterk gevestig in die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Die sterkste groep, die Inhaca, wat later as die Maputo bekend sou staan, het die grondgebied oos van die Maputorivier, insluitende Inyackeiland, bewoon, en hul invloed het suidwaarts tot by St. Luciabaai gestrek. Die Tembes het die grondgebied wes van die Maputorivier en suid van die Temberivier bewoon, en sou aan die begin van die agtiende eeu as die grootste en sterkste Ronga-groep in Delagoabaai na vore tree. Groot-Brittanje sou in die negentiende eeu op die grondgebied van hierdie twee opperhoofskappe in die suidelike gedeelte van Delagoabaai aanspraak maak. Die belangrikste groepe in die noordelike gedeelte van Delagoabaai met wie die Europeërs in aanraking sou kom, was dié van Mufomo en Mattol wat kleiner en swakker as hul suidelike bure was.⁴

By die bestudering van Europese aansprake op Delagoabaai moet die onderlinge stryd onder die inheemse opperhoofskappe om beheer oor die baai te verkry, nie uit die oog verloor word nie. Smith⁵ dui tereg daarop dat hierdie onderlinge wedywing 'n belangrike rol in die Europeërs se aansprake op die baai gespeel het. Veral die Tembe en die opperhoofskappe in die noordelike gedeelte van Delagoabaai het 'n belangrike rol in dié verband gespeel. Ten einde hul invloed oor die baai te bevorder, het hierdie opperhoofde nie gehuiwer om ooreenkomste met Europese aanspraakmakers oor eiendomsreg in Delagoabaai te sluit nie. Hulle opvatting oor dominium (besitreg) het egter wesenlik van die Europeërs s'n verskil. Volgens die Ronga-opperhoofde het verdrae oor die vervreemding van eiendom die Europeërs slegs die reg verleen om 'n bepaalde grondgebied vir handelsdoeleindes te gebruik, en geensins dominium geïmpliseer nie. Hierdie verskil in opvatting oor die vervreemding van eiendom sou voortdurend tot konflik tussen die Ronga-opperhoofskappe en die Europese aanspraakmakers lei. Hoewel die aktiwiteite en aansprake van die Portugese en ander Europeërs groot invloed op die inheemse opperhoofskappe van Delagoabaai sou uitoefen, is dit belangrik om daarop te let dat hulle hul onafhanklikheid behou het en tot met die aanbreek van die 1820's nooit aan Europese gesag onderwerp is nie.⁶

Portugese seevaarders was die eerste Europese besoekers aan Delagoabaai. Die baai het egter geen rol in Vasco da Gama se ontdekking van 'n seeweg na die Ooste gespeel nie. Joao de Nova, aanvoerder van die derde Portugese vloot na Indië, het in 1501 as eerste Europeër toevallig daar aangedoen. Onder die indruk dat een van die riviere in die baai met 'n breë monding uit 'n reuse meer in die binneland ontspring, het De Nova die rivier die Rio da Lagoa (rivier van die

⁴ E.A. Eldredge, *Kingdoms and Chieftoms of Southeastern Africa, Oral Traditions and History, 1400-1830*, pp. 117-128.

⁵ A.K. Smith, *The Struggle..*, p. xi.

⁶ A.K. Smith, *The Struggle..*, pp. 27-33, pp. 176-178; E.A. Eldredge, *Kingdoms and Chieftoms..*, pp. 117-128.

meer) genoem. Die naam van die rivier is op die baai oorgedra wat reeds so vroeg as 1502 as die Rio da Lagoa op Portugese kaarte aangedui is.⁷

Die Portugese het aanvanklik geen belangstelling in Delagoabaai as hawe, nedersetting of handelsgebied getoon nie en die baai het geen rol in die totstandkoming van die Portugese handelsryk aan die Oos-Afrikaanse kus en die Ooste, die sogenaamde Estadia Indië, gespeel nie. Met die oog op beheer oor die suidooskus van Afrika het die Portugese eerder aandag aan die meer voordelige noordelike geleë hawens en handelsentrums van Sofala en die tropiese Mosambiekeiland (Ilha de Mocambique) geskenk. Sofala is in 1505 en Mosambiekeiland in 1507 gefortifiseer en met 'n permanente besetting beman. Mosambiekeiland sou danksy sy strategiese ligging en natuurlike voordele as retoerhawe gou tot 'n uiters belangrike kommersiële, politieke en militêre skakel tussen Lissabon en Goa, die hoofsetel van die Portugese ryk in die Ooste, ontwikkel. Hiervandaan is die kus en die binneland van suidoos-Afrika verken, en handel in goud, ivoor en slawe met die inheemse bevolking op 'n gereelde basis gedryf. Die Portugese sou uiteindelik die hele gebied wat hulle later aan die ooskus van Afrika verower het, na hierdie eiland vernoem.⁸

Eers in 1544 het Lourenco Marques, 'n ervare Portugese skeepskaptein, in opdrag van die bevelvoerder van Mosambiek, 'n verkenningstog na Delagoabaai en omstreke onderneem om die handelsmoontlikhede van die baai te ondersoek. Marques se besoek sou verreikende gevolge vir Portugese aansprake op Delagoabaai inhou. Afgesien van sy vriendelike en gasvrye ontvangs deur die Inhaca-opperhoof in die suide van die baai, was Marques veral beïndruk met die groot aantal olifante aan die oewers van die Rio da Lagoarivier asook die bereidwilligheid van die inheemse bevolking om in ruil vir krale, kledingstowwe en geelkoper, in ivoor handel te dryf.⁹

Op grond van sy gunstige verslag oor die moontlikheid van ivoorhandel, sterk aanbeveel deur die Portugese onderkoning in Goa, Joao de Castro, het koning Joao III in Maart 1546 'n jaarlikse handelsvaart tussen Mosambiekeiland en Delagoabaai onder bevel van Lourenco Marques ingestel. Hierdie handelsvaart het gou in 'n vaste patroon ontwikkel wat feitlik onveranderd tot aan die begin van die sewentiende eeu voortgesit is. Die besoek aan Delagoabaai is deur die Moesonwinde bepaal en het normaalweg tussen Desember en Junie plaasgevind.

⁷ W.J. de Kock, *Portugese Ontdekkers om die Kaap*, pp. 222-223; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai..*, p. 12.

⁸ O.J.O. Ferreira, *Ilha de Moçambique byna Hollands: Portugese inbesitname, Nederlandse veroweringspogings en die opbloei en verval van Mosambiekeiland*, pp. 11-21; D. Sleight, *Die Buiteposte..*, p. 682.

⁹ W.J. de Kock, *Portugese Ontdekkers ..*, pp. 222-223; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai..*, pp. 13-16.

Die Portugese het in tydelike verblyfplekke op Inyack- en die nabygeleë Xefina-eiland in die monding van Delagoabaai gebly waarvandaan hulle na handelsposte op die Maputo, Rio da Lagoa en Inkomatiriviere gevaar het om met die verskillende Ronga-opperhoofde handel te dryf. Die Portugese het hul handelsaktiwiteite tot die onmiddellike omgewing van Delagoabaai beperk en geen belangstelling getoon om deur middel van die drie groot riviere in die baai die handelsmoontlikhede van die binneland te ondersoek nie. Hulle het ook geen poging aangewend om enige permanente struktuur soos 'n fort of handelspos op te rig, ooreenkomste met enige van die inheemse groepe aan te gaan of beheer oor enige gedeelte van die baai uit te oefen nie. Dit sou nog meer as twee eeue neem voordat die Portugese 'n poging sou aanwend om 'n permanente nedersetting in Delagoabaai tot stand te bring.¹⁰

Die instelling van die handelsvaart na Delagoabaai het verskeie Portugese naamsveranderinge in die baai tot gevolg gehad wat, soos later aangedui sal word, in die negentiende eeu verreikende implikasies vir Britse en Portugese aansprake sou inhou. Die Portugese sou voortaan na die baai as die Bahia de Lourenco Marques verwys en na die Rio da Lagoa-rivier as die Rio de Lourenco Marques of Rio do Espirito Santorivier (Rivier van die Heilige Gees). Ander Europese seevaarders sou egter steeds die benaming Rio da Lagoa of Delagoabaai vir die baai gebruik.¹¹

Na die instelling van die handelsvaart na Delagoabaai het die Portugese geen poging aangewend om hul gesag of invloedseer in die omgewing van die baai of suidwaarts uit te brei nie. Die vernaamste redes hiervoor was dat die kus geen ekonomiese voordeel vir die Portugese Kroon ingehou het nie. Daarbenewens het gevaarlike storms, bedrieglike seestrome, die skaarste aan natuurlike hawens en die onbetroubaarheid van die inheemse bevolking die Portugese afgeskrik.¹²

Hoewel Nederlandse en Engelse skeepvaarders reeds voor die einde van die sestiende eeu belangstelling in die handelsmoontlikhede van die ooskus van Afrika getoon het, is Portugal se houvas op die suidooskus eers ná die totstandkoming in Nederland van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) in 1602 bedreig. Die behoefte aan 'n halfwegstasie vir hul gevestigde en winsgewende speseryhandel met Oos-Indië, asook gerugte van ryk goudvelde in die hinterland van die suidooskus van Afrika, het die VOC se aandag op die setel van Portugese gesag aan die ooskus, Mosambiekeiland, gevestig. Tussen 1604 en 1608 het VOC-vlote, gerugsteun deur infanterie en artillerie, drie onsuksesvolle aanslae op Mosambiekeiland geloods wat die Portugese danksy hul indrukwekkende vesting op die eiland, die Forteleza de Sao Sebastiao, met min

¹⁰ A.K. Smith, *The Struggle..*, pp. 35-37; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai..*, p. 15.

¹¹ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai..*, pp. 14-15.

¹² Ibid., p. 11.

lewensverlies maar groot skade aan die eiland se infrastruktuur, kon afweer. Daar is min twyfel dat die Portugese oorwinning van deurslaggewende belang was vir hul houvas op die suidooskus en dat 'n Nederlandse oorwinning eweneens 'n ingrypende invloed op die geskiedenis van suidelike Afrika sou gehad het.¹³

'n Verandering van die seeroetes na die Ooste kort na die Nederlanders se onsuksesvolle aanslag op Mosambiekeiland, het Delagoabaai en die suidooskus kortstondig van 'n deel van sy belangrikheid ontnem. Die Nederlanders het die roete deur die Mosambiek-kanaal na die ooste ten gunste van 'n roete suidoos van Madagaskar om, laat vaar. Daarbenewens het gevaarlike seestrome, die stormagtige en gevaarlike klimaat die Mosambiekse kus 'n ongunstige reputasie besorg en ander Europese seevaarders afgeskrik.¹⁴

Die stigting van 'n VOC-dienstasie aan die Kaap in April 1652 deur Jan van Riebeeck het sy direkte belangstelling in Delagoabaai en die handel aan die suidooskus geprikkel. Een van die eerste besoekers aan die nuwe verversingspos, die veel gereise Jesuïet-priester Martino Martini, het Van Riebeeck van waardevolle inligting oor die handelsmoontlikhede van Delagoabaai voorsien en skynbaar ook sy kaarte en aantekeninge aan die bevelvoerder geskenk.¹⁵

Aangespoor deur Martini se oordrewe voorstelling van die ooskus se rykdom het Van Riebeeck reeds in Mei 1653, skaars 'n jaar na sy aankoms aan die Kaap, 'n handels- en ontdekkingsstog na die ooskus aan die VOC-bewindhebbers in Amsterdam voorgestel. Hiervan het egter niks gekom nie, asook van 'n beoogde ekspedisie in 1660 om, benewens Delagoabaai, ook die moontlike bestaan van die legendariese koninkryk van Monomotapa met die oog op die handelsvoordeel van die Kompanjie te ondersoek.¹⁶

Die jong verversingstasie aan die Kaap het nietemin in 1662 'n klein maar onbeduidende rol gespeel in die VOC se laaste poging om die Portugese van die ooskus te verdryf. 'n VOC-vloot van agt skepe onder bevel van admiraal Hubert de Laïresse, het die Kaap met dié doel voor oë in September van daardie jaar besoek. Sterk dwarswinde in die Mosambiekse kanaal en siekte onder sy bemanning het De Laïresse egter van sy aanval op Mosambiek laat afsien.¹⁷

¹³ L. Chewins, *Trade at Delagoa Bay*., pp. 22-23; O.J.O. Ferreira, *Ilha de Moçambique*., pp. 34-65; E.A. Axelson, *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700*, p. 28.

¹⁴ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*., pp. 12-17.

¹⁵ K. Schoeman, *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1662*, pp. 59-61; L. Chewins, *Trade at Delagoa Bay*., pp. 23-24.

¹⁶ C.G. Coetzee, *Die Kompanjie se besetting van Delagoabaai*, pp. 181-188.

¹⁷ O.J.O. Ferreira, *Ilha de Moçambique*., p. 74; K. Schoeman, *Kolonie aan die Kaap*., pp. 81-83.

Na Van Riebeeck se vertrek van die Kaap in 1662 was daar weinig sprake van daadwerklike belangstelling in die handelsvoordele wat Delagoabaai vir die Kompanjie kon bied. Onder sy opvolgers sou die Kompanjie voortgaan met halfhartige pogings om die suidooskus met die oog op handelsmoontlikhede met die inheemse bevolking te verken, maar as mededingers van die Portugese en nie as veroweraars nie. Hierdie pogings het ook op niks uitgeloop nie. Trouens, daar is geen bewys dat Nederlandse skepe voor 1688 die handelsmoontlikhede van Delagoabaai ondersoek het nie. Die vernaamste rede hiervoor was dat die verkenning van die suidooskus gewoonlik bloot deel was van die reis na Mauritius en Madagaskar en nie 'n doel opsigself nie.¹⁸

Terwyl die Nederlanders aan die Kaap hul voete gesleep het om die handelsmoontlikhede van Delagoabaai te ondersoek, het Engelse skeepvaarders onverwags in die vroeë tagtigerjare hul toetrede tot die ruilhandel in die baai gemaak. Dit het gevolg op die stranding van 'n Engelse handelskip, die *Johanna*, naby Delagoabaai in 1683. Die skipbreukelinge se gunstige verslag oor hul vriendelike ontvangs en voordelige ruilhandel met die inheemse bevolking van Delagoabaai het talle ander Engelse handelaars oorreed om 'n handelsvaart na die baai te onderneem. Teen 1685 was daar reeds vyf Engelse handelskepe in die baai wat die ruilhandel ten koste van die Portugese oorheers het.¹⁹

Onomstootlike bewyse van die Engelse se uiters winsgewende ruilhandel in Delagoabaai het die VOC-owerhede aan die Kaap tot optrede beweeg. Die energieke en ondernemende goewerneur Simon van der Stel het as 'n belangrike pleitbesorger vir die bevordering van Nederlandse belange in Delagoabaai na vore getree. Hy het reeds in 1686 'n VOC-handelsekspedisie na die baai aanbeveel en ook 'n permanente besetting van Delagoabaai oorweeg ten einde vreemde moondhede voor te spring en terselfdertyd die VOC-retoervloot uit die Ooste 'n veilige skuilplek te bied. Hoewel Van der Stel se veritoë tot die VOC op dowe ore geval het, kon hy in 1688 die Politieke Raad aan die Kaap oorreed om 'n verkenningsvaart na Delagoabaai te onderneem wat naas 'n ondersoek na die handelsmoontlikhede van die baai ook 'n geskikte plek vir die oprigting van 'n fort moes uitsoek. Die ekspedisie moes ook vasstel watter Europese nasies met die inwoners handel dryf en of hulle permanente strukture opgerig het. Die bevelvoerder het egter ook opdrag ontvang om beleefd teenoor Portugese en ander Europese skepe in die baai op te tree.²⁰

¹⁸ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*., pp. 31-36; C. de Wet, *Die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop se betrokkenheid by die lande van die westelike Indiese Oseaan*, pp. 235-240.

¹⁹ A.K. Smith, *The Struggle*., p. 39; G.M. Theal, *Het begin van de Zuid-Afrikaansche Geschiedenis*, p. 446; C.G. Coetzee, C.G., *Die Kompanjie se besetting*., pp. 196-198.

²⁰ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*., pp. 57-66; C. de Wet, *Die VOC-nedersetting*., pp. 241-242.

Die maand lange verkenningstog, waartydens 'n deeglike opname van Delagoabaai gemaak is, het egter gemengde resultate opgelewer. Hoewel die Nederlanders 'n geskikte plek vir 'n fort kon vind en die voordele van Delagoabaai as veilige hawe vir 'n groot aantal skepe bevestig het, was hul verslag uiters negatief oor die handelsvooruitsigte met die inheemse bevolking. Die Engelse handelaars was goed ingegrawe en het die ruilhandel in die baai oorheers. Van der Stel het nietemin die stigting van 'n handelspos in Delagoabaai voorgestel, maar die Here XVII het nie op sy voorstel reageer nie; waarskynlik omdat die buitepos Mauritius op daardie stadium 'n finansiële las vir die Kompanjie was. Daarmee was die VOC se belangstelling in 'n permanente besetting van Delagoabaai voorlopig van die baan.²¹

Die teenwoordigheid van Engelse handelskepe in Delagoabaai het intussen ook die aandag van die Portugese owerhede in Mosambiek geniet. Die bevelvoerder van die Portugese handelsvaart na Delagoabaai in 1685, Domingos Lourenco, het by sy terugkeer na Mosambiekeiland rapporteer dat vyf Engelse handelskepe in Delagoabaai, wat van beter handelsware as syne voorsien was, al die ivoor-voorraad in die baai opgekoop het. Hierdie inligting het die Portugese genoop om die voortsetting van die handelsvaart in herooring te neem. Hoofsaaklik uit vrees vir 'n Engelse aanval op hul handelskip, het die goewerneur van Mosambiek, Dom Miguel d'Almeida, en sy raad van ses lede, op 6 Augustus 1686 besluit om die jaarlikse handelsvaart na Delagoabaai op te skort. Hierdie besluit is egter deur die Goewerneur-generaal van Portugees-Indië, Dom Rodrigo da Costa, verwerp. Da Costa was van mening dat die Portugese se afwesigheid die weg vir 'n Engelse oornam van die baai sou baan; 'n standpunt wat deur Lissabon ondersteun is. Die jaarlikse handelsvaart is derhalwe voortgesit, hoewel die Portugese handelaars in die daaropvolgende jare steeds tweede viool teen die goed georganiseerde Engelse handelaars in die baai gespeel het.²²

In 1703 is die Portugese tydens hul jaarlikse besoek aan Delagoabaai deur seerowers onder die Franse vlag aangeval. Alhoewel die seerowers die Portugese skip geplunder en verniel het, kon die meeste bemanningslede na die kus ontsnap. Hierdie aanval was die spreekwoordelike laaste strooi wat die kameel se rug gebreek het. Die dryf van gevaarlike handel sonder wins en toenemende probleme in al hul kusnedersettings het die Portugese laat besluit om die handelsvaart na Delagoabaai te staak. Die Portugese sou voortaan op die hawe van Inhambane vir hul handel met die inheemse bevolking in die suide van Mosambiek staat maak. Dit sou meer as 'n halwe eeu duur voordat die Portugese weer 'n handelsvaart na Delagoabaai onderneem.²³

²¹ C. de Wet, *Die VOC-nedersetting..*, pp. 242-243; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai..*, pp. 204-213.

²² G.M. Theal, *Het begin..*, pp. 446-447; A.K. Smith, *The Struggle..*, pp. 39-40.

²³ A.K. Smith, *The Struggle..*, p. 40.

Tereg dui Smith²⁴ aan dat die Portugese gedurende die honderd en vyftig jaar van die handelsvaart na Delagoabaai nooit enige soewereine regte oor die baai uitgeoefen het nie.

In die afwesigheid van die Portugese het Engelse handelskepe Delagoabaai aan die begin van die agtiende eeu dikwels besoek en voordelige handel gedryf. Hierdie besoeke van Engelse skepe aan die suidooskus, en Delagoabaai in die besonder, sou daartoe lei dat amptenare van verskillende Engelse handelsorganisasies asook invloedryke en ervare individue die East India Company (EIC) in Londen genader het om gebiede in suidoos-Afrika wat nie deur die Portugese beset of gefortifiseer is nie, in besit te neem en die handelsmoontlikhede te ontgin.²⁵

Dit is opmerklik dat veral Delagoabaai aandag in Engelse handelskringe geniet het. Reeds in 1708 het Thomas Bowrey, 'n ervare skeepvaarder en Oos-Indiese handelaar, verskeie voorstelle met betrekking tot handelsbedrywighede aan die suidooskus en spesifiek Delagoabaai aan die EIC-owerhede in Londen voorgelê. Die EIC het hiervan, asook Bowrey se voorstel in 1712 vir die kolonisasie van Delagoabaai en Port Natal, bloot net kennis geneem. Die EIC het ook net kennis geneem van Londense handelaars se versoekskrif om handel na Madagaskar en Delagoabaai uit te brei.²⁶

In Mei 1720 is 'n voorstel van ene William Gordon en John Higgins om handel in Delagoabaai te dryf, egter na 'n spesiale EIC-komitee vir oorweging verwys. Die Komitee vir Handel aan die Suidooskus van Afrika het in hulle verslag hul verbasing uitgespreek dat die handelsmoontlikhede van die baai nie behoorlik ontgin is nie, ten spyte daarvan dat daar in die verlede voordelige handel gedryf is en dat die Portugese geen fort of enige aanleg daar gehad het nie. Omrede hierdie handelsmoontlikhede feitlik onbeperk was en baie winsgewend kon wees, sou die EIC se belange skade ly indien die handel in ander hande val. Op grond van hierdie verslag het die EIC in Augustus 1720 besluit om 'n handelsnedersetting in Delagoabaai van stapel te stuur en die Komitee versoek om alle beskikbare inligting oor die Delagoabaai en omstreke in te win. Die Britse regering is van die besluit in kennis gestel en terselfdertyd versoek om oorlogskepe na die suidelike Indiese Oseaan te stuur ten einde die toenemende seerowery te bekamp.²⁷

²⁴ Ibid.

²⁵ Ibid., p. 43; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*., p. 86.

²⁶ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*., pp. 70-85, pp. 87-90.

²⁷ Ibid., pp. 91-97.

Die EIC se beoogde onderneming in Delagoabaai het vanuit die staanspoor met Portugese teenkanting te doen gekry. Reeds in September 1720 het die Portugese konsul in London, Jacinto de Castro, in 'n brief aan die Engelse staatsekretaris, Craggs, heftig beswaar aangeteken teen alle moontlike indringing in Portugese gebied en die staatsekretaris versoek om sy invloed te gebruik om die beoogde onderneming teen te staan. Volgens De Castro sou die stigting van 'n Engelse handelspos op die suidooskus 'n gevaarlike presedent skep; veral as ander moondhede die EIC se voorbeeld sou volg. De Castro het ook 'n skrywe met dieselfde strekking aan die EIC gerig waarop die EIC-Komitee vir Handel aan die Suidooskus van Afrika die gesant daarop gewys het dat EIC-skepe reeds die voorafgaande 40 jaar met die inheemse mense aan die suidooskus handel gedryf het en dat hierdie inheemse leiers nie skatplig aan die Portugese betaal het, of Portugese soewereiniteit oor hul grondgebied erken het nie. De Castro is voorts daarop gewys dat die kus oos van die Kaap "and all that coast of Africa has been given and granted to the East India Company by Acts of Parliament as well as Patents".²⁸

Die EIC se standpunt aangaande hul reg om op die suidooskus van Afrika handel te dryf, het tot heelwat korrespondensie tussen Londen en Lissabon maar ook tussen die EIC en die Portugese gesant in Londen, aanleiding gegee. Die Portugese het hul dominium op die ooskus van Afrika gegrond op wat hulle beskou het as die ontdekking daarvan, die talryke plekname van Portugese oorsprong asook hul twee eeue lange betrokkenheid by die Oos-Afrikaanse kus tussen die Kaap die Goeie Hoop en Kaap Guardafui. Die Portugese het selfs so ver gegaan as om misleidend te beweer dat daar al jare tevore 'n fort in Delagoabaai opgerig is om die handel van die Natalse kusstreek te beheer.²⁹

Die EIC het in hul antwoord daarop gewys dat dit vir Portugal 'n moeilike en bykans onmoontlike taak sou wees om te bewys dat Delagoabaai onder die Portugese besittings aan die suidooskus ressorteer. Vir die EIC daarenteen sou dit maklik wees om bewyse te vind dat hulle in die verlede aan die suidooskus handel gedryf het sonder dat die Portugese 'n vinger verroer het om dit te verhinder. Die Portugese gesant in Londen is nietemin in April 1721 meegedeel dat die EIC voorlopig van hul planne vir 'n handelspos aan die suidooskus afgesien het, maar dat hulle geen waarborg kon gee dat die EIC nooit weer aan dié kus sou handel dryf nie.³⁰

Dat die Portugese vasbeslote was om die EIC se handelsplanne aan die suidooskus en in die besonder Delagoabaai in die wiele te ry, kom duidelik aan die lig in 'n skrywe wat die Portugese

²⁸ Soos aangehaal deur C.G. Coetzee, *Die stryd om Delagoabaai...*, pp. 97-98.

²⁹ Ibid., pp. 99-100.

³⁰ Ibid., pp. 100-101.

koning, Joao V, in April 1721 aan die onderkoning van Portugees-Indië, Francesco Jose de Sampaio, gerig het. De Sampaio is meegedeel dat die EIC van voorneme was om 'n handelspos in Delagoabaai te stig en dat daar reeds 'n aantal handels- en oorlogskepe met hierdie oogmerk uit Engeland vertrek het. As voorsorgmaatreël is De Sampaio beveel om so gou moontlik 'n oorlogskip na Delagoabaai te stuur, die Engelse te verdryf en die baai te beset. Indien die Engelse egter te sterk ingegrawe was, sou die Portugese regering self besluit op welke wyse die toestand die hoof gebied kon word. De Sampaio is ten slotte versoek om alles moontlik in werking te stel om ander Europese moondhede 'n vastrapplek in Delagoabaai te ontsê.³¹ Dit is nie duidelik wat De Sampaio se reaksie hierop was nie, maar hiermee was die kwessie oor die EIC se voorgenome handelsdryf aan die suidooskus voorlopig afgehandel.

Intussen het die VOC reeds in Junie 1719, aangevuur deur gerugte van kosbare goudmyne in die omgewing van Delagoabaai, ook 'n komitee aangestel om die nut en waarde van 'n handelspos aan die suidooskus van Afrika te ondersoek. Hierdie komitee het op grond van die vermeende goudrykdom in die binneland, die moontlikhede van die ruilhandel met die inheemse bevolking, asook die moontlikhede wat die baai vir die VOC-retoervloot uit die Ooste kon inhou, die stigting van 'n VOC-buitepos in Rio de Lagoa (Delagoabaai) aanbeveel. Die Here XVII het die aanbeveling aanvaar en in Junie 1720 het die Kaapse regering amptelik opdrag ontvang om 'n buitepos aan die mond van die Espirito Santorivier in Delagoabaai te stig.³²

Naas die stigting van 'n buitepos en die aanknoop van vriendskaplike betrekkinge met die inheemse bevolking, moes die Kaapse regering ook sorg dat die voorgenome ekspedisie mettertyd al die binnelandse riviere in die baai, asook die kusgebied noord en suid van Delagoabaai, ondersoek, met die oog op die moontlike voordeel vir die VOC. Laasgenoemde ondersoek was met die oog op die moontlikheid om nog 'n buitepos, Terra da Natal, op die Natalse kus aan te lê. 'n Versoek vir 'n noukeurige kaart van die Rio de Lagoa-riviermond en Delagoabaai is ook aan die ekspedisie opgedra. Benewens 'n voorstellingsbrief waarin die plaaslike swart bewindhebbers van die Ooskus van Afrika gevra is om die ekspedisie die nodige bystand te gee, is die aanvoerder van die VOC-ekspedisie, Willem van Taak, ook van 'n groot hoeveelheid literatuur voorsien om sy kennis oor Delagoabaai en die inheemse bevolking van die Ooskus uit te brei. Van Taak se ekspedisie van drie skepe en nagenoeg 160 manskappe het die Kaap middel Februarie 1721 verlaat en na 'n reis sonder enige voorvalle of sterftes Delagoabaai einde Maart 1721 binnegevaar.³³

³¹ Ibid., pp. 101-103.

³² D. Sleight, *Die Buiteposte*., p. 683; C.G. Coetzee, *Die Kompanjie*., pp. 225-227.

³³ D. Sleight, *Die Buiteposte*., pp. 684-686.

Die eerste poging om 'n permanente Europese nedersetting in Delagoabaai te vestig, het aanvanklik voor die wind verloop. Die Nederlanders is vriendelik deur opperhoof Maphumbo ontvang en het na 'n belofte om geen slawerny te beoefen nie, toestemming ontvang om hulle op die plek van hul keuse op die noordelike rivierwal te vestig en handel te dryf. Na 'n deeglike opname van die Rio De Lagoa (Espirito Santorivier) is besluit om die buitepos op 'n effense hoogte, naby die riviermonding, die Roode Hoek, op te rig. Behalwe vir 'n goeie uitsig oor die baai het die ligging van die handelspos ook verseker dat enige besoekende skip binne bereik van Fort La Goa se kanonne sou wees. Die voorgenome ligging het egter ook nadele gehad: Dit was in die onmiddellike omgewing van vier strydende Ronga-kapteins se grondgebied geleë wat reeds in 'n bittere stryd oor opperheerskappy oor die Mfumo-gebied gewikkel was. Die onderlinge inheemse twiste in die Mfumo-gebied sou die lewensvatbaarheid van die handelspos vanuit die staanspoor bedreig en sou uiteindelik blyk die Achilleshiel van die onderneming te wees.³⁴

Hoewel die eerste verslag aan die Kaap in Mei 1721 optimisties oor die vooruitsigte van die handelspos was, is die eerste jare van die VOC-nedersetting in Delagoabaai deur ontberings en talle terugslae gekenmerk. Binne ses weke na die Nederlanders se aankoms in die riviermond het die gevreesde Delagoa-koors reeds die lewens van twee derdes van die geselskap, insluitende Van Taaf, geëis. Hierdie situasie het 'n verlamme uitwerking op die Europeërs uitgeoefen en die lewensvatbaarheid van die handelspos die eerste paar jaar ernstig in die wiele gery.³⁵

Die Nederlanders se vooruitsigte op 'n winsgewende handelspos in Delagoabaai is ook binne die eerste paar maande 'n knou toegedien. Die teleurstellende handelsresultate en die afwesigheid van minerale en edelgesteentes in die baai het die vermoede laat ontstaan dat die handelspos verkeerdelik in 'n arm gebied gestig is. Om sake te vererger, het die Mfumo-opperhoofskap se pogings om die Nederlanders by hul onderlinge twiste te betrek, die werksaamhede van die handelspos verder in die wiele gery en die aanvanklike goeie betrekkings laat skipbreuk ly. Die enigste ligpunt was dat Delagoabaai as goeie hawe vir die VOC-retoervloot kon dien. Van Taaf se opvolger, Casparus Swertner, was om genoemde redes baie krities oor die vooruitsigte van die nuwe handelspos en het derhalwe reeds in Oktober 1721 aanbeveel dat die handelspos so gou as moontlik ontruim moet word. Hoewel goewerneur De Chavonnes, wat 'n soortgelyke negatiewe verslag van sy persoonlike verteenwoordiger in die baai ontvang het, Swertner se standpunt

³⁴ D. Sleight, *Die Buiteposte..*, pp. 686-687; C.G. Coetzee, *Die Kompanjie..*, pp. 231-233.

³⁵ D. Sleight, *Die Buiteposte..*, p. 687; C.G. Coetzee, *Die Kompanjie..*, pp. 234-235.

gedeel het, het die VOC-owerhede op hierdie vroeë stadium nie kans gesien om tou op te gooi nie.³⁶

‘n Verdere terugslag het die Nederlanders in April 1722 getref toe die handelspos deur drie seerowerskepe onder die Britse vlag in die riviermond verras is. Die seerowers was onbewus van die Nederlandse besetting en het die veilige waters van Delagoabaai opgesoek om ongestoord noodsaaklike herstelwerk aan hul skepe uit te voer. Die handjievol weerbare Nederlanders met hul tien kanonne kon slegs kortstondig weerstand bied teen die nagenoeg 900 seerowers met hul 100 kanonne voordat die wit vlag bo die onvoltooide Fort Lagoa gehys is. Hoewel ‘n klein afdeling van die garnisoen na die binneland kon ontsnap, is goewerneur Michel, Swertner se opvolger, en die res van die garnisoen die volgende twee maande as gyselaars aanboord ‘n kaperskip in die riviermond aangehou. Die nedersetting se pakhuise is geplunder, dokumentasie vernietig en daar is lustig met VOC-handelware met die Rongas teen verspote pryse handel gedryf. Met die seerowers se vertrek einde Junie 1722 is die buitepos in ‘n haglike toestand agtergelaat. Die seerowers het al die oorblywende proviand, gereedskap, kruut en wapens van die Nederlanders aan boord geneem en die klein seilskip *De Caab* met sy hele bemanning en navigator as gyselaars saamgevoer. Hoewel die Nederlanders in die daaropvolgende twee jaar die skade aan die fort en pakhuise deur harde werk kon herstel, het hul aansien by die inheemse bevolking onherstelbare skade gely. Die Rongas het alle respek vir die Nederlanders verloor en sou voortaan meer uitdagend teen hulle optree.³⁷

Die aankoms van ‘n Engelse handelskip, die *Northampton*, in die riviermond in Januarie 1723, het die Nederlanders se onvermoë om die ruilhandel in Delagoabaai te beheer, verder aan die kaak gestel. Die amptelike doel van die *Northampton* se besoek was om Prins John, ‘n inheemse leier van die Mfumo-distrik wat ‘n paar jaar vantevore deur ‘n Engelse seevaarder ontvoer is, na sy tuiste terug te neem en hom met sy onderdane te herenig. Die bevelvoerder van die *Northampton*, kaptein Paul Sharrow, het egter ook ‘n geheime opdrag van die “Royal African Company” ontvang om die moontlikheid van ‘n Engelse handelspos in die baai te ondersoek.³⁸

Die VOC-amptenare was daarvan bewus dat die Engelse reeds in die vorige eeu in Delagoabaai handel gedryf het en het vermoed dat die werklike oogmerk van die *Northampton* se besoek was om die baai te ondersoek en daar “post te vatten”. Weens die gehawende toestand van Fort

³⁶ D. Sleight, *Die Buiteposte* ..., pp. 687-689.

³⁷ D. Sleight, *Die Buiteposte*..., pp. 690-692; A.K. Smith, *The Struggle*..., p. 52; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*..., pp. 222-223.

³⁸ A.K. Smith, *The Struggle*..., pp. 58-59.

Lagoa kon Michel egter geen daadwerklike teenstand bied nie, behalwe om die *Northampton* herhaaldelik te beveel om die baai te verlaat. Hoewel Sharrow aanvanklik vriendskaplike betrekkinge met die Nederlanders gehandhaaf het, het hy na die herhaalde bevele om die baai te verlaat, sy skip buite reikafstand van Fort Lagoa se kanonne geanker en tot groot frustrasie van die Nederlanders fluks met die Rongas handel gedryf. Binne twee maande na sy aankoms het hy meer ivoor verhandel as wat die Nederlanders in die voorafgaande twee jaar kon vermag. Benewens besoeke aan verskeie Ronga-leiers het *Sparrow* ook sy twee maande lange verblyf benut deur 'n verkenningstog na die Komatirivier te onderneem. 'n Meningsverskil met die Rongas waartydens hy kortstondig aangehou is, het Sharrow egter van 'n Engelse handelspos laat afsien en sy besoek aan die baai kortgeknip.³⁹

Na die besoek van die *Northampton* in 1723 het die Nederlanders heelwat aandag geskenk aan maatreëls om vreemde ruilhandel in Delagoabaai te voorkom en beheer oor die hele baai te verkry. Van die maatreëls wat oorweeg is, was om alle strategiese punte, onder andere Inyack-eiland, te beset asook die aankoop van grondgebied van die Ronga-stamme in die baai. Weens die hoë koste verbonde aan hierdie maatreëls het daar egter niks van gekom nie.⁴⁰

Pionierstoestande en 'n gebrek aan mannekrag het die Nederlanders gedurende die eerste twee en 'n halwe jaar van die handelspos se bestaan gedwing om slegs met die inheemse bevolking van Delagoabaai handel te dryf. Vanaf 1724 het die Nederlanders egter hul hoop vir 'n winsgewende handelspos op die aanknoop van handelsbetrekkinge met die inheemse bevolking ten weste van die Lebomboberge gevestig. Hierdie hoop is spoedig deur die vyandige optredes van die Rongas verydel. Die Rongas het die ruilhandel met die binneland ondermyn en weens hul interne twiste het alle ruilhandel in die baai teen 1728 tot stilstand gekom. Verskeie Nederlandse ekspedisies om die oorsprong van die beweerde minerale rykdomme in die binneland te ontdek, was ook onsuksesvol. Met geen vooruitsig op winsgewendheid nie het die Here XVII derhalwe in April 1729 besluit om Delagoabaai te ontruim. Om te verhoed dat die fort in Engelse of Portugese hande beland, is dit in Desember 1730 gesloop waarna die waarnemende bevelvoerder, Jan van de Capelle, en ongeveer 130 Europeërs en 25 slawe aanboord twee skepe na die Kaap vertrek het. Die VOC sou nooit weer enige aanspraak op Delagoabaai maak nie.⁴¹

Die nuus van die Nederlanders se besetting van Delagoabaai is met ontsteltenis in Portugese regeringskringe ontvang. Vir die Portugese koning was die behoud van die handel van suidoos-

³⁹ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 226-228.

⁴⁰ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 228-232.

⁴¹ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 63-109; D. Sleight, *Die Buiteposte...*, pp. 715-716; C.G. Coetzee, *Die Kompanjie...*, pp. 268-269.

Afrika nie slegs 'n saak van ekonomiese belang nie, maar, in die lig van die eertydse glorieryke Portugese handelsryk in die Ooste, ook 'n kwessie van nasionale eer. Die Portugese het hulself immers steeds as die onbetwiste meesters van die kus tussen Kaap Guardafui en Delagoabaai beskou. Koning Joao V het derhalwe reeds in April 1723 opdrag gegee om die Nederlanders uit Delagoabaai te verdryf en die baai te beset. Vanweë die Portugese se onvermoë en swak houvas op die suidooskus, het daar egter niks van sy opdrag gekom nie. Inligting wat die Portugese van hul informante in Inhambane ontvang het, het boonop daarop gedui dat die Nederlanders in Fort Lagoa goed ingegrawe was. Gevolglik het geen Portugese skip sy opwagting in Delagoabaai tydens die Nederlandse besetting gemaak nie.⁴²

Na die Nederlandse ontruiming van Delagoabaai het planne vir die herinstelling van die jaarlikse handelsvaart asook 'n Portugese besetting van die baai verskeie kere die aandag van Portugese regeringslui geniet. Hiervan, asook van 'n voorstel van koning Joao V in 1740 dat Delagoabaai gefortifiseer moet word om ander Europese moondhede voor te spring, het ook niks van gekom nie weens die Portugese se onvermoë en swak houvas op die suidooskus.⁴³

Ingrypende koloniale hervormings in 1752 om die verdere agteruitgang van die Portugese besittings in Indië en Oos-Afrika te stuit, het egter opnuut die aandag op Portugese aansprake op die suidooskus en Delagoabaai in die besonder gevestig. Volgens een van hierdie hervormingsmaatreëls sou die Portugese besittings aan die suidooskus van Afrika voortaan onder die gesag van die goewerneur-generaal van Mosambiek, en nie meer dié van Goa nie, ressorteer. Een van die eerste opdragte aan die nuwe goewerneur-generaal van Mosambiek, Francisco de Melo e Castro, was dan ook om 'n fort in Delagoabaai op te rig ten einde ander Europese moondhede toegang tot die baai te ontsê. De Melo e Castro was egter van mening dat so 'n besetting vanweë ander dwingende kwessies en 'n tekort aan middele nie die hoogste prioriteit moes geniet nie. Hy was slegs bereid om die herinstelling van 'n winsgewende handelsvaart na Delagoabaai op die proef te stel. Hoewel die ekspedisie enkele weke in 1755 op die Espirito Santorivier met die Rongas handel gedryf het, was dit uit 'n handelsoogpunt 'n volslae mislukking. Vanweë die swak gehalte van hul handelware kon die Portugese slegs 'n klein hoeveelheid ivoor verruil wat bowendien met die stranding op die terugvaart na Mosambiekeiland verlore gegaan het. Vanweë hierdie terugslag het De Castro nie kans gesien vir verdere amptelike handelsvaarte na Delagoabaai nie. Hy kon ook nie daarin slaag om handelaars op Mosambiekeiland te oorreed om handelsvaarte na Delagoabaai te onderneem nie.⁴⁴

⁴² C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 258-268; A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 112-113.

⁴³ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 275-276.

⁴⁴ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 156-158; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, p. 289.

Die Portugese se onvermoë om hul jaarlikse handelsvaarte na Delagoabaai te hervat of 'n permanente nedersetting in die baai tot stand te bring, sou hulle duur te staan kom. Vanaf 1757 sou EIC-handelaars die Portugese se afwesigheid in die baai benut om 'n tweede periode van Engelse oorheersing in Delagoabaai in te lui. Die bal is aan die rol gesit deur die legendariese kaptein Edward Chandler wat tussen 1757 en 1768 verskeie hoogs winsgewende handelsvaarte na die baai onderneem het en selfs permanente strukture aldaar opgerig het.⁴⁵ Chandler se sukses het ook ander EIC-handelaars aangespoor en teen die middel van die 1760's het die baai gewemel van skepe - soveel as twaalf - van goed georganiseerde EIC-handelaars uit Bombaai en Surat aan die Indiese kus. Uit EIC-verslae is dit duidelik dat hierdie Engelse handelaars uiters welvarend uit die handel in Delagoabaai geword het.⁴⁶

Die teenwoordigheid van Engelse handelaars in Delagoabaai het tot matelose frustrasie in Portugese regeringskringe aanleiding gegee. Melo e Castro se pogings om Portugese handelaars by die ruilhandel in Delagoabaai betrokke te kry, het om verskeie redes nie vrugte afgewerp nie. Gerugte van 'n Nederlandse, Franse of Engelse besetting van die baai asook hoë invoerbelastings in Mosambiek het potensiële spekulante afgeskrik. Die belangrikste rede was egter die teenwoordigheid van Engelse handelaars van die EIC in die baai. Hierdie handelaars was baie goed georganiseerd en het in alle aspekte van die ruilhandel die Portugese stof in die oë geskop.⁴⁷

Die teenwoordigheid van EIC-handelaars in Delagoabaai het tot heelwat meningsverskil onder Portugese regeringslui gelei. Sommige was ten gunste van 'n Portugese ekspedisie om die EIC-handelaars te verdryf en die baai militêr te beset. Ander het egter nie kans gesien om die Engelse te antagoniseer nie. Hulle bedenkinge oor 'n militêre ingryping is vergroot deur die afstand (sowat 1500 kilometer) tussen Mosambiekeiland en Delagoabaai asook die Portugese se gebrek aan middele om hul gesag af te dwing. Die Portugese regering het derhalwe besluit om nie hul aanspraak op die eksklusiewe beheer oor Delagoabaai prys te gee nie, maar eerder die status quo te handhaaf.⁴⁸

Die houding van die Ronga-stamme het ook 'n rol gespeel in die Portugese se besluit om die status quo met betrekking tot vreemde handelskepe in Delagoabaai te handhaaf. Melo e Castro

⁴⁵ A.K. Smith, *The Struggle..*, pp. 162-163; L. Chewins, *Trade at Delagoa Bay..*, pp. 112-113.

⁴⁶ A.K. Smith, *The Struggle..*, p. 165.

⁴⁷ Ibid., pp. 159-160 en p. 163.

⁴⁸ Ibid., pp. 160-161.

het tydens 'n besoek in 1763 die moontlikheid van 'n Portugese nedersetting met verskeie Ronga-opperhoofde bespreek. Hoewel hulle die gedagte verwelkom het, was hulle nie te vinde vir die uitsluiting van ander Europese handelskepe nie. Hierdie situasie het die Portugese geen ander keuse gelaat nie as om die status quo in Delagoabaai voorlopig te handhaaf.⁴⁹

Dit was die totstandkoming van 'n Oostenrykse handelspos in Delagoabaai in 1777 onder leiding van ene William Bolts, 'n voormalige werknemer van die EIC, wat die Portugese weer aangespoor het om tot verdere aksie oor te gaan. Bolts was 'n uiters bekwame en welvarende EIC-amptenaar wat na 'n lang suksesvolle maar omstrede loopbaan in Indië in 1768 weens sy onetiese en ongeoorloofde besigheidspraktyke uit die EIC-diens ontslaan is en na Engeland gedeporteer is. 'n Toevallige besoek aan Delagoabaai in 1773 het by Bolts die gedagte laat ontstaan om sy eie handelspos in die baai tot stand te bring en terselfdertyd die belange van die EIC te ondermyn deur voordeel uit sy lang verbintenis met die onderneming in Indië te trek.⁵⁰

Nadat Bolts tevergeefs die Portugese regering by sy planne vir 'n handelspos in Delagoabaai probeer betrek het, kon hy danksy Oostenrykse finansiering en die persoonlike ondersteuning van keiserin Maria Theresa, daarin slaag om die "Imperial East India Company of Trieste" (IEIC) in 1775 op die been te bring. Met die oog daarop om Delagoabaai die eksklusiewe eiendom van die IEIC te maak, het Bolts en Andre Pollet, die aangewese bevelvoerder van die Oostenrykse handelspos, asook 'n garnisoen van 130 man, die baai einde Maart 1777 binnegevaar.⁵¹

Die teenwoordigheid van 'n paar EIC-handelaars het Bolts nie van stryk gebring nie. In April en Mei 1777 het hy verdrae met Ronga-opperhoofde gesluit waarvolgens die Oostenrykers toestemming verkry het om 'n handelspos by die monding van die Espirito Santorivier en op Inyackeiland, asook 'n klein fort by die Maputorivier, op te rig. Bolts het aangeneem dat hierdie verdrae die Oostenrykers eiendomsreg asook vrye deurgang op die riviere in die baai verseker het. Tereg wys Smith daarop dat volgens die Rongas se opvatting, dié verdrae die Oostenrykers slegs die reg verleen het om die grondgebied vir handelsdoeleindes te gebruik. Die verskil in opvatting oor die bepalings sou hierna meermale tot konflik tussen die Rongas en Oostenrykers lei en weens die swakheid van laasgenoemdes se klein koorsgeteisterde garnisoen, verhoed dat die Oostenrykers beheer oor die ruilhandel met die inheemse bevolking verkry.⁵²

⁴⁹ Ibid., pp. 161-162.

⁵⁰ A.K. Smith, *The Struggle*..., pp. 166-168; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai*..., pp. 229-301.

⁵¹ A.K. Smith, *The Struggle* ..., p. 167; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai* ..., p. 302.

⁵² A.K. Smith, *The Struggle* ..., pp. 176-178.

Die Oostenrykers se onvermoë om die ruilhandel in Delagoabaai te beheer, kan egter nie alleen aan die konflik met die inheemse bevolking toegeskryf word nie. Beide Bolts en Pollet was onder die indruk dat Fort St Joseph, die handelspos op die noordelike oewer van die Espirito Santorivier, die Oostenrykers die reg verleen het om ander Europese handelskepe toegang tot die rivier te ontsê. Veral EIC-handelaars het hulle egter nie aan die Oostenrykse vlag gesteur nie. Pollet moes male sonder tal toekyk hoe EIC-skepe die Oostenrykse gesag doodgewoon negeer en met die inheemse bevolking handel dryf.⁵³

Bolts het met sy “Oostenrykse” onderneming in Delagoabaai in der waarheid die Portugese se saak bevorder en hulle gemotiveer om beheer oor Delagoabaai te neem. Reeds in April 1778 het die goewerneur-generaal van Goa, Melo o Castro, protes aangeteken en Bolts per brief meegedeel dat Delagoabaai aan Portugal behoort en dat die IEIC derhalwe nie by magte was om ‘n handelspos of fortifikasies in die baai op te rig nie. Bolts se versuim om op die Portugese protes te reageer, het die Portugese in Maart 1779 laat besluit om die Oostenrykse handelspos in Delagoabaai met geweld tot niet te maak. Twee jaar sou egter verloop voordat ‘n Portugese fregat, die *Santa Anna*, onder bevel van Godinho de Mira, vanuit Goa sou vertrek om hierdie plan uit te voer. De Mira is beveel om op alle Oostenrykse bates beslag te lê en dit na Mosambiekeiland te neem.⁵⁴

Dat die Portugese steeds versigtig daarvoor was om nie op Engelse tone te trap nie, blyk duidelik uit De Mira se opdrag dat hy die Engelse skepe kon intimideer om die baai te verlaat, maar indien dit nie vrugte afgewerp het nie, moes hy nie iets doen wat die verhouding verder kon vertroebel nie. De Mira het ook nie instruksies ontvang om Delagoabaai te fortifiseer nadat hy met die Oostenrykers afgereken het nie.⁵⁵

De Mira het met min moeite die Oostenrykers in Delagoabaai tot oorgawe gedwing. Die *Santa Anna* het op 30 Maart 1781 naby die Oostenrykse handelspos, Fort St. Joseph, in die Espirito-Santorivier anker gegooi. Drie ander vaartuie, waaronder ‘n Oostenrykse vragskip, die *Spy* van Bombaai en ‘n vaartuig van Surat, het ook in die klein baaitjie voor anker gelê. De Mira het onmiddellik op die Oostenrykse skip beslag gelê en die twee Engelse handelskepe gelas om die baai sonder versuim te verlaat. ‘n Klein Portugese mag het nog dieselfde dag sonder enige teenstand van die klein garnisoen Fort St. Joseph beset en die Oostenrykse vlag met dié van

⁵³ A.K. Smith, *The Struggle...*, p. 189; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, p. 302.

⁵⁴ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 195-196; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 305-306.

⁵⁵ Ibid., pp. 196-197.

Portugal vervang. 'n Sarsie geweervuur het Portugal se inbesitname van die Oostenrykse fort voltooi.⁵⁶

De Mira het in die daaropvolgende paar dae Portugal se aanspraak op Delagoabaai deur onderhandelinge aan boord die *Santa Anna* met die opperhoofde van die Mafumo-, Mattol- en Tembe-groepe probeer verstewig. Die opperhoofde is meegedeel dat die baai voortaan in Portugese besit was en dat slegs skepe wat 'n lisensie van die Portugese Kroon kon toon, daar geduld sou word. De Mira het selfs 'n onderneming van die opperhoofde gekry dat hulle nie weer met ander handelaars besigheid sou doen nie. Soos later sou blyk, sou nie een van die Ronga-opperhoofde hulle aan die ooreenkoms met De Mira (soos hy dit as Europeër gesien het) steur nie.⁵⁷

Om alle tekens van die Oostenrykse besetting van Delagoabaai uit te wis, het De Mira die handelspos en woonhuise op Inyackeiland asook die klein fort aan die monding van die Maputorivier gesloop. Aan die begin van Mei 1781 het De Mira met Andre Pollet, die buitegemaakte Oostenrykse handelsvaartuie en die krygsgevangenes na Mosambiekeiland vertrek. Hoewel De Mira se optrede tot korrespondensie tussen die Oostenrykse en Portugese regerings gelei het, het die Oostenrykse regering, sonder enige teenstand, Portugal se soewereiniteit oor Delagoabaai erken. De Mira se optrede teenoor die Bombaaise skip, die *Spy*, sou egter ernstige besware van die EIC ontlok.⁵⁸

Soos reeds vermeld, het De Mira met sy aankoms in die monding van die Espirito Santorivier 'n skip van Surat en die Bombaaise skip, die *Spy*, beveel om die baai te verlaat. Die skip van Surat het aan De Mira se versoek voldoen, maar die bevelvoerder van die *Spy*, kaptein Younger, wat reeds sedert Januarie 1781 in die baai handel gedryf het, se pleidooi vir drie maande uitstel ten einde van sy handelware ontslae te raak, het op dowe ore geval. Die *Spy* is deur 'n klein afdeling Portugese beset en gedwing om die *Santa Anna* na Mosambiekeiland te vergesel. Younger moes afstand doen van 22 manskappe, agt bote en al sy handelware in die baai. Selfs Younger se afsterwe onderweg na Mosambiek het nie die Portugese se hardhandige optrede getemper nie. Met die *Spy* se aankoms is daar op die skeepsvrag en skeepsjoernaal asook Younger en die ander offisiere se persoonlike besittings beslag gelê. 'n Verdere drie maande sou verloop voordat

⁵⁶ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, p. 306; A.K. Smith, *The Struggle...*, p. 197.

⁵⁷ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 307-309.

⁵⁸ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 307-309; M.V. Jackson Haight, *European Powers and South-East Africa: A study of international relations on the South-Eastern coast of Africa 1796-1856*, pp. 189-190.

die vrag en persoonlike besittings terugbesorg is en die Portugese owerhede die *Spy* toegelaat het om na Bombaai terug te keer.⁵⁹

Die eienaars van die *Spy* het onmiddellik hul skok en verbasing met die Portugese se optrede in Delagoabaai onder die aandag van die EIC-owerhede in Bombaai gebring. Hulle is daarop gewys dat die Portugese owerhede in Goa al jare lank kennis gedra het van die EIC-skepe se handelsaktiwiteite in Delagoabaai en dat daar nooit enige aanduiding was dat dié handel die Portugese aanstoot gegee het of in stryd was met enige Europese verdrae nie. Na die eienaars se mening moes die Portugese owerhede in Goa kennis gedra het van die Anglo-Portugese verdrag van 1661 wat Engelse handelaars die reg verleen het om in alle Portugese besittings oos van die Kaap die Goeie Hoop handel te dryf. Die eienaars van die *Spy* het ten slotte verwys na die groot verliese wat hulle weens die Portugese optrede gely het en goewerneur Hornby versoek om by die Portugese regering op skadevergoeding aan te dring.⁶⁰

Die EIC-owerhede het die *Spy*-eienaars se protes in November 1781 onder die aandag van die Portugese goewerneur-generaal in Goa, De Souza, gebring. De Souza is daarop gewys dat die hardhandige optrede teenoor die *Spy*, “whereby the rights of the British nation in India have been violated”, slegs in geval van ‘n oorlog geregverdig kon word. Die Portugese optrede is derhalwe veroordeel as ‘n miskenning van basiese menseregte en ‘n verbreking van die Anglo-Portugese verdrag van 1661. In die lig van die bepalinge van laasgenoemde verdrag is die wens uitgespreek dat De Souza skadevergoeding aan die eienaars van die *Spy* sou betaal, De Mira se optrede in Delagoabaai sou afkeur en sodanige bevels sou uitreik om toekomstige wangedrag van Portugese offisiere effektief uit te skakel.⁶¹ De Souza was egter nie geneë om aan die versoek te voldoen nie en dit wil voorkom of die saak hiermee beëindig is.⁶²

Terwyl bogenoemde briefwisseling tussen die Britse en Portugese owerhede in Indië aan die gang was, is die eerste stappe geneem om ‘n permanente Portugese nedersetting in Delagoabaai tot stand te bring. In Januarie 1782 het ‘n klein Portugese ekspedisie onder bevel van kolonel De Araujo, wat tereg as die stigter van Lourenco Marques genoem kan word, toestemming van ‘n Ronga-opperhoof verkry om ‘n handelspos op die noordelike oewer van die Espirito Santorivier op te rig. Die fort van hout en gras wat 130 man kon huisves, is in Maart 1782 plegtig ingewy.⁶³

⁵⁹ C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 306-307.

⁶⁰ Ibid.

⁶¹ Ibid.

⁶² Ibid.

⁶³ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 200-202; C.G. Coetzee, *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 310-311; G.M. Theal, *Het begin...*, p. 467.

Die Portugese se poging om alleenbeheer oor die ruilhandel in Delagoabaai te verkry, is egter deur De Araujo se dood in Julie 1782, die siekte onder sy manskappe en die Rongas se vyandigheid in die wiele gery. Die Rongas was nie bereid om hulle aan die gesag van die Portugese te onderwerp of om die winsgewende ruilhandel met EIC-handelaars ter wille van alleenhandel met die Portugese te laat vaar nie. Weens dreigende konflik met die Rongas het De Araujo se opvolger, Joao D'Almeida, die nedersetting in 1783 ontruim.⁶⁴

'n Tweede poging die volgende jaar om 'n permanente Portugese vastrapplek in Delagoabaai te verower, is eweneens deur stryd en konflik met die Rongas gekenmerk. Reeds in Maart 1785 het 'n poging om die Portugese vlag sonder toestemming van die Tembe-opperhoof, Kapell (Muhadane), op die suidelike oewer van die Espirito Santorivier te hys, tot 'n skermutseling gelei waarin agt Portugese gesneuwel het. Eers teen 1787 kon die Portugese daarin slaag om die Portugese vlag bokant 'n klein fortjie aan die noordelike oewer van die Espirito Santorivier te laat wapper. As gevolg van die Rongas se militêre krag en hul vasbeslotenheid om hulle onafhanklikheid te handhaaf, was die Portugese se gesag oor die baai egter tot die onmiddellike omgewing van die fort beperk.⁶⁵

Die klein fort in Delagoabaai het die Portugese nietemin in staat gestel om Europese handelskepe se toegang tot die baai te beperk. Ironies genoeg het EIC-handelaars die Portugese besetting van Delagoabaai as gegewe beskou en hulle was nie bereid om Portugese soewereiniteit uit te daag nie. Derhalwe het geen skepe van Bombaai of Surat na die uitsetting van die *Spy* in 1781 die baai besoek nie. In 1787 kon die Portugese ook daarin slaag om 'n Nederlandse skip te verhoed om in die baai handel te dryf. Engelse en Amerikaanse walvisvaarders, wat die baai sedert 1789 besoek het, het hulle egter nie aan die Portugese aansprake gesteur nie en flink met die Tembe- en Matoll-opperhoofde aan weerskante van die Espirito Santorivier handel gedryf. Na vergeefse pogings om dié handel stop te sit, het goewerneur Pedro Testevim die handdoek ingegooi en ook tot die ruilhandel toegetree. Vanaf ongeveer 1790 is die bemanning van buitelandse skepe met ope arms by die fort verwelkom waar daar fluks met die Portugese handel gedryf is. Hoe min invloed die Portugese uitgeoefen het, blyk duidelik uit die feit dat die benaming "English River" vir die klein baai in die monding van die Espirito Santorivier reeds op hierdie stadium inslag onder buitelandse besoekers gevind het.⁶⁶

⁶⁴ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 205-206; G.M. Theal, *Het begin...*, p. 468.

⁶⁵ A.K. Smith, *The Struggle ...*, pp. 206-209.

⁶⁶ Ibid., pp. 209-211.

Eers in 1794 kon die Portugese danksy hul betrokkenheid by 'n vete tussen twee Tembe-leiers 'n meer permanente vastrapplek in Delagoabaai verwerf. Uit dank vir steun in 'n Tembe-opvolgstryd, het die nuwe koning, Kapell in Oktober 1794 eiendomsreg oor 'n klein stukkie grondgebied aan die noordelike oewer van die Espirito Santorivier, oorkant die rivier van die bestaande fort, aan die Portugese afgestaan. Hierdeur het die Portugese vir die eerste keer eiendomsreg oor grond in die suidelike gedeelte van Delagoabaai verkry.

Hierdie wending was van groot betekenis vir Portugal se aansprake op Delagoabaai. In hul latere geskil in die negentiende eeu met Brittanje oor die dominium op die suidelike gedeelte van Delagoabaai sou die Portugese hulle herhaaldelik op hierdie ooreenkoms beroep. Uit Kapell se optrede hierna is dit egter duidelik dat hy nie dieselfde betekenis as die Portugese aan die ooreenkoms geheg het nie. Syns insiens was dit slegs die beskikbaarstelling van eiendom vir die oprigting van 'n handelspos, en nie die permanente vervreemding van grondgebied nie.⁶⁷

Voordat die Portugese voordeel uit hierdie eiendomsreg kon trek, het 'n onvoorsiene ramp die handelspos getref. Vanweë Portugal se betrokkenheid by die Europese oorlog wat in 1793 uitgebreek het, het die Portugese besittings langs die ooskus van Afrika die teiken van Franse oorlogsskepe geword. In Oktober 1796 het 'n Franse eskader die Espirito Santorivier binnegevaar en 'n ultimatum aan goewerneur Costa Soares gerig om die fort oor te gee en die Franse vlag te hys. Soares en 'n groot gedeelte van die Portugese garnisoen van tagtig man het die hasepad gekies terwyl die Franse die fort geplunder en verwoes het. Dit het die Portugese verplig om die baai na 'n besetting van twaalf jaar te ontruim en na Mosambiekeiland terug te keer.⁶⁸ Hulle sou eers in 1799 na Delagoabaai terugkeer.

In Junie 1799 het kaptein Louis Josemet met 'n klein afdeling soldate 'n derde poging aangewend om 'n permanente Portugese nedersetting in Delagoabaai tot stand te bring. Weens konflik onder die inheemse bevolking kon die Portugese nie na hul verwoeste fort op die noordelike oewer van die Espirito Santorivier terugkeer nie. Josemet was derhalwe verplig om die toestemming van Kapell te verkry ten einde 'n nuwe handelspos op te rig op die grondgebied wat in 1794 aan die Portugese afgestaan is. Gespanne betrekkinge met die Kapell het die Portugese egter in 1801 verplig om met toestemming van die Matoll-opperhoof permanent na die terrein van hul verwoeste fort op die noordelike oewer van die Espirito Santorivier terug te keer.

⁶⁷ Ibid., pp. 206-209.

⁶⁸ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 218-219; Coetzee, C.G., *Die Stryd om Delagoabaai...*, pp. 212-213; Eldredge, E.A., *Kingdoms and Chieftdoms...*, 1400-1830, p. 143.

Dit wil voorkom of die Portugese redelik maklik hul handelsbande met die inheemse bevolking hervestig het, maar geen poging aangewend het om vreemde skepe toegang tot die English-rivier te ontsê nie. 'n EIC-vaartuig wat die baai kort na die Vrede van Amiens in 1802 'n besoek het, het geen belemmering van die Portugese ondervind om met die inheemse-opperhoofde handel te dryf nie. Die Portugese aansprake op Delagoabaai sou egter deur verwikkelinge in Europa in die gedrang gebring word.⁶⁹

Na 1806 het die hervatting van die Napoleontiese oorlog Britse regeringslui se aandag vir die eerste keer op die besit van Delagoabaai gevestig. Dit was deur die toedoen van die EIC wat veral besorg was dat die Franse, as eerste stap vir hul aanslag op die Britse besittings in Indië, die beste hawens aan die Oos-Afrikaanse kus, insluitende Mosambiekeiland en Delagoabaai, sou beset. Frankryk se inval in Portugal in 1807 en die moontlikheid dat die Portugese besittings aan die Oos-Afrikaanse kus en Indië in Franse hande sou val, het EIC vrese op die spits gedryf. In Desember 1807 is 'n geheime EIC-memorandum oor 'n gewenste Britse besitname van die Portugese besittings aan die Ooskus van Afrika, waarin die waarde van Delagoabaai uit 'n handels- en strategiese oogpunt uiteengesit is, onder die aandag van die Britse kabinet gebring. Op watter wyse besitname van Delagoabaai uitgevoer sou word, het ook heelwat aandag in korrespondensie tussen die Britse Minister van Oorlog en Kolonies, lord Castlereagh, en sir Robert Dundas, president van die Britse Board of Trade, geniet. Castlereagh was van mening dat die besitname deur die EIC in Bombaai onderneem moes word, terwyl Dundas eerder voorkeur aan die Britse vloot aan die Kaap gegee het.⁷⁰

Terwyl die Britse regering nog besig was om die anneksasie van Delagoabaai te oorweeg, het die Portugese regering se besluit om hul gewig by die Britse alliansie teen Frankryk in te werp, so 'n besluit oorbodig gemaak. Op advies van die Britse regering het die Portugese koninklike familie en regering in Desember 1807 aan boord 'n Britse oorlogskip na Rio de Janeiro uitgewyk en daarmee die setel van Portugese gesag na hul koloniale besitting in Brasilië verskuif. Die goewerneur-generaal van Mosambiek sou voortaan sy opdragte vanuit Rio de Janeiro ontvang. 'n Politieke en kommersiële verdrag wat in Februarie 1810 in Rio de Janeiro onderteken is en vier maande later in Londen bekragtig is, sou van besondere belang vir Britse en Portugese belange in Delagoabaai wees. Volgens die politieke verdrag sou Brittanje Portugal teen aanvalle deur ander moondhede beskerm en volgens die kommersiële verdrag het Britse onderdane die reg verkry om met die Portugese besittings aan die ooskus van Afrika handel te dryf.

⁶⁹ A.K. Smith, *The Struggle...*, pp. 220-222.

⁷⁰ BL, India Office Records, Secret: Memorandum respecting the seizure of the Portuguese Settlements of Mozambique and Delagoa Bay on the East Coast of Africa; M.V. Jackson Haight, *European Powers...*, pp. 149-153.

Aangesien die kommersiële verdrag die eerste verwysing na Oos-Afrika in 'n internasionale verdrag was, het die Britse regering, aldus die historikus Jackson Haight,⁷¹ in 1810 dus in der waarheid de facto erkenning gegee aan Portugal se aansprake op die ooskus van Afrika.

EIC-handelaars se gevolgtrekking dat die 1810-kommersiële verdrag hulle die reg verleen het om sonder vrees vir Portugese teenkanting hul handelsaktiwiteite in Delagoabaai te hervat, is egter in Maart 1815 met kaptein Thomas Ramsden se besoek aan Delagoabaai verkeerd bewys. Die Portugese goewerneur het geen kennis gedra van die 1810-verdrag nie en slegs na dreigemente van verskeie Ronga-opperhoofde Ramsden toestemming verleen om handel te dryf. Nieteenstaande Kapell se versekering van die Ronga-opperhoofde se onafhanklikheid en dat die Portugese slegs toestemming gehad het om 'n handelspos in die baai te bedryf, is Ramsden se handels-aktiwiteite in die baai deurlopend deur vyandige optredes van die Portugese in die wiele gery. Om druk op Ramsden uit te oefen, het die goewerneur in Junie 1815 selfs die Portugese vlag op die vervalte Portugese handelspos op die suidelike oewer van die baai gehys.

Met die aankoms van 'n nuwe goewerneur in Julie 1815 het Ramsden weer eens toestemming vir sy handels-aktiwiteite in die baai probeer verkry. Die nuwe goewerneur het egter Ramsden se aansoek, ten spyte van hernude dreigemente deur die Ronga-opperhoofde, afgekeur en Ramsden beveel om die baai te verlaat. Na 'n paar nagtelike skynaanvalle waartydens die *Perseverance* aan kanonvuur blootgestel is, het Ramsden die nag van 6 Augustus 1815 die klein baai in die Espirito Santorivier onder die gebulder van die fort se kanonne verlaat.⁷²

Om verder sout in Engelse wonde te vryf, het die goewerneur van Mosambiek in Augustus 1815 'n klag by die EIC-owerhede ingedien teen Ramsden se optrede in Delagoabaai. Ramsden is beskuldig dat hy sonder vooraf toestemming handel gedryf het en boonop die inheemse bevolking opgestook het om teen die Portugese owerheid in opstand te kom. Die EIC-owerhede is versoek om skadevergoeding vir Ramsden se "wangedrag" te betaal en 'n herhaling van soortgelyke optredes te voorkom.

Hiervan het niks gekom nie, waarskynlik vanweë die omvattende weerlegging van die Portugese aantygings deur Ramsden en Woodward, die eienaar van die *Perseverance*.⁷³ Woodward het nie

⁷¹ M.V. Jackson Haight, *European Powers...*, pp. 153-154; pp. 163-166.

⁷² BL, India Office Records, Complaints proffered by the Portuguese Governor of Mozambique against Captain Ramsden, 1815.

⁷³ BL, India Office Records, Extract Political Letter from Bombay, 24.2.1816; Extract Political Letter from Bombay, 6.8.1816.

doekies omgedraai oor die geldigheid van die Portugese aansprake op Delagoabaai nie, en in dié verband in 'n skrywe aan die EIC-owerhede opgemerk:

That the residence of a Commercial Agent, with about half a dozen followers by permission in the territories of a Sovereign Prince, can give to the Sovereign of the Country of the resident, a Dominion not only over the Territories of the Prince in which he resides, but also over those of his neighbours in a sweep of above one hundred miles of Coast, and a right to exclude the Ship of States in amity with all the countries, from pursuing their commerce, appears an extension of the right of Dominion and Sovereignty unwarranted by, and contrary to all the received maxims of the Law of nations.⁷⁴

Hoewel die korrespondensie met betrekking tot die klag oor die goewerneur van Mosambiek onder die aandag van die EIC-owerhede in Londen gebring is, is daar geen aanduiding dat die aangeleentheid die aandag van die Britse regering verder as die India Office geniet het nie.⁷⁵

Enige onduidelikheid aan Britse kant oor Portugal se aansprake op die ooskus van Afrika is in Julie 1817 met die ondertekening van 'n Anglo-Portugese konvensie vir die bekamping van slawerny, uit die weggeruim. Kragtens artikel twee is Portugal se aanspraak op die ooskus van Afrika tussen Kaap Delgado (ongeveer 300 km noord van Mosambiekeiland) en die baai van Lourenco Marques erken. As gevolg van die afwisselende gebruik van die benamings Delagoabaai en Baai van Lourenco Marques, sou hierdie bepaling in die verdrag egter later tot heelwat verwarring lei. Volgens die Britse interpretasie was Portugal se aansprake tot die "Baai van Lourenco Marques", d.w.s. die klein baaitjie in die Espirito Santorivier voor die fort en nedersetting, beperk, terwyl die Portugese albei benamings vir die baai in sy geheel gebruik het.⁷⁶

'n Verdere vyf jaar sou verloop voor die Britte in 1822 met hul eerste aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai sou kom.⁷⁷

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat hoewel die Portugese Delagoabaai en omgewing sedert 1546 as hulle invloedssfeer beskou het, ander Europese groepe en maatskappye voortdurend hulle aansprake op die baai uitgedaag het. Met die aanbreek van die 1820's kon die Portugese na verskeie onsuksesvolle pogings nietemin daarin slaag om 'n permanente pos in Delagoabaai te

⁷⁴ Ibid., Extract Bombay Political Consultations, 29 November 1815.

⁷⁵ M.V. Jackson Haight, *European Powers*., pp. 191-192.

⁷⁶ Ibid., pp. 221-224.

⁷⁷ Ibid., p. 174.

vestig waarvan hul dominium op die baai boonop deur die Anglo-Portugese konvensie van 1817 erken is. Die volgende vyftig jaar sou egter groot uitdaging aan Portugese beheer stel, waarvan Brittanje se aansprake sedert 1822 besonder dreigend was, en uiteindelik in 1875 op arbitrasie sou uitloop.



1. Kaptein William Fitzwilliam Owen (1774-1857)

HOOFSTUK TWEE

EERSTE BRITSE AANSPRAKE OP DELAGOABAAI, 1822

Die opdrag van die Britse admiraliteit aan kaptein William Owen om 'n opname van alle hawens en riviere aan die Oos-Afrikaanse kus te maak en sy gevolglike teenwoordigheid in Delagoabaai in September 1822 sou tot Groot-Brittanje se eerste aansprake op die baai lei.¹ Dit sou tot die arbitrasie-uitspraak van president MacMahon in 1875 verreikende gevolge vir Brits-Portugese betrekkinge oor Delagoabaai inhou.

William Fitzwilliam Owen (1774-1857) het reeds tydens die Napoleontiese oorloë 'n reputasie as 'n onverskrokke aanvoerder en buitengewone bekwame hidrograaf verwerf. As bevelvoerder van 'n Britse oorlogskip in die oostelike Indiese-oseaan, die *Seaflower*, was hy tussen 1804 en 1810 in talle see- en landgevegte met Franse magte slaags waarin sy besondere deursettingsvermoë beide in die beplanning en uitvoering 'n deurslaggewende rol gespeel het. Die *Seaflower* was ook deel van die Britse vloot uit Indië wat die Kaap in 1806 en Mauritius in 1810 verower het. Die ontdekking van 'n veilige kanaal deur die Maldive-eilande op die vloot se terugtog na Indië na die tweede verowering van die Kaap, asook 'n deurgang naby die kus van Sumatra, die sogenaamde Seaflower-kanaal, was die begin van Owen se reputasie as 'n buitengewone bekwame hidrograaf. Hy het sy ontluikende bekwaamhede in hidrografie, astronomie en navigasiekunde deur verdere studie tydens sy twee jaar krygsgevangeneskap op Mauritius verdiep.²

Owen se kartering van die Kanadese mere gedurende die tydperk 1816-1818 het sy reputasie as 'n meester hidrograaf gevestig. Die opmeting, wat ook die vasstelling van die grens tussen Kanada en die Verenigde State van Amerika (VSA) behels het, het te midde van uiters gespanne betrekkinge tussen Brittanje en die VSA plaasgevind en is deur verskeie grensdispute en diplomatieke onderhandelinge gekenmerk. Owen het benewens die opmetingswerk in uitdagende weersomstandighede ook op uiters bekwame wyse die tydrawende onderhandelinge en uitgerekte korrespondensie met die Amerikaners hanteer. Terselfdertyd het hy nie sy plig as offisier versuim om - met die oog op 'n moontlike oorlog met die VSA - noukeurig verslae oor moontlike strategiese Britse vlootbasisse en kommunikasielyne op te stel nie. Soos later sal blyk,

¹ TNA, ADM 1/2268, W. Owen – R. Owen, HMS *Leven*, Delagoabaai, 19.11.1822.

² E.H. Burrows, *Captain Owen of the African Survey 1774-1857*, pp. 35-44; R.T. Brown, *William Fitzwilliam Owen: Hydrographer of the African Coast, 1774-1857*, pp. 38-54.

was die ondervinding wat hy tydens die Kanadese onderneming opgedoen het, die ideale voorbereiding vir die vele uitdagings wat die Oos-Afrikaanse ekspedisie sou bied.³

Owen het vroeg in Februarie 1822 die amptelike instruksies vir die opname van alle riviere en hawens aan die Oos-Afrikaanse kus ontvang, hoewel sy voorbereidings reeds vanaf Augustus 1821 by Woolwich aan die Teemsrivier plaasgevind het.⁴ Vanweë die omvang en tydsduur van die drie jaar lange ekspedisie was dit uniek in die annale van die Britse admiraliteit. Volgens beplanning sou die ekspedisie aanvanklik uit twee klein oorlogskepe bestaan: Owen se vlagskip, *HMS Leven*, 'n brigantyn met 28 kanonne, en *HMS Barracouta*, 'n splinternuwe brigantyn met tien kanonne, onder bevel van die jeugdige kommandeur William Cutfield (1792-1822). Cutfield het, net soos Owen, 'n reputasie as 'n onverskrokke aanvoerder gedurende die Napoleontiese oorloë verwerf. 'n Derde vaartuig, die *Cockburn*, onder bevel van luitenant Richard Owen ('n neef van Owen), sou hom onderweg na die Kaap in Rio de Janeiro in Suid-Amerika as voorraadskip by die ekspedisie voeg.⁵

Met die oog op die uitdagings wat die Oos-Afrikaanse riviermondings sou stel, is die *Leven* en *Barracouta* op voorstel van William Owen elk van twee addisionele roeibote voorsien. Hierdie roeibote sou later 'n onontbeerlike rol in die verkenning en kartering van Delagoabaai en die riviere in die omgewing speel. Ander aanbevelings van hom wat geïmplementeer is, was nuwe navigasie-instrumente, 'n pompstelsel, en die toevoeging van 'n groot aantal Congreave-vuurpyle waarmee die horisontale afstand tussen twee punte bepaal kon word.⁶ Laasgenoemde toevoeging sou meer as 'n jaar later in 'n geveg met 'n Nguni-geselskap in Delagoabaai vir die eerste en waarskynlik enigste keer vir militêre doeleindes ingespan word.⁷

Danksy streng keuring op grond van bekwaamheid kon Owen ook 'n gedugte span offisiere vir die ekspedisie aanstel waarvan verskeie later huishoudelike name in Britse hidrografiese kringe sou word. Die name van die eerste luitenant en assistentopmeters van die *Leven* en *Barracouta*, Alexander Vidal en William Mudge, asook die tweede luitenant van die *Leven*, Thomas Boteler, behoort tot hierdie groep. Vidal, wat reeds tydens die Kanadese-opname onder Owen gedien het, sou as sy regterhand 'n sleutelrol in die ekspedisie speel. Twee ander aanstellings wat vermelding

³ E.H. Burrows, pp. 55-68.

⁴ W.F. Owen, *Narrative of Voyages to explore the shores of Africa, Arabia and Madagascar, Volume I*, pp. vi-ix. Ten spyte van uitgebreide navorsing in verskeie Britse argiewe, kon nog die skrywer, nog E.H. Burrows, nog R.T. Martin 'n spesifieke datum daarvoor vind.

⁵ Ibid., pp. 82-84; G.S. Ritchie, *The Admiralty Chart*, pp. 124-127.

⁶ E.H. Burrows, pp. 83-84; G.S. Ritchie, p. 111.

⁷ R.T. Brown, p. 73.

verdien, was dié van kaptein Charles Lechmere, 'n voormalige skeepskaptein, en John Forbes, 'n botanis in diens van die Tuinboukundige Vereniging van London. Owen het die middeljarige Lechmere op grond van sy ervaring as skeepskaptein en sy entoesiasme vir hidrografie as vakleerling-hidrograaf aan boord die *Leven* aangestel. Forbes se bydrae tot die ekspedisie sou veel verder as sy wetenskaplike werksaamhede strek. Naas hierdie offisiere het hy ook meer as twintig belowende junior offisiere of adelborste aangestel waarvan minder as die helfte die Oos-Afrikaanse ekspedisie sou oorleef. Na voltooiing van die voorbereidingswerk het die ekspedisie einde Januarie 1822 na Portsmouth gevaar in afwagting op die Britse admiraliteit se finale instruksies.⁸

Volgens sy instruksies moes Owen 'n opname in belang van navigasie en die wetenskap van alle riviere en hawens langs die ooskus van Afrika maak. Die opname sou vanaf die monding van die Keiskammarivier, in daardie stadium die oosgrens van die Kaapkolonie, tot by Kaap Guardafui, die mees noordelike punt van die Horing van Afrika, strek. Daarnaas moes hy ook volledige verslae van die hawens en riviere asook die ekonomiese potensiaal van die omliggende landstreke opstel. Hierna moes hy, indien die bemannings en skepe daartoe in staat was, voortgaan om die presiese ligging van die talryke eilande en sandbanke in die Mosambiek-kanaal te bepaal.⁹

Oor Delagoabaai en die belangrikste Portugese nedersettings aan die ooskus het Owen baie spesifieke opdragte ontvang. Hy moes in sy ondersoek met 'n volledige en akkurate opname van Delagoabaai en die riviere wat daarin uitmond, begin en terselfdertyd inligting versamel oor die getalle, ingesteldheid en bestaanswyses van die inheemse bevolking van die baai. Na verslag oor sy werksaamhede in Delagoabaai en die aanvul van voorrade in Algoabaai of Simonstad, moes hy sy ondersoek vanaf Delagoabaai noordwaarts voortsit. Die grootte, diepte en bevaarbaarheid van elke inham, rivier of potensiële hawe aan die Mosambiekse kus moes ondersoek word met spesifieke verwysing na die baai en riviere van Inhambane, Sofala en Quelimane.¹⁰

Owen het ook baie spesifieke opdragte aangaande die aanvulling van die ekspedisie se voorrade ontvang. Aangesien die tweede deel van die opname in die Mosambiek-kanaal sou eindig, is hy aangeraai om sy voorrade op Mosambiekeiland aan te vul. Indien hy nie die samewerking van die Portugese owerhede kon verkry nie, moes hy hom tot die inheemse bevolking in die noorde van

⁸ E.H. Burrows, pp. 84-86.

⁹ W.F. Owen, *Narrative of Voyages to explore the shores of Africa, Arabia and Madagascar, volume I*, pp. vi-ix.

¹⁰ Ibid.

Madagaskar of Mauritius, 'n Britse besitting, wend. Die opname van die Mosambiekse-kanaal moes by Kaap Guardafui eindig, hoewel volmag aan hom verleen is om die omvang van die ondersoek te vergroot, indien hy dit nodig ag.

Die instruksies aan Owen is 'n duidelike bewys dat die Britse regering in hierdie stadium grootliks in die duister was oor die aard en omvang van die Portugese besittings aan die suidooskus van Afrika waarna daar in die Anglo-Portugese verdrae van 1810 en 1817 verwys is. Dit sou sy taak wees om deur 'n deeglike ondersoek alle onduidelikheid oor die Portugese besittings uit die weg te ruim. In die lig van sy latere optrede in Delagoabaai is dit ook opvallend dat daar nêrens in sy instruksies melding van die verkryging van Britse grondgebied gemaak word nie.¹¹

Oor een aangeleentheid was daar egter geen twyfel in Britse regeringskringe nie – die Portugese se fyngemoetheid jeens hul koloniale besittings. Omdat Owen, met die uitsondering van die Kaap en Mauritius, slegs Portugese nedersettings sou besoek, is dit in Britse regeringskringe derhalwe noodsaaklik geag dat hy van geloofsbriewe aan die Portugese owerhede in Afrika voorsien word waarin die suiwer wetenskaplike doelstellings van sy ekspedisie beklemtoon word. Met dié doel voor oë het die Britse minister van kolonies, lord Londonberry, reeds op 2 Februarie 1822 die Portugese saakgelastigde in London, D'Oliveira, van Owen se voorgenome ekspedisie ingelig en versoek dat hy van magtingingsbriewe aan die owerhede in Portugese nedersettings voorsien word sodat hy die nodige ondersteuning gebied kon word, indien hy voorraad of hulp nodig gehad het.¹² Die saakgelastigde is ook ingelig dat, aangesien Owen op die punt van vertrek na Lissabon gestaan het, die Britse regering begerig was om die briewe so gou as moontlik te ontvang.¹³

Onder hierdie omstandighede het die *Leven* en die *Barracouta* die Engelse kus op 15 Februarie 1822 verlaat om een van die moeilikste en mees uitgebreide wetenskaplike ekspedisies in die geskiedenis van die Britse vloot te onderneem. Niemand kon in daardie stadium voorsien watter tol in menselewens die opname van die suidooskus van Afrika sou eis nie of watter verreikende implikasies Owen se afkeer van alles wat nie Brits was nie, vir die bevordering van Britse belange aan die kus sou hê.¹⁴

Owen se besoek aan Lissabon het besonder goed afgeloop. Vergesel van die Britse saakgelastigde in Lissabon, Ward, het hy onmiddellik na sy aankoms 'n besoek aan die

¹¹ T. Boteler, *Narrative of a voyage of discovery to Africa and Arabia, Volume I*, p. 6.

¹² Delagoa Bay. Correspondence respecting the claims of Her Majesty's Government (1875), p. 15.

¹³ W.F. Owen, I, p. 6; E.H. Burrows, pp. 87-88.

¹⁴ R.T. Brown, pp. 74-77.

Portugese minister van marine, admiraal Quintella, afgelê. Tydens die besoek het hy 'n opname van die Kaap Verdiese-eilande wat deur Vidal tydens 'n vorige vaart van die *Leven* opgestel is, aan die minister oorhandig. Volgens Owen was Quintella so gelei deur hierdie gebaar, dat hy die magtingsbriewe, soos versoek, onmiddellik uitgereik het.¹⁵ Op versoek van Owen het Quintella ook toestemming gegee dat die ekspedisie van die Portugese arsenaal in die Tagusrivier gebruik kon maak. Dit het hom in staat gestel om belangrike astronomiese waarnemings asook noodsaaklike verstellings aan die takelwerk van die *Barracouta* met die oog op sy ondersoek af te handel. Hy het sy hoogs geslaagde besoek afgesluit met die aanstelling van Geo Phillips, 'n broer van die Britse visekonsul in Lissabon, as tolk vir die ekspedisie. Owen was daarvan oortuig dat Portugees as onderhandelingsmedium die Portugeuse owerhede aan die ooskus se ingesteldheid teenoor die Britte positief sou beïnvloed en die kommunikasie met die plaaslike bevolking vergemaklik.¹⁶

Hoewel die *Leven* en die *Barracouta* die Portugese hoofstad reeds op 5 Maart 1822 verlaat het, sou 'n verdere vier maande verloop voor die ekspedisie se aankoms aan die Kaap. Na kortstondige besoeke aan Madeira, die Kanariese en Kaap Verdiese Eilande om geografiese lengte- en breedte-grade van vorige hidrografiese opnames te verifieer, het die ekspedisie ses weke in Rio de Janeiro in Suid-Amerika deurgebring waartydens 'n voorradeskip, die *Cockburn*, aangeskaf is. Hoewel die *Cockburn* slegs as voorraadskip by Owen se vloot gevoeg is, sou dit later in Delagoabaai in meer as een opsig 'n deurslaggewende rol in die lotgevalle van die ekspedisie speel.¹⁷

Die besoek aan Rio de Janeiro was ook die ekspedisie se eerste blootstelling aan die omvang van die Portugese slawehandel tussen Afrika en Brasilië - 'n aangeleentheid wat later 'n groot rol in Owen se optrede aan die Oos-Afrikaanse kus sou speel. Hy en sy offisiere het tydens hul ses weke lange verblyf kennis geneem dat ongeveer twintigduisend slawe die vorige jaar van die kus van Afrika deur Rio de Janeiro ingevoer is.¹⁸ Watter indruk dit op Owen gemaak het, is egter onbekend, maar gesien in die lig van sy intense afkeer van slawerny en sy latere optrede aan die Oos-Afrikaanse kus om dit te bekamp, is dit opvallend dat hy hom nie in daardie stadium oor die aangeleentheid uitgelaat het nie. Die feit dat die sukses van sy ekspedisie van die samewerking van die Portugese owerhede afhanklik was, het waarskynlik 'n rol in sy stilswye gespeel.

¹⁵ W.F. Owen, I, p. 6.

¹⁶ E.H. Burrows, pp. 87-88.

¹⁷ Ibid., pp. 88-92; TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, Rio de Janeiro, 25.5.1822.

¹⁸ Ibid., p. 91.

Die Oos-Afrikaanse ekspedisie het Rio de Janeiro op 9 Junie 1822 verlaat en na 'n moeisame reis van ses weke, waartydens die *Cockburn* ernstig beskadig is, Simonsbaai aan die begin van Julie 1822 binnegevaar. Die nuwe Britse vlootbasis sou die volgende twee maande as tuiste vir die ekspedisie dien. Die ernstige skade aan die *Cockburn* het Owen gedwing om sy planne te wysig. Sy aanvanklike voorneme was om slegs sy voorrade aan die Kaap aan te vul en so gou as moontlik na Algoabaai te vertrek ten einde met die opname aan die suidooskus te begin.¹⁹ Nou was hy genoodsaak om sy vertrek na Algoabaai uit te stel en die opname van die suidooskus in die tussentyd in die hande van kaptein Cutfield met die *Barracouta* te laat. Cutfield het gevolglik op 29 Julie 1822 afskrifte van Owen se instruksies van die Britse admiraliteit en sy Portugese magtigingsbriewe ontvang asook noukeurige voorskrifte vir die verkenning van die belangrikste riviere, hawens en kusstreke tussen die Keiskammarrivier en Mosambiekeiland.²⁰

Dat Owen reeds in hierdie stadium groot waarde aan die hawens van Port Natal en Delagoabaai asook goeie betrekkinge met die inheemse bevolking van Port Natal en die Portugese owerhede in Delagoabaai en Mosambiekeiland geheg het, blyk duidelik uit sy instruksies aan Cutfield. Cutfield moes 'n deeglike opname van Port Natal-hawe uitvoer, voorsorg tref teen enige vyandelike optrede van die inheemse bevolking, maar moes terselfdertyd uit sy pad gaan om goeie betrekkinge met hulle te handhaaf. Hierna moes hy die suidooskus tot by Delagoabaai verken en in laasgenoemde hawe, wat volgens Owen in die monding van English River, naby 'n Portugese fort geleë was, anker gooi. Cutfield moes die magtigingsbriewe aan die Portugese bevelvoerder toon en 'n opname van die baai voltooi. Owen het selfs voorgestel dat Cutfield 'n observasiepos op St Mary- of Elephant-eiland, in die ingang van Delagoabaai, inrig, waar Owen begin September 1822 by hom sou aansluit. Indien hierdie ontmoeting deur die mat sou val, moes Cutfield egter op eie houtjie 'n vlugtige opname van die Mosambiekse kus tussen Delagoabaai en Mosambiekeiland onderneem en, na die toon van sy magtigingsbriewe, sy opdrag met 'n volledige opname van die eilandhawe voltooi.²¹

Vertoë deur kommodoor Joseph Nourse, die pas aangestelde nuwe bevelvoerder van die Britse vlootbasis aan die Kaap die Goeie Hoop, vir 'n opname van die Kaapse suidkus tot by Algoabaai, sou egter tot 'n wysiging van Cutfield se opdrag lei.²² Nourse het Owen oortuig dat alhoewel so 'n opname nie deel gevorm het van sy instruksies van die Britse admiraliteit nie, dit tog groot voordeel vir handels- en skeepvaartbelange in die Kaapkolonie kon inhou. Cutfield het gevolglik

¹⁹ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, Simonsbaai, 10.9.1822.

²⁰ TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, Simonsbaai, 29.7.1822.

²¹ Ibid.

²² TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, Simonsbaai, 31.7.1822.

opdrag ontvang om 'n verkenningstog van die Kaapse suidkus tot by Algoabaai te onderneem en daarna sy opdrag insake die verkenning van die suidooskus tot by Delagoabaai te voltooi. Aangesien die opname van die Kaapse kus tot by Algoabaai nie deel gevorm het van die admiraliteit se instruksies nie, moes Cutfield bloot die belangrikste geografiese punte vir toekomstige verwysing op 'n sketskaart aandui.²³ Cutfield het die opname van die Kaapse suidkus in die eerste helfte van Augustus 1822 voltooi en in die daaropvolgende twee maande die suidooskus tussen die Keiskammarrivier en Delagoabaai, sonder om Port Natal te besoek, verken. Weens 'n sameloop van omstandighede sou hy eers weer teen die helfte van Oktober 1822, byna drie weke na Owen se aankoms in Delagoabaai, by die ekspedisie aansluit.²⁴

Benewens die opname van die Kaapse suidkus het Nourse ook vir Owen oorreed om 'n deeglike opname van Valsbaai en die Kaapse Skiereiland te onderneem, aangesien die bestaande seekaarte veel te wense oorgelaat het. Hiervan kon Owen persoonlik getuig, aangesien die *Leven* met sy aankoms by Kaappunt op 'n rotsbank wat nie op die verouderde seekaart aangedui was nie, geloop het. Hierdie opname onder bevel van luitenant Vidal en die offisiere van die *Leven* het ses weke geduur en is aan die begin van September 1822 voltooi. Owen het die opname, wat die Valsbaai-kus vanaf Kaap Hangklip tot by Kaappunt asook die Atlantiese kus van die skiereiland insluitende Hout- en Tafelbaai, as opleidingsgeleentheid vir al die junior offisiere van die *Leven* beskou. Vir die doel van die opname is 'n oseanografiese hoofkantoor, 'n tekenkantoor en observasiepos by die Simonstad-vlootbasis ingerig waar Vidal die eerste seekaart van die ekspedisie voltooi het.²⁵

Naas die herstel van die *Cockburn* en die opname van die Kaapse Skiereiland het Owen sy onvoorsiene verblyf van twee maande aan die Kaap ook gebruik om meer inligting aangaande die suidooskus van Afrika te bekom. Sy ontmoeting vroeg in Augustus 1822 met goewerneur Charles Somerset in die Kasteel in Kaapstad, sou belangrike gevolge vir die verdere verloop van die Oos-Afrikaanse ekspedisie inhou. Somerset het met die oog op die uitbreiding van Kaapse handelsbetrekkinge langs die suidooskus groot verwagtinge van Owen se ekspedisie gekoester. Hy was veral besonder gretig dat Owen 'n opname van die Kowierivier, wat Somerset as 'n punt van groot waarde vir die Kolonie beskryf het, maak.²⁶ Die monding van die rivier, wat tussen

²³ TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, Simonsbaai, 29.7.1822.

Die belangrikste plekke was Kaap Agulhas, Kaap Infanta, St. Francisbaai en Kaap Recife.

²⁴ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, Simonsbaai, 10.9.1822; T. Boteler, I, p. 93; E.H. Burrows, p. 101.

²⁵ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, Simonsbaai, 10.9.1822; E.H. Burrows, pp. 98-101.

²⁶ TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, Simonsbaai, 13.8.1822; E.H. Burrows, pp. 94-97.

Algoabaai en die Keiskammarivier geleë was, het op die oog af groot moontlikhede as hawe vir die pas gevestigde Britse setlaars in die Albanie-distrik van die oosgrens ingehou.²⁷

Owen het Cutfield gevolglik op 13 Augustus 1822 beveel om aan Somerset se versoek te voldoen. Hy het voorgestel dat die *Barracouta* na die monding van die Kowierivier vaar en die opname aan luitenant Mudge met een of twee roeibote toevertrou. Mudge moes die presiese ligging van die monding van die Kowierivier vasstel en die bevaarbaarheid daarvan, ook seisoenaal, ondersoek.²⁸ Cutfield is versoek om met hierdie verslag en 'n akkurate plan van die Kowierivier, tot 14 September 1822 op Owen se aankoms in Algoabaai te wag, alvorens hy sy opname van die suidooskus voortsit. Omdat Cutfield egter reeds voor die ontvangs van Owen se opdrag Algoabaai verlaat het, het daar in hierdie stadium van die ekspedisie niks van 'n opname van die Kowierivier gekom nie.²⁹

Somerset en Owen het ook enkele gedagtes oor die moontlikheid van 'n ekspedisie deur die binneland van suidelike Afrika na Delagoabaai gewissel – 'n hawe waaroor daar aan die Kaap steeds groot onkunde geheers het. Sedert die tragiese afloop van Cowan en Donovan se reis in 1809 is geen ekspedisie vanuit die Kaapkolonie na Delagoabaai onderneem nie. Hoewel dié twee offisiere Delagoabaai bereik het, het hulle ekspedisie êrens in die binneland benoorde die baai spoorloos verdwyn. Bowendien kon geen een van die talle ontdekkingsreise na die binneland van suidelike Afrika sedertdien nader as 'n paar honderd kilometer van die baai vorder nie.³⁰ Hoewel Somerset dus geen lig op die aard van die Portugese nedersetting in Delagoabaai kon werp nie, het hy nietemin verwys na 'n voorstel van 'n paar offisiere op die oosgrens van die Kaapkolonie om met twee kompanjies 'n reis deur die binneland na die baai te onderneem. Owen het voorgestel dat die ekspedisie eers na afloop van sy besoek aan Delagoabaai oorweeg word, ten einde hom geleentheid te gee om sy verworwe kennis aan hulle oor te dra. Hierdie voorstel is deur Somerset aanvaar.³¹

Tydens sy besoek aan die Kaap het Owen ook kennis geneem van die groot belangstelling wat sy voorgenome opname van die suidooskus in Kaapse handelskringe ontlok het. Twee van die invloedrykste skeepskoopmanne wat hy na alle waarskynlikheid reeds in Augustus 1822 ontmoet het en wat later 'n belangrike rol in sy missie sou speel, was Henry Nourse (1779-1834), 'n broer

²⁷ K. Schoeman, *Bailie's Party. The New Land 1820-1834*, pp. 514-523.

²⁸ TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, 13.8.1822.

²⁹ Ibid.

³⁰ E.H. Burrows, p. 96.

³¹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Somerset, 18.4.1823; K. Schoeman, pp. 344-345.

van kommodoor Nourse, en George Thompson (1796-1889). Nourse het reeds voor sy koms na die Kaap in 1820 groot aansien in Britse regeringskringe geniet en 'n sleutelrol gespeel in die emigrasieskema wat in dieselfde jaar op die aankoms van die eerste Britse setlaars in Algoabaai sou uitloop. Na sy aankoms aan die Kaap het hy as invloedryke lid van die Kaapse Handelsbeurs 'n leidende rol in handels- en skeepvaartkringe gespeel en besonder belangstelling in die handelspotensiaal van die suidooskus asook handelsvaarte na Port Natal en Delagoabaai getoon. Nourse en sy broer het nes Somerset ook belangstelling in die moontlikhede van die Kowierivier as hawe getoon.³² Thompson was ook 'n stigterslid van die Kaapse Handelshuis in 1822 en het sedert sy aankoms aan die Kaap in 1818 as lid van 'n toonaangewende handelsmaatskappy eweneens diep spore in Kaapse handel- en skeepvaartkringe getrap. Net soos Henry Nourse het hy ook 'n groot belangstelling in die baaie en riviere van die suidooskus asook handelsvaarte na Port Natal en Delagoabaai getoon. In hierdie verband is dit insiggewend dat een van Henry Nourse se handelskepe, die *Orange Grove*, Delagoabaai reeds vroeg in Desember 1822 sou besoek en 'n paar weke later onder beskerming van die *Cockburn* 'n handelsvaart op die Maputorivier sou onderneem. Owen het waarskynlik reeds met sy vertrek uit Simonsbaai van die *Orange Grove* se voorgenome sending kennis gedra. Waaroor hy wel sekerheid sou hê, is dat Kaapse handelskepe met die oog op die aanknoop van handelsbetrekkinge met die inheemse bevolking, kort op sy hakke besoek aan Delagoabaai sou aflê.³³ Met voorrade vir agt maande het die *Leven* en die *Cockburn* Simonsbaai na 'n verblyf van twee maande op 12 September 1822 verlaat en Delagoabaai vyftien dae later binnegevaar.³⁴

Owen se aankoms in Delagoabaai het 'n nuwe fase in die werksaamhede van die Oos-Afrikaanse ekspedisie ingelui. Die baai was die eerste Portugese hawe wat hy volgens sy instruksies van die Britse admiraliteit moes verken en oor verslag doen. Ironies genoeg was sy eerste kontak in die baai nie met die inheemse mense of Portugese nie, maar met die kapteins van twee Engelse walvisvaarders wat naby Shefeaneiland op anker gelê het. Hulle het Owen van die dood van twee van hul bemanningslede weens koors in die English River-hawe in kennis gestel en profeties gewaarsku dat dit 'n uiters ongesonde hawe was.³⁵ Owen het egter hul waarskuwing in die wind geslaan, die Temberivier sonder die gebruikelike kanonsaluut binnegevaar en laatnag in English River, die klein hawe voor die Portugese fort, anker gegooi. Die *Cockburn* sou 'n paar dae later

³² *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, pp. 578-579.

³³ *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, II, pp. 765-767; E.H. Burrows, p. 95.

³⁴ TNA, ADM 1/2268, W. Owen – R. Owen, Simonsbaai, 10.9.1822.

³⁵ W.F. Owen, I, pp. 72-73.

hier aansluit en die *Barracouta* eers drie weke later. English River sou die volgende sewe weke as basis vir die werksaamhede van die ekspedisie in Delagoabaai dien.³⁶

Die eerste ontmoeting met die Portugese nedersetting het vroeg die volgende oggend plaasgevind. Luitenant Vidal en 'n klein geselskap is na die fort gestuur om die doel van die *Leven* se besoek te verduidelik en terselfdertyd verskoning aan te teken waarom die Engelse met hul aankoms nie die Portugese vlag met 'n kanonsaluut vereer het nie. Enige vrese dat die Portugese aanstoot geneem het, is egter onmiddellik deur waarnemende goewerneur Jacques Casimir gestil. Hy het sy volle samewerking beloof en die woonplek van sy voorganger, wat kort tevore selfmoord gepleeg het, tot beskikking van die Britte gestel - 'n aanbod wat onmiddellik aanvaar is. Die woonhuis sou vir die volgende maand as observasiepos en hoofkwartier 'n belangrike rol in werksaamhede van die ekspedisie speel. Die baksteen-woonhuis, met vier kamers, gerieflike buitegeboue en 'n groot tuin was, alhoewel mistroostig, volgens Boteler die beste in die omgewing. Dit was tussen die see en die klein Portugese nedersetting naby aan die strand geleë. Dit is voltyds deur 'n junior offisier, Gibbon, en twee manskappe beman. Gibbon en Vidal het nog dieselfde aand met hul eerste van vele astronomiese opnames begin.³⁷

Hoewel Vidal en sy geselskap 'n vriendelike ontvangs te beurt geval het, het die Engelse vanuit die staanspoor hulle bedenkinge oor die Portugese teenwoordigheid in Delagoabaai gehad. Casimir en die Portugese garnisoen – 'n paar blanke offisiere, 'n priester, 'n sekretaris en ongeveer 50 swart Goanese soldate – asook die verwaarloosde klein fort met geroeste kanonne op 'n vervalde skansmuur, het 'n swak indruk by die Engelse besoekers gelaat. Owen en sy offisiere sou eers mettertyd vasstel dat Casimir en sy geselskap verteenwoordigend van Portugese handelsposte oral in Afrika was – 'n jammerlike groep uitgeworpenes, meesal veroordeelde misdadigers uit Mosambiek en Goa, wat slegs op persoonlike oorlewing in die uithoeke van die Portugese koloniale ryk ingestel was. Portugese van Europese herkoms was boonop die uitsondering en het slegs deel van die goewerneur se binnekring gevorm.³⁸


Vidal se kennismaking met Casimir is egter 'n dag later, op 29 September 1822, deur laasgenoemde se hoflikheidsbesoek aan Owen aan boord die *Leven* in die skadu gestel.³⁹ Die kennismaking sou 'n verreikende invloed op Owen en die werksaamhede van sy ekspedisie uitoefen. In hierdie stadium het Owen, danksy inligting van die paniekbevange Tembes, reeds

³⁶ T. Boteler, I, pp. 17-18; W.F. Owen, I, p. 72.

³⁷ W.F. Owen, I, p. 74; E.H. Burrows, p. 104.

³⁸ T. Boteler, I, pp. 29-32; W.F. Owen, I, pp. 74-74, pp. 89-79; E.H. Burrows, p. 104.

³⁹ T. Boteler, I, p. 29.



2. English River, Delagoabaai – Skets van Luitenant Thomas Boteler, 1822.

kennis gedra dat die suidelike oewer van die Temberivier onder 'n Nguni-inval gebuk gegaan het wat deur moord, roof en plundering gekenmerk is. Die brandende krale aan die Tembe-oewer van English River was snags duidelik van die *Leven* af sigbaar. Die Nguni-invallers, wat deur die inheemse volke Hollentontes en deur die Portugese Vatwabs genoem is, was uit die binneland ten suide van die baai afkomstig.⁴⁰ Hoewel die invallers geen bedreiging vir die *Leven* ingehou het nie, was Owen bekommerd oor die veiligheid van sy ekspedisielede wat aanstons die verkenning van die Tembe- en Matollriviere in roeibote sou moes aandurf en op die oewers oornag.⁴¹ Hierdie kommer het een van die mees betekenisvolle gesprekke in die geskiedenis van Delagoabaai tot gevolg gehad.

Steeds onder die indruk van Portugese soewereiniteit oor Delagoabaai het Owen sy magtigingsbriewe aan Casimir oorhandig en toestemming gevra om al die riviere in die Baai onder Portugese beskerming te verken. Tot Owen se verbasing het Casimir nie kans gesien om aan sy versoek te voldoen nie. Owen is meegedeel dat al die inheemse volke in die Baai vry en onafhanklik was; dat die Portugese geen beheer oor hulle uitgeoefen het nie en dat die Portugese gesag nie verder as die onmiddellike omgewing van die fort gestrek het nie. In die lig hiervan, asook die feit dat die Portugese 'n Vatwah-aanslag op die fort te wagte was, was Casimir nie in staat om enige Britse vaartuie buite bereik van die fort se kanonne te beskerm nie.⁴²

Casimir se onvermoë om beskerming aan die Britse ekspedisie te verleen, en sy erkenning dat Portugese gesag in Delagoabaai nie verder as die onmiddellike omgewing van die fort gestrek het nie, het verreikende gevolge vir Britse en Portugese belange in die baai ingehou. Met die wanopvatting van Portugese soewereiniteit oor Delagoabaai eenklaps uit die weg geruim, het dit Owen nou vrygestaan om die baai en riviere op eie verantwoordelikheid te verken en met die oog op die bevordering van Britse handelsbelange, vriendskaplike betrekkinge met die inheemse volke aan te knoop. Dit is dan ook opmerklik dat, hoewel hy gedurende die res van die ekspedisie se werksaamhede vriendskaplike betrekkinge met die Portugese sou handhaaf, hy hom nie verder aan enige Portugese aansprake op die baai sou steur nie. Sy ontmoeting met Casimir op 29 September 1822 sou dus die eerste en laaste keer wees dat Owen sy magtigingsbriewe aan enige Portugese amptenaar in die baai getoon het.⁴³

⁴⁰ Ibid., pp. 57-50; TNA, ADM 1/2269, Description of the People of Delagoa bay by Dr. A. Osborne. Surgeon of HMS *Leven*.

⁴¹ T. Boteler, I, p. 40.

⁴² TNA, F.O. 97/303, Owen – Botelho, Mosambiekeiland, 10.5.1825; W.F. Owen, I, p. 81.

⁴³ W.F. Owen, I, p. 81.

Owen se voorneme om Delagoabaai by die Britse handelsfeer te betrek, blyk reeds duidelik uit sy opdrag aan luitenant Vidal vir die verkenning van die Temberivier wat op 1 Oktober 1822, twee dae na sy ontmoeting met Casimir, uitgereik is. Naas streng veiligheidsmaatreëls om verrassingsaanvalle te voorkom, moes Vidal die inheemse mense vriendelik behandel en vasstel watter handelsware hulle aanbied wat vir die Britte van nut sou wees. Hoewel daar geen sprake van die verkryging van grondgebied in die instruksies van die admiraliteit was nie, is Vidal nietemin versoek om op die uitkyk te wees vir 'n geskikte ligging vir 'n nedersetting.⁴⁴ Hierdie opdrag toon duidelik dat Owen reeds enkele dae na sy aankoms by English River-hawe besluit het om sy instruksies, ter wille van die bevordering van Britse handelsbelange, te oorskry en 'n nuwe weg in te slaan – 'n besluit wat sy verkenningstog in 'n politieke aangeleentheid sou verander.⁴⁵

Met hiërdie opdrag het Vidal se ekspedisie van vier roeibote en 32 manskappe English River op 3 Oktober 1822 verlaat om die bolope van die Tembe- en Matollriviere te verken.⁴⁶ Die tien dae lange verkenningstog, waartydens die ekspedisie ongeveer 80 kilometer op die riviere aan die noordwestelike grens van die Tembe-koninkryk afgelê het, het uiters waardevolle inligting oor die inwoners en handelsmoontlikhede aan Owen verskaf. Vidal kon inderdaad geen bewyse vind dat Portugese gesag of invloed verder as die onmiddellike omgewing van die fort gestrek het nie. Reeds 'n dagreis van die fort is die Engelse geselskap met verbasing deur die inheemse mense gade geslaan. Verdere ontmoetings stroomop het dieselfde reaksie by die inheemse bevolking ontlok en die vermoede bevestig dat hulle die eerste Europese besoekers aan die bolope van die Tembe- en Matollriviere was. 'n Gids van die fort wat die ekspedisie met toestemming van Casimir vergesel het, het ook bevestig dat die Engelse die riviere ten minste een dagreis verder as enige Portugese vaartuij verken het. In die afwesigheid van enige teken van Portugese gesag het die Engelse die vrymoedigheid geneem om hul geskiedkundige vaart op die Temberivier te herdenk deur die *Leven* se naam en datum in groot letters op die grootste boom by die eindpunt van hul vaart stroomop, uit te kerf.⁴⁷

Vidal se ekspedisie het ook meer aan die lig gebring oor die Vatwah-invallers se spoor van verwoesting langs die Temberivier. Verskeie groepe vlugteling het die geselskap van eerstehandse inligting oor die invallers voorsien en in enkele gevalle is die vlugteling met behulp van die vier ekspedisiebote oor klein riviere na veiligheid gebring. Selfs 'n eiland in die rivier is

⁴⁴ TNA, ADM 1/2268, Owen – Vidal, English River, 1.10.1822.

⁴⁵ R.T. Brown, p. 86.

⁴⁶ T. Boteler, I, p.36; W.F. Owen, I, pp. 80-83.

⁴⁷ T. Boteler, I, pp. 51-76.

Refugee Island gedoop vanweë die groot aantal vlugteling wat daar toevlug gesoek het. Die ekspedisielede het ook deeglik kennis geneem van die verwese Tembe-inwoners se erge ontbering, hongersnood en hul vrees vir die Vawah-invallers.⁴⁸

Die Engelse en die Vawahs se paaie het eers op 9 Oktober 1822, met die terugvaart na English River-hawe, gekruis. Lede van die ekspedisie was by hul kamp op die oewer van die Temberivier besig om voedsel vir tabak en snuisterye met 'n groep Tembes te ruil, toe 'n groep gewapende Vawahs onverwags hul opwagting gemaak het. Aanvanklik was hulle skugter en het op 'n afstand gebly, totdat die Tembes – skynbaar hul bondgenote – hulle van die Britte se goeie bedoelings oortuig het. Die Vawahs en hul leier, Chinchingaly, geklee in gevegsmondering, het met hulle rysige gestaltes en hul ruwe, krygslustige voorkoms 'n veel sterker indruk as die Tembes op Vidal se geselskap gemaak.⁴⁹

Die Vawahs het 'n paar uur in Vidal se geselskap deurgebring waartydens alles in die Engelse kamp op die oewer met groot nuuskierigheid bejeën is. In teenstelling met die Tembes het die Vawahs egter nie veel belangstelling in ruilhandel getoon nie. Deur middel van tolke het hulle dit duidelik gemaak dat hulle op 'n militêre veldtog in vyandelike gebied was en verontwaardig reageer op 'n voorstel om van hul spiese en skilde as ware vir ruilhandel beskikbaar te stel. Die ontmoeting het op 'n vals noot geëindig toe Chinchingaly agterkom dat adelbors Hood besig was om 'n skets van hom te maak. Die verontwaardigde Chinchingaly het opgespring en die Engelse kamp onmiddellik opgeruk verlaat. Sy terugkeer later die aand na die kamp sou die eerste van verskeie konfrontasies tussen die Vawahs en Engelse wees.⁵⁰

Kort voor middernag het Chinchingaly met tussen twee- en driehonderd Vawahs 'n verrassingsaanval op die Engelse kamp geloods. Danksy Vidal se streng voorsorgmaatreëls is die oormag Vawahs met 'n dodelike geweervuur in hul spore gestuit. Na 'n kort maar hewige geveg, waartydens Chinchingaly deur kaptein Lechmere trompop doodgeskiet is, het die aanvallers die aftog geblaas.⁵¹ Vidal het dit raadsaam geag om die Vawahs nie agterna te sit nie, maar eerder die veiligheid van sy bote op te soek. Dit was in hierdie stadium dat 'n groep Vawahs wat in die riete langs die rivier geskuil het, deur die afvuur van twee Congreave-vuurpyle verdryf is.⁵² Die

⁴⁸ Ibid.

⁴⁹ W.F. Owen, I, p. 95.

⁵⁰ Ibid., p. 96.

⁵¹ Chinchingaly se spies en skild is die volgende oggend naby die kamp ontdek en na die terugkeer van die ekspedisie na Engeland aan lord Melville, hoof van die Britse Admiraliteit, as geskenk oorhandig. (E.H. Burrows, p. 105).

⁵² Ibid, pp. 96-100.

Engelse het nie weer kontak met die plunderaars gemaak nie en sonder enige verdere voorvalle op 12 Oktober na English River-hawe teruggekeer.⁵³

Owen se aanvanklike vermoede dat die Tembe- en Matollriviere vir Britse handelaars groot potensiaal vir lewendige en winsgewende handel ingehou het, is deur Vidal se opname bevestig. Hoewel Vidal nie 'n geskikte hawe in die Temberivier kon vind nie, was hy daarvan oortuig dat die rivier, wat vir ongeveer 30 kilometer deur groter bote en 80 kilometer deur klein skuite bevaarbaar was, as handelskanaal met die inwoners van die binneland kon dien. Die gunstige ontvangs van sy offisiere by klein nedersettings langs die Tembe- en Matollriviere om voedsel vir tabak en snuisterye te ruil, het hierdie vermoede verder versterk.⁵⁴

Intussen was daar egter in Vidal se afwesigheid belangrike verwikkelinge in die betrekkinge tussen die Engelse en die inwoners van die Tembe-grondgebied aan die suidelike oewer van English River. Owen se voorneme om vriendskapsbande met die Tembes aan te knoop, is aanvanklik in die wyle gery deur sy onvermoë om met koning Kapell of enige van die Tembe-hoofmanne kontak te maak. Hy wou Kapell se tradisionele hoflikheidsbesoek aan besoekende skepe benut om vriendskapsbande met die legendariese koning en sy onderdane te smee. Hy is egter kort na sy aankoms in English River deur verskeie Tembes meegedeel dat Kapell deur 'n ernstige siekte verhinder is om die *Leven* te besoek. Weens 'n Tembe-gebruik om die dood van hul koning te verswyg en die naam van sy opvolger vir 'n jaar geheim te hou, sou Owen eers 'n paar weke later vasstel dat Kapell reeds twee maande vantevore oorlede is en dat sy kleinseun, Maiette, as sy opvolger aangewys is. Hierdie gebruik – waarvan 'n oortreding met die dood strafbaar was – het tot heelwat verwarring in die betrekkinge tussen die ekspedisie en Tembe-koninkryk gelei.⁵⁵

Dit was onder hierdie omstandighede dat 'n klein afvaardiging van Slangelly, 'n Tembe-hoofman, op 8 Oktober 1822 by die *Leven* opgedaag het. Slangelly, wie se grondgebied in Tembe regoor die Portugese fort geleë was, was 'n kleinseun van Kapell en naas Maiette, die invloedrykste Tembe-leier. Hy wou graag vriendskapsbande met die Britte smee as teenvoeter vir sy stryd met die Portugese met wie hy voortdurend in konflik was. Met hierdie doel voor oë het sy persoonlike gesant, Shamaguava, aan wie die Britte die naam English Bill gegee het, sy opwagting met 'n geskenk van 'n paar hoenders, by die *Leven* gemaak.⁵⁶

⁵³ T. Boteler, I, pp. 73-76; W.F. Owen, I, p. 100.

⁵⁴ TNA, ADM 1/2268, Vidal se verslag oor opname van Tembe- en Matollriviere, English River, geen datum.

⁵⁵ W.F. Owen, I, pp. 103-104.

⁵⁶ Ibid., pp. 101-104; T. Boteler, I, pp. 38-40.



3. English Bill 1823

Owen het die geskenk met vreugde as 'n bemoedigende vriendskapsgebaar aanvaar.⁵⁷ Ten einde Slangelly vir die klein present te bedank en hom te oorreed om die *Leven* te besoek, het luitenant Boteler, die skeepsdokter Alick Osborne en vyf matrose met English Bill as tolk, met 'n geskenk van twee bottels rum en 'n pond tabak, 'n dag of wat later die reis na Slangelly se kraal onderneem. Hul aankoms op die suidoewer van die Temberivier is met groot belangstelling begroet en ongeveer vyftig van Slangelly se mense het die geselskap na sy kraal, wat minder as twee kilometer van die strand geleë was, gevolg.⁵⁸

'n Vriendelike Slangelly, geklee in 'n deftige blou baadjie versier met krale en ander opsmuksels, het Boteler buite sy hut ontmoet. Volgens Boteler het die prins, kort van statuur, 'n gemoedlike en intelligente voorkoms gehad. Boteler het die jong prins hartlik uitgenooi om die *Leven* te besoek om persoonlik welwillendheids-geskenke van Owen in ontvangs te neem. Slangelly het egter nie kans gesien om die *Leven* te besoek alvorens hy nie toestemming van Maiette ontvang het nie. Om sy onderdanigheid aan Maiette te bevestig, is een van die bottels rum wat hy as geskenk ontvang het, in die teenwoordigheid van Boteler in 'n sak toegedraai en aan 'n boodskapper oorhandig om aan Maiette te besorg. Hoewel English Bill bevestig het dat Slangelly nie die *Leven* sonder Maiette se toestemming kon besoek nie, het die Engelse aanvanklik vermoed dat Slangelly se vrees vir die Portugese 'n rol in sy besluit gespeel het.⁵⁹

Tydens die gesellige samesyn wat gevolg het, het Slangelly en sy gevolg aandagtig en met verbasing en bewondering na English Bill se beskrywing van sy besoek aan "Biggy King George's" se skepe geluister. Almal was verbaas om te verneem dat koning George van Engeland ook oor nóg groter oorlogskepe as die *Leven* beskik het. Slangelly het op sy beurt vir Boteler 'n kort oorsig van sy rykdom probeer skets deur na sy groot aantal vrouens, die omvang van sy grondgebied en graan op sy landerye te verwys. Hierin is hy geesdriftig deur English Bill se mededelings aan Boteler ondersteun.⁶⁰

Hoewel Boteler Slangelly nie kon oorreed om die *Leven* te besoek nie, was sy sending 'n mylpaal in die totstandkoming van vriendelike betrekkinge tussen die Engelse en die Tembes en die vestiging van Britse handelsbelange in Delagoabaai. Een van die eerste resultate was die instelling van 'n wedersyds voordelige ruilhandel wat kort na Boteler se terugkeer na die *Leven* tot

⁵⁷ T. Boteler, I, p. 40.

⁵⁸ Ibid., pp. 40-41; W.F. Owen, I, p. 104.

⁵⁹ T. Boteler, I, pp. 41-45.

⁶⁰ Ibid., W.F. Owen, I, pp. 105-108.

stand gekom het. 'n Deel van die *Leven* se dek is elke oggend, nadat die betaalmeester met sy aankope in die bemanning se behoefte aan groente en vrugte voorsien het, vir privaatruilhandel oopgestel. Naas voedsel soos pluimvee, vrugte en groente het die Tembes se handelsware ook olifant- en seekoeitande, renosterhorings, luiperdvelle, spiese, assegaai en skilde ingesluit. Die gesogste artikels van die Engelse was blou dungaree (lap), byle, messe, tabak en klein krale. Geen drank is verhandel nie, omdat die Tembe's geen waarde daaraan geheg het nie. Die daaglikse ruilhandel sou tot met die *Leven* se vertrek uit English River op 19 November 1822 ononderbroke voortgesit word.⁶¹ Met hierdie reëling het Owen die eerste stap geneem om Britse handelsbetrekkinge met die Tembes te vestig en terselfdertyd die Portugese gebruik om dominium (besitreg) oor die hawe uit te oefen, ondermyn.

Kort na sy ontmoeting met Casimir het Owen vasgestel dat, alhoewel die Portugese geen gesag of jurisdiksie oor die inheemse bevolking uitgeoefen het nie, hulle nietemin 'n monopolie op die ruilhandel in die Baai uitgeoefen het. Dit was veral die geval in die Matoll- en Mafooma-gebiede in die omgewing van die Portugese fort waar die goewerneur op 'n gehate drakoniese wyse sy mag misbruik het om homself ten koste van die inheemse mense te verryk. Die inwoners is slegs toegelaat om met die goewerneur en sy garnisoen, waarvan die meeste offisiere en manskappe veroordeelde misdadigers was, handel te dryf. Ruilhandel met enige ander handelaar was strafbaar met die dood – 'n straf wat gereeld en sonder huiwering deur die goewerneur voltrek is en waarvan die Engelse ten minste een keer getuies was. Hoewel die Portugese lugtig was vir die Tembes aan die suidelike oewer van English River-hawe, het hulle hul reg van dominium uitgeoefen deur 'n wag van swart soldate aan boord besoekende handelskepe te plaas om te verseker dat die besoekers nie met die inheemse mense handel dryf nie.⁶² Aangesien die Portugese geen grondgebied in Delagoabaai besit het en jaarliks 'n skatplig betaal het vir die reg om in die grondgebied van die inheemse volke handel te dryf, het Owen die Portugese optrede as 'n belediging vir Britse belange beskou wat hy nie verder sou duld nie.⁶³

English Bill, wat saam met Boteler na die *Leven* teruggekeer het, sou voortaan 'n sleutelrol speel in die Engelse se betrekkinge met die inheemse bevolking en die Portugese. Weens sy skaflike kennis van Portugees, Engels, Hindostani, Nederlands en Nguni, het Owen hom aanvanklik as tolk in diens geneem asook as hoof van 'n geselskap Tembes wat vir die daaglikse aanvulling van die *Leven* se watervoorraad verantwoordelik was. Hiervoor is hy met goedere ter waarde van

⁶¹ T. Boteler, I, pp. 89-91; W.F. Owen, I, pp. 117-118.

⁶² TNA, ADM 1/2268, W. Owen – R. Owen, English River, 19.11.1822.

⁶³ Ibid.

twee sjielings per dag vergoed. English Bill, met sy goeie kennis van die omgewing en sy inwoners, het hom só goed van sy taak as skakelpersoon gekwyd, dat hy spoedig die Engelse as tolk en raadgewer op hul ekspedisies in Delagoabaai vergesel het – ‘n rol waarin hy, soos later sal blyk, vir die Britte van onskatbare waarde was.⁶⁴

Die aankoms van die *Barracouta* in English River op 17 Oktober 1822⁶⁵ het ‘n nuwe fase in Owen se werksaamhede in Delagoabaai ingelui. Met sy ekspedisie voltallig kon hy nou sy aandag op die verdere opname van die baai en riviere toespits voordat ‘n dodelike koors-epidemie die Engelse in middel November 1822 gedwing het om English River te verlaat en die veiligheid van die groter Delagoabaai op te soek. Die werksaamhede het die verkenning van English River-hawe, sytakke van die Tembe- en Matollriviere, die noordelike oewer van Delagoabaai en Shefeaneiland, asook ‘n opname van die Manicerivier behels. Met die oog hierop het Owen ‘n tweede observasiepos by Mahong of Rueben Point, by die monding van die Temberivier in Delagoabaai, sowat vyf kilometer van die Portugese fort, opgerig wat deur adelbors Wood en twee mariniers beman is.

Danksy die observasieposte by die Portugese fort en Reuben Point en die werksaamhede van die meer as tweehonderd bemanningslede van die drie Britse skepe, sou die Portugese handelspos die volgende maand deur die Britse teenwoordigheid in die baai oorskadu word. Owen en sy senior offisiere se teenwoordigheid by die ekspedisie se hoofkwartier en die talle ekspedisiebote wat die baai deurkruis het, het English River vir meer as ‘n maand vir alle praktiese doeleindes in ‘n Britse hawe omskep – ‘n gebeurtenis waarna die Portugese later as die Britse inval van Delagoabaai verwys het.⁶⁶

Owen se eerste doelwit op hierdie tydstip was ‘n volledige opname van English River-hawe – ‘n hawe waarvan die natuurlike voordele hom reeds met sy aankoms opgeval het en waarna hy met nuwe oë na Vidal se opname van die Temberivier gekyk het. Tydens hierdie fase van die opname het Owen ook geen steen onaangeroer gelaat om ook met Maiette, die aangewese opvolger van Kapell, vriendskaplike betrekkinge aan te knoop nie. Vir dié doeleinde het kaptein Cutfield, kort na die aankoms van die *Barracouta* op 17 Oktober 1822, ‘n gesantskap vergesel deur luitenant Vidal en ‘n afdeling mariniers na die afgespreekte ontmoetingsplek in Tembe onderneem. Dit was die kraal van Mohambetey, Maiette se oom en seun van Kapell, wat sowat vyf kilometer stroomop van die Portugese fort en ‘n uur se stap binnelands, geleë was. English Bill, wat as gids en tolk

⁶⁴ T. Boteler, I, pp. 38-40.

⁶⁵ Ibid., p. 93.

⁶⁶ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, English River, 14.11.1822; W. Owen – R. Owen, English River, 13.10.1822; W. Owen – R. Owen, English River, 22.10.1822.

sou optree, is vooruit gestuur om enige misverstand oor die motief van hul besoek uit die weg te ruim. Cutfield het egter 'n bloutjie geloop. Nadat hy 'n paar uur tevergeefs in Mohambetey se geselskap op Maiette gewag het, het hy onverrigter sake na die gesantskap se twee bote aan die oewer van die Temberivier teruggekeer. Aan Engelse kant is vermoed dat interne konflik in Tembe-geledere rondom Kapell se troonopvolger 'n rol in Maiette se optrede gespeel het.⁶⁷

Nadat Owen bevestiging ontvang het dat Maiette as Kapell se opvolger aangewys is, is 'n tweede poging om vriendskapsbande met Maiette aan te knoop, vroeg in November 1822 van stapel gestuur. In 'n brief aan Maiette het hy die Engelse se hand van vriendskap aangebied en die hoop uitgespreek dat die nuwe koning ten gunste van bande met alle toekomstige Britse handelaars sou wees. Owen het die brief, asook die presente van Cutfield se vrugtelose sending, aan luitenant Boteler toevertrou om aan Maiette te besorg. Boteler se klein geselskap, weer eens vergesel deur English Bill as tolk en gids, het hierop êrens tussen 5 en 11 November 1822 'n uiters vermoeiende reis van ongeveer sestien kilometer op die Temberivier en 'n verdere sestien kilometer oor land na wyle Kapell se hoofkraal onderneem. Dáár het hulle in die teenwoordigheid van Slangelly, Mohambetey en ander familielede van Kapell meer as twee uur tevergeefs op Maiette se aankoms gewag voordat Boteler besluit het om na die rivier terug te keer. Boteler was reeds onderweg na die rivier toe Maiette, geklee in 'n lang mantel van 'n fyn, rooi stof en vergesel deur ongeveer 100 krygers en 'n uiters verligte English Bill, uiteindelik sy opwagting gemaak het. Die jong koning was verheug oor die presente wat hy van Boteler ontvang het. Tydens 'n halfuur lange gesprek hierna het Boteler met behulp van English Bill as tolk, die inhoud van Owen se brief aan die jong koning verduidelik. Hoewel Boteler in sy weergawe van sy besoek aan Maiette geen melding maak van die Tembe-koning se kommentaar op Owen se brief nie, is dit uit die gebeure hierna duidelik dat Boteler en Maiette op goeie voet uitmekaar gegaan het. Dat Boteler sy sending as suksesvol beskou het, blyk verder uit die feit dat hy sy besoek aan Maiette met 'n indrukwekkende dril- en skietvertoning deur die handjievol vlootsoldate afgesluit het.⁶⁸

Owen se aanbod van Engelse vriendskap en handelsbande aan Maiette het spoedig vrugte afgewerp. Hy is kort na Boteler se terugkeer deur English Bill in kennis gestel dat Maiette graag handelsbande met die Engelse wou aanknoop en begerig was dat hulle 'n handelspos of nedersetting in Tembe vestig. Volgens Owen is die gedagte van 'n Britse nedersetting in Tembe hierna by verskeie geleenthede deur English Bill namens Maiette en Slangelly geopper. Hulle het

⁶⁷ T. Boteler, I, pp. 97-98.

⁶⁸ Ibid., pp. 110-117; W.F. Owen, I, pp. 136-140.



4. Owen se kaart van English River-hawe in Delagoabaai, 1822.

beloftes van grond vir die Britte gemaak en vergesigte gesien van die baie kledingstukke wat hulle deur ruilhandel sou kon aanskaf.⁶⁹

Hoewel Owen in November 1822 verkies het om Maiette se aanbod aan die Britse owerhede te verswyg, sou hy dit op 19 November in 'n brief aan luitenant Richard Owen, die bevelvoerder van die *Cockburn*, bevestig. In die brief is luitenant Owen daarop gewys dat die onderskeie konings van Tembe kaptein Owen herhaaldelik die versekering van hulle bereidwilligheid tot handeldryf met die Britte gegee het en gereed was om grondgebied vir die doeleindes aan hulle af te staan. Luitenant Owen is ook daarvan verseker dat al die inheemse volkere van die baai dieselfde gevoel het.⁷⁰

Kaptein Owen sou eers 'n paar maande later die Britse admiraliteit van hierdie aanbiedinge in kennis stel. Waarom hy in November 1822 hieroor geswyg het, het hy in dieselfde brief soos volg verduidelik: "It had always been my intention merely to report this favourable disposition to their Lordships, to the Commodore, and to the Governemnt of this Colony, who might have some instructions to govern their conduct in such a case, and principally because with the objects before me under their Lordships' orders I thought it more wise to abstract myself from everything like political interference, where the Portuguese were in any wise, or might imagine themselves concerned, their countenance being in a great measure necessary to my future success."⁷¹ Kortom, hy het dit slegs nodig gevind om oor sy vordering met sy opdrag te rapporteer. Waarom Owen in November 1822 wél luitenant Owen se aandag op die aanbod van die Tembe-hoofmanne gevestig het, sal later aan die lig kom.

Tydens die ekspedisie se werksaamhede in English River is Owen deur twee bedreigings gekonfronteer wat 'n belangrike rol in sy verdere optrede sou speel, naamlik die Vatwahs se strooptogte in die omgewing van die Portugese fort en die uitbreek van 'n dodelike koorsepidemie aan boord die *Leven*. Die bedreiging van die Vatwahs sou blyk van verbygaande aard te wees terwyl die koorsepidemie ongelukkige gevolge vir die ekspedisie sou inhou.

Teen einde Oktober was Owen daarvan bewus dat 'n groot groep Vatwahs onder leiding van ene Looncungdove, besig was om hul verwoestingswerk in die Matoll- en Mafooma-grondgebied ten noorde van die Portugese fort voort te sit.⁷² Die Engelse is derhalwe nie onkant betrap nie toe

⁶⁹ W.F. Owen, I, pp. 126-127.

⁷⁰ TNA, ADM 1/2268, Owen – R. Owen, Delagoabaai, 20.11.1822.

⁷¹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, Simonstad, 1.6.1823.

⁷² T. Boteler, I, pp. 73-74.

hulle observasiepos by die fort een oggend deur die Portugese van 'n Vatwah-aanval op 'n klein inheemse-nedersetting in hul nabyheid in kennis gestel is. Gewapende ekspedisielede onder bevel van kaptein Lechmere, ondersteun deur verskeie Portugese offisiere en byna al die swart soldate, het die slagoffers onmiddellik te hulp gesnel en die Vatwachs met 'n enkele sarsie geweervuur verwilder. Die Engelse sou later verneem dat die lafhartige wyse waarop die Vatwachs die aftog geblaas het, hulle 'n ernstige teregwysing van Loonkundove op die hals gehaal het. As gevolg van hierdie insident, is die veiligheidsmaatreëls by die Engelse observasiepos deur 'n ekstra wag van mariniers versterk. Die opwagting van nóg 'n groep gewapende Vatwachs 'n dag of wat later in die nabyheid van die fort het die ekspedisie verder op hul hoede geplaas.⁷³

Owen het die bedreiging wat die Vatwachs vir die werksaamhede van sy ekspedisie ingehou het, in 'n baie ernstige lig beskou. Ten einde verdere aanvalle op die ekspedisie te voorkom, het hy 'n boodskap aan Loonkundove gestuur waarin hy, of 'n gevolmagtigde van hom, versoek is om persoonlik met Owen te onderhandel. Die boodskap, wat met behulp van 'n Tembe-boodsAPPER aan Loonkundove besorg is, het egter 'n kwalik bedekte dreigement ingehou: As Loonkundove nie bereid was om waarborge te verskaf dat die Vatwachs hulle voortaan vreedsaam sou gedra nie, moes hulle die Matoll-gebied onmiddellik ontruim.⁷⁴

Loonkundove se antwoord was 'n selfversekerde klein Vatwah-afvaardiging, geklee in volle militêre mondering, wat op 2 November 1822 hul opwagting by die Portugese fort gemaak het. Hoewel hulle aanvanklik bereid was om aan boord die *Leven* 'n ooreenkoms te onderteken, het Owen se voorwaardes vir die ooreenkoms hulle tot ander insigte gebring. Owen het die afvaardiging voor 'n eenvoudige keuse gestel: die Vatwachs moes gyselaars as waarborg vir hul vreedsame gedrag verskaf of anders sal die Britte hulle as vyande beskou en waar hulle Vatwachs ook al teëkom, met geweld verdryf. Die Vatwachs het hierdie voorstel onaanvaarbaar gevind en die volgende oggend na hul kamp teruggekeer. Hoewel Owen nie 'n ooreenkoms met die Vatwachs kon sluit nie, het sy dreigement van geweld tog die gewenste uitwerking op Loonkundove gehad. Min wetende dat hul paaie weer met die Engelse sou kruis, het die Vatwachs enkele dae later ooswaarts na die Manicerivier uitgewyk, maar nie sonder om in 'n magsvertoning alles in hul pad op hul terugtog te verwoes nie.⁷⁵

⁷³ Ibid., pp. 95-97; W.F. Owen, I, pp. 121-122.

⁷⁴ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, English River, 14.11.1822; T. Boteler, I, p. 103.

⁷⁵ T. Boteler, I, pp. 103-104.



5. Tembe-inwoners met English River-hawe in die agtergrond.

Met die Vatwah-bedreiging uit die weggeruim, is Owen egter onmiddellik deur 'n ander krisis in die gesig gestaar, naamlik die uitbreek van 'n koorsepidemie onder die bemanning van die *Leven*. Hierdie verwikkeling sou nie alleen 'n verreikende invloed op die verdere werksaamhede van die ekspedisie in Delagoabaai uitoefen nie, maar ook indirek tot die eerste Britse aansprake op Delagoabaai lei.

Soos reeds genoem, het Owen met sy aankoms in Delagoabaai nie ag geslaan op die waarskuwings dat die berugte Delagoabaai-koors in English River 'n gevaar vir sy ekspedisie ingehou het nie.⁷⁶ Volgens hom het die pragtige natuurskoon van die English River-hawe geen aanduiding gegee dat die klimaat 'n bedreiging vir Europese besoekers was nie. Hy het derhalwe nie onraad vermoed toe die koors sy eerste slagoffer op 24 Oktober 1822, byna 'n maand na hul aankoms in English River, geëis het nie. William Tambs, 'n adelsman van die *Leven*, is na 'n kort siekbed, waartydens hy slegs geringe koorssimptome getoon het, onverwags oorlede. Owen het Tambs se dood aan sy ontberinge as lid van Vidal se ekspedisie op die Temberivier en in besonder sy blootstelling gedurende die middernagtlike aanval van die Vatwachs, toegeskryf. Tambs, wie se begrafnis deur Owen en ander offisiere bygewoon is, is 'n dag later met volle militêre eerbewys op die kruin van 'n lae sandheuwel naby die Portugese fort begrawe. Niemand het in daardie stadium vermoed dat hy die eerste van vele koorsslagoffers sou wees nie.⁷⁷

In die eerste week van November 1822 het 'n tweede sterfgeval, 'n matroos van die *Leven*, en verskeie koorsgevalle onder die offisiere en manskappe wat by die observasiepos naby die Portugese fort gestasioneer was, Owen egter van opinie laat verander. "It grieves me exceedingly to add that it has pleased God to visit us with a malignant fever .."⁷⁸ het hy twee weke later aan die sekretaris van die admiraliteit, Croker, berig. Dit was gou duidelik dat die koorsslagoffers tot die bemanning van die *Leven* beperk was en in een van twee kategorieë geval het: bemanningslede van Vidal se Temberivier-ekspedisie of diegene wat by die observasiepos gestasioneer was. Die observasiepos is gevolglik onmiddellik ontruim en alle werksaamhede in die omgewing van die Portugese fort gestaak.⁷⁹

Dit was veral die lyding en sterwe van kaptein Charles Lechmere wat 'n gees van paniek onder die bemanning van die *Leven* aangewakker het. Lechmere, wat by die observasiepos naby die Portugese fort gestasioneer was, is op 3 November met 'n hoë koors na die *Leven* oorgeplaas en

⁷⁶ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, English River, 14.11.1822.

⁷⁷ Ibid.; T. Boteler, I, pp. 93-94; W.F. Owen, I, pp. 119-120.

⁷⁸ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, English River, 14.11.1822.

⁷⁹ W.F. Owen, I, p. 123; T. Boteler, I, p. 99 en p. 109.

ten spyte van Owen se persoonlike versorging, vyf dae later na 'n erge lyding onder die gesang van die bemanningslede oorlede. Sy begrafnis, met volle militêre eerbewys langs Tambs, is deur die offisiere en 'n groot aantal bemanningslede van die *Leven*, *Barracouta* en *Cockburn* bygewoon.⁸⁰

Die skerp toename in koorsgevalle in die eerste week van November 1822 en die toenemende paniek onder sy bemanning het Owen gedwing om sy planne vir die opname van Delagoabaai te wysig. Omdat die koorsgevalle in daardie stadium byna uitsluitlik tot die bemanning van die *Leven* beperk was, het hy besluit om kaptein Cutfield en die bemanning van die *Barracouta* vir die opname van die Manicerivier aan die noordelike oewer van Delagoabaai, in te span. 'n Opname van die Delagoabaai vanaf Point Reuben tot by die monding van die Manicerivier asook 'n opname van Shefeaneiland, het ook deel van Cutfield se opdrag gevorm. Die ekspedisie, bestaande uit ses offisiere en 24 manskappe, het English River derhalwe op 5 November 1822 met drie roeibote verlaat en sou eers weer dertien dae later na die baai terugkeer.⁸¹ Cutfield se opname van die Manicerivier het sterk ooreenkomste met Vidal se opname van die Temberivier 'n maand vantevore getoon: geen teken van Portugese gesag, 'n verdere konfrontasie met die Vatwahs, 'n bereidwilligheid om vir die inheemse bevolking teen laasgenoemde in die bresse te tree, ruilhandel op klein skaal en moeilike en ongesonde werksomstandighede wat baie sterfgevalle na die terugkeer van die ekspedisie tot gevolg sou hê.⁸²

In die hoop dat 'n vars seebries verligting vir die slagoffers van die koors sou bring, het Owen 'n paar dae na die vertrek van die Manice-ekspedisie die *Leven*, *Barracouta* en *Cockburn* nader aan die riviermonding verskuif. In hierdie stadium was hy van plan om die *Leven* in English River agter te laat en die opname van die Maputorivier in die suide van die baai met die *Cockburn* voort te sit.⁸³ Die verskuiwing na die riviermonding het egter geen verligting vir die bemanning van die *Leven* en *Barracouta* gebring nie. Teen middel November 1822 het die omvang van die koorsepideemie krisisafmetings aangeneem met twintig van die *Leven* en 'n paar van die *Barracouta* se bemanningslede wat op sterwe gelê het. Slegs die bemanning van die *Cockburn* was, ten spyte van verskeie vaarte op die sytakke van die Temberivier, steeds vry van koorsgevalle.⁸⁴

⁸⁰ T. Boteler, I, p. 108 en pp. 117-119.; W.F. Owen, I, pp. 127-130.

⁸¹ TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, English River, 4.11.1822.

⁸² T. Boteler, I, pp. 123-133; W.F. Owen, I, pp. 141-146.

⁸³ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, English River, 14.11.1822.

⁸⁴ T. Boteler, I, p. 109 en pp. 119-120; W.F. Owen, I, p. 135.

Op hierdie tydstip het die koorsepidemie en paniek in die gemoedere van die skeepsbemannings Owen gedwing tot 'n drastiese en verreikende besluit aangaande die voortsetting van die ekspedisie in Delagoabaai. Ten einde die gesondheid van die *Leven* en *Barracouta* se bemanningslede 'n kans op herstel te gee, het hy besluit om sy besoek aan Delagoabaai kort te knip, die opname van die Oos-Afrikaanse kus elders voort te sit en die opname van die Maputorivier aan luitenant Richard Owen en die *Cockburn* oor te laat. Wat die opname van die ooskus betref, was hy van voorneme om die opname van die kus tussen Delagoabaai en die St Johnsrivier te voltooi, alvorens hy met toestemming van die goewerneur van Mosambiekeiland 'n opname van die Mosambiekse kus tot by Delagoabaai sou voltooi. Hy was vol vertroue dat die *Leven* en *Barracouta* weer in Februarie 1823 by die *Cockburn* in Delagoabaai sou aansluit. Op daardie tydstip het Owen op 14 November 1822 aan Croker geskryf dat die *Cockburn* sy opname van die baai, Maputorivier, St. Lucia en Natalse kus op ongeveer 14 Maart 1823 voltooi sou hê en dat hulle van voorneme was om daarna na Algoabaai te vaar ten einde moontlike oorsigte reg te stel.⁸⁵ Soos later sal blyk, was dit 'n merkwaardige akkurate voorspelling van die datum waarop die ekspedisie Delagoabaai in Maart 1823 sou verlaat, maar nie wat die verdere lotgevalle van die *Cockburn* betref nie.

Met sy verblyf in English River op 'n einde het Owen terselfdertyd verskeie belangrike besluite aangaande Britse en Portugese aansprake in Delagoabaai geneem wat verreikende gevolge sou inhou. Owen het hierdie besluite verwoord in 'n brief wat hy op 19 November 1822 aanboord die *Leven* in Delagoabaai aan luitenant Richard Owen van die *Cockburn* gerig het. Die jong aanvoerder se aandag is ten aanvang gevestig op die Portugese gebruik om 'n reg van dominium oor Delagoabaai uit te oefen deur swart soldate aan boord besoekende Britse handelsvaartuie te plaas om handelbetrekkinge met die inheemse mense vir hulself te reserveer. Aangesien die Portugese slegs twee klein stukkie grondgebied in die Baai by die Mafumo's en Tembes gehuur het en geen gesag of jurisdiksie oor die inheemse bevolking uitgeoefen het nie, het Owen die Portugese optrede as 'n belediging vir die Britse vlag en nasie beskou wat nooit weer toegelaat mag word nie. Luitenant Owen moes derhalwe enige Britse handelsvaartuig wat Delagoabaai besoek hiervan in kennis stel asook dat die Tembe-opperhoof kaptein Owen verseker het dat hy baie ernstig was om handelsbande met die Engelse aan te knoop en bereid was om grondgebied aan hulle af te staan. Volgens kaptein Owen het al die inheemse volke om die baai dieselfde oor die saak gevoel. Dit het Engelse handelaars dus vry gestaan om sonder vrees vir Portugese inmenging enige plek in Delagoabaai handel te dryf.⁸⁶

⁸⁵ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, English River, 14.11.1822.

⁸⁶ TNA, ADM 1/2268, W. Owen – R. Owen, English River, 19.11.1822.

Dat Owen vasbeslote was om tydens sy afwesigheid uit die Baai geen inmenging van die Portugese te duld nie, blyk duidelik uit sy verdere opdrag aan luitenant Owen: “And if any Merchant vessel should be visited by force from the Portuguese Factory within the precincts of this bay, and you come to a full and clear knowledge thereof, you will as is your duty extend your protection to her, and make prisoners of the parties who shall presume to do so, reporting to me in detail your proceedings herein”.⁸⁷

Op die vooraand van sy vertrek uit Delagoabaai was daar by Owen dus geen onduidelikheid oor die aard van Portugese of Britse aansprake op die baai nie: “The Portuguese have no right of dominion within the precincts of the bay whatever, the whole of which is open to the peaceable commerce of British subjects without the interference of any Foreign Power”.⁸⁸ Met hierdie opdrag aan die bevelvoerder van die *Cockburn* het Owen dus Britse handelsregte in Delagoabaai op skrif bevestig en terselfdertyd ‘n streep deur drie eeue van Portugese aansprake getrek.⁸⁹

Die terugkeer van die Manicerivier-ekspedisie op 18 November 1822 het die finale fase van Owen se eerste besoek aan Delagoabaai ingelei. Hoewel die sterf- en koorsgevalle aan boord die *Leven* en *Barracouta* nog geen afname getoon het nie, het al drie skepe op 23 November 1822 na verskillende plekke in Delagoabaai gevaar om met voorbereidingswerk vir ‘n voorlopige opname van die groter baai te begin. Owen was van voorneme om die baai onmiddellik hierna te verlaat en die voltooiing van die opname aan luitenant Owen van die *Cockburn* oor te laat. Weens verskeie sterftes en ‘n verdere toename in koorsgevalle, waaronder kaptein Cutfield van die *Barracouta*, was hy egter verplig om hierdie opname twee dae later op te skort en by Port Melville, ‘n klein natuurlike hawe aan die westekant van Elephanteiland in die ingang van Delagoabaai, anker te gooi. In hierdie stadium was reeds die helfte van die *Barracouta* se sestig bemanningslede op die siekelys en ‘n ernstig siek Cutfield na die *Leven* oorgeplaas. Weens die voordele wat die vars seelug van die ankerplek vir die siek ekspedisielede ingehou het, het Owen dit aanvanklik oorweeg om nog langer in die baai te vertoef. Verdere sterftes en ‘n reeks nuwe koorsgevalle aanboord beide vaartuie het Owen egter op 29 November 1822 finaal laat besluit om Delagoabaai vaarwel toe te roep.⁹⁰

⁸⁷ Ibid.

⁸⁸ Ibid.


⁸⁹ R.T. Brown, p. 87.

⁹⁰ TNA, ADM 1/2268, Owen – Cutfield, *Leven*, 20.11.1822; W. Owen – R. Owen, *Leven*, 20.11.1822; Owen – Croker, *Leven*, 22.11.1822; Owen – Croker, *Leven*, 29.11.1822; T. Boteler, I, pp. 134-136; W.F. Owen, I, pp. 149-158.

Owen het dieselfde aand 'n skrywe aan Croker gerig waarin hy 'n kort oorsig van hul laaste werksaamhede in Delagoabaai verstrek het. In die skrywe is geen melding gemaak van sy voorneme om Britse handelsbelange in die baai teen Portugese inmenging te beskerm nie. Hoewel diep bedroef deur die verlies van soveel waardevolle jong offisiere en manskappe was hy vol vertroue dat luitenant Owen die opname van die baai suksesvol sou voltooi. Croker is ook meegedeel dat Cutfield, wat sterwend aanboord die *Leven* was, deur Vidal as bevelvoerder van die *Barracouta* opgevolg sou word. 'n Kriptiese voetnoot die volgende oggend het Cutfield en drie ander bemanningslede se dood die voorafgaande nag bevestig. Hulle begrafnis ter see dieselfde oggend was 'n bevestiging van Delagoabaai as die begraafplaas van die Oos-Afrikaanse ekspedisie.⁹¹

Hoewel Owen se eerste besoek aan Delagoabaai op 'n laagtepunt geëindig het, was sy besoek nietemin van groot betekenis vir die bevordering van Britse belange in die baai. Hy het Delagoabaai verlaat met die wete dat die Portugese, anders as wat vroeër aangeneem is, geen eiendomsreg in die baai besit het nie en derhalwe op geen manier in die pad van Britse handelsbetrekkinge met die inheemse bevolking kon staan nie. Hy was vol vertroue dat luitenant Owen in sy afwesigheid die opname van die suidelike gedeelte van Delagoabaai asook die Maputorivier sou voortsit en terselfdertyd besoekende Britse handelskepe teen Portugese inmenging beskerm. Watter hoë tol in menselewens hierdie opdrag van Owen van die *Cockburn* en twee Britse handelskepe sou eis, sou hy eers drie maande later met sy terugkeer na Delagoabaai vasstel.

⁹¹ TNA, ADM 1/2268, Owen – Croker, *Leven*, 29.11.1822; T. Boteler, I, pp. 139-140; W.F. Owen, I, p. 160.



6. A Survey of Delagoa Bay: Owen se eerste kaart van Delagoabaai, 1822

HOOFSTUK DRIE

OWEN SE VERDRAE MET DIE TEMBE- EN MAPUTO-KONINGS EN PORTUGEES-BRITSE INTERAKSIE, 1823

Kaptein Owen sou binne 'n paar maande na sy eerste besoek aan Delagoabaai twee verdrae met die konings van Tembe en Maputo sluit waardeur Groot-Brittanje 'n aanspraak op die suidelike gedeeltes van Delagoabaai verkry het. Sy pogings om aan die hand van hierdie verdrae Britse belange in die baai te bevorder, sou hom in konflik met die nuwe Portugese goewerneur bring en verreikende gevolge vir die inheemse bevolking en Anglo-Portugese betrekkinge inhou.

Owen se besluit om Delagoabaai ter wille van die gesondheid van die *Leven* en *Barracouta* se bemanningslede te verlaat, het spoedig goeie vrugte afgewerp. Hoewel daar nog enkele sterfgevälle aan boord was, het die heilsame verandering in klimaat hom in staat gestel om die werksaamhede van die ekspedisie in Januarie 1823 aan die noorde van die Mosambiekse kanaal voort te sit. Kaptein Vidal is beveel om direk na Mosambiekeiland te vaar terwyl die *Leven* koers gekry het na die Kerimba-eilande, wat net suid van Kaap Delgado, die noordelike grens van Portugese aansprake op die Oos-Afrikaanse kus, geleë was. Vanaf hierdie eilande het die *Leven* einde Januarie 1823 suidwaarts 'n voorlopige opname van die Mosambiekse kus voltooi en op 1 Februarie 1823 by die *Barracouta* in die hawe van Mosambiekeiland aangesluit.¹

Die besoek van Owen aan die setel van Portugese gesag aan die ooskus, sou net soos sy eerste besoek aan Delagoabaai tot nuwe insigte in Portugese aansprake op die suidooskus lei en 'n belangrike rol in sy verdere optredes in Delagoabaai speel. Die Britse ekspedisie is met ope arms deur goewerneur-generaal Jose Manuel de Sylva in sy hoofkwartier ontvang. Na alle waarskynlikheid het 'n besoek van kommodoor Nourse in Desember 1822 'n groot rol in Owen se vriendelike ontvangs gespeel. Tydens die besoek was De Sylva een aand 'n gas aan boord Nourse se vlagskip, die *Andromache*, toe 'n muitery onder die Portugese garnisoen hom in 'n uiters benarde posisie geplaas het. Danksy Nourse se optrede deur onmiddellik 'n afdeling Britse seesoldate aan wal te stuur, kon De Sylva daarin slaag om die muitery in die kiem te smoor. 'n Erewag het die Britte op die kaai aan die voet van die indrukwekkende San Sebastiaan-vesting ontmoet en die kort afstand na die ewe indrukwekkende paleis van die goewerneur-generaal begelei. De Sylva het sy volle samewerking met die opname van Mosambiekeiland aangebied en op sy voorstel is 'n observasiepos op die dak van die paleis ingerig waarvandaan luitenant Mudge die opname van die hawe onderneem het. Hy het Owen ook insae in die Portugese koloniale

¹ E.H. Burrows, *Captain Owen of the African Survey 1774-1857*, pp. 108-113; T Boteler, *Narrative of a voyage of discovery to Africa and Arabia, Volume I*, pp. 140-173. W.F. Owen, *Narrative of voyages to explore the shores of Africa, Arabia and Madagascar, Volume I*, pp. 160-174; p. 186.

argief gebied waarin laasgenoemde aantekeninge oor die Zambesierivier ontdek het wat hy met toestemming van die goewerneur-generaal in Engels vertaal en aan die Britse admiraliteit gestuur het.² De Sylva en Owen het ooreengekom om 'n gesamentlike Brits-Portugese verkenningstog bestaande uit vyf man van die Zambesierivier vanaf Quelimane te onderneem. Hoewel die ekspedisie deur die mat geval het, sou een van die lede, Von Belliker, en Owen se paaie weer twee jaar later onder geheel ander omstandighede in Delagoabaai kruis.³

Sy samesprekings met De Sylva het aan Owen nuwe insigte gegee in die gronde waarop die Portugese aansprake op die suidooskus van Afrika berus het. Hoewel Delagoabaai nie ter sprake gekom het nie, het hy afgelei dat die Portugese op grond van hul ontdekking van 'n seeweg na die Ooste steeds aanspraak gemaak het op 'n eksklusiewe dominium (besitreg) tussen Kaap Delgado en die Krommerivier in die Kaapkolonie en dat hul ongegronde siening hulle boonop onder die indruk gebring het dat die Britse nedersettings tussen Algoabaai en die Keiskammarrivier inbreuk op hul territoriale aansprake gemaak het. Hoewel die Portugese hulle aansprake intussen noordwaarts tot St. Lucia-baai ingekort het, het die goewerneurs van die Inhambane- en Lourenco Marques-nedersettings steeds opdrag ontvang om die handel met die inheemse bevolking Noord van St Lucia tot Portugese te beperk en alle buitelanders uit te sluit.⁴

Die besoek aan Mosambiekeiland het, net soos sy eerste besoek aan English River, Owen se bedenkinge oor die aard, omvang en volhoubaarheid van Portugese aansprake op die suidooskus versterk. Hoewel hy terdeë bewus was van die eiland-vesting se lang en roemryke rol in die vestiging van Portugese gesag aan die ooskus, het hierdie onbetwisbare teenwoordigheid hom tog met gemengde gevoelens gelaat. Die indrukwekkende Fort Forteleza was syns insiens weliswaar 'n monument van Portugese ondernemingsgees en krag in die sestiende eeu, maar kwalik verdedigbaar teen 'n modern Europese seemag. Verder was die vervalde voorkoms van die nedersetting ook 'n sterk aanduiding van die kwyning van eertydse welvaart en glorie. Boonop het Portugese van Europese herkoms minder as 100 van die stad se nagenoeg 6 000 inwoners uitgemaak. Die meerderheid van die bevolking het uit slawe en vry swartes en persone van Indiese afkoms bestaan waarvan die Goanese soldate en Indiese handelaars die belangrikste rol gespeel het. Owen het die verval van Mosambiekeiland toegeskryf aan die feit dat die goewerneur-generaal en alle Portugese van Europese herkoms slegs hul eie persoonlike gewin in die geweste nagestreef het en derhalwe verbeterings en herstelwerk agterweë gelaat het. Om

² E.H. Burrows, pp. 113-114; T. Boteler, I, pp. 173-177; W.F. Owen, I, pp. 187-196.

³ E.H. Burrows, p. 114; W.F. Owen, I, pp. 196-197.

⁴ TNA, ADM 1/2269, Owen – Nourse, *HMS Leven*, Simonsbaai, 15.4.1823. "The Portuguese Settlements and Dominions of the Eastern Coast of Africa".

alles te kroon, het die goewerneur-generaal sy mag ten koste van die plaaslike handelaars misbruik met die gevolg dat die eens florerende eiland niks meer as 'n mindere mark vir slawe was nie, met slegs 'n bietjie ivoor, goud en artikels van mindere belang.⁵ Min het Owen besef dat hy binne 'n maand met 'n sodanige goewerneur in Delagoabaai sou kennis maak.

Owen se bedenkinge oor die Portugese se aanspraak op die eksklusiewe handel van Delagoabaai is ook deur sy opname van die Mosambiekse kus versterk. Dit het hom daarvan oortuig dat Portugese aansprake tot die twee klein handelsposte op die Kerimba-eiland beperk was en dat hulle geen jurisdiksie en geen aanspraak van enige aard op die kus gehad het nie. Selfs wat Mosambiekeiland betref, het Portugese jurisdiksie, net soos in die geval van die Portugese fort in English River, nie verder as 'n paar kilometer in enige rigting gestrek nie. Die inheemse bevolking aan die kus het soos die Tembes in Delagoabaai, met die Portugese handel gedryf maar hulle nie toegelaat om hul grondgebied binne te dring nie. Die inheemse volkere was ook gereeld in konflik met die Portugese en het hulself as vry en onafhanklik beskou. Owen was derhalwe daarvan oortuig dat die Portugese geen jurisdiksie van enige aard op die vasteland uitgeoefen het nie.⁶

Na sy kortstondige besoek aan Mosambiekeiland het Owen sy verkenningstog suidwaarts voortgesit en terselfdertyd op subtiële manier 'n Britse stempel op hierdie deel van die Mosambiekse kanaal afgedruk. Weens die talle koraalriwwe en versteekte sandbanke was hierdie 'n gevaarlike kus wat oor die jare vir talle skipbreuke en die gepaardgaande verlies aan skeepvrug verantwoordelik was. Hy het hierdie koraalriwwe, asook twee tradisionele gevaarpunte vir seevaarders in die middel van die Mosambiekse kanaal, die Bassas da India en Europe Rock, gekarteer en nie gehuiwer om dit na beroemde gesagvoerders van die Britse admiraliteit (Barrow, Croker, Hurd en Walker) te vernoem nie - 'n verdere bewys dat hy reeds op hierdie stadium van sy opname hom nie aan Portugese aansprake op die ooskus gesteur het nie.⁷ Na hierdie opnames het hy na die Mosambiekse kus teruggekeer en die nag van 28 Februarie by Shefeaneiland, in die monding van Delagoabaai, anker gegooi, min wetende dat sy herontmoeting met luitenant Richard Owen die volgende dag in ewe traumatiese omstandighede as sy vertrek drie maande tevore sou plaasvind.⁸

⁵ Ibid.

⁶ Ibid.

⁷ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.1823; E.H. Burrows, p. 114-115; W.F. Owen, I, pp. 197-206.

⁸ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.1823; E.H. Burrows, p. 115; W.F. Owen, I, pp. 206-207.

Soos reeds vermeld, het Owen voor sy vertrek uit Delagoabaai vir luitenant Owen beveel om die opname van die suidelike gedeelte van Delagoabaai en die Maputorivier te voltooi en om enige Britse handelskepe wat met die inheemse bevolking van die baai wou handel dryf, teen Portugese inmenging te beskerm. Luitenant Owen het ook mondelings opdrag ontvang om die nuwe Portugese bevelvoerder met sy aankoms van kaptein Owen se instruksies in kennis te stel.⁹

Die nuwe Portugese bevelvoerder, Miguel Lupe de Cardeinas, het op 11 Desember 1822 aan boord van 'n Britse handelskip, die *Sincapore*, sy opwagting in English River gemaak. Bitter min is bekend oor hierdie Portugese goewerneur wat die volgende veertien maande 'n belangrike rol in die geskiedenis van die baai sou speel, behalwe dat hy van Kreoolse afkoms was en in Frans op Mauritius opgevoed is. Wat wel seker is, is dat De Cardeinas, in die afwesigheid van enige Portugese vaartuig, genoodsaak was om van kaptein Ritchie van die *Sincapore* se dienste gebruik te maak om homself en handelsware waarmee hy met die inheemse bevolking wou handel dryf, na Delagoabaai te verskeep. Die *Sincapore* het vanuit Kalkutta aan die suidooskus handel gedrywe en het ook Oliva, De Cardeinas se voorganger, na Delagoabaai vervoer. Omdat De Cardeinas met sy aankoms in English River nie in staat was om sy rekening van 250 Britse pond te vereffen nie, is 'n mondelinge ooreenkoms aangegaan wat belangrike gevolge vir beide persone sou inhou. De Cardeinas het Ritchie toestemming verleen om in die suidelike gedeelte van Delagoabaai met die inheemse bevolking handel te dryf en beloof om met sy terugkeer na English River sy uitstaande rekening te vereffen.¹⁰

De Cardeinas se aankoms het luitenant Owen sy opname laat kortknip om die nuwe Portugese bevelvoerder persoonlik in English River van kaptein Owen se opdragte in kennis te stel. Geen rekord van hierdie ontmoeting het bewaar gebly nie, maar volgens luitenant Owen het Cardeinas hom die versekering gegee dat die Portugese die gebruik om 'n wag aan boord besoekende skepe te plaas, onmiddellik sou staak. Owen het ook kennis geneem van De Cardeinas se ooreenkoms met Ritchie en na Port Melville aan die westekant van Elephanteiland teruggekeer.¹¹ Alhier het die *Sincapore* asook 'n skoener van die reeds vermelde Kaapse skeepsmagnaat Henry Nourse, die *Orange Grove*, onder bevel van sy neef George Maynard, enkele dae later by die *Cockburn* aangesluit. Die *Orange Grove*, gelaai met kledingstowwe, krale en ander ruilhandelsware, was op 'n handelsvaart langs die suidooskus en het Delagoabaai besoek om die moontlikhede van 'n winsgewende ruilhandel met die inheemse bevolking te ondersoek. Die wete dat hulle op Britse beskerming teen die Portugese en die inheemse bevolking kon staat maak, het

⁹ TNA, ADM 1/2268, W. Owen – R. Owen, *HMS Leven*, Delagoabaai, 20.11.1822; W.F. Owen, I, p. 209.

¹⁰ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823; T. Boteler, I, pp. 190-191.

¹¹ T. Boteler, I, p. 191; W.F. Owen, I, pp. 208-209.

beide Maynard en Ritchie laat besluit om 'n handelsekspedisie op die Maputorivier onder leiding van luitenant Owen op die proef te stel.¹²

Die teenwoordigheid van Britse skepe in Port Melville is op Kersdag 1822 deur die aankoms van die *Andromache*, die vlagskip van kommodoor Nourse, versterk. Hy was onderweg na die Kaap op sy terugreis van Mosambiekeiland waar hy, soos reeds vermeld, eerstehands met die Portugese koloniale bestel kennis gemaak het. Luitenant Owen het Nourse op die hoogte gestel van die Britse ekspedisie se rampspoedige besoek aan Delagoabaai en hom ook van 'n afskrif van kaptein Owen se instruksies voorsien. Nourse, wat soos reeds vermeld, 'n groot voorstaander van die bevordering van Britse skeepvaart- en handelsbelange langs die suidooskus was, het kaptein Owen se standpunt oor die handelspotensiaal van Delagoabaai gedeel. "It appears there may be a good opening for trade with the natives, in ivory and guns, in the rivers which empty themselves into this Bay", het hy op 6 Januarie 1823 in 'n brief aan die Britse admiraliteit opgemerk en bygevoeg dat hy "shall give any effect to it, that may be proper and in my power".¹³ Die *Orange Grove* en *Sincapore* se voorgenome handelsekspedisie op die Maputorivier het dus ook die goedkeuring van die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap geniet. (Oor watter rol die feit dat die *Orange Grove* aan Nourse se broer behoort het in hierdie besluit gespeel het, kan alleen gespekuleer word).

Op hierdie noot het Nourse Delagoabaai op 1 Januarie 1823 verlaat. Sy brief 'n paar dae later aan die Britse admiraliteit waarin hy kortliks na Owen se optrede in Delagoabaai verwys het, was die eerste amptelike skrywe waarin daar na die bevordering van Britse handelsbelange in Delagoabaai verwys is.¹⁴ Kaptein Owen sou eers in April 1823 oor sy optrede in hierdie verband verslag doen.¹⁵

Die *Cockburn* het in Januarie 1823 met die opname van die monding van die Maputorivier begin en 'n week later, gevolg deur die *Orange Grove* en *Sincapore*, die Maputorivier binnegevaar om sowat 12 kilometer stroomop anker te gooi. Volgens luitenant Owen se inligting was dit die verste wat Europeërs op daardie tydstip die Maputorivier verken het. Hiervandaan het Owen 'n afvaardiging na die koning van Maputoland, Makasane, gestuur om voorbrand vir die aanknoop van handelsbetrekkinge met die *Orange Grove* en *Sincapore* te maak. Die afvaardiging het

¹² T. Boteler, I, p. 192; E.H. Burrows, p.115; W.F. Owen, I, pp. 209-210.

¹³ TNA, ADM 1/2269, Nourse – Croker, *HMS Andromache*, ter see, 5.1.1823.; T. Boteler, I, pp. 192-194; E.H. Burrows, p. 115; W.F. Owen, I, pp. 209.

¹⁴ TNA, ADM 1/2269, Nourse – Croker, *HMS Andromache*, ter see, 5.1.1823.; T. Boteler, I, pp. 192-194.

¹⁵ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.1823.

bestaan uit luitenant Hood en adelbors Tudor en twee gewapende matrose van die *Cockburn*, die kaptein van die *Sincapore*, Ritchie, Thompson, handelsmeester van die *Orange Grove* en English Bill as tolk. Die afvaardiging se reis van meer as 25 kilometer na Makasane se hoofkraal was erg vermoeiend hoewel hulle onderweg by 'n paar klein nedersettings besonder gasvry ontvang is. Dit het hulle die vrymoedigheid gegee om hul aankoms by Makasane se kraal met geweervuur aan te kondig.¹⁶

Met English Bill as tolk het Hood aan Makasane verduidelik dat koning George van Engeland spesiaal een van sy skepe gestuur het om ondersoek na sy rivier en grondgebied in te stel en ook navraag oor sy gesondheid te doen. Die skip is deur twee handelskepe met die oog op ivoorhandel vergesel. As hy bereid was om met hulle handel te dryf, sou ook ander ivoor-handelaars spoedig in hul voetspore volg. Hood het ook verduidelik dat koning George se skepe nooit handel dryf nie, maar dit aan sy onderdane oorlaat. Hierop is Ritchie en Thompson as handelaars aan Makasane voorgestel. Hulle het die koning meegedeel dat hulle krale, koperringe en kledingstof gebring het om vir ivoor en ambergrys te ruil.¹⁷

Makasane het in antwoord hierop na sy lang siekbed verwys, maar dat die aankoms van een van koning George se skepe in "sy rivier" hom onmiddellik beter laat voel het. Hy het die afvaardiging egter vertroulik meegedeel dat hy ook 'n boodskap van die Portugese handelspos in Lourenço Marques ontvang het wat die Engelse afgemaak het as 'n verfoeilike spul wat diegene wat nie teen hulle bestand was nie, uitgebuit en besteel het. Die Engelse afvaardiging is egter verseker dat hy geen waarde aan die Portugese boodskap geheg het nie en altyd bly sal wees om Engelse handelskepe in sy rivier te sien. Hierop het almal teenwoordig 'n glasierum geklink waarna die afvaardiging gasvry onthaal is. Voordat Hood die volgende oggend na die *Cockburn* teruggekeer het, het Makasane in die teenwoordigheid van sy hoofmanne weer eens sy blydschap uitgespreek om Engelse skepe in sy rivier te sien en graag met hulle wou handel dryf.¹⁷

Na Hood en Tudor se terugkeer na die *Cockburn* is die verkenning van die Maputorivier tot middel Januarie 1823 voortgesit alvorens die dalende watervlak Owen genoodsaak het om die opname met twee roeibote onder bevel van Hood en Tudor oor 'n afstand van meer as sestig kilometer voort te sit. Twee koorsgevalle het die twee egter laat besluit om na die *Cockburn* terug te keer. Aangesien die gevreesde Delagoabaai-koors intussen reeds krisisaftmetings aan boord die

¹⁶ T. Boteler, I, pp. 194-196; W.F. Owen, I, pp. 212-215.

¹⁷ Ibid, pp. 197-199; W.F. Owen, I, pp. 215.

¹⁷ T. Boteler, I, pp. 194-196; W.F. Owen, I, pp. 216-217.

Cockburn aangeneem het, het Owen sonder versuim die Maputorivier verlaat en met slegs 'n handjievol gesonde bemanningslede einde Januarie 1823 na English River teruggekeer.¹⁸

By English River het die koorsepidemie ook spoedig verwoesting onder die bemanning van die *Cockburn* gesaai. Owen het die siekes onvermoeid met die medisyne van die ontslape skeepsdokter versorg. Binne 'n paar dae was hy en 'n Senegalese kok egter die enigste gesonde persone aan boord, omring van dooie en sterwende bemanningslede. Die gebrek aan mannekrag was so erg dat Owen selfs van die inheemse mense met 'n vuurwapen moes dwing om die lyke van die skip te verwyder. Hy het feitlik manalleen adelbors Hood 'n week later een aand begrawe nadat 'n paar Portugese soldate militêre eer betoon het. Onder hierdie omstandighede het hy toestemming van De Cardeinas verkry om sy ernstig siek bemanningslede deur die Portugese by die fort te laat verpleeg. Kort hierna was hy ook genoodsaak om by De Cardeinas se adjutant, luitenant Teixeira, om hulp aan te klopp toe hy die eerste simptome van die koors getoon het. Teixeira het volgens Owen se eie getuigenis hom dag en nag soos 'n broer in sy eie huis naby die fort versorg. Die Britse offisier was op hierdie tydstip so ernstig siek dat alle hoop op sy herstel laat vaar is.¹⁹

Die Delagoa-koors het intussen ook ramspoedige gevolge vir die Britse handelsekspedisie op die Maputorivier ingehou. Nadat Hood se geselskap middel Januarie 1823 na die *Cockburn* teruggekeer het, het Makasane 'n groot hut in 'n nedersetting nader aan die rivier tot die handelaars se beskikking gestel. Danksy English Bill, wat tydelik deur luitenant Owen aan die handelaars afgestaan is, se bekwame diens as tolk en onderhandelaar kon hulle 'n aansienlike hoeveelheid ivoor vir kledingstof en krale van Makasane se onderdane ruil voordat die koors aan boord die *Orange Grove* en *Sincapore* toegeslaan het. Die *Orange Grove* kon daarin slaag om die Maputorivier te verlaat en kort op die hake van die *Cockburn* English River binne te vaar. Slegs die kaptein, die stuurman en handelsmeester sou oorleef. Die *Sincapore* het in die Maputorivier gestrand, nadat Ritchie, die stuurman en feitlik die hele bemanning die koors ten prooi geval het.²⁰

Met luitenant Owen oënskynlik op sterwe het De Cardeinas besluit om die ramp wat die Engelse skepe getref het tot sy eie persoonlike voordeel uit te buit. Hoewel die *Sincapore* meer as 50 kilometer van die Portugese handelspos gestrand was, het hy daarop beslag gelê onder voorwendsel dat die Britse skip onwettig in Portugese waters handel gedryf het. Portugese troepe het die *Sincapore* na English River gebring waar die vrag en skeepsvoorraad in die fort bewaar is.

¹⁸ T. Boteler, I, pp. 194-196, pp. 199-204, pp. 208-209; W.F. Owen, I, pp. 218-222.

¹⁹ T. Boteler, I, pp. 194-196, pp. 209-212; W.F. Owen, I, pp. 223-226.

²⁰ T. Boteler, I, pp. 194-196, pp. 205-208; W.F. Owen, I, pp. 218-219.

De Cardeinas het terselfdertyd ook soldate aan boord die *Orange Grove* gestasioneer, maar aangesien die kaptein, stuurman en handelsmeester nog geleef het, nie daarop beslag gelê nie. Geen soldate is aan boord die *Cockburn* gestasioneer nie, hoewel die ernstig siek adelbors Tudor en vier ander bemanningslede aan boord was. Aan Britse kant is later vermoed dat De Cardeinas net op die afsterwe van die laaste Britse offisiere gewag het voordat hy ook op die *Orange Grove* en die *Cockburn* beslag sou lê. Opvallend is dat De Cardeinas luitenant Owen nooit geken of geraadpleeg het in sy hoogs arbitrêre optredes rakende die *Sincapore* en *Orange Grove* nie.²¹

‘n Onheilspellende toneel het kaptein Owen derhalwe op 1 Maart 1823 in English River begroet: die *Cockburn* met slap seile en geen teken van lewe aan boord wat saam met twee ander skepe op anker voor die Portugese fort lê. ‘n Ondersoekspan na die *Cockburn* onder leiding van adelbors Williams het spoedig Owen se ergste vrese bewaarheid. Slegs ses van die oorspronklike twintig bemanningslede, almal ernstig siek, waaronder luitenant Owen en adelborste Tudor en Henderson, is lewend gevind. Hulle is sonder versuim na die *Leven* oorgeplaas en sou, met die uitsondering van Henderson, mettertyd almal herstel.²²

‘n Ondersoek na die welstand van die *Orange Grove* en *Sincapore* het die tragiese afloop van die Maputo-ekspedisie in terme van lewensverlies verder aan die lig gebring. Slegs Thompson, die kaptein en die stuurman van die *Orange Grove* het oorleef en niemand aan boord die *Sincapore* nie. Die oorlewendes van die *Orange Grove* is ook na die *Leven* vir versorging oorgeplaas. Soos later sal blyk, het hul ontberings in die baai hulle nie afgeskrik om drie maande later ‘n verdere handelsekspedisie na die Maputorivier te onderneem nie.²³

Danksy die oorlewendes van die *Cockburn* en *Orange Grove* kon Owen gou agter die kap van die byl kom van De Cardeinas se beslaglegging op die *Sincapore*. Hy het die Portugese bevelvoerder se optrede as seerowery bestempel en was daarvan oortuig dat hy die Sincapore vir sy eie gewin wou toe-eien en boonop sy persoonlike skuld aan die ontslape Ritchie ontduik. Owen het op hierdie stadium so ‘n lae dunk van die Portugese gehad dat hy selfs vermoed het dat De Cardeinas die kaptein en die stuurman van die *Sincapore* vergiftig het om die vaartuig in die hande te kry. Hoewel De Cardeinas Owen aanvanklik om die bos probeer lei het deur ‘n

²¹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 15.4.1823. “The Portuguese Settlements and Dominions of the Eastern Coast of Africa”; TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823.

²² TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 15.4.1823. “The Portuguese Settlements and Dominions of the Eastern Coast of Africa”; TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823; E.H. Burrows, pp. 115-116; W.F. Owen, I, pp. 226-228.

²³ E.H. Burrows, pp. 115-116.

Mosambiekse vlag op die *Sincapore* te hys en enige persoonlike skuld aan Ritchie te ontken, het Owen hom gedwing om die *Sincapore* met haar vrag aan hom te oorhandig. De Cardeinas is ook gedwing om sy persoonlike skuld van 250 Britse pond aan die ontslape Ritchie te vereffen. Owen het terselfdertyd ook verantwoordelikheid vir die *Orange Grove* aanvaar. Hy was daarvan oortuig dat De Cardeinas ook 'n oog op die *Cockburn* en *Orange Grove* gehad het en dat slegs die tydige aankoms van die *Leven* hulle van sy roofsug gered het.²⁴

De Cardeinas en Owen se konfrontasie rondom die beslaglegging op die *Sincapore* sou belangrike gevolge vir Britse en Portugese aansprake op Delagoabaai inhou. Owen het tydens sy konfrontasie oor die beslaglegging die Portugese bevelvoerder daarop gewys dat 'n handelspos, sonder enige grondgebied of dominium buite sy mure, nie die hawe noodwendig Portugees maak het nie. De Cardeinas het hom derhalwe voorgeneem om na die Britte se vertrek Delagoabaai met geweld te beset en die Portugese vlag op elke prominente punt in die baai te hys. Met dié doel voor oë het hy onmiddellik aan die werk gespring om twintig Portugese vlae te maak en het geen geheim van sy voornemens maak nie - 'n besluit wat Britse en Portugese aansprake op die baai verder sou versuur.²⁵

Volgens Owen is hy op 7 Maart persoonlik deur De Cardeinas van sy voornemens met betrekking tot Delagoabaai in kennis gestel. Op dieselfde dag het Slangelly vir Owen in opdrag van Maiette besoek ten einde hom te oorreed om die soewereiniteit van Tembe namens die Britse regering te aanvaar.²⁶ Soos reeds vermeld, is Owen reeds in November 1822 met soortgelyke versoeke genader. Op daardie stadium was Owen slegs van voorneme om die aanbod onder die aandag van die Britse owerhede te bring, aangesien hy met die oog op die samewerking van die Portugese owerhede vir sy ekspedisie nie by enige politieke aangeleenthede betrokke wou raak nie.²⁷

Vanweë De Cardeinas se voorgenome optrede het Owen egter besluit om die sessie van die Tembe-grondgebied namens die Britse regering te aanvaar. Hy was bevrees dat De Cardeinas se optrede 'n verwoestende oorlog in die baai tot gevolg sou hê en dat "even such a nominal possession by the Portuguese resident merchant soldiers" 'n groot struikelblok sou wees as die

²⁴ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 15.4.1823. "The Portuguese Settlements and Dominions of the Eastern Coast of Africa"; TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823.

²⁵ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823; BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823.

²⁶ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823; BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *H.M.S. Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823.

²⁷ TNA, ADM 1/2268, W. Owen – R. Owen, *HMS Leven*, Delagoabaai, 20.11.1822.

Britse regering die sessie sou wou aanvaar.²⁸ Die Portugese sou volgens hom ook nie beswaar kon aanteken nie, aangesien hulle geen betrekkinge met die Tembe-koninkryk gehandhaaf het en die grondgebied ook nie aangrensend aan die Portugese handelspos geleë was nie.

Daar was egter ook 'n dringende praktiese rede waarom Owen die sessie aanvaar het: "Independent of all political views", het hy op 1 Junie 1823 aan die Britse admiraliteit geskryf, "it became quite necessary to me now to accept this cession in order to get an addition to my physical strength and it was only in consequence of my acceding to the wish of the King of Temby, that he directed his people to go with me, taking our acceptance of his country by our King as security for their safety and return..²⁹ Dat bogenoemde nie al redes was waarom Owen bereid was om die Tembe-sessie te aanvaar nie, sal later aandag geniet.

Om De Cardeinas voor te spring, het 'n klein geselskap mariniers gevolglik op 8 Maart die Britse vlag op die suidelike oewer van die Temberivier gehys. Die vlaghysing, wat deur 'n uitbundige groep Tembe-inwoners bygewoon is, is met 'n kanon-saluut van 21 skote en drie sarsies geweervuur afgesluit. Aangesien koning Maiette te siek was om die verrigtinge by te woon, het eerste luitenant Mudge en die botanis John Forbes 'n reis van ongeveer 25 kilometer na sy kraal afgelê waar die koning, in die teenwoordigheid van al sy hoofmanne en 'n groot skare onderdane, die sessie-akte volgens Owen opgeruimd onderteken het.³⁰

Die sessie-akte, wat die vorige aand deur Owen aan boord die *Leven* opgestel is, was 'n merkwaardige dokument waarin daar nie doekies omgedraai is nie. In ruil vir vrye handel met die Tembes en die vestiging van 'n Britse kolonie het Brittanje onderneem om die Tembes teen die beledigings en aggressie van Europese nasies, en veral die Portugese se despotiese inmenging in die Tembes se handel met ander groepe, te beskerm.³¹

Die bepalings aangaande die bestuur van die nuwe Britse kolonie sou ook die wenkbroue aan die Kaap en in Londen gelig het. Die koloniale regering was nie veronderstel om enige inbreuk op die bestaanswyse van die plaaslike bevolking te maak nie. Die inheemse mense moes slegs die Britte se beskerming teen die Portugese geniet. 'n Raad van hoofmanne, waarvan die helfte Britte kon wees, sou Maiette en die Britse goewerneur bystaan en as wetgewende liggaam volle seggenskap oor die swart en wit inwoners van Tembe uitoefen. Die Britse regering kon ook geen

²⁸ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823.

²⁹ Ibid.

³⁰ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823; BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823.

³¹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.1823; R.T. Brown, *William Fitzwilliam Owen: Hydrographer of the African Coast, 1774-1857*, pp. 93-94.

wet of regulasie vir die inwoners proklameer alvorens die hoofmanne dit nie goedgekeur het nie en die Britse goewerneur kon sy pos slegs vir vyf jaar beklee waarna sy termyn in Londen aan publieke evaluering onderwerp sou word. 'n Handves van regte vir die inheemse bevolking het 'n verdere beperking op die goewerneur se mag geplaas. Geen openbare of private grond kon sonder kompensasie in besit geneem word nie en dan slegs met die toestemming van die raad van hoofmanne.³² Maiette en sy volgelinge het waarskynlik geen snars van hierdie bepalinge begryp nie.

Alhoewel nog ongesteld, het Maiette die volgende dag Slangelly se kraal besoek en toestemming verleen dat English Bill en soveel Tembes as wat nodig was, die Britse skepe as bemanningslede na die Kaap vergesel. Volgens Owen het Maiette aangedui dat die Tembes nou koning George se onderdane was en dat hy die aanvaarding van die sessie as waarborg vir hulle veilige terugkeer beskou het.³³

Owen gee ook te kenne dat 'n dokument wat hy op dieselfde dag onderteken het, en waarin hy gesertifiseer het dat die Tembe-koning Britse beskerming versoek het en sonder aansporing die soewereiniteit van die Tembe-koninkryk aan Brittanje afgestaan het, op versoek van Maiette en sy hoofmanne was. Owen het ook gesertifiseer dat hy die sessie van die Tembe-koninkryk voorwaardelik namens die Britse koning aanvaar het en dat alle Tembe-inwoners voortaan as Britse onderdane beskou moes word. Hierdie sertifikaat is op versoek van Maiette by hom agtergelaat.³⁴

Owen het De Cardeinas 'n dag na die ondertekening van die verdrag skriftelik daarvan in kennis gestel. Hy het die Portugese bevelvoerder meegedeel dat koning Maiette en die mense van Tembe die beskerming van die Britse koning versoek het en dat hy, om hierdie rede, die Britse vlag op die suidelike oewer van die rivier gehys het. Owen het die vertrouwe uitgespreek dat in die lig van die vriendskaplike betrekking tussen Brittanje en Portugal, die Britse vlag en die vryheid van die Tembe-inwoners deur De Cardeinas en die Portugese owerhede gerespekteer sou word. Hy het De Cardeinas ook in kennis gestel dat die Portugese se reg om met die Tembes handel te dryf, gerespekteer sou word, onderhewig daaraan dat hul voortgaan met die gebruik om 'n jaarlikse skatplig aan die koning van Tembe of in die toekoms aan die Britse regering te betaal.³⁵

³² TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.182; R.T. Brown, pp. 93-94.

³³ BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823.

³⁴ TNA, FO 97/303, Owen – De Botelho, *HMS Leven*, Mosambiekeiland-hawe, 10.5.1825.

³⁵ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823.

Daarmee was dit nog nie die einde van Owen se optrede teen wat die Britte beskou het as De Cardeinas se flagrante magsmisbruik in Delagoabaai nie. Voor sy vertrek het hy De Cardeinas se magsmisbruik onder die aandag van De Sylva gebring en die goewerneur-generaal versoek om eersgenoemde te beveel om nie 'n gewapende mag aan boord besoekende Britse handelskepe te plaas nie. De Sylva is ook meegedeel dat Owen instruksies aan Britse handelskepe uitgereik het om hulle nie aan enige inspeksies te onderwerp nie.³⁶

Owen het onmiddellik persoonlike voordeel uit die aanvaarding van die Tembe-sessie getrek. Weens die groot aantal koors-verwante sterftes aan boord die Britse skepe in Delagoabaai, asook die noodsaak om bemannings aan die *Orange Grove* en *Sincapore* te verskaf, was hy genoodsaak om by die Tembes wat 'n diep gewortelde vrees vir die see gekoester het, vir addisionele mannekrag aan te klop. Danksy sy aanvaarding van die Tembe-sessie het Malette toestemming verleen dat ongeveer twintig Tembe's onder leiding van English Bill die ekspedisie na die Kaap vergesel.³⁷

Omdat die gevaar wat die koors ingehou het, steeds by die bemanningslede van die Britse ekspedisie gespook het, het Owen na die aankoms van die *Barracouta* op 11 Maart geen tyd verspil om Delagoabaai so gou as moontlik te verlaat nie. Teen middel Maart 1823 was die drie ekspedisieskepe en die twee handelsvaartuie almal na die Kaap onderweg.³⁸

Dit was egter nog nie die einde van die ekspedisie se ernstige ramspoed nie. Met sy aankoms in Simonsbaai op 7 April het Owen verneem dat die *Cockburn* 'n paar nagte vantevore in mistige weer by Muizenberg in Valsbaai gestrand het. Hoewel daar geen lewensverlies was nie, was die voorraadskip van die ekspedisie onherstelbaar beskadig³⁹. Die verlies van die *Cockburn* het die kroon gespan op die ramspoedige afloop van die eerste fase van die Britse ekspedisie wat deur 'n skrikwekkende lewensverlies onder die bemanningslede gekenmerk is. Twee derdes van die offisiere en meer as die helfte van die bemanningslede van die drie skepe het nie die eerste vaart langs die suidooskus oorleef nie.⁴⁰

³⁶ Ibid.

³⁷ BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823, T. Boteler, I, p. 218; W.F. Owen, I, p. 235.

³⁸ T. Boteler, I, p. 218; W.F. Owen, I, pp. 237-238; Onderweg op see het Owen op 19 Maart agterop die Tembe-verdrag genotuleer: "Circumstances rendered it necessary that I should at once decide to accept it until the pleasure of His Majesty should be known when this request was brought to me in form by Prince Slangelly in the Kings name on 8 March 1823. (TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.1823)

³⁹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823; E.H. Burrows, pp. 116-117; T. Boteler, I, p. 221; W.F. Owen, p. 243.

⁴⁰ E.H. Burrows, p. 117; W.F. Owen, I, p. 244.

Ten spyte van die terugslae van die ekspedisie is die waarde daarvan nie in die Kaap misken nie. In regerings- en kommersiële kringe is dit as 'n betekenisvolle deurbraak in die verkenning van die suidooskus beskou en Owen sou voortaan as die kenner van die gebied en sy mense gesien word.⁴¹

Owen het die volgende twee en 'n half maande spandeer om sy ekspedisie vir die verdere verkenning van die suidooskus slag gereed te kry. Terwyl die *Leven* en *Barracouta* in die skeepswerf opgeknep is, het hy en sy offisiere die reuse hoeveelheid inligting wat met soveel lewensverlies bekom is, gekarteer en na die Britse admiraliteit aangestuur. Die groot wetenskaplike en hidrografiese bydrae wat hierdie twee maande se werksaamhede in Simonstad gelewer het, het in 'n sekere sin vir die teenslae van die eerste been van die ekspedisie vergoed.⁴²

Danksy Nourse se samewerking kon Owen daarin slaag om, ten spyte van die groot aantal sterftes tydens die eerste besoek aan Delagoabaai, die ekspedisie se tekort aan offisiere deur vrywilligers uit die offisierskorps van die Britse vloot aan die Kaap aan te vul. Die tekort aan bemanning is deur matrose van die handelskepe aan die Kaap aangevul.⁴³

Die vervanging van die *Cockburn* het ook Owen se onmiddellike aandag vereis. Hy het reeds die dag van sy terugkeer na Simonsbaai saam met Nourse na Muizenberg gereis en vasgestel dat die *Cockburn* onherstelbaar beskadig is. Wat Owen en Nourse op die reis van 'n paar uur op die moeilik begaanbare pad tussen Simonstad en Muizenberg bespreek het, is onbekend, maar dat die moontlikhede wat Delagoabaai vir die bevordering van Britse handelsbelange ingehou het en die aard van Portugese gesag aan die suidooskus ter sprake gekom het, is vanselfsprekend. Hoe dit ook al sy, 'n skoener, die *Albatross*, is in die plek van die *Cockburn* as voorraadskip aangeknoop.⁴⁴

Hoewel die voorbereidingswerk vir die tweede been van die Britse ekspedisie baie van Owen se tyd in beslag geneem het, het hy nie gras onder sy voete laat groei om die nuut verworwe Britse belange in Delagoabaai te bevorder nie. Hy het reeds die dag van sy aankoms in Simonstad lord Croker, die sekretaris van die Britse admiraliteit, in kennis gestel dat hy, onderhewig aan die goedkeuring van die Britse koning, die Tembe-sessie aanvaar het en 'n afskrif van die sessie by sy skrywe ingesluit. Owen het dit duidelik gestel dat aangesien hy geen politieke instruksies van

⁴¹ E.H. Burrows, p. 117; W.F. Owen, I, p. 245.

⁴² E. H. Burrows, pp. 117-118; W.F. Owen, I, p. 245.

⁴³ E.H. Burrows, p. 118; W.F. Owen, I, p. 245

⁴⁴ W.F. Owen, I, p. 250.

die admiraliteit ontvang het nie, dit sy voorneme was om enige ingryping van politieke aard nougeset te vermy. Hy het drie redes aangevoer waarom hy van sy voorneme afgewyk het en die Tembe-sessie aanvaar het: die herhaalde versoeke van Maïette (wat hy in sy skrywe koning Kapell noem) en sy volk, die ongewenste seeroweragtige optrede van die bevelvoerder van die Portugese handelspos in English River vir eie gewin en laastens omdat Maïette andersins nie toestemming sou verleen het dat sy onderdane as bemanningslede die terugvaart na die Kaap meemaak nie. Die lywige brief is afgesluit met 'n kort oorsig oor die belangrikste opnames wat tydens die eerste besoek aan die suidooskus voltooi is.⁴⁵

Ten einde die Britse regering meer op hoogte van sake te stel, het Owen 'n week later, op 15 April 1823, 'n memorandum oor die Portugese nedersettings en dominiums aan die ooskus van Afrika aan die admiraliteit gestuur. Hierdie dokument was om verskeie redes merkwaardig: dit was die eerste amptelike Britse verslag oor die Portugese se Oos-Afrikaanse nedersettings asook die eerste kritiese evaluering van Portugese aansprake op die suidooskus en Delagoabaai in die besonder. Owen het die admiraliteit in kennis gestel dat die Portugese aansprake op die suidooskus op hul ontdekking van 'n seeweg na Indië gegrond was en dat hulle in hul onkunde die Britse nedersettings tussen Algoabaai en die Keirivier, steeds as 'n miskenning van Portugese territoriale regte beskou het. Sedert die Britse oorname van die Kaap het die Portugese egter hul aansprake op die suidooskus aangepas. Onder die wanindruk dat Portugese forte en handelsposte vroeër tot by die St. Lucia-strandmeer gestrek het, het die Mosambiekse regering steeds die handelsposte te Inhambane, Lourenço Marques of English River se handel met die inheemse mense noord van die strandmeer tot Portugese beperk.⁴⁶

Owen het vervolgens 'n baie deeglike uiteensetting van die Portugese aansprake op Delagoabaai gegee. Hy het dit beklemtoon dat die Portugese ten spyte van hul handelspos oor geen eiendomsreg in die baai beskik het nie, die inheemse volke as vry en onafhanklik erken het en derhalwe op geen soewereiniteit oor Delagoabaai kon aanspraak maak nie. Desnieteenstaande het die Portugese op grond van die jaarlikse skatplig wat hulle aan die Tembe- en Matoll-konings betaal het, hulself die eksklusiewe reg op handel in die baai toegeëien deur 'n wag aan boord besoekende handelskepe te plaas. Die enigste uitsondering op hierdie gehate tirannie was in die Tembe-gebied waar die Portugese nie kans gesien het om hul mag uit te oefen nie. Owen het na die beslaglegging op die *Singapore* verwys om die absurditeit van die Portugese se eksklusiewe reg op handel in die baai aan die kaak te stel. Die beslaglegging op die Maputorivier het meer as

⁴⁵ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 7.4.1823.

⁴⁶ TNA, ADM, 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 15.4.1823. "The Portuguese Settlements and Dominions of the Eastern Coast of Africa."

tien seemyl (ongeveer 55 kilometer) van die handelspos plaasgevind in 'n landstreek waarop hulle geen aanspraak gehad het nie en ook nie bande met die inheemse mense wat daar gewoon het, gehad het nie. Hy het derhalwe die hoop uitgespreek dat in die lig van hulle daad van seerowery, hulle fort geregtigheidshalwe en ter wille van die heil van die inheemse mense, vernietig sou word.⁴⁷

Na aanleiding van 'n opvatting dat die Portugese hulle vyande vergiftig, het Owen dit nie as irrelevant beskou nie om ook op die sedelikheid van die Portugese kommentaar te lewer. Die Portugese van Kreoolse afkoms was volgens hom, net soos die barbare, ongeërg oor godsdienste en derhalwe beginselloos in die manier waarop hulle regeer het. Hierdie ingesteldheid het hul wêreldse opvattinge en gierigheid aangevuur. Owen het in hierdie verband na De Cardeinas verwys as die "petty Governor of the factory at English river" - die produk van sy immorele Kreoolse opvoeding in Frans in Mauritius. Dit was daarom nie snaaks dat hy van vergifting verdink is en in die lig van sy skuld aan die kaptein, ook nie vreemd dat hy op sy skip beslag gelê het en die vraag vir homself toegeëien het nie. Die Portugese van Europese afkoms, aldus Owen, is gekenmerk deur 'n immorele en onbeheersde drang na die dien van eie belang - 'n eienskap wat veral opvallend in hul offisiere en soldate was.⁴⁸

Owen het in die laaste gedeelte van sy memorandum 'n kort beskrywing van elke Portugese nedersetting noord van Delagoabaai, naamlik Inhambane, Sofala, Quelimane en Mosambiekeiland, gegee. Daarin het hy by herhaling aangetoon dat Portugese invloed, net soos in die geval van Delagoabaai, tot die onmiddellike omgewing van hul handelspos of fort beperk was, dat die inheemse bevolkinge vry en onafhanklik was en slegs met die Portugese handel gedryf het omdat hulle in daardie stadium nie 'n ander opsie gehad het nie.⁴⁹

Dit is opvallend dat Owen in hierdie memorandum geen melding gemaak het van sy optrede in November 1822 om Britse handelaars in Delagoabaai teen Portugese inmenging te beskerm of luitenant Owen se besoek aan Makasane ten bate van die *Orange Grove* en *Sincapore* nie. Dit het eers in 'n verdere skrywe van Junie 1823 aan Croker ter sprake gekom waarin hy verdere redes verskaf het waarom hy die soewereiniteit van die Tembe-gebied namens die Britse koning aanvaar het. In die skrywe het hy erken dat luitenant Owen op sy instruksies 'n poging

⁴⁷ Ibid.

⁴⁸ Ibid.

⁴⁹ Ibid.

aangewend het om die Maputorivier vir Britse handel oop te stel en bygevoeg dat, indien dit nie vir die koors was nie, die onderneming nog 'n groter sukses sou gewees het.⁵⁰

In dieselfde skrywe het Owen ook verduidelik waarom sy aanvaarding van die Tembe-sessie geensins inbreuk op Portugese regte in Delagoabaai gemaak het nie. Hy het 'n afskrif van sy kennisgewing aan De Cardeinas ingesluit en opgemerk:

I beg to explain to their Lordships that altho' in this communication I may have so expressed myself as to lead to the idea that there was some question raised on the side of the Portuguese Commandant relatively to the interests of his Nation in the acts which I have endeavoured to explain, that in fact no such question ever arose. In the affair of the *Sincapore*, his only thoughts were his own individual gain, and in that of his intended occupation of the surrounding country (which also he was ashamed to acknowledged) he had only the same object by securing a monopoly of trade in his own person and to furnish a pretext for interference with the ships of other nations to secure the said monopoly.⁵¹

Met verwysing na De Cardeinas se plasing van Portugese troepe aan boord die *Orange Grove* het Owen die admiraliteit in kennis gestel dat hy die Portugese bevelvoerder gewaarsku het dat, indien hy hom weer aan sulke vergrype skuldig maak, Owen hom na die goewerneur van Mosambiek sou neem om verantwoording te doen. Volgens Owen het die dreigement die gewenste uitwerking gehad aangesien De Cardeinas, bewus van sy vriendskap met De Sylva, so 'n aksie meer gevrees het as die vernietiging van sy handelspos en nedersetting.⁵¹

Lord Bathurst, die Britse minister van kolonies, het eers in Julie 1823 van Owen se aanvaarding van die Tembe-sessie verneem.⁵² Omdat Owen nie 'n volledige verslag verskaf het van die omstandighede waarom hy die sessie aanvaar het nie, het Bathurst, onder die indruk dat lord Charles Somerset, die Kaapse goewerneur, ook meer besonderhede sou verskaf, die aangeleentheid voorlopig laat links lê. Dit het tot gevolg gehad dat die Tembe-sessie eers weer in Oktober 1823 die aandag van die minister sou geniet.⁵³

Naas die Britse admiraliteit het Owen ook die twee belangrikste Britse gesagsfigure aan die Kaap, Somerset en kommodoor Nourse, oor die Tembe-sessie ingelig. Somerset is op 18 April in kennis

⁵⁰ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.6.1823.

⁵¹ Ibid.

⁵² Ibid.

⁵³ W.F. Owen, I, p. 250.

gestel dat hy deur omstandighede gedwing, verplig word om die soewereiniteit van 'n aansienlike stuk grondgebied, insluitende vyftig duisend inwoners, van die dominium van Capellah (Maiette) namens die Britse koning te aanvaar. Hy het die sessie as van kardinale materiële belang vir die Kaapkolonie bestempel, maar dit as onnodig beskou om op hierdie tydstip verder daaroor uit te wei. 'n Kaart van Delagoabaai waarop die dominium van Maiette aangedui is, is by die skrywe ingesluit.⁵⁴ In dieselfde skrywe het Owen weer aandag aan Somerset se vroeëre voorstel van 'n binnelandse ontdekkingsreis na Delagoabaai, geskenk. Hy het die goewerneur meegedeel dat Delagoabaai ongeveer 480 kilometer van die Kaapse oosgrens, die Keiskammarivier, geleë was en ongeveer dieselfde afstand van Latakoo, die belangrikste binnelandse sendingstasie ten noorde van die kolonie. Twintig soldate onder bekwame leiding sou 'n reis tussen hierdie plekke self met vyandige teenstand, redelik veilig kon voltooi. Hoewel Owen nie op daardie tydstip in besonderhede wou ingaan nie, het hy die goewerneur daarop gewys dat hy in sy seereise van 35 jaar nog nie so 'n mooi en vrugbare landstreek soos die Natalse kus tussen die Kei- en die St. Luciarivier op enige van die vier kontinente gesien het nie.⁵⁵

Somerset is ook meegedeel dat Owen toestemming van die goewerneur-generaal ontvang het om, vergesel deur 'n Portugese offisier, die Zambesierivier te verken en al die Portugese handelsposte in die Rio de Senna-kolonie (Zambesierivier-kolonie) te besoek. Aangesien Somerset aangedui het dat hy gretig was om 'n ekspedisie na die binneland van suidelike Afrika van stapel te stuur, het die goewerneur-generaal toestemming gegee dat hy (Somerset) enige persoon van sy keuse by die ekspedisie kon insluit. Somerset is ook in kennis gestel dat die Zambesie-geselskap uit 'n luitenant, 'n botanis, een Europeër en een inheemse persoon asook bediendes sou bestaan en dat die nodige reëlins reeds te Quilimane getref was sodat die ekspedisie in Junie die Zambesierivier sou binnevaar. As alles volgens plan verloop, sou hulle voor Oktober tot die kus terugkeer. Owen het dit betreur dat hy weens die baie koorssterftes onder die offisiere van die ekspedisie die Zambesie-geselskap nie sterker kon maak nie.⁵⁶

Aangesien Somerset geen aanbeveling in dié verband gemaak het nie, wil dit voorkom of hy in Owen se reëlins vir die Zambesierivier-ekspedisie berus het. Laasgenoemde het egter tydens sy verblyf in Simonstad bedenkinge oor die Portugese betrokkenheid by die Zambesie-ekspedisie ontwikkel. Sy ondervinding van die aard en wese van koloniale Portugese het hom laat twyfel of

⁵⁴ TNA, ADM 1/2269, Owen – Somerset, *HMS Leven*, Simonsbaai, 18.4.1823.

⁵⁵ Ibid.

⁵⁶ Ibid.

hy voluit op hulle beloftes en volgehoue ondersteuning kon staatmaak. Die Zambesie-ekspedisie is derhalwe beplan sonder om op enige Portugese ondersteuning te reken.⁵⁷

Dit is opvallend dat Owen in sy skrywes aan die admiraliteit en aan Somerset feitlik geen aandag geskenk het aan die strategiese belangrikheid van Delagoabaai vir die Britse ryk nie. Hy het weliswaar in sy skrywe aan die Kaapse goewerneur na die Tembe-sessie as 'n saak van kardinale belang vir die Kaapkolonie verwys, maar dit as onnodig beskou om op daardie tydstip verder daaroor uit te brei. Dat dit 'n belangrike rol in sy optrede gespeel het, blyk egter baie duidelik uit 'n memorandum oor Delagoabaai wat hy op 1 Mei 1823 in Simonstad opgestel het, en sover vasgestel kan word, nooit aan enige Britse regeringsamptenaar gestuur het nie. Dié memorandum het 'n deeglike beskrywing van Delagoabaai, die inheemse bevolkings asook die lotgevalle van die Britse ekspedisie in Delagoabaai bevat en gedeeltes daarvan stem woordeliks ooreen met die inhoud van Owen se skrywes aan die admiraliteit, Somerset en die sendeling dr. John Philip.⁵⁸ Dat dit 'n deeglike motivering verskaf vir Owen se bevordering van Britse belange in Delagoabaai, kan nie betwyfel word nie.

In die memorandum maak Owen van Delagoabaai as 'n plek van aansienlike politieke en kommersiële belang gewag, aangesien dit die enigste hawe suid van Mosambiekeiland was en uit 'n seevaart-oogpunt 'n groot voordeel bo laasgenoemde hawe besit het. In teenstelling met Mosambiekeiland het Delagoabaai dwarsdeur die jaar 'n veilige ankerplek vir skepe verskaf, die nabygeleë kuste was vry van gevaarlike seestrome asook weersomstandighede en die omliggende grondgebied vrugbaar genoeg om in enige aanvraag te voorsien. 'n Moeiteloze reis van Delagoabaai na enige hawe in Indië of Europa was nie seisoengebonde nie terwyl soortgelyke reise van Mosambiekeiland te alle tye van die jaar van die Moeson-winde afhanklik was.⁵⁹

Owen was ook deeglik onder die indruk van die voordele wat Delagoabaai vir die Kaapkolonie en die Britse Ryk kon inhou. Syns insiens was dit naas Saldanhabaai die enigste hawe aan die Suid-Afrikaanse kus waardeur Britse handel toegang tot die binneland van Afrika kon verkry waar miljoene mense gereed was om klere te ontvang en die Britse beskawing te omarm. Die produkte van die baai sou die Britse nedersettings aan die Kaapse kus van hongersnood en gebrek vrywaar en boonop was dit 'n baie vrugbare gebied vir walvisjag. Voorts het die baai die voordeel van 'n oorvloed aan robbe, seekoeie, seeskilpaaie, vis en ambergrys gebied. Owen het selfs nie

⁵⁷ E.H. Burrows, p. 119; W.F. Owens, I, p. 250.

⁵⁸ BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823.

⁵⁹ Ibid.

die ongesonde klimaat van Delagoabaai as 'n onoorkombare struikelblok beskou nie. Hoewel hy met sy ekspedisie groot verliese gely het, het hy die baai nie ongesonder as ander onontwikkelde tropiese gebiede aan die ooskus van Afrika gesien nie. Die ligging van die baai het boonop vrye handelskakeling met die kus van Madagaskar dwarsdeur die jaar moontlik gemaak.⁶⁰

Naas hiërdie groot voordele wat die besit van Delagoabaai ingehou het, het Owen verdere voordele voorsien indien Britse soewereiniteit suidwaarts langs die kus van Natal uitgebrei sou word na waarskynlik die vrugbaarste landstreek in Afrika.⁶¹

Owen het deeglik besef watter nadelige gevolge dit vir die Britse Ryk kon inhou indien Delagoabaai in die verkeerde hande sou beland. Indien die baai in Franse, Amerikaanse of Russiese hande sou val, kon dit in vredes- of oorlogstyd uiters nadelige gevolge vir die Kaapkolonie, Brits-Indië en Britse handel inhou. In vredestryd sou dit 'n mark vir al die produkte uit die Ooste bied en in oorlogstyd een van die beste hawens in die wêreld van waar vyandige optrede van stapel gestuur kon word.⁶²

Op 15 April het Owen vir Nourse amptelik in kennis gestel dat hy die Tembe-sessie voorlopig namens die Britse regering aanvaar het en 'n afskrif van die sessie aangeheg. Hy het die vrymoedigheid geneem om te vra "that you take measures for keeping alive the confidence in us, the spirit of family, and the good understanding so happily created in the people who inhabit the shores of that vast Bay, which is perhaps the point of the greatest political importance to this colony".⁶³ Op versoek van Owen het Nourse nog 'n afskrif van die Tembe-sessie begin Mei aan die admiraliteit gestuur. Aangesien hy onder die indruk was dat Owen reeds volledig oor die Tembe-sessie verslag gelewer het, het Nourse hom van kommentaar daarop weerhou. Dat hy 'n voorstaander van handelsbande tussen die Kaap en Delagoabaai was, blyk egter duidelik uit sy opmerking dat hy bereid was om tussenbeide te tree indien die Portugese 'n poging sou aanwend om met Britse handelsaktiwiteite in die baai in te meng.⁶⁴

Nourse het op sy beurt daarvan werk gemaak om handelsbande tussen die Kaapkolonie en Delagoabaai te bevorder. Nadat Kaapse handelaars by hom aansoek gedoen het om in die baai handel te dryf, het hy op 1 Junie 1823 'n dokument uitgereik onder die titel "Note of Cession of

⁶⁰ Ibid.

⁶¹ Ibid.

⁶² Ibid.

⁶³ TNA, ADM 1/2269, Owen – Nourse, *HMS Leven*, Simonsbaai, 15.4.1823.

⁶⁴ TNA, ADM, 1/69, Nourse – Croker, *HMS Andromache*, Simonsbaai, 8.5.1823.

Lands of Tembe and Maputo to Crown of Great Britain” waarin hy die Tembe-sessie geldig verklaar het en Britse onderdane magtiging verleen het om met die Tembe-inwoners handel te dryf. Hy het terselfdertyd ‘n waarskuwing gerig dat enige inmenging in hierdie handel teengestaan sou word. Hierdeur is Britse oorlogskepe dus gemagtig om Delagoabaai te besoek en Britse handel te beskerm.⁶⁵

Hierdie optrede het Kaapse handelaars met nuwe oë na die handelsmoontlikhede van Delagoabaai en die suidooskus laat kyk. As gesaghebbende oor die baai en sy inwoners het Owen om voor die hand liggende redes hierdie handelaars, waarvan sommige hom selfs aan boord die *Leven* besoek het, met woord en daad ondersteun. Een van die besoekers was Francis Farewell, ‘n agent van Henry Nourse en ‘n voormalige Britse vlootoffisier wat bestem was om in 1824 ‘n groot rol in die vestiging van ‘n Britse nedersetting in Port Natal te speel. Owen het selfs van die Tembes wat kans gesien het om hierdie ekspedisies as tolke te vergesel, aan die handelaars beskikbaar gestel.⁶⁶ English Bill het ook ‘n waardevolle ondersteunersrol in hierdie verband gespeel. Kaapse handelaars wat ‘n winsgewende ruilhandel in ivoor in Delagoabaai voorsien het, was veral gretig om van sy dienste gebruik te maak. Hy moes tydens sy besoek aan Kaapstad, waartydens hy Somerset ontmoet het, letterlik bontstaan om die handelaars se navrae oor die moontlikhede van ivoorhandel te beantwoord. Die resultaat was dat drie Kaapse handelskepe, die *Orange Grove*, die *Jane* en die *Salisbury*, die Britse ekspedisie op hul tweede vaart na Delagoabaai sou volg. Die *Orange Grove* en die *Jane* was bestem om ‘n tweede besoek aan die Maputo-gebied af te lê en sou weer van English Bill se bekwame dienste gebruik maak.⁶⁷

Owen het meer in die Tembe-sessie gesien as bloot die bevordering van Britse handelsbelange in Delagoabaai. Dit kon die begin wees van die vestiging van Britse sendelinge en beskawing asook die bekamping van slawerny. Hy het die moontlikhede wat die Tembe-sessie vir Britse sendingaktiwiteite ingehou het, reeds op 10 April per brief onder die aandag van dr. John Philip, die sekretaris van die Londense Sending-genootskap in Kaapstad, gebring. Dit is merkwaardig dat Owen slegs drie dae na sy terugkeer na Simonstad en voor hy amptelik aan Somerset of Nourse van sy werksaamhede verslag gedoen het, reeds ‘n kort verslag oor Delagoabaai aan Philip gestuur het waarin hy dit as een van die mooiste hawens ter wêreld bestempel het. Hy het Philip se aandag daarop gevestig dat die vreedsame Tembe-inwoners ‘n sterk afkeer aan slawerny gehad het en dat hul grondgebied derhalwe as die ideale vertrekpunt vir die beskawing van al die inheemse volke in die nabyheid van die baai en die bekamping van slawerny kon dien.

⁶⁵ M.V. Jackson Haight, *European Powers and South-East Africa*, p. 195.

⁶⁶ E.H. Burrows, p. 118; *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, I, pp. 298-299.

⁶⁷ T. Boteler, I, p. 227; W.F. Owen, I, pp. 245-248.

Owen het op daardie tyd nie kans gesien om te verduidelik hoe dit bewerkstellig kon word nie, maar Philip nogtans daarop gewys dat die ligging van die Baai dit voor die hand liggend maak. Hy het 'n kort woordeskatlys van die inheemse tale van Delagoabaai in die brief ingesluit.⁶⁸ Hoewel Philip op hierdie stadium nie enige gevolg aan Owen se voorstel gegee het nie, het hy, soos later aangetoon sal word, die voordele van Britse teenwoordigheid in Delagoabaai ingesien en selfs 'n besoek aan die hawe oorweeg.⁶⁹

Hoewel Owen nie die gewenste reaksie by Philip gekry het nie, is hy egter hierna deur die Wesleyaanse sendinggenootskap in verband met die vestiging van 'n sendingstasie in Delagoabaai genader. Hy het hulle verseker dat die sendelinge 'n vriendelike ontvangs van die inheemse groepe sou ontvang en aangebied om 'n passaat vir so 'n lofwaardige onderneming te verskaf. William Threlfall, 'n jong Wesleyaanse sendeling, is daarop aangewys om die eerste sendingstasie in die Tembe-koninkryk te vestig. Dat Owen meer as net die vestiging van 'n sendingstasie in gedagte gehad het, blyk duidelik uit 'n opmerking aan Croker sowat twee maande later dat dit hom 'n onbeskryflike vreugde sou besorg as tienduizend Britte van enige denominasie hulle in een van die beste hawens en landstreke ter wêreld sou vestig.⁷⁰

Die belangrikheid van die tweede been van die Britse ekspedisie word onderstreep deur die aandag wat dit in Kaapse kringe geniet het. Sowat 150 gaste het op die vooraand van Owen se vertrek 'n bal aan boord van die *Leven* bygewoon. Dit het met 'n vuurwerkvertoning begin en eers die volgende oggend, toe die laaste gaste die lang pad na Kaapstad aangepak het, geëindig. Sommige gaste het beweer dat die Kaap nog nie so 'n geleentheid beleef het nie.⁷¹

Dit was onder hierdie omstandighede dat die Britse ekspedisie na 'n verblyf van meer as twee maande Simonsbaai einde Junie 1823 vaarwel toegeroep het. Met sy vorige vertrek na Delagoabaai in September 1822 was Owen nog daarvan oortuig dat die baai 'n Portugese besitting was. Met hierdie wanopvatting uit die weggeruim en met die Tembe-sessie en Nourse se kennisgewing in sy besit, kon hy hierdie reis met vertroue aanpak. Op hierdie tyd was sy vernaamste oogmerke om die opname van Delagoabaai te voltooi, Threlfall en die Kaapse handelaars aan die Tembe's bekend te stel en daarna sy ekspedisie se werksaamhede langs die Oos-Afrikaanse kus tot by Kaap Guardafui voort te sit.⁷² Onvoorsiene verwickelinge in

⁶⁸ TNA, ADM 1/2269, Owen – Philip, *HMS Leven*, Simonsbaai, 10.4.1823.

⁶⁹ TNA, CO 48/62, Philip-Brink, 13.4. 1824.

⁷⁰ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; E.H. Burrows, p. 119; W. F. Owen, I, p. 251.

⁷¹ E.H. Burrows, p. 118; T. Boteler, I, pp. 225-226; W.F. Owen, p. 249-250.

⁷² E.H. Burrows, p. 119.

Delagoabaai sou egter daartoe lei dat hy 'n tweede verdrag met 'n inheemse koning moes sluit waardeur Britse aansprake op die suidelike gedeelte van die Baai verstewig is.

Aan die begin van Julie 1823 het die Britse eskader 'n week lange besoek aan Algoabaai gebring om hul voorrade vir die tweede been van die ekspedisie aan te vul. Hier het Owen en Threlfall, met die oog op die vestiging van 'n sendingstasie in Delagoabaai, waarskynlik op aanbeveling van dr. John Philip, by eerwaarde James Read van die Londense Sendinggenootskap kers opgesteek.⁷³ James was die hoof van Bethelsdorp, 'n omstrede Koi-Koi-nedersetting naby Algoabaai en het ook vroeër baanbrekerswerk by die Lattakoo-sendingstasie (die latere Kuruman) gedoen waar hy die goedgesindheid van die Thlaping verwerf het.⁷⁴ Wat die aard van sy inligting was, is onbekend, maar dit is insiggewend dat hy Owen oorreed het om 'n besoek aan Bethelsdorp af te lê. Volgens Boteler was Owen nie beïndruk met die nedersetting nie, aangesien die bestuur daarvan veel te wense oorgelaat het. In Algoabaai het Owen ook 'n sketskaart van die kus tussen Port Natal en die St. Lucia-strandmeer, asook twee inheemse tolke, aan die handelsmeester van die *Salisbury*, Francis Farewell, beskikbaar gestel.⁷⁵

By Algoabaai het die ekspedisie in twee verdeel: die *Leven* en *Albatross* het na Delagoabaai vertrek wat hulle op 23 Julie bereik het, terwyl die *Barracouta*, met die Zambesierivier-ekspedisie aan boord, na die Mosambiekse kus koers gevat het. Die ekspedisie sou eers weer in September 1823, 'n paar weke na Owen se derde besoek aan Delagoabaai, buite Quilemane verenig.⁷⁶

Die Britse ekspedisie se terugkeer na Delagoabaai is deur 'n verstewiging in betrekkinge met die Tembe-koninkryk gekenmerk. English Bill en die ander Tembe-bemanningslede se veilige terugkeer het Maiette klaarblyklik met soveel vertroue in die Engelse se vriendskap geïnspireer dat hy, vergesel deur Slangelly, 'n eerste besoek aan Owen aan boord die *Leven* gebring het. Owen het die nuutgevonde vertroue aangewakker deur baie aandag aan die twee leiers te spandeer en hulle ruimhartig te onthaal. Afgesien van die gebruikelike tabak en drank het hy ook duur geskenke soos 'n spieël gegee.⁷⁷ Maiette, Slangelly en English Bill het ook die *Jane* besoek om met handelsmeester Maynard reëlings in verband met die ruilhandel te tref. Maynard het kort hierna 'n uitnodiging van koning Makasane aanvaar om weer op die Maputorivier handel te dryf, waar die *Orange Grove* 'n paar weke later by hulle aangesluit het.⁷⁸

⁷³ T. Boteler, I, pp. 229-231; E.H. Burrows, p. 119.

⁷⁴ Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I, p. 697

⁷⁵ T. Boteler, I, pp. 229-231; W.F. Owen, I, pp. 251-254.

⁷⁶ W.F. Owen, I, p. 252; T. Boteler, I, pp. 230-232.

⁷⁷ E.H. Burrows, p. 120.

⁷⁸ W.F. Owen, I, p. 255-256.

Owen se eerste taak na sy aankoms in English River was om Threlfall aan die Tembe-koning voor te stel en 'n geskikte plek vir sy sendingstasie te vind. Threlfall se keuse het op Mahone Point aan die suidelike oewer van die Temberivier geval waar die Engelse in Oktober 1822 'n observasiepos opgerig het. Op voorstel van Owen het Malette 'n addisionele 150 akker (60 hektaar) van die omliggende grondgebied aan die Wesleyaanse sendinggenootskap afgestaan en Threlfall onder beskerming van Slangelly geplaas. Hierdie ooreenkoms is deur 'n plegtige seremonie, wat deur Owen en sy offisiere asook die Tembe-hoofmanne bygewoon is, en waartydens die Union Jack gehys is, verseël.

Threlfall se onbenydeniswaardige taak om die Tembe's tot die Christendom te bekeer, het reeds die daaropvolgende Sondag met 'n erediens aan boord die *Leven* afgeskop wat deur verskeie Tembe-hoofmanne en hul onderdane bygewoon is. Dat Owen meer as net die verkondiging van die Evangelie met die vestiging van die Wesleyaanse sendingstasie in gedagte gehad het, blyk duidelik uit sy opmerking oor hierdie gebeure aan Croker dat hoewel hy nie noodwendig die standpunte van die sendinggenootskap gedeel het nie, hulle motiewe prysenswaardig en hulle moreel onbesproke was en dat dit hom derhalwe groot vreugde sou verskaf om tienduizend Britte van enige denominasie in een van die beste landstreke en hawens te vestig.⁷⁹

Threlfall se sending-bedrywighede, waarskynlik weens sy chroniese ongesteldheid aan Delagoakoors, het weinig vrugte afgewerp, maar hy kon as ooggetuie van die verwoestende oorlog wat enkele maande later deur De Cardeinas ontketen is, tog 'n rol in die politieke verwikkelinge rondom Delagoabaai speel.⁸⁰

Met Threlfall gevestig, kon Owen sy volle aandag aan die voltooiing van die Delagoabaai-opname skenk. Dit sou drie verskillende opnames behels, naamlik, die suidelike gedeelte van Delagoabaai, die Matoll- en Dundas-riviere en laastens die voltooiing van die opname van die Maputorivier wat in Januarie 1823 skipbreuk gely het. Naas die wetenskaplike oogmerke was hierdie opnames nie van politieke belang ontbloot nie, aangesien dit ten doel gehad het om die reeds bestaande Britse stempel op die baai verder af te druk deur bepaalde landmerke Britse name te gee.

Owen was veral gretig om die opname van die suidelike gedeelte van die baai te voltooi, aangesien hy met die oog op die totstandkoming van 'n Britse kolonie reeds die oprigting van

⁷⁹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; W.F. Owen, I, p. 262.

⁸⁰ TNA, CO 48/62, Lys – Brink, Kaapstad, 12.4.1824., bylaag in Somerset – Bathurst, Kaapstad, 22.4.1824.

dokke en 'n skeepswerf in Port Melville voorsien het.⁸¹ Die noodsaaklikheid van sulke fasiliteite is beklemtoon toe die *Albatross*, in die afwesigheid van enige hawe-fasiliteite, op die oewer van die baai uitgesleep moes word om noodsaaklike instandhoudingswerk deur skrynwerkers van 'n besoekende Britse walvisvaarder te verrig.⁸²

Na die opname van die suidelike gedeelte van Delagoabaai deur luitenant Mudge het Owen begin Augustus die opname van die Matoll- en Dundas-riviere onderneem. 'n Welwillendheidsboodskap van Matchakany, die koning van Matoll, het hom laat besluit om die ekspedisie te vergesel en 'n besoek aan die hoofkraal van die koning te bring.⁸³ Dit was egter nie die enigste rede vir sy deelname aan die ekspedisie nie. Volgens Boteler wou Owen deur sy persoonlike deelname die vrees vir sodanige uitstappies wat die ekspedisie-lede nog steeds die skrik op die lyf gejaag het, uit die weg ruim.⁸⁴

Owen se ontmoeting met Matchakany het op 6 Augustus in sy hoofkraal naby die oewer van die Matoll-rivier plaasgevind. Die ontmoeting is deur die gebruikelike uitruil van presente voorafgegaan en 'n groot groep inwoners het die daaropvolgende gesprek gade geslaan. Danksy die hulp van inheemse tolke kon Owen 'n lang onderhoud met Matchakany voer waartydens sy verhouding met die Portugese ter sprake gekom het. Hy het Owen meegedeel dat hy nog altyd vriendskaplike betrekkinge met die Portugese gehandhaaf het en die Portugese koning as sy broer beskou het. Hy het egter toegegee dat daar slegte mense soos De Cardeinas onder die Portugese was wat hy as 'n bose dwaas bestempel het en waarmee hy hom nie kon vereenselwig nie.⁸⁵

Hierdie gesprek het 'n onverwagse wending geneem toe 'n Portugese man uit die omstanders hom aan Owen se voete neergewerp het en om beskerming gesmeek het. Dit was Anselmo de Nascimento, die gewese sekretaris van die die handelspos, wat na 'n ernstige meningsverskil met De Cardeinas verjaag is. Hy het daarna saam met sy swanger vrou by Matchakany skuiling gevind. De Nascimento het 'n geskrewe verslag aan Owen gegee oor wat hy genoem het De Cardeinas se skurkagtige optrede sedert sy aankoms in Delagoabaai. Hy het versoek om die Britse ekspedisie na Mosambiekeiland te vergesel om die verslag persoonlik aan die goewerneur-generaal te oorhandig. Nadat De Nascimento se verhaal deur Matchakany bevestig is, het Owen

⁸¹ BL, Additional 33837, Description of the Coast of Africa, Memorandum van W.F. Owen, *HMS Leven*, Simonsbaai, 1.5.1823.

⁸² TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1824.

⁸³ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1824.

⁸⁴ W.F. Owen, I, p. 261.

⁸⁵ TNA, ADM, 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; W.F. Owen, I, pp. 262.

die Portugese egpaar toegelaat om by die Britse geselskap aan te sluit. De Nascimento en sy verslag sou 'n groot invloed op Owen se verdere optredes in Delagoabaai uitoefen.⁸⁶

Van De Nascimento het Owen verneem dat De Cardeinas tydens die Britte se afwesigheid 'n Tembe-onderdaan gedood het en nog een gevange geneem het wat as slaaf in die fort aangehou is - 'n weergawe van gebeure wat deur Maiette en ander hoofmanne bevestig is. Owen het De Cardeinas se optrede as die ideale geleentheid beskou om Britse aansien onder die inheemse mense van die Baai ten koste van die Portugese te bevorder. Hy het die Portugese bevelvoerder gevolglik gedwing om die prisonier vry te laat op grond van die feit dat hy, kragtens die bepalinge van die Tembe-sessie, 'n Britse onderdaan was. Om verder munt uit die situasie te slaan en om die Britte se afkeur van slawerny te bevestig, is die prisonier se boeie aan boord die *Leven* in die teenwoordigheid van Maiette en ongeveer twintig van sy hoofmanne verwyder.⁸⁷ Volgens Owen het 'n aangrypende toneel hom hierna afgespeel. Die vrygemaakte slaaf het sy hoofman soos 'n vader omhels en die voete van almal in sy onmiddellike omgewing gesoen.⁸⁸ Owen het hierop Maiette beveel om die boeie by sy hut te vertoon as teken van die Britte se menslikheid en sin vir geregtigheid.⁸⁹

Tydens Owen se ondersoek na die voorval het dit egter aan die lig gekom dat Maiette deur De Cardeinas oorreed is om van sy onderdane as slawe te verkoop en dat die Tembe-koning besig was om aan die versoek te voldoen. Maiette se optrede het hom 'n skerp teregwyding van Owen op die hals gehaal. Hy is beveel om niemand te dood of gevange te neem nie, aangesien dit in stryd was met Britse wetgewing en die wil van God. Hoewel Maiette 'n plegtige belofte in dié verband afgelê het, het die Engelse later tot hul ontnugtering vasgestel dat hy tog slawe aan De Cardeinas verkoop het wat na Brasilië verskeep is.⁹⁰

Kort hierna het 'n hoflikheidsbesoek van luitenant Antonio Texeira, De Cardeinas se tweede in bevel, Owen 'n geleentheid verskaf om verdere sout in die wonde van die Portugese aanvoerder te vryf. Texeira, wie se verpleging van luitenant Owen hom van 'n gewisse koors-dood gered het, was die enigste oorblywende lid van die Portugese offisiërskorps wat die Engelse in September 1822 in Delagoabaai verwelkom het. Met die doel om De Cardeinas in kennis te stel van die aanklagte wat teen hom by die goewerneur-generaal van Mosambiek ingedien sou word, het De

⁸⁶ TNA, ADM, 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; W.F. Owen, I, pp. 262-263.

⁸⁷ W.F. Owen, I, p. 271.

⁸⁸ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823.

⁸⁹ W.F. Owen, I, pp. 269-270.

⁹⁰ W.F. Owen, I, pp. 269-270.

Nascimento op versoek van Owen sy verslag aan Texeira voorgelees.⁹¹ Soos later sal blyk, het Texeira weliswaar hierdie inligting onder sy bevelvoerder se aandag gebring, maar met geheel ander gevolge as wat Owen voorsien het.⁹²

Die laaste gedeelte van die ekspedisie se werksaamhede in Delagoabaai is deur 'n besoek aan die Maputorivier in beslag geneem. Hoewel Owen voorgegee het dat dit bloot 'n plesier-uitstappie was, was sy ware oogmerk om 'n Portugese oorname van die Maputo-koninkryk te voorkom en 'n verdrag van handel en vriendskap met Makasane te sluit. Hy het van Nascimento, wat op vriendskaplike voet met Makasane verkeer het, verneem dat Makasane hom kort tevore versoek het om die Portugese vlag in Maputoland te hys en ingestem het om 'n Portugese onderdaan te wees. Volgens die gewese sekretaris was De Cardeinas in elk geval van voorneme om met die oog op die goeie vooruitsigte van slawe- en ivoorhandel Makasane met geweld aan Portugese gesag te onderwerp.⁹³

Vir Owen was die nuus van hierdie verwikkeling van kardinale belang en daarom het hy die opname-ekspedisie vergesel en aan die begin van sy opvaart in die Maputorivier Makasane vir 'n vergadering genooi. Makasane was op daardie stadium by een van sy nedersettings waar hy met die handelsmeester van die *Orange Grove*, Maynard, in ruilhandel betrokke was. Op hierdie tydstip het Owen reeds deeglik kennis geneem van die vrugbare landstreke weerskante van die Maputorivier asook die groot handelsverkeer met English River. Die feit dat sommige van die bote van die Portugese garnisoen afkomstig was, het hom ook nie ontgaan nie.⁹⁴

Met English Bill en Anselmo de Nascimento as tolke het Owen op 22 Augustus 1823 langdurige samesprekings met Makasane oor ivoor- en slawehandel gevoer wat die volgende dag tot die ondertekening van 'n vriendskaps- en handelsverdrag met Brittanje gelei het. Die samesprekings het in die teenwoordigheid van Makasane se vrouens, hoofmanne en ongeveer 300 onderdane geskied. Beide verdrae was onderhewig aan die goedkeuring van die koning van Engeland. Die verdrae het vir die moontlikheid van 'n toekomstige Britse kolonie, vrye handel tussen die inwoners van Maputo en Britse onderdane en Britse beskerming voorsiening gemaak. Makasane het beloof dat hy vir die volgende tien jaar nie 'n soortgelyke verdrag met enige ander Europese moondheid sou sluit nie en homself die reg voorbehou om met enige groep wat nie in 'n konflik met Brittanje gewikkel was nie, handel te dryf. Hiervoor sou hy op die gebruikelike geskenk kon

⁹¹ W.F. Owen, I, p. 271.

⁹² A. Lobato, *Quatro Estudos e uma evocação para a historia de Lourenço Marques*, pp. 104-109.

⁹³ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823.

⁹⁴ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; W.F. Owen, I, pp. 272-274.

aandring. Indien 'n Britse kolonie tot stand sou kom, sou die Maputo-koninkryk onder die jurisdiksie van Brittanje val en slawerny verbied word. Geen wette sou sonder instemming van Makasane gemaak kon word nie.⁹⁵

Hoewel die Maputo-verdrae sterk ooreenkomste met die Tembe-sessie vertoon het, soos die reg van vrye handel en die moontlike totstandkoming van 'n Britse kolonie, was daar tog belangrike verskille. Die Vriendskapsverdrag het geen melding van gebiedsafstand gemaak nie en dit sou vir slegs tien jaar geld. Die Handelsverdrag, waarvolgens Makasane Britse beskerming sou geniet, sou vir vier jaar geldig wees.⁹⁶

Na die ondertekening van die verdrae het Owen die opname van die Maputorivier voltooi en na English River-hawe teruggekeer. Op 25 Augustus het hy De Cardeinas in kennis gestel dat Makasane 'n verdrag van vriendskap en handel met Brittanje gesluit het, dat hy en sy onderdane voortaan Britse beskerming sou geniet en dat Owen dit as sy plig beskou het om hulle teen enige aggressie te beskerm. Net soos in die geval met die Tembe-sessie is die Portugese bevelvoerder ook meegedeel dat dié verdrag nie die Portugese of enige ander buitelanders van handelsaktiwiteite in Makasane se grondgebied uitgesluit het nie.⁹⁷

'n Dag later het Owen Croker van die verdrae met Makasane in kennis gestel en hom van afskrifte voorsien. Hy het erken dat hy geen opdrag van politieke aard van die admiraliteit ontvang het nie, maar dat hy hom deur die belangrikheid van Delagoabaai vir Britse belange laat lei het.⁹⁸

Owen se voorneme om die noordoostelike grens van die Kaapkolonie tot Delagoabaai uit te brei, is deur die maand lange opname van die Mosambiekse kus tussen die Baai en Mosambiekeiland versterk. Hoewel die opname van die Portugese hawens voorspoedig en deur goeie samewerking van die koloniale owerhede gekenmerk is, het die omvang van slawerny sy renons in die Portugese versterk.⁹⁹

Owen het sy tweede besoek aan Mosambiekeiland benut om De Sylva op hoogte van sy ekspedisie se werksaamhede te stel asook die verloop van gebeure in Delagoabaai na afloop van sy eerste besoek aan die goewerneur-generaal. Hy het na De Cardeinas se beslaglegging op die *Sincapore* verwys en by De Sylva beswaar aangeteken oor die ontering van die Britse vlag wat

⁹⁵ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; W.F. Owen, I, p. 274; M.V. Jackson Haight, pp. 194-195.

⁹⁶ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; M.V. Jackson Haight, pp. 194-195.

⁹⁷ TNA, ADM 1/2269, Owen – De Cardeinas, *HMS Leven*, Delagoabaai, 26.8.1823.

⁹⁸ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 27.8.1823; W.F. Owen, I, p. 274.

⁹⁹ E.H. Burrows, I, pp. 121-122, TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mosambiekeiland-hawe, 9.10.1823.

daarmee saamgegaan het. Omdat hy daarvan oortuig was dat De Cardeinas se optrede nie die Portugese regering se goedkeuring weggedra het nie, wou hy nie die goewerneur-generaal se tyd mors nie en het die aangeleentheid daar gelaat. Hy het nie op hierdie tydstip na die aanvaarding van Tembe-sessie of verdrae met Makasane verwys nie. De Sylva is ook van die omstandighede rondom sy kennismaking met De Nascimento asook dié se voorneme om 'n verslag aan De Sylva te oorhandig, in kennis gestel.¹⁰⁰

Owen het ook van die geleentheid gebruik gemaak om kortliks verslag te lewer oor die opname van die Portugesehawens tussen Delagoabaai en Mosambiekeiland en aan De Sylva toestemming verleen om afskrifte van die Britse opnames te maak en sy dank uitgespreek vir die vriendelike en hulpvaardige ontvangs wat sy ekspedisie oral te beurt het.¹⁰¹

'n Dag later het Owen dit egter nodig geag om om twee redes nog 'n brief aan De Sylva aangaande Brits-Portugese betrekkinge in Delagoabaai te rig. Eerstens was dit duidelik dat Da Sylva nie kennis gedra het van Owen se korrespondensie met De Cardeinas oor sy beslaglegging op die *Sincapore* nie. Tweedens het Da Sylva skynbaar onder die indruk verkeer dat Owen op Portugese dominium oortree het. Hierin het hy 'n volledige beskrywing gegee oor sy beswaar teen die Portugese se gebruik om 'n wag aan boord besoekende skepe te plaas en 'n volledige verslag oor sy konfrontasie met De Cardeinas. Hy het voorts verduidelik dat hy die Tembe-sessie aanvaar het omdat hy oortuig was "that what they offered was their own to give, and that the Portuguese had no established or acknowledged or even presumed dominion or jurisdiction over them - that in short they were free and independent of this transaction".¹⁰² Hy het Da Sylva in kennis gestel "that on this principle of their independence I have on behalf of His Majesty's Government and subject to their approval made treaties of Commerce and Friendship with other Nations Southward of Delagoa Bay".¹⁰³

Da Sylva het in sy antwoord toegegee dat De Cardeinas se optrede teenoor Britse skepe en Owen onregmatig was. Hy het hom die versekering gegee dat die Portugese die Britse vlag op grond van die goeie betrekkinge tussen Brittantje en Portugal respekteer en dat De Cardeinas en sy medepligtiges tot verantwoording geroep sou word. Hy het ook onderneem om afskrifte van hulle korrespondensie aan die Portugese regering in Lissabon te stuur. Hy het Owen ten slotte

¹⁰⁰ TNA, ADM 1/2269, Owen – De Sylva, *HMS Leven*, Mosambiekeiland-hawe, 6.10.1823.

¹⁰¹ Ibid.

¹⁰² TNA, ADM 1/2269, Owen – De Sylva, *HMS Leven*, Mosambiekeiland-hawe, 7.10.1823.

¹⁰³ Ibid

bedank vir die opnames van die Portugese hawens en die versekering gegee dat hy alles in sy vermoë sou doen om die belange van die Britse ekspedisie te bevorder.¹⁰⁴

Om die Britse regering op hoogte van sy korrespondensie met De Silva te stel, het Owen afskrifte daarvan op 11 Oktober 1823 aan Croker gestuur. Onder die indruk dat die Britse regering waarskynlik 'n volledige verslag oor die Portugese aansprake op die Oos-Afrikaanse kus verwag het, is die korrespondensie met 'n lywige begeleidende skrywe vergesel waarin Owen verskeie belangrike opmerkings aangaande die Portugese aansprake op die suidooskus en spesifiek Delagoabaai gemaak het.¹⁰⁵

In die eerste plek het Owen met verwysing na die Anglo-Portugese verdrag van 1810 dit betreur dat die Britse onderhandelaar slawehandel in Delagoabaai, waar dit feitlik nie bestaan het nie, toegelaat het. Daardeur is die geleentheid geskep om die baai en omgewing in 'n staat van wanorde en oorlog te plaas om meer slawe op te lewer. Omdat Delagoabaai meer geskik as enige ander hawe vir die uitvoer van slawe na Brasilië was, sou dit ook die inheemse bevolking aanspoor om mekaar uit te delg en sodoende die hele landstreek binne 'n paar jaar te ontvolk.¹⁰⁶

Die vraag na wat presies die term “Delagoabaai” behels het, is ook deur Owen aangeroer. Hy het Croker daarop gewys dat De Sylva skynbaar nie daarvan bewus was nie dat Delagoabaai spesifiek in die 1810-verdrag genoem is, “but whether exclusively or inclusively is questionable”. Volgens Owen se interpretasie het die 1810-verdrag die Portugese toegelaat “to trade in those parts of the eastern Coast of Africa, which are under the dominion of the King of Portugal, between Cape Delgado and Corrientes and our translation renders Cape Corrientes into Delagoa Bay sixty leagues further to the South”. Hy kon nie begryp dat 'n verdrag wat bedoel was om die slawehandel te beperk, die Portugese koning die reg op dominium kon gee “where neither in fact, nor in natural justice, he had it, or was entitled to it”.¹⁰⁷

Tweedens het die Portugese in geen deel suid of noord van die Rios de Senna-kolonie (Zambesierivier-kolonie) enige dominium buite die bereik van hul kanonne uitgeoefen nie, en in die meeste gevalle is hulle selfs deur die inheemse mense uitgesluit. Wat Delagoabaai betref, kon De Sylva geen bewys lewer van 'n reg van dominium nie. Hy het Croker daarop gewys dat die

¹⁰⁴ TNA, ADM 1/2269, De Sylva – Owen, Mosambiekeiland, 9.10.1823.

¹⁰⁵ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mosambiekeiland-hawe, 11.10.1823.

¹⁰⁶ Ibid.

¹⁰⁷ Ibid.

jaarlikse skatplig wat die Portugese aan die inheemse konings betaal het, nie vir die reg van dominium of eksklusiewe handel was nie, maar bloot vir reg om in ivoor handel te dryf.¹⁰⁸

Owen se gevolgtrekking was dat geen onderhandelaar die Portugese 'n reg oor die inheemse bevolking kon gee nie. "Claim what they will", het Owen voortgegaan, "in point of fact all the Native Kings & Chiefs on the Coasts, even around their very Factories, are independent, and hold their own lands and in many cases make the Portuguese sub-servient to them".¹⁰⁹ Die Portugese se reg op dominium was gebaseer op die feit dat hulle hulself op 'n paar plekke op die kus van Afrika gevestig het, die hele kontinent vir hulself toegeëin het en dat hul aansprake nooit deur enige ander Europese moondheid bevraagteken is nie.¹¹⁰

Voorts was Owen van mening dat dit die Britte vrygestaan het om verdrae met die inheemse bevolking te sluit, waardeur die slawehandel 'n nekslag toegedien kon word en bygevoeg: "It might establish Factories for Commerce on other principles, wherein she could undersell the Portuguese, and starve them out, and all this without infringing in the smallest degree on natural or political justice". Hy het voorgestel dat Brittanje hierdie reg afstaan in ruil daarvoor dat die Portugese slawehandel aan die ooskus afskaf. Hy het Delagoabaai van so 'n groot belang vir die Kaapkolonie beskou dat hy voorgestel het dat Brittanje met Portugal onderhandel om hul aansprake op die suidooskus tot suid van Inhambane terug te trek, in ruil vir Brittanje se onderneming om nie met die inheemse bevolking noord daarvan betrekkinge aan te knoop nie.¹¹¹

Hierdie voorstelle van Owen om die grense van Britse gesag in suidelike Afrika tot Delagoabaai uit te brei, het egter op dowe ore in Londen geval. Soos reeds vermeld, het Bathurst in Julie 1823 'n besluit oor die Tembe-sessie uitgestel in afwagting van meer inligting van Somerset. Die Kaapse goewerneur het hom egter van enige kommentaar op die sessie weerhou en slegs 'n afskrif van Nourse se kennisgewing van 1 Junie 1823, waarvolgens Britse onderdane gemagtig is om in Delagoabaai handel te dryf, vir goedkeuring na Londen gestuur. Dit het tot gevolg gehad dat die admiraliteit vroeg in Oktober, op dieselfde tydstip wat Owen sy voorstelle in Mosambiekeiland-hawe gemaak het, Bathurst weer om 'n antwoord genader het. Bathurst het Somerset gevolglik versoek om enige inligting met betrekking tot Tembe te versamel en om

¹⁰⁸ Ibid.

¹⁰⁹ Ibid.

¹¹⁰ Ibid.

¹¹¹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mosambiekeiland-hawe, 11.10.1823.

uitsluitel te gee of 'n Britse nedersetting in Tembe enigsins voordelig vir die Kaapkolonie sou wees.¹¹²

Dat Bathurst op hierdie tydstip reeds bedenkinge oor die Tembe-sessie gekoester het, blyk duidelik uit die Koloniale kantoor se antwoord aan die admiraliteit dat die minister dit nie langer nodig geag het “to delay the expression of his opinion that the Treaty in question appears to be in its details objectionable and impracticable, even supposing that the Cession was in itself desirable”. ‘n Finale besluit sou egter eers na die ontvangs van Somerset se aanbeveling geneem word. Die admiraliteit is nietemin versoek om onmiddellik instruksies aan Nourse te stuur om die magtiging om in Delagoabaai handel te dryf, ter syde te stel.¹¹³

Bathurst se optrede was nie die enigste terugslag vir Britse aansprake op Delagoabaai in Oktober 1823 nie. In dieselfde maand het De Cardeinas, in die afwesigheid van Owen of enige Britse oorlogskepe, ooreenkomste met Makasane en Maiette gesluit waarin hulle hul onderdanigheid aan Portugal erken het en terselfdertyd die geldigheid van hul verdrae met Brittanje ontken het. De Cardeinas het hierdie verdrae in Engels opgestel sodat daar by die Britte geen twyfel oor die inhoud daarvan kon wees nie. Makasane het op 8 Oktober 1823, minder as twee maande na sy ondertekening van sy verdrag met Brittanje, ‘n ooreenkoms getiteld: “Grant of Protection by the Governor of Fort of Lourenco Marques to the King of Maputo” in Maputo met De Cardeinas onderteken. Volgens die dokument sou die goewerneur van Lourenco Marques aan Makasane beskerming verleen en geen geldigheid voortaan geheg word aan “any negotiation or convention with any nation except with the Government of Portugal”¹¹⁴.

Minder as twee weke later het Maiette en sy hoofmanne hulle na die fort begeef om hulle ondergeskiktheid aan Portugese gesag te verklaar. Maiette se onderdanigheid aan die Portugese is ‘n dag later, 20 Oktober 1823, in Tembe deur die ondertekening van ‘n dokument: “Homage done by the King of Tembe to the Factory of Lourenco Marques, October 20, 1823” bevestig. Die dokument is deur Maiette, De Cardeinas en verskeie hoofmanne en Portugese offisiere onderteken. Dat De Cardeinas se optrede daarop gemik was om Owen se aansprake namens

¹¹² TNA, ADM 1/4239, Horton – Croker, 17.10.1823.

¹¹³ Ibid.

¹¹⁴ Delagoa Bay. Correspondence respecting the claims of Her Majesty’s Government. Presented to both Houses of Parliament by command of Her Majesty. 1875., p.17, De Palmella – Dudley, 23.5.1827, bylaag 2: Grant of Protection by Governor of Fort of Lourenco Marques to the King of Maputo, October 8, 1823; bylaag 4: Homage done by the King of Tembe to the Factory of Lourenco Marques, October 20, 1823; bylaag 5: Act of Declaration by King Capella that he had not ceded his lands to Captain Owen, and that the Lands belonged to Portugal, October 20, 1823, pp. 18-23.

Brittanje op Delagoabaai hok te slaan, blyk verder duidelik uit 'n verklaring getiteld: "Act of Declaration by King Capella [Maiette] that he had not ceded his lands to Captain Owen, and that the Lands belonged to Portugal, October 20, 1823" wat dieselfde dag deur De Cardeinas en sy offisiere onderteken is. Die ondertekening is deur George Maynard, die handelsmeester van die *Orange Grove*, namens al die Britte in die baai op uitnodiging van De Cardeinas bygewoon. In die verklaring het Maiette ten sterkste ontken dat hy ooit 'n verdrag met Owen gesluit het waarvolgens sy grondgebied aan Brittanje afgestaan is en bevestig dat hy en sy hoofmanne hulself as Portugese onderdane beskou. Die verklaring is afgesluit met 'n versoek om die Portugese vlag in Tembe te hys en te beskerm omdat hy geen ander vlag erken het nie. As Britse onderdaan het Maynard om verstaanbare redes nie kans gesien om aan die Portugese versoek om Mayette se verklaring as getuie te onderteken, te voldoen nie.¹¹⁵

Makasane en Maiette se optrede in Oktober 1823 is 'n duidelike bewys dat hulle weinig waarde aan hul verdrae met Brittanje geheg het en slegs op hul eie onmiddellike ekonomiese voordele, soos die ontvangs van geskenke, ingestel was. Owen het dieselfde afleiding gemaak toe hy 'n paar maande later van Maiette se optrede verneem het. Hy was van mening dat Maiette of te bang vir De Cardeinas was of dat hy met drank omgekoop is om sy verdrae met Brittanje te versaak en Portugese onderdaanskap te aanvaar. Hoewel Owen se ooreenkomste met die twee inheemse opperhoofde uit 'n staatsregtelike oogpunt dus van weinig waarde was, was dit ironies genoeg nie die geval met De Cardeinas se ooreenkomste nie. Dié ooreenkomste sou meer as vyftig jaar later tydens die Anglo-Portugese skeidsgereg oor Delagoabaai 'n sleutelrol speel om Portugal se aanspraak op die suidelike deel van die baai ten koste van Brittanje te bevestig.¹¹⁶

Dit was onder hierdie omstandighede dat kommodoor Nourse Delagoabaai aan die begin van November 1823 besoek het. Sy besoek het 'n tweeledige doel gehad: om deur die *Andromache* se teenwoordigheid die inheemse bevolking van Delagoabaai se vertroue in die Britte te versterk en terselfdertyd enige Portugese inmenging in die handel van Britse skepe met die plaaslike bevolking te voorkom. Nourse het weer eens die Britse vlag op die Tembe-oewer gehys en twee weke sonder voorval in die hawe deurgebring sonder om onraad te vermoed. De Cardeinas het Nourse beloof om hom van enige inmenging te weerhou en meegedeel dat hy die Portugese regering van Owen se optredes in die baai in kennis gestel het. Nourse het

¹¹⁵ Ibid.

¹¹⁶ Ibid.; TNA, FO 63/1052, Foreign Office - Colonial Office, 1.9.1875.

Delagoabaai op 17 November 1823 verlaat. Hy sou eers 'n paar maande later vasstel hoe De Cardeinas hom gefnuik het.¹¹⁷

De Cardeinas het onmiddellik na Nourse se vertrek sy plan voortgesit om Portugese gesag oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai uit te brei. Nourse se Britse vlag in Tembe is vroeg in Desember 1823 deur 'n Portugese vlag vervang tesame met drie Portugese soldate om dit op te pas. Kort hierna het De Cardeinas, nadat hy die samewerking van die Mafumo-opperhoof verkry het, teen die Matchakany van Mattol oorlog verklaar. Laasgenoemde se poging om met De Cardeinas oor vredesvoorwaardes te onderhandel, is in die kiem gesmoor deur die Portugese bevelvoerder se brutale optrede teenoor sy vredesgesant. Die gesant se ore, neus en lippe is afgesny en aan die koning gestuur met die boodskap dat De Cardeinas hom gaan vernietig. Matchakany het hierop 'n vredesoffer aan De Cardeinas gestuur as bevestiging dat hy hom aan Portugese gesag onderwerp en hom terselfdertyd genooi om die Portugese vlag in Mattol te hys. De Cardeinas en ongeveer 45 soldate asook 'n aantal Mafumo-krygers het hierop 'n besoek aan die Mattol-gebied gebring waar hulle einde Februarie 1824 in 'n hinderlaag gelei is en met die uitsondering van drie Portugese soldate en enkele Mafumo-krygers, almal om die lewe gebring is. Matchakany het hierdie oorwinning opgevolg deur die Portugese fort te beleër en luitenant Texeira, die waarnemende bevelvoerder, te dwing om 'n losprys aan hom te betaal ten einde te verhoed dat die Mattol-krygers nie die nedersetting verwoes nie.¹¹⁸

Texeira se daaropvolgende strategie om die stryd teen Mattol met behulp van Maiette voort te sit, het tot 'n volskaalse oorlog in Delagoabaai aanleiding gegee. Die Portugese se benarde posisie is verder verswak toe die Tembes kort hierna die fort omsingel het en op groter vergoeding vir hul militêre bystand aangedring het. Vir die sendeling Threlfall, wat Delagoabaai begin Maart 1824 om gesondheidsredes verlaat het, wou dit voorkom of die skrif aan die muur was vir die Portugese. Voor sy vertrek na die Kaap aan boord die *Neriad*, het hy derhalwe 'n kort verslag van De Cardeinas se optredes vir Owen agtergelaat.¹¹⁹

Owen het Delagoabaai weer in April 1824 onderweg na Mauritius besoek. Volgens sy mededeling aan Croker het die oorlog wat De Cardeinas onder die inheemse volke ontketen het, die baai in puin en as gelê en wanorde het geheers. Danksy Threlfall se verslag en die bydraes van vaandrig

¹¹⁷ TNA, ADM 1/69, Nourse – Croker, *HMS Andromache*, Simonsbaai, 15.12.1823; Nourse-Croker, *HMS Andromache*, Simonsbaai, 10.5.1824

¹¹⁸ TNA, CO 48/62, Lys – Brink, Kaapstad, 12.4.1824, bylaag in Somerset-Croker, Kaapstad, 22.4.1824; ADM 1/69, Threlfall - Nourse, 19.4.1824, bylaag in Nourse – Croker, 10.5.1824; ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mauritius, 19.6.1824.

¹¹⁹ Ibid.

Maximano Fernandes, die enigste oorlewende Portugese offisier, kon Owen homself gou op hoogte van gebeure stel wat sedert Oktober in die baai plaasgevind het. Hy het De Cardeinas se optrede toegeskryf aan die feit dat die Portugese geen grondgebied of dominium in Delagoabaai besit het nie en hy het nie doekies omgedraai oor sy dood nie: “Lupe [de Cardeinas] and all his followers were men of blood. The reaction of their crimes brought on them the merited retribution by the immediate providence of a just God”.¹²⁰

Onmiddellik na sy aankoms het Owen Fernandes beveel om die Portugese vlag in Tembe te stryk. Twee dae later was Fernandes teenwoordig toe die Britse vlag in die plek van die Portugese vlag weer eens op die Tembe-oewer gehys is. Die vlaghysing onder bevel van luitenant Jones is met drie geweersarsies afgesluit. Hoewel Maïette ten sterkste ontken het dat hy die Portugese toestemming verleen het om hul vlag op sy grondgebied te hys, het Owen nie veel waarde daaraan geheg nie. Hy was van mening dat Maïette of te bang vir De Cardeinas was of dat hy omgekoop is om sy verdrae met Brittanje te versaak en Portugese onderdaanskap te aanvaar.¹²¹

Voordat hy Delagoabaai verlaat het, het Owen verneem dat die Zoeloe-koning, Tsjaka, sy gesag oor al die grondgebied tussen die grense van die Kaapkolonie en Delagoabaai gevestig het en dat selfs Makasane skatplig aan hom betaal het - ‘n stap wat om voor die hand liggende redes ‘n stokkie voor Owen se plan gestee het om die Kaapkolonie se noordgrens tot by Delagoabaai uit te brei. Hy het ook verneem dat van die Britse handelaars wat in Delagoabaai handel gedryf het, van Tsjaka toestemming verkry het om ‘n nedersetting in Port Natal te vestig en dat hierdie plan aan die Kaap aandag geniet het. Min het Owen besef dat ‘n Britse nedersetting in Delagoabaai op dieselfde tydstip ernstige aandag in Kaapse regeringskringe geniet het.¹²²

Danksy Threlfall het die eerste berig oor die dramatiese verwickelinge in Delagoabaai die Kaap aan die begin van April 1824 bereik. Hoewel sy skip met sy aankoms aan die Kaap in kwarantyn geplaas is, kon hy nietemin ‘n samevatting van die gebeure aan die sekretaris van die Kaapse regering, Brink, verskaf.¹²³ In die lig van die feit dat Somerset reeds kennis gedra het van Bathurst se versoek aangaande die voordele wat ‘n Britse besetting van Delagoabaai vir die Kaap en die

¹²⁰ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, ter see, 3.5.1824, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mauritius, 19.6.1824

¹²¹ Ibid.

¹²² TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mauritius, 19.6.1824, CO 48/62, Brink – Farewell, Kaapstad, 5.12.1824, bylaag by Somerset – Bathurst, Kaapstad, 10.5.1824.

¹²³ TNA, CO 48/62, Lys – Brink, Kaapstad, 12.4.1824; ADM 1/69, Threlfall – Nourse, *HMS Neriad*, Tafelbaai, 29.4.1824

Britse Ryk kon inhou, het Threlfall se mening dat die fort verwoes en die Portugese uit die Baai verdryf sou word, opslae in Kaapse regeringskringe gemaak.¹²⁴

Brink het dr. John Philip is nog dieselfde dag versoek om sy opinie te gee oor die voordele wat Delagoabaai vir die Kaapkolonie en die Britse Ryk kon inhou. Philip het reeds die volgende dag met 'n omvattende skrywe geantwoord. Volgens hom was dit voor die hand liggend dat die besit van die Baai nuwe handelskanale na die onmiddellike binneland van Afrika kon open en tot 'n aansienlike toename in die Kaapse handel kon lei. Hy het in dié verband opgemerk: "Whatever has a tendency to increase the export of the Colony and to open new channels for our commerce must tend to the general interests of the mother country..".¹²⁵ Gelet op die vrugbaarheid van Delagoabaai in terme van vis, walvisse, ivoor, heuning en velle was hy daarvan oortuig dat 'n Britse handelspos 'n meer winsgewende handel as die Portugese met hul swak en wrede beleid teenoor die inheemse volkere sou voer. As die Portugese dit kon vermag om tot diep in die binneland van suidelike Afrika handel te dryf, was hy daarvan oortuig dat "a few respectable British Houses on the Bay"¹²⁶ dieselfde sou vermag.

As eerste stap "towards the civilization of that part of Africa" en 'n gepaardgaande toename in handel sou die Britse regering egter eers vrede in die Baai moes bewerkstellig. Philip het die volgende werkswyse voorgestel:

Give encouragement to the acts of peace, gain the confidence of the natives, show the tribes around the bay the advantages they would reap by becoming the medium of a profitable trade between the residents at the Bay and the tribes of the interior, and a considerable advance will be made towards the attainment of an important Colonial object.¹²⁷

Wat 'n Britse nedersetting in Delagoabaai betref, was Philip was van mening dat met die oog op die handel met die inheemse bevolking, 'n fort en driehonderd soldate op St. Mary-eiland of by die Maputorivier, met 'n besoek van 'n Britse oorlogskip dan en wan, voorlopig voldoende sou wees. Die Britse regering het na sy mening ook geen ander keuse gehad nie as om die Tembe-sessie te aanvaar, of andersins die voordele wat dit vir die Kaapkolonie ingehou het, te verloor. Syns insiens was die Portugese onder die indruk dat die Britse regering die Tembe-sessie aanvaar het

¹²⁴ Ibid.

¹²⁵ TNA, CO 48/62, Philip – Brink, Kaapstad, 13.4.1824, bylaag in Somerset – Bathurst, Kaapstad, 22.4.1824

¹²⁶ Ibid.

¹²⁷ Ibid.

en dat daar derhalwe vining teen hulle opgetree sou word as hulle met Britse handelskepe in die Delagoabaai sou inmeng. As die Portugese egter sou agterkom dat Engeland besluit het om eerder hul vlag in die baai te stryk, sou hulle onverwyld 'n poging aanwend om 'n eksklusiewe handel in die baai te vestig. Philip was nietemin daarvan oortuig dat niks die Britse regering verhoed het om die Tembe- of enige ander sessie van die inheemse leiers te aanvaar nie, aangesien Portugese gesag tot hul fort beperk was en die omliggende stamme net so onafhanklik van hulle was as wat die inheemse volke op die grense van die Kaapkolonie van Brittanje was.¹²⁸

Naas die ekonomiese voordele van 'n Britse oorname van Delagoabaai was daar volgens Philip ook ander direkte voordele wat oorweging verdien het. Volgens hom was dit redelik algemeen bekend dat die Verenigde State van Amerika (VSA) die voorafgaande paar jaar op soek was na 'n geskikte hawe tussen die VSA en Indië en dat Delagoabaai in dié verband die ernstige aandag van die Amerikaanse regering geniet het. In Amerikaanse hande sou Delagoabaai, aldus Philip, die VSA in staat stel om die handel met Indië en die Kaapkolonie groot skade te berokken.

Amerikaanse besit van Delagoabaai kon ook ander nadele vir die Kaapkolonie inhou. Een van die eerste dinge wat die Amerikaners ingeval van 'n oorlog met Brittanje sou doen, sou wees om die inheemse bevolking tussen Delagoabaai en die Kaapkolonie van wapens te voorsien en hulle aan te hits om die kolonie aan te val. Vanweë die omvangryke en kwesbare toestand van die kolonie se noord- en noord-oostelike grense, sou so 'n stap uiters nadelige gevolge vir die kolonie en die Britse Ryk inhou. "Directed by the vindictive and enterprising spirit of America" het Philip sy brief afgesluit, "the frontiers of our Colony in South Africa, would soon present such scenes as we shudder to read of, as having happened, along the lines which separate the British America from the territories of the United States".¹²⁹

Philip se standpunte oor die belangrikheid van Delagoabaai vir die Kaapkolonie en die Britse Ryk is nie deur Somerset gedeel nie. "I have not been able", het hy einde April 1824 aan Bathurst geskryf, "to discover any one capable of giving the slightest information relative to Temby or Delagoa Bay except the Reverend Dr John Philip, the Superintendent of the London Missionary Society in South Africa, and I have reason to believe that he had chiefly drawn his information from Captain Owen". Hoewel Somerset daarvan oortuig was dat Philip se standpunte "will not add

¹²⁸ Ibid.

¹²⁹ Ibid.

to the information Your Lordship is most probably already in possession of from the Admiralty”, het hy nogtans ‘n afskrif van sy brief aan die minister gestuur.¹³⁰

Met betrekking tot die voordele van Delagoabaai as ‘n hawe, was Somerset daarvan oortuig dat die verslae van Nourse en Owen baie meer gewig as sy siening sou dra, omdat hulle die baai self besoek het. Hy het Bathurst egter daarop gewys dat alle verslae daarop gedui het dat Delagoabaai en omgewing ‘n ongesonde en gevaarlike gebied was. Om die baai ‘n kommunikasieskakel met die Kaapkolonie te maak, sou boonop vir baie jare nie uitvoerbaar wees nie, omdat die inheemse volkere, “who inhabit the intermediate Country being so entirely uncivilized and savage as to render the attempt dangerous and hopeless”.¹³¹

Somerset se gebrek aan entoesiasme vir ‘n Britse nedersetting in Delagoabaai is vreemd, aangesien hy nie afsydig teenoor Britse handelsposte aan die suidooskus gestaan het nie. Enkele dae na sy brief aan Bathurst het hy toestemming aan Francis Farewell verleen om ‘n handelspos in Port Natal te stig. Hy het Farewell meegedeel dat hy baie ingenome sou wees om te hoor dat handelsbetrekkinge aangeknoop is en dat die weg voorberei is om die Britse beskawing daar te vestig, op voorwaarde dat die plaaslike bevolking in besluite geken word en dat redelike terme onderhandel word. Hy het Farewell ook meegedeel dat hy nie die verkryging van enige grondgebied sou sanksioneer “without a full communication being made to him of the circumstances under which they may be offered and intended to be received”.¹³² Somerset het Bathurst oor Farewell se beoogde handelsonderneming langs die suidooskus ingelig en meegedeel dat dié gerespekteerde persoon ook kapitaalkragtig was.¹³³

‘n Gebrek aan inligting oor die voordele van ‘n Britse oorname van Delagoabaai was egter nie al rede waarom Bathurst ‘n paar maande later teen die aanvaarding van die Tembe-sessie besluit het nie. Een van sy hoofbesware was dat die bepalings van die sessie Brittanje verplig het om ‘n gewapende mag in Delagoabaai te stasioneer. Bathurst was ook nie daarvan oortuig dat Brittanje se aanspraak op die baai beter as dié van die Portugese was nie. Sy slotsom was dat ‘n Britse besetting Brittanje in die onbenydenswaardige posisie sou plaas om grondgebied te beset waarop Brittanje geen aanspraak en op die oog af geen nut voor gehad het nie.¹³⁴

¹³⁰ TNA, CO 48/62, Somerset – Bathurst, 22.4.1824

¹³¹ Ibid.

¹³² TNA, CO 48/62, Brink – Farewell, 6.5.1824, bylaag by Somerset – Bathurst, Kaapstad, 10.5.1824

¹³³ Ibid.

¹³⁴ TNA, CO 324/75, Minute van Bathurst, laat 1824.

So het Owen se energieke poging om Britse gebiedsuitbreiding in Delagoabaai te bewerkstellig, op niks uitgeloop nie. Bathurst se besluit om nie die Tembe-sessie te aanvaar nie, was egter nie die einde van Britse aansprake op Delagoabaai nie. 'n Besoek van Owen in Augustus 1825 sou op 'n verdere konfrontasie met die Portugese owerheid uitloop en verreikende diplomatieke onderhandelinge in Europa tot gevolg hê.

HOOFSTUK VIER

VERDERE VERWIKKELINGE RONDOM DELAGOABAAI, 1824-1835

Lord Bathurst, die Britse minister van kolonies, se besluit om nie die Tembe-sessie van Maart-1823 te aanvaar nie, het nie die einde van kaptein William Owen se bemoeienis met die suidelike gedeelte van Delagoabaai beteken nie. Sy vasbeslotenheid om Britse handelskepe se reg om in Delagoabaai handel te dryf, te handhaaf, sou in Augustus 1825 tot 'n openlike konfrontasie met Portugese gesag in die baai lei en tot die eerste diplomatieke verwikkeling oor Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, aanleiding gee.

Soos reeds vermeld, het Owen in April 1824 tydens sy besoek aan Delagoabaai die Portugese vlag in Tembe deur die waarnemende Portugese bevelvoerder laat verwyder en, in die teenwoordigheid van dieselfde offisier, die Britse vlag enkele dae later op dieselfde plek gehys. Owen het tydens hierdie besoek ook egter kennis geneem dat die Zoeloe-koning, Tsjaka, in die tussentyd sy mag tot aan die suidelike gedeelte van die Baai uitgebrei het en dat beide Maiette en Makasane, asook enkele ander opperhoofde, 'n jaarlikse skatplig aan die Zoeloevors betaal het.¹

Na sy besoek aan Delagoabaai het Owen na Mauritius vertrek wat vir die grootste gedeelte van 1824 as basis vir die werksaamhede van sy ekspedisie aan die kus van Madagaskar sou dien. Naas sy verkennings- en opmetingswerk is sy aandag gedurende hierdie tydperk grootliks in beslag geneem deur sy pogings om die slawehandel aan die Oos-Afrikaanse kus deur 'n Britse besetting van Mombasa aan bande te lê. Owen was daarvan oortuig dat 'n sodanige besetting die beste strategie was om die uitvoer van slawe van die Oos-Afrikaanse kus na Arabië en die Ooste in die kiem te smoor. Omdat so 'n stap ook die slawehandel aan die Mosambiekse kus in die wiele kon ry, het dié slawehandel, en Britse belange in Delagoabaai in die besonder, nie sy aandag ontgaan nie. Met Mombasa en 'n deel van Delagoabaai in Britse besit sou Britse handelskepe ook makliker toegang tot ander hawens aan die Oos-Afrikaanse kus verkry.² Die nuus dat die nuwe Portugese goewerneur in Delagoabaai besonder negatief teenoor Britse handelskepe opgetree het, het hom opnuut in Mei 1825 aangespoor om die Britse belange in die suidelike gedeelte van die baai te beveilig.³

¹ TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, ter see, 3.5.1824, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mauritius, 19.6.1824.

² TNA, ADM 1/2269, Owen – Croker, *HMS Leven*, ter see, 8.3.1824, Owen – Croker, *HMS Leven*, Mauritius, 1.6.1824; E.H. Burrows, *Captain Owen of the African Survey 1774-1857*, pp. 124-146; M.V. Jackson Haight, *European Powers and South-East Africa*, pp. 176-187.

³ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 1, verklaring van William Corbett, Bembatookabaai, 4.5.1825.

Tydens Owen se werksaamhede in Mauritius is die Portugese handelspos in Delagoabaai in die tweede helfte van 1824 van 'n nuwe bevelvoerder, Xavier Schmid von Belliker, voorsien, en is die Portugese garnisoen terselfdertyd aansienlik versterk. Von Belliker, 'n voormalige aide de camp van goewerneur-generaal De Sylva, het vanuit die staanspoor 'n kragdadige beleid geïmplementeer om Portugese gesag in Delagoabaai te herstel. Hoewel hy van Switsers-Italiaanse afkoms was en tydens die Napoleontiese oorloë as offisier van 'n Switserse regiment aan Britse kant geveg het, het Von Belliker, ironies genoeg, geen ooghare vir die enkele besoekende Britse handelskepe in Delagoabaai gehad nie. Een van sy eerste optredes was om die Britse vlag in Tembe te verwyder en 'n verbod op enige handel tussen Britse skepe en die inheemse mense van Delagoabaai in te stel.⁴

Die eerste Britse handelskip wat onder Von Belliker se antagonisme deurgeloop het, was die *Eleanor* van Londen, wat in Augustus 1824 in English River-hawe anker gegooi het. Von Belliker het onmiddellik die gebruiklike Portugese wag aanboord geplaas en die kaptein, Robert Mitchell, aanvanklik toegelaat om teen die aankoop van 'n handelspermit op die Maputorivier met ivoor handel te dryf. Op 5 September 1824 het Von Belliker egter 'n verbod op alle handel in Mapoota of enige ander plek in die baai ingestel en selfs verbied dat enige vaartuig die *Eleanor* vir handelsdoeleindes verlaat. Dit wil voorkom of Mitchell hom nie aan die verbod gesteur het nie, aangesien hy op daardie stadium reeds deur Makasane van 'n afskrif van Owen se handelsverdrag van Augustus 1823 voorsien is. Von Belliker het gevolglik uit sy pad gegaan om Mitchell se handelsaktiwiteite aan bande te lê deur op die betaling van aksynsbelasting aan te dring, Mitchell aan boord die *Eleanor* te probeer arresteer en Makasane op te stook om die handelsafvaardiging van die *Eleanor* om die lewe te bring. Op 19 September is Mitchell se tweede in bevel selfs vir 'n paar uur in die fort sonder kos of water aangehou omdat hy geweier het om sy Mapoota-handelspermit op te gee. Onder hierdie omstandighede het Mitchell sy handelsbesoek aan die Maputorivier kortgeknip en Delagoabaai op 24 September 1824 verlaat.⁵ Soos aanstons sal blyk, was dit nie die laaste sien van die *Eleanor* in Delagoabaai nie.

'n Maand later het 'n tweede Britse handelskip, die *Salisbury* van Londen, onder Von Belliker se antagonisme teenoor Britse handelaars in Delagoabaai deurgeloop. Die kaptein van die *Salisbury*, William Corbett, het met sy aankoms in English River weens navigasie-probleme nie onmiddellik

⁴ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825; A.K. Smith, *The Struggle for Control of Southern Mozambique 1720-1835*, pp. 275-276.

⁵ TNA, FO 97/303, Brown – Canning, Londen, 4.12.1825.

ag geslaan op 'n waarskuwende kanonskoot van die Portugese fort nie en sowat drie kilometer verder stroom-op anker gegooi. Na 'n verdere Portugese kanonskoot van die rivieroewer die volgende oggend het Corbett egter op aandrang van Von Belliker sy ankerplek tot voor die fort verskuif, waar 'n Portugese wag aan boord die Salibury geplaas is. Von Belliker het Corbett verbied om op die English-, Dundas- of Matollriviere handel te dryf of om enigsins met enige van die inheemse mense aan die oewer van die groter Delagoabaai kontak te maak. Hy het sy optrede regverdig op grond van die Anglo-Portugese verdrag van 1810 asook bevele van die goewerneur-generaal van Mosambiek om die handel van alle buitelanders, en in besonder die handel in ivoor, met die Britte te verbied. Von Belliker het Corbett gewaarsku dat hy as 'n seerower beskou sou word, indien hy enige handelsbetrekkinge in die baai sou aanknoop. Corbett en die skeepsdokter, John Campbell, het ook van die Portugese vlag op die Tembe-oewer kennis geneem, maar opgelet dat die inwoners glad nie met die Portugese gekommunikeer het nie. Dit het vir hulle duidelik aangedui dat die betrekkinge tussen die Portugese en die inheemse bevolking nie besonder hartlik was nie.⁶

Tydens hul weeklange verblyf in English River-hawe het Corbett en Campbell, danksy die feit dat Von Belliker Engels goed magtig was, verskeie gesprekke met die goewerneur oor 'n verskeidenheid van onderwerpe gevoer. Von Belliker, wat in Februarie 1823 deur De Sylva aan Owen tydens sy eerste besoek aan Mosambiek-eiland as die aangewese Portugese offisier vir die beoogde gesamentlike Zambesierivier-ekspedisie voorgestel is, het van elkeen van hierdie geleenthede gebruik gemaak om op uiters beledigende wyse na Owen en sy vorige besoeke aan Delagoabaai te verwys. Hy het selfs so ver gegaan as om Owen as 'n seerower te bestempel wat hy as goewerneur in die tronk sou gegooi het. Onder hierdie omstandighede het die *Salisbury* Delagoabaai begin November 1824 verlaat om hul handelstog langs die Oos-Afrikaanse en Madagaskar-kus voort te sit – min wetende dat hul ontmoeting met Von Belliker belangrike gevolge vir Britse belange in die suidelike gedeelte van Delagoabaai sou inhou.⁷

In Desember 1825 het kaptein Mitchell van die *Eleanor* tydens 'n besoek aan Mauritius besluit om met die oog op die gunstige vooruitsigte van die ivoorhandel op die Maputorivier, 'n tweede besoek aan Delagoabaai te bring.

⁶ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 1, verklaring van William Corbett, Bembatookabaai, 4.5.1825.

⁷ Ibid; E.H. Burrows, p. 114.

Mitchell het om voor die hand liggende redes English River-hawe vermy en in Januarie 1825 in Port Melville, aan die oostelike ingang van Delagoabaai, anker gegooi. Hiervandaan het hy oor 'n tydperk van ses weke verskeie suksesvolle ivoorhandelsendings na die Maputorivier onderneem voordat die gevreesde Delagoa-koors hom en sy geselskap genoodsaak het om na Port Melville terug te keer, waar hy op 14 Maart 1825 aan boord die *Eleanor* oorlede is. Verdere sterftes onder die bemanning van die *Eleanor* het die handjievol oorlewendes genoodsaak om in April 1825 by die Portugese fort in English River, sowat 50 km daarvandaan, om hulp aan te klop.⁸

Von Belliker het onmiddellik 'n Portugese brigantyn na Port Melville gestuur waar die kaptein die ernstig siek Engelse bemanningslede meegedeel het dat die goewerneur opdrag gegee het om beheer oor die skip en sy bemanning te neem, totdat 'n Britse skip in die baai sou opdaag. Die *Eleanor* en sy niksvermoedende bemanningslede is gevolglik sonder slag of stoot deur die Portugese skip na English River-hawe geneem waar 'n sterk Portugese wag aanboord geplaas is. Von Belliker het enkele dae later formeel beslag gelê op die *Eleanor* op aanklag dat die skip die bepalinge van die Anglo-Portugese verdrag van 1810 geskend het deur in die suidelike gedeelte van Delagoabaai met die inheemse mense handel te dryf. Meer as 1 900 pond ivoor is gevolglik vanaf die *Eleanor* na die Portugese fort ontskeep onder die voorwendsel dat dit smokkelware was. Gedurende die volgende weke moes die oorlewende bemanningslede boonop magteloos toekyk hoe Von Belliker alles van waarde aanboord die *Eleanor*, insluitende die persoonlike besittings van die oorlede bemanningslede, al die seile en selfs die skip se Britse vlag verwyder het. Hul versoek aan die begin van Junie 1825 om na die Kaap te vertrek, is deur Von Belliker geweier. Hy het gedreig dat, tensy hulle hom 'n bedrag van 4 000 dollars betaal, hy die *Eleanor* na Mosambiekeiland sou stuur om verkoop te word. Hierdie skaakmat situasie tussen Von Belliker en die paar oorlewende bemanningslede van die *Eleanor* sou tot Augustus 1825 met die aankoms van kaptein Owen in Delagoabaai voortduur.⁹

Kaptein Corbett van die *Salisbury* het Von Belliker se antagonistiese optrede teenoor Britse handelskepe in Delagoabaai in Mei 1825 in Bembatooka-hawe aan die ooskus van Madagaskar onder Owen se aandag gebring.¹⁰ Vanweë sy goeie verstandhouding met De Sylva het Owen onmiddellik na Mosambiekeiland vertrek om persoonlik beswaar teen die skending van Britse regte in Delagoabaai aan te teken. Onderweg na Mosambiekeiland het hy 'n brief aan De Sylva

⁸ TNA, FO 97/303, Brown – Canning, Londen, 4.12.1825.

⁹ Ibid; Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 9, verklaring van Thomas Young, 29.8.1825, bylaag 10, verklaring van Edward Johnson, 29.8.1825, verklaring van luitenant W. Mudge, 21.8.1825.

¹⁰ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 1, verklaring van William Corbett, Bembatooka-bai, 4.5.1825.

gerig waarin hy sy belangrikste besware teen Von Belliker se optrede op skrif gesit het. Owen het De Sylva herinner dat hy beloof het om De Cardeinas te herroep en op versoek van Owen bevele sou gee dat daar nie Portugese wagte op Britse skepe in English River-hawe geplaas sou word nie. In die lig hiervan het Owen navraag gedoen of hy enige nuwe instruksies in dié verband van die Portugese regering ontvang het en of Von Belliker se optrede teenoor die *Salisbury* in opdrag van De Sylva geskied het. Hierdie inligting was vir Owen van besondere belang met die oog op sy optrede teenoor Von Belliker, aangesien hy van voorneme was om Delagoabaai binne die volgende twee maande te besoek.¹¹

Owen het ook sy misnoeë oor die verwydering van die Britse vlag in Tembe uitgespreek. Hy het die Portugese vlag aan die vlagpaal wat deur kommodoor Nourse aangebring is, as 'n belediging vir Brittanje beskou. Aldus Owen kon slegs 'n amptelike kennisgewing aan Brittanje só 'n stap regverdig. Hy het De Sylva derhalwe versoek om skriftelik aan te dui wie vir hierdie optrede verantwoordelik was. Owen het ook De Sylva se aandag gevestig op die beledigende taal waarmee Von Belliker in sy gesprekke met die kaptein van die *Salisbury* na hom verwys het. Hy het 'n herstel van die onreg geëis en versoek dat Von Belliker vir sy belediging van 'n Britse offisier gestraf word. Owen het sy brief met 'n kwalik bedekte dreigement afgesluit. Hy wou graag De Sylva se standpunte met betrekking tot die voorafgaande onderwerpe verneem "since it may prevent the necessity of my enforcing honourable amends for every insult offered to the British flag by that petty Factory which has too long been suffered to exist to the disgrace of humanity and the flag of His Most Faithful Majesty".¹²

Met Owen se aankoms in Mosambiekeiland-hawe op 9 Mei 1825 het hy egter vasgestel dat De Sylva in die tussentyd oorlede is en deur Sebastian Xavier de Botelho opgevolg is. Tydens hul samesprekings die volgende dag het dit aan die lig gekom dat De Sylva versuim het om sy opvolger enigsins op die hoogte van sake met betrekking tot Owen se ekspedisie of sy optredes in Delagoabaai te stel. Weens 'n regeringsverandering in Portugal het De Botelho ook nie kans gesien om enige ooreenkoms van sy voorganger met Owen na te kom nie. Owen het dit aanvanklik oorweeg om afskrifte van sy korrespondensie met De Sylva aan De Botelho beskikbaar te stel, maar die gedagte weens 'n gebrek aan tyd asook die omvangrykheid van die korrespondensie laat vaar. In stede daarvan het hy eerder 'n kort opsomming van sy optredes,

¹¹ TNA, FO 97/303, Owen – De Sylva, *HMS Leven*, ter see, 7.5.1825.

¹² Ibid.

motiewe en doelwitte met betrekking tot Delagoabaai aan De Botelho voorsien asook 'n afskrif van sy brief van Mei 1825 aan De Sylva.¹³

Owen het twee redes aangevoer waarom hy soveel moeite gedoen het om De Botelho op hoogte van sake te stel. Die eerste was omdat hy 'n klag teen Von Belliker wou indien, om beswaar te maak teen die kanonskoot wat op 'n Britse handelsvaartuig gevuur is, die vervanging van die Britse vlag in Tembe met dié van die Portugese en die beledigings waaraan 'n Britse offisier onderwerp is – dit terwyl die Tembe-sessie nog in dispuut was. Die tweede rede was dat Owen uit 'n menslikheidsoogpunt De Botelho op hoogte wou bring van die gruwelike misbruik en praktyke van die Portugese gesag teenoor die inheemse bevolking aan die ooskus.¹⁴

Vervolgens het Owen verduidelik waarom hy De Sylva versoek het om nie 'n Portugese wag aan boord besoekende Britse skepe in English River-hawe te plaas nie. Von Belliker se besluit om, soos De Cardeinas, Britse skepe in hul sendings te kortwiek, het Owen derhalwe slegs met een van twee keuses gelaat: om regstelling van De Botelho te verkry of sake in Delagoabaai in eie hande te neem. Hy het ook Von Belliker se verwydering van die Britse vlag in Tembe onder De Botelho se aandag gebring. Hy het die goewerneur-generaal daarop gewys dat Nourse, wat die gebied destyds namens Brittanje in besit geneem het, spesiaal 'n vlagpaal laat oprig het en dat dit die tweede keer was dat die Britse vlag deur 'n Portugese goewerneur verwyder is.¹⁵

Owen se skriftelike protes en sy aandrang op 'n verskoning vir Portugese vergrype in Delagoabaai, het gemengde welslae opgelewer. De Botelho het hom in 'n daaropvolgende gesprek meegedeel dat dit vir hom, met die beperkte tyd tot sy beskikking, nie moontlik was om die nodige vertaalwerk te laat doen nie en daarom kon hy nie binne 'n paar dae reageer nie. Aangesien Owen vanweë ander verpligtinge ook nie langer kon vertoef nie, het daar voorlopig niks van 'n Portugese apologie gekom nie. De Botelho het Owen nietemin die versekering gegee dat hy Von Belliker reeds beveel het om nie in te meng met die vreedsame handel tussen buitelandse handelskepe en die inheemse volkere van die Baai nie. Hy het Owen ook verseker dat Von Belliker onmiddellik uit sy pos verwyder sou word.¹⁶

¹³ TNA, FO 97/303, Owen – De Botelho, *HMS Leven*, Mosambiekeiland, 10.5.1825, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825.

¹⁴ Ibid.

¹⁵ Ibid.

¹⁶ Ibid.

Tydens hierdie besoek aan Mosambiekeiland het Owen ook inligting ontvang dat 'n Franse vaartuig in die hawe van voorneme was om na die Portugese handelspos in Delagoabaai terug te keer ten einde slawe aan boord te neem. Hy het hierdie inligting onmiddellik onder De Botelho se aandag gebring wat reeds daarvan kennis gedra het en Owen verseker het dat hy die slaweskip se planne in die wiele sou ry.¹⁷

Voordat hy Mosambiekeiland verlaat het, het Owen De Botelho in kennis gestel dat sy ekspedisie met die oog op die voltooiing van die opname van die Oos-Afrikaanse kus, Delagoabaai binne die volgende twee maande sou besoek.¹⁸ Dit was met die oog op hierdie besoek dat die *Albatross*, onder bevel van luitenant Mudge, laat die aand van 18 Augustus 1825 voor die Portugese fort in English River anker gegooi het. Die *Leven* en *Barracouta* sou eers tien dae later in Delagoabaai aankom. 'n Portugese offisier het dieselfde aand 'n hoflikheidsbesoek afgelê en by Mudge navraag gedoen of die Britse skip enige briewe van Mosambiekeiland gebring het. Mudge het dieselfde aand vasgestel dat 'n naby geleë vaartuig die *Eleanor* van Londen was en dat die vaartuig om veiligheidsredes na English River gebring is nadat die kaptein en meeste bemanningslede in Port Melville aan die koors beswyk het. Hy het onmiddellik 'n offisier na die *Eleanor* gestuur wat met een van die twee oorlewende bemanningslede asook die skeepsjoernaal van die *Eleanor* teruggekeer het. Die bemanningslid het Mudge op hoogte van Von Belliker se optredes gestel en op versoek van eersgenoemde weer die Engelse vlag die volgende oggend aanboord die *Eleanor* gehys.¹⁹

Mudge het vroeg die volgende oggend 'n hoflikheidsbesoek aan Von Belliker in die fort gebring. Sy voorneme was om 'n verduideliking vir die beslaglegging op die *Eleanor* te vra en om die vrystelling van die vaartuig te versoek. Sy plan het egter nie gerealiseer nie, omdat Von Belliker hom dadelik onhoflik in die teenwoordigheid van soldate gevra het of hy daarvan bewus was dat hy hom in 'n Portugese hawe bevind het. Mudge se antwoord dat hy nie bewus was dat die Portugese enige soewereiniteit in Delagoabaai uitgeoefen het nie, het 'n dreigende ultimatum van die goewerneur ontlok: Hy het onmiddellik die fort se kanonne beman en Mudge gedreig dat hy die *Albatross* sou sink as hy nie die baai binne 24 uur verlaat nie. Aangesien die *Albatross* oor geen kanonne beskik het nie, het Mudge onmiddellik anker gelig en buite bereik van die fort se kanonne weggevaar.²⁰

¹⁷ Ibid.

¹⁸ Ibid.

¹⁹ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 11, verklaring van luitenant W. Mudge, 21.8.1825, bylaag 7, verklaring van goewerneur Schmid von Belliker, Baai van Lourenço Marques, 21.8.1825.

²⁰ Ibid.

Om verdere sout in Britse wonde te vryf, is die Britse vlag wat die oggend op aandrang van Mudge op die *Eleanor* gehys is, deur Portugese soldate verwyder en 'n Portugese vlag dieselfde aand aan die Tembe-oewer gehys. Volgens Mudge het die vlaghysing teen die wil van die inheemse mense geskied wat hulself steeds as Britse onderdane, ooreenkomstig die verdrag van Maart 1823, beskou het. In afwagting op die aankoms van Owen het die *Albatross* English River op 21 Augustus verlaat en in Port Melville anker gegooi.²¹

Dit was onder hierdie omstandighede dat die *Leven* op 28 Augustus 1825, net soos die *Albatross* tien dae tevore, naby die Portugese fort in English River anker gegooi het. Owen was op hierdie stadium nog onbewus van die ontvangs wat Mudge te beurt geval het asook dat Von Belliker nog steeds in bevel was. Hoewel lede van die Portugese garnisoen oënskynlik twee kanonne op die *Leven* gerig het, het Owen hom nie daaraan gesteur nie en luitenant Badgeley, 'n offisier wat 'n bietjie Portugees kon praat, na die fort gestuur om die gebruikelike hoflikheidsbesoek af te lê.²²

Tot Owen se ontsteltenis het Badgeley 'n paar uur later met die boodskap van Von Belliker terug gekeer dat hy op 'n Engelse brigantyn weens smokkelhandel beslag gelê het, 'n week vantevore die *Albatross* beveel het om die baai binne 24 uur te verlaat en op eie verantwoordelikheid die Britse vlag in Tembe met die Portugese vlag vervang het. Von Belliker was boonop slegs bereid om per brief met Owen te kommunikeer.²³

Owen het in sy antwoord die volgende dag Von Belliker daarop gewys dat sy optrede in die baai ooglopend in stryd was met die lang gevestigde bondgenootskap tussen die Engelse en Portugese konings. Dit kon slegs vergelding ontlok wat tot nadeel van die vriendskaplike betrekkinge tussen die onderdane van die twee koninkryke sou strek. Hy was derhalwe van mening dat Von Belliker se minagtende optrede teenoor die Britse vlag op een of ander misverstand moes berus het en hom versoek om redes te verskaf hoekom hy nie onmiddellik reg in eie hande moes neem "to enforce immediate reparation of these outrageous wrongs and indignities". In die lig hiervan het hy Von Belliker versoek om besonderhede van elke voorval te verskaf wat Owen aan die Britse regering sou voorlê. Von Belliker is ook versoek om die *Eleanor*,

²¹ Ibid.

²² TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 4, Owen – Von Belliker, *HMS Leven*, English River, 28.5.1825.

²³ Ibid.

tesame met al haar seile en voorraad, binne 48 uur in 'n seewaardige toestand aan Owen te oorhandig.²⁴

Wat betref die verwydering van die Britse vlag in Tembe het hy Von Belliker daarop gewys dat hy goed vertrouwd was met die omstandighede met betrekking tot die Tembe-sessie aan Brittanje. Dit kon derhalwe onder geen omstandighede toegelaat word dat 'n goewerneur van 'n koning in alliansie met die Britse koning die Britse vlag verwyder of met sy onderdane inmeng nie. Dit was 'n aangeleentheid wat aan die onderskeie regerings oorgelaat moes word en 'n standpunt wat deur beide De Botelho en Owen in Mei 1825 ingeneem is. Volgens Owen het die aangeleentheid nou die aandag van die Britse en Portugese regerings geniet en moes daar op hulle besluit gewag word. Von Belliker is derhalwe versoek om tot tyd en wyl die vraagstuk besleg word, sonder versuim die Britse vlag in Tembe te herstel en hom van enige inmenging in die gebied te weerhou.²⁵

Owen het Von Belliker ten slotte in kennis gestel dat De Botelho van plan was om hom uit sy pos te verwyder weens sy optrede teenoor die *Salisbury* en sy onvanpaste opmerkings oor Owen. Die goewerneur-generaal was ook van voorneme om bevele uit te reik om Britse en ander vaartuie met rus te laat. Op grond hiervan was Owen daarvan oortuig dat Von Belliker geen magtiging vir enige van sy optredes teen Britse belange in die baai gehad het nie.²⁶

Von Belliker het in sy antwoord dieselfde dag veral aan twee sake aandag geskenk: die besit van Delagoabaai en sy beslaglegging op die *Eleanor*. Wat Delagoabaai betref, het hy geen ander gesag as dié van die Portugese koning en die goewerneur-generaal van Mosambiek erken nie. Aangesien die baai volgens hom reeds eeue lank aan Portugal behoort het, sou die Portugese vlag, wat vermoedelik volgens hom deur "seerowers" verwyder is, weer oor die baai wapper en hy sou enige persoon wat dit probeer verwyder as 'n seerower hanteer. Hy het Brittanje se aanspraak op Tembe as "intriges" tussen Owen en Maiette afgemaak en beweer dat dokumente in besit van die Portugese koning die teendeel van Owen se bewerings bewys. Volgens Von Belliker is Maiette deur die Portugese aangestel om beheer oor daardie gedeelte van die baai uit te oefen en het hy nie die reg besit om sy grondgebied te verkoop of af te staan nie - 'n klaarblyklike verwysing na die ooreenkomste wat Maiette in Oktober 1823 met De Cardeinas gesluit het. Wat buitelandse handelsvaartuie betref, het Von Belliker verklaar dat hy enige vaartuig

²⁴ Ibid.

²⁵ Ibid.

²⁶ Ibid.

wat met die inheemse mense van die baai wou handel dryf, sou konfiskeer; dat hy die inwoners van Tembe as Portugese onderdane beskou het, maar nie sou huiwer om hulle as rebelle te hanteer nie, indien hulle die Portugese regering op enige manier sou teenstaan.²⁷ Duideliker kon Von Belliker nie die Portugese standpunt gestel het nie.

Wat die beslaglegging op die *Eleanor* betref, het Von Belliker aangevoer dat hy kragtens instruksies van die goewerneur-generaal van Mosambiek in terme van artikel agt van die Anglo-Portugese verdrag van 1810 opgetree het. Syns insiens was die *Eleanor* 'n wrak, al die bemanning siek en die vaartuig aan die genade van die inheemse mense uitgelewer toe daarop beslag gelê is. Hy was nietemin bereid om die skip vry te stel op voorwaarde van 'n skriftelike onderneming van Owen dat dit na Mosambiekeiland of Lissabon vir beregtiging geneem sou word en dat Brittanje die boetes sou betaal wat deur 'n Portugese hof opgelê sou word.²⁸

Hoewel Owen Von Belliker se aggressiewe standpuntinname oor sy optredes in Delagoabaai in 'n baie ernstige lig beskou het, het hy besluit om sy antwoord voorlopig tot die vrystelling van die *Eleanor* te beperk. Die aankoms van die *Albatross* vroeg die oggend van 29 Augustus in English River-hawe het 'n groot rol in dié besluit gespeel. Danksy 'n verslag van Mudge, insae in die skeepsjoernaal van die *Eleanor* en Owen se persoonlike ondervraging van die twee oorlewende seemanne, het hy vermoed dat Von Belliker die oorhandiging van die seile en skeepsvoorraad van die *Eleanor* uit die fort sou teenstaan. Dit sou Owen tot gewelddadige optrede dwing – iets wat hy op daardie stadium ten alle koste wou vermy.²⁹

Owen het derhalwe dieselfde dag ontvangs van Von Belliker se brief erken, maar dit baie duidelik gemaak dat hy vasbeslote was om die vrystelling van die *Eleanor* te verseker. Hy was nie bereid om die onregmatige beslaglegging van 'n Britse vaartuig verder te bespreek nie en wou die skip so gou as moontlik aan 'n Britse hof uitlewer ten einde vas te stel of daar enige wet of ooreenkoms oortree is. Omdat Owen nie Von Belliker se gesag wou ondermyn of aanstoot gee nie, het hy die wyse van vrystelling aan hom oorgelaat. As verdere bewys dat hy aanstoot wou vermy of oorhaastig die reg in eie hande neem, was Owen bereid om onder eed te verklaar dat die *Eleanor* aan die Britse admiraliteit oorhandig sou word. Hy het ook onderneem om dokumente

²⁷ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 5, Von Belliker – Owen, Baai van Lourenco Marques 29.8.1825.

²⁸ Ibid.

²⁹ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825.

of protesskrifte wat Von Belliker aan die Admiraliteit of Portugese ambassadeur in Engeland wou rig, aan die instansies te besorg.³⁰

Om enige verdere uitstel of vertraging in die vrystelling van die *Eleanor* te voorkom, het Owen Von Belliker meegedeel dat roeibote van die *Leven* die volgende dag om een-uur beskikbaar sou wees om die seile, voorrade en sodanige eiendom in ontvangs te neem. Die bevelvoerende offisier van die roeibote sou, indien die goewerneur dit nodig ag, erkenning van ontvangs uitreik.³¹

Von Belliker se antwoord die volgende dag het Owen in 'n moeilike posisie geplaas. Hoewel hy bereid was om die seile en voorraad van die *Eleanor* te oorhandig, wou dit vir Owen voorkom of die goewerneur steeds van voorneme was om die vaartuig aan die Portugese owerhede in Mosambiek uit te lewer. Ten einde druk op Von Belliker uit te oefen, het Owen besluit dat die *Leven* en *Barracouta* manuevers voor die Portugese fort sou uitvoer waartydens die Portugese vlag terselfdertyd, as 'n gebaar van die vriendskaplike betrekkinge tussen die twee monargieë, met 'n kanonsaluut gesalueer sou word. Die manuevers is egter gestaak toe 'n Portugese soldaat tydens die kanonsaluut deur 'n onverklaarbare kanonskoot van die *Barracouta* noodlottig gewond is. Von Belliker, wat die manuevers van die Britse skepe vanaf die fort gade geslaan het, het besef dat die noodlottige kanonskoot van die *Barracouta* 'n ongeluk was en sy manskappe gekeer om nie uit selfverdediging op die Britse skepe los te trek nie.³²

Owen het nog dieselfde dag 'n skrywe aan Von Belliker gerig waarin hy sy spyt oor die voorval en die dood van die Portugese soldaat uitgespreek het en die bevelvoerder bedank dat hy die voorval as 'n ongeluk gesien het. Om verder druk op Von Belliker uit te oefen, het Owen die volgende oggend die *Leven*, *Barracouta* en *Albatross* weer in die baai voor die Portugese fort laat stelling inneem. Onder hierdie omstandighede en onder die indruk dat die Britse skepe voorbereidings tref om die fort te bombardeer, het Von Belliker en sy offisiere besluit om die *Eleanor* vry te stel. Owen is nog dieselfde dag van die besluit in kennis gestel waarna die ivoor, seile, voorrade en ander toerusting nog dieselfde dag deur 'n klein taakspan van die *Leven* aan boord die *Eleanor* ontskeep is. Op opportunistiese wyse het Von Belliker van hierdie geleentheid gebruik gemaak om ook 'n vrag van sy eie ivoor-voorraad met die *Eleanor* na Europa te verskeep.³³

³⁰ Ibid.

³¹ Ibid, bylaag 8, Owen – Von Belliker, *HMS Leven*, English River, 29.8.1825.

³² Ibid.; bylaag: Extract of an official letter addressed by the Governor of Bahia de Lourenco Marques to the Ambassador of His Most Faithful Majesty in London, Xavier Schmid von Belliker, Bahia de Lourenço Marques, 5.9.1825

³³ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825; bylaag 12, Von Belliker – Owen, Baai van Lourenco Marques, 30.8.1825; bylaag 13, Owen – Von Belliker, *HMS Leven*, English River, 30.8.1825; T. Boteler, *Narrative of a voyage of*

Met die *Eleanor* veilig in Britse hande het Owen weer eens die strydbyl met Von Belliker oor Britse en Portugese aansprake op Delagoabaai opgeneem. In 'n lywige brief van 1 September 1825 het hy 'n verduideliking oor verskeie aangeleenthede van Von Belliker se beledigende brief van 29 Augustus geëis. Die belangrikste onderwerpe was die Portugese se gebruik om 'n wag aan boord besoekende skepe te plaas, die Portugese aanspraak op die ganse Delagoabaai en die verwydering van die Britse vlag in Tembe. Owen het Von Belliker allereers om afskrifte van die bevel van die goewerneur-generaal van Mosambiek versoek op grond waarvan hy op die *Eleanor* beslag gelê het en die Britse vlag in Tembe verwyder het.³⁴

Met verwysing na Von Belliker se opmerking dat hy enige vaartuig sou konfiskeer wat met die inheemse mense van die baai sou handel dryf, het Owen hom versoek om te verduidelik en te omskryf wat hy as die grense van die baai beskou het en of Britse vaartuie hierby ingesluit was. Owen het aangebied om hom van 'n kaart van Delagoabaai te voorsien waarop hy die grense van Portugese gesag, op land en water, moes aandui. Dit sou verhoed dat Owen en ander Britte op Portugese gebied oortree, maar hom terselfdertyd in staat stel "to point out those limits within which if you presume on any account to touch a British vessel, it shall be at your own peril".³⁵ Ten einde te verhoed dat Von Belliker vyandig teen Britse vaartuie optree, was Owen van voorneme om 'n ooreenkoms aan hom voor te lê waarvolgens die Portugese slegs in twee gevalle toegelaat sou word om 'n wag aan boord 'n Britse skip te plaas: indien die skip in die baai voor die Portugese fort sou anker gooi en indien die Britte met die Portugese handelspos wou handel dryf. Dat Owen vasbeslote was om te verhoed dat Von Belliker weer op 'n Britse vaartuig in Delagoabaai beslag lê, blyk duidelik uit sy slot-opmerking in die verband: "The Portuguese neither have now, nor ever had any Sovereignty over any of the countries in this bay, nor have they ever exercised any civil jurisdiction beyond the limits of their own factories and until the British Government shall so instruct me I will never permit any petty factory or other that I can oppose to seize by force and confiscate any British vessel by their own authority and judgement".³⁶

Wat betref Von Belliker se bewering dat die Portugese koning se besit van Delagoabaai reeds eeue lank erken is, het Owen hom daarop gewys dat slegs die koning se reg om tussen Kaap Delgado en Delagoabaai slawehandel te bedryf, deur internasionale verdrae erken is. Hierdie

discovery to Africa and Arabia, II, pp. 290-292; W.F. Owen, *Narrative of voyages to explore the shores of Africa, Arabia and Madagascar, II*, pp. 205-207.

³⁴ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825, bylaag 15, Owen – Von Belliker, *HMS Leven*, English River, 1.9.1825.

³⁵ Ibid.

³⁶ Ibid.

verdrae het Portugal egter nie 'n reg van dominium op Delagoabaai verleen nie, aangesien al die inheemse volkere aan die ooskus suid van Kaap Corrientes onafhanklikheid geniet het en nie aan Portugese gesag onderworpe was nie. Hy het Von Belliker daarop gewys dat op dieselfde tyd stip waartydens hy so 'n buitengewone aanspraak op Portugese territoriale besit in Delagoabaai maak, al die omliggende volke van die baai skatplig betaal aan 'n opperhoof wat die Portugese te bang was om te opponeer – 'n klaarblyklike verwysing na die Zoeloe-koning Tsjaka. Volgens Owen was dit nóg sy, nóg Von Belliker se plig om verdrae en nasionale regte te interpreteer en hierdie vraagstukke eerder aan hul regerings oor te laat. Hy het die goewerneur gewaarsku dat hy in daardie stadium dit as sy enigste plig beskou het om te verhoed dat Von Belliker Britse belange in Delagoabaai benadeel en hy daaron nie sou skroom om, ter wille van die vriendskaplike verhouding tussen Brittanje en Portugal, hom uit sy pos te laat verwyder nie.³⁷

Owen het vervolgens na die verwydering van die Britse vlag in Tembe verwys. Hy het Von Belliker se verduideliking dat hy nie vir die verwydering van die vlag verantwoordelik was nie, met dankbaarheid aanvaar, aangesien hy andersins op 'n verskoning vir die nasionale belediging aan Brittanje sou moes aandring. Owen het die goewerneur ook meegedeel dat hy die Britse vlagpaal gaan verwyder, aangesien hy in die afwesigheid van bevele “to protect the wretched natives from your intrigues and wrath, I will not be instrumental in subjecting them to either”.³⁸ Hy het Von Belliker nietemin gewaarsku dat die moontlikheid bestaan dat die Britse regering die Tembe-inwoners steeds as hul onderdane beskou het. In so 'n geval sou Von Belliker se verklaarde voorneme om weer die Portugese vlag in Tembe te hys ernstige gevolge vir hom inhou. “I can only assure you” het Owen gewaarsku, “that I will make you publicly and personally responsible to me, if it is again hoisted in my presence on the shores of Temby”.³⁹

Owen het ten slotte Von Belliker se beledigende optrede teenoor luitenant Mudge van die *Albatross* aangeroei. Hy het die goewerneur daarvoor en ook oor sy neerhalende opmerkings oor Owen voor stok gekry en die versekering gegee dat as hy dit sou durf waag om 'n enkele kanonskoot op die *Albatross* te vuur, Owen die Portugese fort met die grond gelyk sou maak. Aangesien dit 'n openbare belediging was, moes Von Belliker om verskoning vra of 'n verduideliking verskaf. Owen sou hom andersins 24 uur kennis gee om die fort te verlaat of dit onder kanonvuur steek.⁴⁰

³⁷ Ibid.

³⁸ Ibid.

³⁹ Ibid.

⁴⁰ Ibid.

Van Belliker het in sy antwoord die volgende dag op 'n kort en ietwat onsamehangende manier op Owen se brief gereageer. Hy het Owen se versoek om afskrifte van sy bevel te ontvang van die hand gewys, omdat hy nie gemagtig was om sy instruksies van die goewerneur-generaal van Mosambiek aan 'n offisier van 'n ander moondheid te oorhandig nie. Hy het voorts sy bes probeer om enige verantwoordelikheid vir sy optrede teenoor die *Eleanor* en *Albatross* te ontduik. Hy het volgehou dat die Portugese die *Eleanor* te hulp gesnel het en sy optrede teenoor Mudge regverdig omrede die Britse offisier nie die Portugese besit van die baai wou erken nie. In die lig hiervan sou hy slegs apologie aanteken as hy deur 'n Portugese krygshof skuldig bevind sou word.⁴¹

Omdat hy nie in staat was om verder weerstand te bied nie, het Von Belliker homself egter bereid verklaar om aan Owen se eise te voldoen. Onder die indruk dat Owen hom van sy amp gaan onthef, het hy hom uitgenooi om die fort te besoek en was bereid om Owen se opdragte te gehoorsaam, totdat sy opvolger by hom oorgeneem het. Hy het ook sy woord gegee dat hy die opdrag sou uitvoer, asof dit deur die goewerneur-generaal van Mosambiek uitgereik is.⁴²

Owen het in die lig hiervan 'n lys van instruksies vir die opeenvolgende goewerneurs van die Portugese handelspos in Lourenco Marques opgestel, waarvan hy die Engelse weergawe op 4 September 1825 aanboord die *Leven* onderteken het. Von Belliker het dieselfde dag 'n verklaring in die fort onderteken waarin hy beloof het om aan die bepalings gehoor te gee, totdat sy opvolger sy opwagting gemaak het.⁴³

Die instruksies het betrekking gehad op die Portugese gebruik om 'n wag aan boord besoekende skepe te plaas, Brits-Portugese aansprake op Tembe en Owen se handelsverdrag met Makasane in Augustus 1823. Die Portugese is uitdruklik verbied om enige Britse vaartuig in Delagoabaai of enige rivier in die baai te besoek of 'n wag aan boord te plaas. Hulle mag ook nie op enige wyse by hierdie vaartuie inmeng nie. Enige Britse vaartuig wat met die fort wou handel dryf, moes dieselfde behandeling as 'n Portugese skip ontvang. Op geen Britse vaartuig sou daar sonder 'n deeglike ondersoek en verhoor beslag gelê word nie.⁴⁴

⁴¹ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825; bylaag 17, Von Belliker – Owen, Baai van Lourenco Marques, 2.9.1825.

⁴² Ibid.

⁴³ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Delagoabaai, 6.9.1825; bylaag 18, Instructions for the Governors of the factory of Lourenco Marques, *HMS Leven*, English River, 4.9.1825.

⁴⁴ Ibid.

Wat die Tembe-gebied betref, het Owen bepaal dat tot tyd en wyl die Britse en Portugese regerings uitsluitel oor die besit van die gebied verkry het, nóg die Britse, nóg die Portugese vlag daar gehys sou word. Dit sou die Tembe-inwoners intussen vry staan om na eie keuse met die Britte of Portugese handel te dryf.⁴⁵

Die Portugese goewerneurs is laastens verbied om met die Britte se handelsaktiwiteite in die Mapoota-gebied, kragtens hul handelsverdrag van 1823 met Makasane, in te meng, tensy hulle uitdruklike bevel van die goewerneur-generaal van Mosambiek ontvang.⁴⁶

Uit Owen se instruksies aan die Portugese goewerneurs is dit duidelik dat hy, in die afwesigheid van enige terugvoer van die Britse regering oor sy verdrae met Malette en Makasane, Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai probeer handhaaf het.

Op dieselfde dag het Owen ook 'n brief aan bevelvoerders van Britse skepe wat in die toekoms deur die Portugese owerhede besoek sou word, opgestel. Daarin is hulle in kennis gestel dat die Mosambiekse owerhede aanspraak maak op die Portugese besit van die ganse Delagoabaai en bereid was om die aansprake met geweld af te dwing. In die lig hiervan het Owen die bevelvoerders aanbeveel om nie die vriendskaplike betrekkinge tussen Brittanje en Portugal in gevaar te stel nie deur weerstand teen die Portugese owerhede te bied, maar eerder vreedsaam beswaar aan te teken teen "every violation of the British flag and independence which may occur".⁴⁷

Voordat hy Delagoabaai vir die laaste keer verlaat het, het Owen op 6 September 1825 'n omvattende verslag oor die vrystelling van die *Eleanor* en die gepaardgaande verwikkelinge in die baai vir die Britse admiraliteit opgestel. Aan die einde van sy verslag het hy opgemerk dat Von Belliker in antwoord op 'n versoek van Owen "that he would trace the limits of his Government on a chart", die ooskus tussen Inhambane en Port Natal inklusief, aangedui het, maar dat nie een van hierdie plekke in sy instruksies aangedui was nie. Owen se kommentaar hierop was dat met die uitsondering van die Lourenco Marques-handelspos die Portugese nie 'n enkele duim grondgebied aan die ooskus besit het nie. Dit was die eiendom van onafhanklike inheemse groepe. Hierdie verslag, asook 'n groot aantal bylaes en twee pakkies van Von Belliker aan die Portugese ambassadeur in Londen, is in Februarie 1826 deur die admiraliteit aan die Britse

⁴⁵ Ibid.

⁴⁶ Ibid.

⁴⁷ Ibid; bylaag 18, Letter to such commander of British merchant vessels as may be visited by the Officers of His most faithful Majesty in the bay of Delagoa, *HMS Leven*, English River, 4.9.1825.

departement van buitelandse sake besorg. In die daarby meegaande skrywe is die departement in kennis gestel dat die *Eleanor* reeds na Londen teruggekeer het en aan haar eienaars terugbesorg is.⁴⁸

Die Portugese ambassadeur in Londen, die hertog De Palmela, het eerste op die gebeure rondom Owen se vrystelling van die *Eleanor* gereageer. De Palmela was 'n ervare diplomaat en mede-opsteller van die Anglo-Portugese konvensie van 28 Julie 1817 waarvolgens Portugal se aansprake op die Oos-Afrikaanse kus tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques deur Brittanje erken is. Hy het in Junie 1826 by Canning, die Britse minister van buitelandse sake, beswaar aangeteken teen Owen se optrede in die Baai van Lourenco Marques. Volgens hom is daar kragtens bestaande Portugese wetgewing en die Anglo-Portugese konvensie van 1810 op die *Eleanor* na blatante smokkelhandel in Portugese gebied beslag gelê en is die skip op 'n onwettige wyse deur Owen vrygestel. Hy het 'n amptelike klag teen Owen gelê oor sy onregmatige optrede in Portugese gebied en daarop aangedring dat hy gestraf word. Hy het voorts geëis dat die *Eleanor* aan die Portugese owerhede in Lissabon vir beregtiging oorhandig word, of, dat skadevergoeding aan Portugal betaal moes word.⁴⁹

Navrae van Canning aan die admiraliteit om meer inligting oor die aangeleentheid het niks opgelewer nie. De Palmela is hiervan in kennis gestel.⁵⁰ Owen is kort na sy aankoms in Londen in Augustus 1826 van De Palmela se skrywe in kennis gestel en versoek om 'n verduideliking te gee. Hy het egter aangevoer dat hy in sy verslag oor die *Eleanor* van September 1825 reeds 'n volledige verduideliking verskaf het. Hy was nietemin bereid om sodra hy van sy siekbed herstel het, enige verdere verduidelikings te verskaf.⁵¹

Na aanleiding van 'n verdere versoek van die admiraliteit vir meer inligting aangaande die vrystelling van die *Eleanor* het Owen in twee verdere skrywes syns insiens die foute, absurditeit en valsheid van De Palmela se bewerings aan die lig probeer stel. Volgens hom is die wettige handel van Britse handelaars aan die ooskus té lank deur Portugese inmenging in die wiele gery en was die tyd ryp om Britse lewens en belange in die toekoms te beskerm. Ten einde die presiese omvang van Portugese dominium en gesag in Oos-Afrika vas te stel, het hy die Britse regering na sy verslae van 1822 tot 1825 verwys en weer eens 'n kort oorsig oor die Portugese nedersettings, en Delagoabaai in die besonder, verskaf. Hy het die onafhanklikheid van die

⁴⁸ TNA, FO 97/303, De Palmella – Canning, London, 17.6.1826.

⁴⁹ TNA, FO 97/303, De Palmella – Canning, London, 17.6.1826.

⁵⁰ TNA, FO 97/303, De Walden-Barrow, 29.6.1826; Canning – De Palmella, 4.7.1826.

⁵¹ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, *HMS Leven*, Londen, 8.9.1826; Barrow – De Walden, 4.10.1826.

inheemse opperhoofde in Delagoabaai beklemtoon en bygevoeg “that even in the presence of the Portuguese the king of Katemby [Maiette] ceded his territory to His Brittanic Majesty thro me and the King of Mapootu and Inyack [Makasane] made with me a treaty to regulate the commerce of British merchants - and the former granted lands on English River to British subjects, directly facing the Portuguese factory on the opposite side of the river, where the Portuguese have no establishment, and all these countries have since been subjected by king Chaka [Tsjaka] and are now held by him”.⁵²

Volgens Owen kon die Tembe-sessie in Delagoabaai met die nuwe Albany-kolonie aan die Kaap vergelyk word: beide landstreke is op presies dieselfde wyse deur Brittanje van die inheemse mense verkry en die Portugese het, hoewel hulle geen sê in beide aangeleenthede gehad het nie, nogtans beide ooreenkomste bevestigteken.⁵³

Hy het ook daarop gewys dat hy reeds met sy eerste besoek aan Delagoabaai die Portugese gebruik “of boarding and putting Black soldiers on board English vessels” verbied het en dat kommodoor Nourse dieselfde standpunt gehuldig het en soortgelyke instruksies aan Britse handelskepe in daardie geweste uitgereik het. In Oktober 1823 het sy skriftelike protes teen hierdie Portugese gebruik boonop daartoe gelei dat die toenmalige goewerneur-generaal van Mosambiek daarvan afgesien het totdat “definite orders on the subject should be received from Lisbon in concert with the British Minister”, en sy opvolger het Owen die versekering gegee dat hy soortgelyke bevele uitgereik het. Daarbenewens was dit ‘n alombekende feit dat Britse, Franse, Nederlandse en Anglo-Amerikaanse walvisvaarders Delagoabaai die voorafgaande tweehonderd jaar jaarliks besoek het en dat die skepe nooit deur die Portugese in die groter baai deursoek is nie. Indien hulle English River binnegevaar het en naby die Portugese fort anker gegooi het, is ‘n Portugese wag sedert 1802 egter aan boord geplaas.⁵⁴

Daar was volgens Owen trouens sterker gronde om te bewys dat Portugal geen dominium (besitreg) in Delagoabaai geniet het nie, naamlik inligting in die Kaapse koloniale argief wat daarop dui dat “the Bay and Countries of Delagoa” deur die Nederlanders rondom 1720 beset is, as deel van die Nederlandse kolonie aan die Kaap beskou is en saam met die Kaapkolonie in 1815 aan Brittanje afgestaan is. Om hierdie siening te staaf, het hy ‘n dag later ‘n “Note on Delagoa Bay and Natal”, gegrond op sy navorsing in die Kaapse argief, aan Croker gestuur.⁵⁵

⁵² TNA, FO 97/303, Owen – Croker, Londen, 11.10.1826; Owen – Croker, Londen, 12.10.1826.

⁵³ Ibid.

⁵⁴ Ibid.

⁵⁵ Ibid; Note on the Colonies of Delagoa Bay and Port Natal.

Owen het dit beklemtoon dat hoewel die *Sincapore* en die *Eleanor* in ooreenstemming met Nourse se instruksies en toestemming van die Portugese goewerneurs met die onafhanklike inheemse volke in die suide van Delagoabaai handel gedryf het, die Portugese nietemin op beide skepe en hul ivoorvoorraad beslag gelê het. Hoe De Palmela dus kon aanvoer dat die kaptein van die *Eleanor* hom aan smokkelhandel skuldig gemaak het, was vir hom onverklaarbaar. Hy kon ook nie insien hoe De Palmela die barbaarse optrede van die Portugese teen die *Eleanor* en Britse onderdane met bepalinge van die Anglo-Portugese verdrag van 1810 kon versoen nie.⁵⁶

Croker is ten slotte aangeraai om De Palmela se skrywe aan Canning met Owen se vorige verslae te vergelyk. Dit sou dan duidelik wees dat die Portugese se interpretasie van gebeure nie te vertrou was nie. Owen het die hoop uitgespreek dat hulle verantwoording sou doen vir hulle onregmatige optredes teenoor Britse handelsvaartuie in Delagoabaai.⁵⁷

Om die Britse regering 'n beter begrip van die Portugese besittings in Oos-Afrika te gee, het Owen 'n dag later die admiraliteit van 'n kaart van die ooskus voorsien waarop die grense van Portugese gesag asook die Tembe-sessie aangedui was. Omdat hy bekommerd was dat hy dalk nie die aard van die Portugese handelspos in English River na behore verduidelik het nie, het hy dit goed gedink om dit met die Portugese handelspos te Bissao, aan die weskus van Afrika, te vergelyk, waar die Portugese 'n baie sterker aanspraak gehad het as op enige deel van die Oos-Afrikaanse kus. Die Britse regering was ook meer vertrou met die Portugese aansprake aan die weskus, aangesien hulle, soos die Portugese, ook aanspraak op die nabygeleë Bulama-eiland gemaak het. Owen het die vraag gestel, wat sou gebeur as die Portugese in hierdie geweste onregmatig op 'n Britse vaartuig beslag lê en enige Britse offisier, op dieselfde wyse as hý in die geval van die *Eleanor*, die vrystelling daarvan bewerkstellig? "Would not all Europe smile to hear that the Court of Portugal had gravely demanded, and from Great Britain too, that she, the vessel so unjustly seized, should be given back to them, or they be indemnified for being deprived of the profits to have arisen from a lawless outrage on British subjects?", aldus Owen.⁵⁸

In die lig van De Palmela se persoonlike aanval op hom het Owen sy brief afgesluit met 'n kort oorsig van geleenthede toe hy die Portugese handelspos in Delagoabaai te hulp gesnel het: die voorsiening van broodnodige voorrade in Maart 1823, sy optrede teenoor die Vatwabs se

⁵⁶ Ibid.

⁵⁷ Ibid.

⁵⁸ TNA, FO 97/303, Owen – Croker, Londen, 12.10.1826.

plundertogte in die omgewing van die fort en sy persoonlike ingryping in April 1824 om te verhoed dat al die Portugese inwoners van die handelspos om die lewe gebring en die fort verwoes word. Ook dat hy tydens sy opname van die weskus van Afrika, die Portugese handelspos in Bissao te hulp gesnel het om 'n opstand onder die Portugese garnisoen te onderdruk – 'n optrede waarvoor hy die dank van die plaaslike Portugese owerhede ontvang het. In die lig hiervan het Owen verklaar dat sy optrede bepaal is deur die goeie verhouding tussen Brittanje en Portugal asook sy plig as Britse vlootoffisier en nie uit enige persoonlike oorweging nie.⁵⁹

Owen was nie die enigste persoon wat verantwoording van die Portugese regering vir hul beslaglegging op die *Eleanor* geëis het nie. In Desember 1826 het die eienaars van die *Eleanor*, Brown en Ashcroft, 'n lang en omvattende skrywe aan Canning gerig waarin hulle die Portugese goewerneur in Delagoabaai van 'n skending van die bepalinge van volkerereg beskuldig. Hulle het sterk beswaar aangeteken teen die Portugese goewerneur se vyandige optrede teenoor Britse belange, sy beslaglegging en plundering van die *Eleanor* in stryd met Owen en Makasane se handelsverdrag van 1823 asook die Anglo-Portugese verdrag van 1810. In die lig hiervan het hulle die oortuiging uitgespreek dat die Portugese regering verplig was om hulle as Britse handelaars vir hul swaar verliese te vergoed. Die eienaars was bereid om nóg dokumentêre bewyse te verskaf, indien kaptein Owen hul weergawe van gebeure in Delagoabaai sou bevestig. Canning is gevolglik versoek om namens hulle die bedrag van 7 236 Britse pond skadevergoeding van Portugal te eis.⁶⁰

De Palmela se klagte teen Owen, Owen se verduideliking van die omstandighede waaronder die beslaglegging van die *Eleanor* geskied het, alle relevante korrespondensie oor die onderwerp asook die eienaars se eis om skadevergoeding, is gevolglik in Desember 1826 deur Canning aan die koning se regsadviseur, Chris Robinson, voorgelê.⁶¹

Robinson het in Februarie 1827 bevind dat Owen se talle verslae voldoende bewyse verskaf het dat die Mapoota-gebied nie deel was van die erkende dominium van die Portugese kroon nie. Tensy die teendeel bewys kon word, kon daar dus nie sprake wees van 'n oortreding van die bepalinge van die Anglo-Portugese verdrag van 1810 nie. Aldus hom was die kruks van die saak dus of die Mapoota-gebied deel was van die erkende dominium van Portugal. Indien dit nie die geval was nie, kon daar geen klag teen Owen aanhangig gemaak word nie, aangesien hy nie

⁵⁹ Ibid.

⁶⁰ TNA, FO 97/303, Brown – Canning, Londen, 4.12.1825.

⁶¹ TNA, FO 83/2322, Robinson – Canning, 1.2.1827.

aangekla is van enige onregmatige optrede teenoor die goewerneur nie, maar slegs dat hy dit as sy plig beskou het om die vaartuig aan sy eienaars terug te besorg.⁶²

Wat die eienaars van die *Eleanor* se skadevergoedingseis betref, was Robinson van mening dat daar eers uitsluitel oor Portugal se aanspraak op Mapoota verkry moes word, maar hy het Canning nogtans aangeraai om die Portugese regering daarvan in kennis te stel. Hy het egter opgemerk dat dit volgens die korrespondensie wou voorkom of die kaptein van die *Eleanoar* uit onkunde aanvanklik die Portugese gesag in Mapoota erken het.⁶³

Op grond van hierdie advies het Canning in April 1827 De Palmela van Owen en die eienaars van die *Eleanor* se verduidelikings in verband met die beslaglegging op die *Eleanor* in kennis gestel. Hy het hom verwys na sy amptelike nota van Junie 1826 waarvolgens die Portugese owerhede op die *Eleanor* in Port Melville beslag gelê het op 'n aanklag van ivoorhandel in die Mapoota-gebied, volgens De Palmela Portugese grondgebied. Volgens Canning het Owen en die eienaars van die *Eleanor* se weergawe egter 'n ander prentjie van gebeure geskilder. Aangesien dit vir die Britse regering belangrik was om geregtigheid aan die aansprake van die Portugese kroon asook die geregverdigde eise van sy eie onderdane, te laat geskied, is De Palmela gevolglik versoek om hom in te lig oor " what grounds the spot at which the vessel was trading when she was seized, is claimed as Portuguese territory; whether under actual possession by a Portuguese force; whether under a recognized cession of the territory by the native chief; or under any other act or compact recognized by the law of nations as giving an unquestionable right of sovereignty over the spot".⁶⁴

De Palmela het in Mei 1827 aan Canning se versoek voldoen. In 'n amptelike nota aan lord Dudley, Canning se opvolger as Britse minister van buitelandse sake, het hy verskeie redes vir Portugal se onbetwisbare reg op die Baai van Lourenco Marques en derhalwe die Mapootagebied aangevoer, naamlik, die ontdekking (sic) van die baai tydens die Portugese se eerste seereis na Indië in 1498, die oprigting van 'n fort in die Baai van Lourenco Marques wat steeds deur 'n garnisoen van die goewerneur-generaal van Mosambiek beman is, ooreenkomste met die inheemse mense van die baai waarin die oppergesag van die Portugese koning in die baai erken en oor die eeue heen hernu is en die konstante erkenning tot op daardie stadium van hierdie regte deur alle Europese moondhede – 'n feit wat deur die bestudering van geografiese kaarte bevestig sou word.⁶⁵

⁶² Ibid.

⁶³ Ibid.

⁶⁴ TNA, FO 97/303, Canning – De Palmela, 25.4.1827.

⁶⁵ TNA, FO 97/303, De Palmela – Dudley, 23.5.1827.

Volgens De Palmela was die duidelikste bewys van Brittanje se amptelike erkenning van Portugal se reg op die Oos-Afrikaanse kus egter die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817, waarvan hy 'n afskrif vir Dudley se kennisname ingesluit het. Hy was daarvan oortuig dat Owen onkundig oor die bestaan van hierdie verdrag was en verdrae met die opperhoofde van Tembe en Mapoota gesluit het waarvolgens hulle op Britse beskerming kon aanspraak maak. Dit was 'n duidelike skending van vorige ooreenkomste van dieselfde opperhoofde met Portugal waarin hulle Portugese soewereiniteit oor hul grondgebied erken het en waaroor die Portugese owerhede derhalwe beswaar aangeteken het. Syns insiens was dit onnodig om in juridiese besprekings te verval ten einde die ongeldigheid van Owen se ooreenkomste met die opperhoofde van die inheemse mense – volgens De Pamela halfbarbare – te bewys, veral as die opperhoofde dit nie self as in stryd met vorige ooreenkomste beskou het nie. Aangesien die reg op soewereiniteit op die grootste deel van Afrika in Europese besit moeilik gesubstansieer kon word, het De Palmela aanbeveel dat die datum van ontdekking en die vestiging van Europese nedersettings eerder as vertrekpunt vir territoriale aansprake geneem moes word.⁶⁶

Ten einde Portugese aansprake op Delagoabaai te staaf, het De Palmela gewaarmerkte afskrifte van verskeie ooreenkomste en verklarings met betrekking tot die opperhoofde van Tembe en Mapoota, aan Dudley verskaf. Dit het die Portugese se 1794-ooreenkoms met Kapell asook De Cardeinas se verdrae in Oktober 1823 met Makasane en Malette ingesluit. Hy het Dudley se aandag op Owen se skrywe aan die bevelvoerder van die Portugese nedersetting gevestig en namens die Portugese regering amptelik beswaar aangeteken teen die hysing van die Britse vlag in Tembe. Owen se standpunt dat die Portugese handelspos in Lourenco Marques hulle slegs handelsregte en nie dominium in Tembe verleen het nie, is ook deur De Palmela ontken. Dudley is daarop gewys dat, alhoewel al die Portugese nedersettings in Afrika aanvanklik slegs as handelsposte bekend gestaan het en nie noodwendig Portugese dominium oor die omliggende grondgebied ingesluit het nie, die reg van die Portugese koning op die omliggende grondgebied mettertyd as vanselfsprekend aanvaar is. In die lig hiervan kon die Portugese dus op soewereiniteit, en nie nét handelsregte nie, in Tembe aanspraak maak.⁶⁷

De Palmela het ook 'n afskrif van lord Londonberry se brief van Februarie 1822, op die vooraand van die vertrek van Owen se ekspedisie na Afrika, aan die Portugese saakgelastigde in Londen, d' Oliveira, onder Dudley se aandag gebring. In die brief is Portugese geloofsbriewe vir Owen met

⁶⁶ Ibid.

⁶⁷ Ibid.

die oog op sy ekspedisie se besoek aan die Portugese nedersettings aan die Oos-Afrikaanse kus versoek. Volgens De Palmela sou Dudley moes toegee dat die Portugese regering in die lig van Owen se gekibbel oor Portugese aansprake op die baai, hierdie versoek vreemd sou vind.⁶⁸

Die Portugese ambassadeur het ten slotte opgemerk dat die geskil rondom die beslaglegging op die *Eleanor* ten nouste met Portugal se regte op die Baai van Lourenco Marques in verband gestaan het. Hy was daarvan oortuig dat Brittanje nie op hierdie tydstip Portugal se regte op die Baai, wat nog nooit betwis is nie en kragtens die Anglo-Portugese konvensie van 1817 amptelik erken is, sou misken nie. Met hierdie oortuiging in gedagte het hy 'n beroep op Dudley gedoen om Owen se optrede in die Baai van Lourenco Marques amptelike te verwerp en dat Britse vaartuie in die baai hulle voortaan aan dieselfde wette en regulasies wat in ander Portugese nedersettings gegeld het, sou onderwerp.⁶⁹

De Palmela se nota en veral die twee verdrae wat De Cardeinas in Oktober 1823 met Makasane en Maiette onderteken het, het ernstige vrae oor die geldigheid van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai laat ontstaan. Watter waarde daar ook al aan Owen se ooreenkomste met Maiette en Makasane geheg kon word, die feit het bly staan dat De Palmela bewyse gelewer het dat dieselfde twee inheemse leiers intussen hul rug op Britse beskerming gekeer het en trou aan die Portugese koning gesweer het. Dit wil voorkom of Dudley derhalwe besluit het om af te sien van Britse soewereiniteit op die suidelike gedeeltes van Delagoabaai en om eerder aan te dring op die reg van vrye handelsverkeer in daardie geweste. Dudley het gevolglik De Palmela se nota, al die afskrifte van verdrae en ooreenkomste asook die voorgestelde antwoord van die Britse minister van buitelandse sake daarop, in Oktober 1827 aan die koning se regsadviseer voorgelê. Robinson was na 'n deeglike oorweging van al die tersaaklike feite en die "peculiar difficulties that may attend the further discussion of the rights of Sovereignty in those remote parts" van mening "that it will not be advisable to press this particular case to any positive result and that it may be highly conducive to the friendly understanding of the two Governments that it should be so considered". In die lig hiervan het hy die voorgestelde antwoord op De Palmela se nota van 23 Mei 1827 as "perfectly correct and proper" beskou "to be communicated in vindication of the right of free intercourse to those Coasts and as an explanation or apology for what has been done by Commodore Owen, in this particular case".⁷⁰

⁶⁸ Ibid.

⁶⁹ Ibid.

⁷⁰ TNA, FO 83/2322, Robinson – Dudley, 31.10.1827.

Dudley het gevolglik op 5 Desember 1827 op die bewerings van De Palmela se skrywe van Mei 1827 gereageer. Hy het vir Owen in die bresse getree deur daarop te wys dat die manier en omstandighede waarop die Portugese goewerneur op die *Eleanor* beslag gelê het, asook die voorgenome regsproses aan Portugese kant, nie geregverdigbaar was nie, omdat 'n Portugese hof gewoon nie bevoeg was om uitspraak oor territoriale dispute te lewer nie. Owen se optrede om die *Eleanor* na Brittanje te stuur en die aangeleentheid na die Britse en Portugese owerhede te verwys, het derhalwe vir Dudley geregverdig voorgekom. Indien Owen hom aan onaanvaarbare gedrag teenoor die Portugese skuldig gemaak het, moes die rede daarvoor volgens Dudley voor die deur van die onregmatige optrede van die goewerneur van Lourenco Marques gelê word.⁷¹

Wat Portugal se reg of beheer oor die Mapoota-gebied betref, kon Dudley geen bewyse in De Palmela se skrywe vind dat Portugal 'n onvervreembare reg oor die grondgebied van die Mapoota-opperhoofde besit het nie. Syns insiens was die Portugese ambassadeur se hele argument slegs gebaseer op die feit dat die Portugese die eerste ontdekkers (dus wit besoekers) van daardie kus was. Hy moes egter daarvan bewus gewees het dat die Portugese nog nooit enige nedersetting in die Mapoota-gebied of enige ander plek ten suide daarvan besit het nie. Met verwysing na De Palmela se aanhaling van die bepaling in die Anglo-Portugese konvensie van 1817 waarvolgens die slawehandel in die Portugese besittings tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques toegelaat is, het Dudley opgemerk dat hierdie bepaling, "allowing for the utmost latitude of expression, might include every foot of territory between the Cape Delgado and the Bay of Lourenco Marques ; but it cannot be held to mean the territory of those places inclusive".⁷²

Dudley het ook De Palmela se pogings om die geldigheid van Owen se verdrae met die inheemse opperhoofde van die baai in twyfel te trek, verwerp. Die opperhoofde was onafhanklik en hoewel "only half civilized", was dit nie genoeg rede om hul ooreenkomste ten gunste van Brittanje ongeldig te maak nie. Dit was vir Dudley derhalwe duidelik "that the Portuguese Government cannot establish, either by conquest, settlement, or compact, any claim which invalidates that right to trade at Mapoota, which is secured to this country by the Treaty of Captain Owen".⁷³

In die lig van hierdie gevolgtrekking het hy sy spyt en verbasing uitgespreek dat De Palmela in die onderhawige geval skadevergoeding van die Britse regering geëis het. Hy het die vertroue

⁷¹ TNA, FO 97/303, Dudley – De Palmela, 5.12.1827.

⁷² Ibid.

⁷³ Ibid.

uitgespreek dat die Portugese ambassadeur, na oorweging, self sou insien dat skadevergoeding eerder aan Brittanje as Portugal verskuldig was. Hy het hierop die eienaars van die *Eleanor* se eis om skadevergoeding vir die gunstige oorweging van die Portugese regering voorgelê en De Palmela meegedeel dat die Britse regering geen verdere stappe sou neem nie, mits daar opdrag aan die goewerneur van Lourenco Marques gegee word “to desist in future from unfounded claims or wanton aggressions, similar to those which have in this case been practiced”. Dudley het sy skrywe aan De Palmela afgesluit met die versoek dat die Britse regering so ‘n versekering ontvang, anders sou hulle op ernstiger optrede aandring teenoor die Portugese offisier “who presumed to make seizure of a British vessel, trading in seas and rivers where she had a more defined right to trade than even the Portuguese officer himself”.⁷⁴

Dudley het nog dieselfde dag afskrifte van De Palmela se korrespondensie met die Britse regering oor die beslaglegging op die *Eleanor* en Portugese aansprake op die Mapoota-gebied aan die Britse minister in Lissabon, William à Court, aangestuur. Hy het opdrag ontvang om die aangeleentheid met die Portugese minister van buitelandse sake op te neem en met die oog op Dudley se brief aan De Palmela die verwagting van die Britse regering uit te spreek “that such orders will be issued to the Portuguese Officers commanding on the Eastern Coast of Africa, as may prevent them committing any further aggressions against the peaceable commerce of British subjects in that part of the world”. Hy moes die Portugese minister terselfdertyd meedeel “that in this confidence, and from the earnest desire that the friendly understanding between the two Governments may in no way be either risked or diminished by discussions of the rights of sovereignty in remote seas, His Majesty’s Government have avoided pressing this disputed right to any extreme”.⁷⁵

À Court se samesprekings met die Portugese minister van buitelandse sake, Candido Xavier, het egter aan die lig gebring dat die minister geen kennis van die aangeleentheid gedra het nie. Op sy versoek het à Court gevolglik ‘n dag later ‘n afskrif van Dudley se brief van 5 Desember 1827 aan De Palmela aan die minister voorsien en die geleentheid benut om die standpunt van die Britse regering, wat hy reeds die vorige dag aan Xavier oorgedra het, op skrif te stel. Hoewel die minister hom nie oor die kwessie van soewereiniteit wou uitlaat nie, het à Court tog die indruk gekry dat hy die noodsaaklikheid ingesien het dat die Portugese goewerneurs onmiddellik opdrag ontvang om hulle van aggressiewe optredes te weerhou en die vreedsame handelsaktiwiteite van Britse onderdane in daardie geweste te respekteer. Tot sy verbasing het Xavier egter ‘n besluit

⁷⁴ Ibid.

⁷⁵ TNA, FO 97/303, Dudley – A’Court, 5.12.1827.

oor die aangeleentheid uitgestel tot tyd en wyl De Palmela die nuwe Portugese koningin op hoogte oor die aangeleentheid en veral sy korrespondensie met Canning, sou stel. Hy was insgelyks ook nie bereid om aan enige bespreking met betrekking tot die beslaglegging en gevolglike vrystelling van die *Eleanor* en die ander verwickelinge aan die ooskus van Afrika deel te neem nie, alvorens hy nie deur De Palmela daaroor ingelig is nie. Hoewel à Court dit vreemd gevind het dat De Palmela nie die Portugese regering op hoogte van so 'n belangrike aangeleentheid gestel het nie, is die saak daar gelaat en het hy geen verdere korrespondensie met die Portugese of die Britse regering daaroor gevoer nie.⁷⁶

Dit was egter nie die einde van die aangeleentheid nie. In Mei 1828 het De Palmela twee redes aangevoer waarom hy verplig was om namens die Portugese regering teen Dudley se gevolgtrekkings in sy brief van 5 Desember 1827 beswaar aan te teken, naamlik, Dudley se regverdiging van Owen se optrede met betrekking tot die beslaglegging op die *Eleanor* en Portugal se aansprake op die Baai van Lourenco Marques.⁷⁷

De Palmela het die Portugese regering se besware teen Owen se beslaglegging op die *Eleanor* in 'n neutedop saamgevat: dat hy geweld gebruik het om die vrystelling van 'n Britse vaartuig in 'n Portugese hawe te bewerkstellig en terselfdertyd besit geneem het van grondgebied wat sedert die ontdekking van die baai aan Portugal behoort het. Aldus De Palmela was die vraag nie of Owen in sy beslaglegging op die *Eleanor* wettig opgetree het nie, maar of hy geregverdig was om geweld te gebruik om die vrystelling van 'n Britse vaartuig in 'n Portugese hawe te bewerkstellig. De Palmela was verplig om beswaar aan te teken aangesien stilswye as die aanvaarding van Dudley se standpunt vertolk kon word.⁷⁸

Volgens De Palmela was die belangrikste rede vir sy beswaar teen Dudley se skrywe van Desember 1827 egter die kwessie oor Portugal se aanspraak op die Baai van Lourenco Marques. In 'n lang en breedvoerige uiteensetting het hy Dudley daarop gewys dat Portugese soewereiniteit oor die Baai van Lourenco Marques nie slegs op die reg van ontdekking berus het nie, maar ook op verdrae met die inheemse mense en veral die bepalinge van die Anglo-Portugese konvensie van 1817. Verla Dudley se bewering dat Portugese besit kragtens die verdrag tot die Lourenco Marques-handelspos beperk was en nie die Baai van Lourenco Marques ingesluit het nie, het heftige kommentaar van De Palmela ontlok. Hy het Dudley daarop gewys dat dit 'n onbetwisbare

⁷⁶ TNA, FO 97/303, A'Court – Dudley, Lissabon, 21.12.1827, A'Court – Dudley, Lissabon, 26.12.1827, bylaag, Xavier – A'Court, Lissabon, 24.12.1827.

⁷⁷ TNA, FO 97/303, De Palmela – Dudley, Londen, 22.5.1828.

⁷⁸ Ibid.

feit was dat Portugal beide 'n fort en nedersetting in die Baai van Lourenco Marques besit het en dat dit derhalwe voor die hand liggend was dat die Baai van Lourenco Marques ingesluit was in die bepaling van die 1817-konvensie. Volgens De Palmela sou geen onpartydige regter enigsins huiwer om tot dieselfde gevolgtrekking te kom nie, veral aangesien daar nie na ander grense vir die Baai van Lourenco Marques in die spesifieke bepaling verwys is nie. Hy het profeties daarop gewys dat, hoewel dit wou voorkom of die vraagstuk rondom die Baai van Lourenco Marques op daardie stadium nie van onmiddellike groot belang was nie, die situasie in die toekoms kon verander. Die saak moes derhalwe in 'n ernstige lig beskou word omdat Portugal se onbetwisbare regte ter sprake was, én die twee regerings hul vriendskaplike betrekkinge wou handhaaf. De Palmela het ten slotte opgemerk dat hy geen sin in die voortsetting van die debat gesien het nie en die hoop uitgespreek dat dit nie die goeie betrekkinge tussen Portugal en Brittanje sou benadeel nie.⁷⁹

Die Britse regering het nooit op hierdie brief van De Palmela geantwoord nie. Meer as drie dekades sou verloop voordat die soewereiniteit oor die suidelike gedeeltes van Delagoabaai weer die aandag van die Britse en Portugese regerings sou geniet.

Dudley se nota van 5 Desember 1827 aan De Palmela was dus die laaste amptelike verklaring van Britse aansprake op die suidelike gedeeltes van Delagoabaai. Dit was egter nie die laaste bemoeienis van die Britse departement van buitelandse sake met die eienaars van die *Eleanor* nie. In die afwesigheid van enige skadevergoeding deur die Portugese regering het hulle in Januarie 1832 by die Britse minister van buitelandse sake, lord Palmerston, navraag gedoen wat hulle "might expect by way of relief for the seizure of the *Eleanor* by the Portuguese authorities in Delagoa Bay". Palmerston het in sy antwoord geen melding gemaak van die feit dat hul eis om skadevergoeding in Desember 1827 aan De Palmela voorgelê is nie. Insteede daarvan het hy hulle meegedeel dat hul eis in November 1827 aan die koning se regsadviseur voorgelê is en dat sy advies "appears to have been unfavourable". In die lig hiervan het Palmerston nie kans gesien om vir die eienaars van die *Eleanor* by die Portugese regering in die bresse te tree nie.⁸⁰ Tereg merk die historikus Jackson Haight op dat Palmerston se optrede derhalwe 'n erkenning was van Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai.⁸¹

⁷⁹ Ibid.

⁸⁰ TNA, FO 63/395, Palmerston – Browen, 5.3.1832.

⁸¹ M.V. Jackson Haight, pp. 212-213.


Hierdie vermoede word bevestig deur Palmerston se optrede in Julie 1835 toe die moontlikheid dat die Amerikaanse regering 'n nedersetting in Delagoabaai oorweeg het, deur vise-admiraal Campbell, die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, onder sy aandag gebring is. Hoewel Palmerston so 'n stap betwyfel het, is die Britse departement van kolonies meegedeel dat die Britse regering "could not have any just ground to object to the execution of such a plan as the Crown of Great Britain does not assert any Rights of Sovereignty in Delagoa Bay".⁸²

Dat Palmerston 'n ander siening as Dudley op Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gehad het, blyk ook duidelik uit 'n kort memorandum oor die beslaglegging op die *Eleanor* wat hy dieselfde dag aan die koloniale kantoor gestuur het. In die memorandum is groot gewag gemaak van die feit dat die koning se regsadviseur in November 1827 van mening was dat "it would not be advisable to press this particular case to any positive result" en dat die Britse antwoord op die Portugese eise derhalwe beperk was tot 'n verduideliking of apologie vir Owen se optrede "and to a vindication of the right to a free intercourse with the Coast in question".⁸³

Soos later sal blyk, sou die Britse regering 'n kwarteeu later, nadat die Portugese owerhede in Lourenco Marques weer eens op 'n Britse handelsvaartuig op die King Georgerivier in die omgewing van Delagoabaai beslag gelê het, 'n ander standpunt as Palmerston inneem.

⁸² TNA, CO 48/163, Wood – Hay, 30.6.1835; Backhouse – Hay, 29.7.1835, bylaag, Memo on events of 1825.

⁸³ Ibid.



7 . Sketskaart by koloniale kantoer se memorandum oor Delagoabaai, 1853

HOOFSTUK VYF

HERNUDE BRITSE BELANGSTELLING IN DELAGOABAAI, 1835-1866

Hoewel lord Palmerston, die Britse minister van buitelandse sake, in 1835 enige Britse aansprake op Delagoabaai ontken het, sou die Portugese beslaglegging op 'n Natalse vaartuig in die noorde van Delagoabaai in Desember 1858, tot 'n wysiging in die Britse standpunt lei. Die beslaglegging, en veral die optrede van die Britse konsul op Mosambiekeiland, Lyons McLeod, sou opnuut die aandag op Portugese en Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai vestig, en opnuut tot botsende Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aanleiding gee.

Soos in die vorige hoofstuk aangedui, het lord Palmerston, die Britse minister van buitelandse sake, in 1835 enige Britse aansprake op Delagoabaai ontken.¹ Dit sou eers in die vyftigerjare weer die aandag van die Britse owerhede geniet en tot 'n wysiging in die Britse standpunt lei en opnuut tot botsende Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aanleiding gee.

Die lotgevalle van die Portugese nedersetting in Delagoabaai het in die tussentyd, nieteenstaande die Britse besetting van Port Natal in 1842, die totstandkoming van die Natal-kolonie en die anneksasie van St. Luciabaai die daaropvolgende jaar, weinig indien enige aandag in Britse regeringskringe geniet.² Delagoabaai het ook geen rol gespeel in die werksaamhede van die Britse vloot aan die Kaap om die slawehandel aan die suidooskus van Afrika te bekamp nie.³ Sover vasgestel kon word, het die Britse regering ook geen kennis gedra van die oorvaalse Boere-gemeenskappe se pogings in die veertigerjare om betrekkinge met die Portugese in Lourenco Marques aan te knoop nie.⁴

Britse aansprake op Delagoabaai het eers weer in Julie 1853 die aandag van die Britse minister van kolonies, die hertog van Newcastle, geniet. Die aanleiding was 'n skrywe van sir George Clerk, die Britse hoë kommissaris aan die Kaap, waarin hy met die oog op die totstandkoming van die Vrystaatse republiek naas die Transvaalse republiek, op die nadelige gevolge vir Britse belange in suidelike Afrika gewys het indien die Boererepublieke in besit van Delagoabaai sou

¹ TNA, CO 48/163, Wood – Hay, 30.6.1835; Backhouse – Hay, 29.7.1835, bylaag, Memo on events of 1825.

² M.V. Jackson Haight, *European Powers and South-East Africa*, pp. 218-242; pp. 284-291;

³ C. Lloyd, *The Navy and the Slave Trade*, pp. 203-226; G.S. Graham, *Great Britain in the Indian Ocean 1810-1850*, pp. 114-129.

⁴ D.W. Kruger, *Die weg na die see*, pp. 60-87; pp. 88-124; C.F.J. Muller, *Die Britse owerheid en die Groot Trek*, pp. 168-172.

kom. Clerk was besorgd dat die Republieke Delagoabaai as uitvoerhawe vir slawe sou benut en dat die besit van die hawe hulle benewens waardevolle handelsfasiliteite, ook groot handelsvoordele bo die koloniale hawens sou besorg. Ten einde die Boererepublieke voor te spring en beheer oor die binnelandse handel van suidelike Afrika te behou, het Clerk derhalwe voorgestel dat die Britse regering die Owen-sessie van 1823 benut om 'n vastrapplek in "the bay of De La Goa in the Province of Temby", te verwerf.⁵

Newcastle was egter nie bereid om enige stappe in hierdie verband te neem nie, aangesien die Britse regering reeds besluit het op die sogenaamde Konvensie-beleid van nie-uitbreiding waarvolgens Brittanje die onafhanklikheid van die binnelandse Boererepublieke erken het.⁶ Clerk se voorstel het nietemin tot 'n departementele memorandum oor Delagoabaai, gebaseer op Owen se 1823-verdrae, gelei waarin daar verskeie belangrike gevolgtrekkings oor Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gemaak is. Hiervolgens kon Portugal geen aanspraak maak op soewereine regte in die Mapoota-gebied in die suidelike gedeelte van die baai nie, en dat Brittanje, kragtens Owen se Augustus 1823-verdrag met die Mapoota-koning, geregtig was om in laasgenoemde gebied handel te dryf. Op grond van die feit dat beide Maiette en Makasane hulle in 1823 op Britse beskerming beroep het, is daar verkeerdelik afgelei dat die Britse regering die Tembe-sessie in Maart 1823 aanvaar het en dus op soewereine regte in die suidelike gedeelte van Delagoabaai kon aanspraak maak.⁷ Die memorandum het geen verwysing na Bathurst se besluit oor die Tembe-sessie in 1824 of Palmerston se ontkenning van enige Britse aansprake op die baai in 1835, bevat nie. Die feit dat hierdie gevolgtrekkings oor Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai nóg aan die Britse departement van buitelandse sake, nóg aan Clerk se opvolger aan die Kaap, sir George Grey oorgedra is, sou heelwat onsekerheid oor die aangeleentheid in Britse regeringskringe tot gevolg hê.

Delagoabaai het kort na die aanstelling van sir George Grey in Desember 1854 as goewerneur en hoë kommisaris in Suid-Afrika, weer aandag in Britse regeringskringe geniet. Grey het in Maart 1855 die Britse minister van buitelandse sake, graaf Clarendon, se aandag gevestig op die groot hoeveelhede buskruit wat deur Delagoabaai ingevoer word en waarvan 'n groot gedeelte na bewering in die hande van die inheemse mense op die grense van die Britse kolonies in Suid-Afrika beland het. Hy het op goeie gesag verneem dat Amerikaanse burgers 'n groot rol in hierdie handel gespeel het. In opdrag van Clarendon het die Britse saakgelastigde in Lissabon, William

⁵ TNA, CO 48/189, Clerk – Newcastle, Grahamstad, 16.7.1853; CO 48/392, Clerk – Newcastle, 16.7.1853. (afskrif)

⁶ C.F.J. Muller, *Die Britse owerheid..*, p. 204; C.J. Uys, *In the Era of Shepstone*, p. 29-35.

⁷ TNA, CO 48/189, Memorandum oor Delagoabaai, 16.9.1853,

Ward, die Portugese minister van buitelandse sake, burggraaf d'Althoquia, derhalwe versoek om hierdie handel stop te sit, aangesien dit die oorlogsugtige houding van die inheemse mense jeens die Britse koloniale owerhede in suidelike Afrika aangemoedig het. 'n Ondersoek ter plaatse deur die goewerneur van Lourenco Marques het egter aan die lig gebring dat 'n onbeduidende hoeveelheid buskruit en vuurwapens deur die hawe ingevoer is, wat nie vir oorlogs-doeleindes aangewend is nie en slegs in die behoeftes van die inheemse mense vir olifantjag en feesvierings voorsien het. Volgens die Portugese regering was daar dus geen rede vir enige vrese oor hierdie handel nie. Ward is ook meegedeel dat dit, weens die omvang van Delagoabaai, moeilik was om die buskruithandel te kontroleer, maar dat die Portugese regering, net soos die Britse regering, die handel aan bande wou lê om te verseker dat die inheemse mense dit nie ten koste van die Portugese benut nie.⁸

In Oktober 1855 het die goewerneur van Lourenco Marques, Rebello, by Grey om hulp aangeklop, aangesien hy bedug was op 'n aanval van die Zoeloe-koning, Panda, op die Portugese nedersetting in Lourenco Marques. 'n Maand later het Ward aan d'Althoquia, die Portugese minister van buitelandse sake, die stappe uiteengesit wat Grey geneem het om 'n Zoeloe-aanval op Lourenco Marques te voorkom. Die Portugese ambassadeur in Londen, graaf Lavradio, het die Britse regering vir Grey se vinnige optrede bedank, en dit beskryf as 'n bewys van die goeie trou wat daar tussen die Britse en Portugese regerings bestaan het.⁹

Die Portugese nedersettings aan die suidooskus van Afrika het weer in Augustus 1857 die aandag van die Britse departement van buitelandse sake geniet toe 'n verslag van admiraal Trotter, die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, oor die Portugese nedersetting Angoxa in die Mosambiekse kanaal, onder hul aandag gebring is. Trotter het die eeue oue Arabiese nedersetting drie maande vantevore besoek om vas te stel of die plaaslike sultan Portugese oppergesag erken het en in watter mate die Portugese hul dominium (besitreg) uitgeoefen het. Sy ondersoek het hom oortuig dat Angoxa 'n onafhanklike Arabiese nedersetting was en dat die Portugese "had never exercised any effective Dominion over her, unless perhaps at short intervals when, under the pressure of external force the sultan had been obliged to comply with any terms imposed upon him".¹⁰ Trotter het dit betreur dat die Portugese alles in hul vermoë gedoen het om Europese handel met Angoxa, die enigste vrye hawe tussen Delagoabaai

⁸ TNA, FO 63/844; Grey – Colonial Office, Kaapstad, 24.3.1855; Merivale – Foreign Office, 6.6.1855; Foreign Office – Ward, 8.6.55; Ward – Clarendon, Lissabon, 18.9.1855. Grey – Colonial Office, Kaapstad, 31.5.1855. Ward – Clarendon, Lissabon, 18.9.1855; De Loule – Howard, 16.8.1856; Howard – Clarendon, Lissabon, 22.4.1857.

⁹ TNA, FO 63/844, Grey – Colonial Office, Kaapstad, 15.11.1855; Colonial Office – Grey, 7.2.1856; Howard – d'Althoquia, Lissabon, 16.2.1856, Lavradio - Clarendon, Londen, 1.3.1856.

¹⁰ TNA, ADM 1/5687, Trotter-Secretary Admiralty, 17.8.1857.

en Kaap Delgado, in die wiede te ry. Volgens hom het die sultan geen handels-belastings gehef nie en slegs op 'n klein geskenk van elke besoekende handelsvaartuig aangedring. Dit was in skerp kontras met die hoë belastings wat in die Portugese hawens aan die ooskus gehef is met die doel om Europese handel te ontmoedig.¹¹

Trotter se verslag is in opdrag van lord Clarendon, die Britse minister van buitelandse sake, in September 1857 aan die Portugese minister van buitelandse sake, die markies De Loule, gekommunikeer. De Loule het Trotter se bedenkinge oor Portugese aansprake op Angoxa as ongegrond afgemaak en Clarendon daarop gewys dat Portugal se reg op die Angoxa-grondgebied reeds deur Brittanje in die Anglo-Portugese konvensie van 1817 erken is, aangesien die hawe, kragtens die tweede artikel van die verdrag, tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques geleë was.¹²

De Loule se verwysing na die Anglo-Portugese konvensie van 1817 en spesifiek die tweede bepaling daarvan, het daartoe gelei dat Clarendon die Britse departement van buitelandse sake versoek het om 'n memorandum oor Portugese aansprake op Angoxa op te stel. In die memorandum is toegegee dat aangesien Angoxa tussen Kaap Delgado en Delagoabaai geleë was, Brittanje kragtens die 1817-konvensie Angoxa reeds as 'n Portugese besitting erken het. Daar is ook toegegee dat Brittanje, kragtens die Anglo-Portugese Protokolle van 1847 en 1850 vir die bekamping van slawehandel aan die Oos-Afrikaanse kus, ingestem het om nie Portugal se aansprake op die kus te bevraagteken nie. Dat daar op hierdie stadium egter bedenkinge bestaan het of Portugal hul aansprake op die ooskus sou kon handhaaf, blyk duidelik uit die slot-gedeelte van die memorandum waarin beweer is "it may be assumed that her engagements to that effect are liable to be extinguished or annulled by such events as the sale or transfer of the territories partially or wholly to another power, or the evident inability of Portugal to enforce her dominion, owing to the effectual resistance thereto of the Arabs and the consequent declaration and establishment by them of an independent system of government".¹³

In die lig van hierdie memorandum het Clarendon die Britse minister in Lissabon, Howard, in November 1857 meegedeel dat die Britse regering dit nie raadsaam ag dat hy enige verdere stappe met betrekking tot Portugese soewereiniteit oor Angoxa neem nie. Hy is nietemin versoek

¹¹ Ibid.

¹² TNA, ADM 1/5687, Shillbury – Secretary Admiralty, 26.11.1857; Memorandum Angoxa Mozambique, Foreign Office, 6.11.1857; De Loule – Clarendon, 10.10.1857 (kopie).

¹³ TNA, ADM 1/5687, Shillbury – Secretary Admiralty, 26.11.1857; Memorandum Angoxa Mozambique, Foreign Office, 6.11.1857.

om die Portugese regering aan te moedig om die stelsel van hoë belastinge en beperkende handelsregulasies te heroorweeg en alles in hul vermoë te doen om buitelandse handel met Angoxa en Mosambiekeiland aan te bevorder.¹⁴

Die standpunt van die Britse regering met betrekking tot Angoxa is ook onder die aandag van die nuwe bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, admiraal F.W. Grey, gebring. Grey is na aanleiding van sy voorganger se navraag oor Portugese aansprake op Angoxa in November 1857 meegedeel dat Brittanje Portugese soewereiniteit oor die ooskus tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques erken het.¹⁵ Die optrede van die Portugese owerhede enkele weke later in laasgenoemde baai teenoor 'n Britse handelaar uit Natal, sou egter binne 'n jaar tot 'n heroorweging van die Britse standpunt lei.

Natalse handelaars het sedert die vroeë vyftigerjare daarna gestreef om die aandag van die Britse regering op die Portugese nedersettings aan die ooskus en veral Delagoabaai te vestig. Hoewel die Mosambiekse owerhede Delagoabaai en ander Portugese ooskushawens in 1853 vir buitelandse handel oopgestel het, het Natalse handelaars gekla dat die Portugese owerhede in Lourenco Marques hulle aan diskriminerende maatreëls onderwerp het. Die *Natal Mercury*, wat as mondstuk van die ontevrede handelaars van Durban gedien het, het gedurig die diskriminerende maatreëls teen Britse onderdane beklemtoon en in Mei 1857 selfs sover gegaan as om aan te beveel dat die Tembe-sessie van 1823 as hefboom gebruik moes word om Britse gesag oor die Portugese nedersettings uit te brei.¹⁶

Dit was onder hierdie omstandighede dat George Duncan, die kaptein van 'n Natalse kotter, die *Herald*, in Januarie 1857 'n reis na Delagoabaai onderneem het om handelsbande met die inheemse mense in die suide van die baai aan te knoop. Hierdie poging het egter skipbreuk gely deurdat die Portugese owerhede daarop aangedring het dat hy, alvorens hy sy handelsaktiwiteite begin, eers belasting aan die doeane-kantoor in Lourenco Marques betaal. Duncan het tydens sy verblyf in Lourenco Marques ook vasgestel dat die Portugese 'n uiters winsgewende ivoorhandel op die King Georgerivier in die noordelike gedeelte van die baai bedryf. Hy is egter deur die Portugese owerhede verbied om die handels-moontlikhede van die rivier te ondersoek en gewaarsku dat hulle in so 'n geval op sy vaartuig en vrag beslag sou lê.¹⁷ Dit sou in die lig van latere gebeure 'n profetiese waarskuwing wees.

¹⁴ TNA, ADM 1/5687, Shillbury – Secretary Admiralty, 26.11.1857.

¹⁵ TNA, ADM 1/5687, Shillbury – Secretary Admiralty, 26.11.1857; FO 63/844, G.W. Grey – Admiralty, 18.6.1858.

¹⁶ A.C. Swanepoel, *Natal: Ekstraterritoriale Vraagstukke 1856-1864*; pp. 108-111.

¹⁷ L. McLeod, *Travels in Eastern Africa, I*, pp. 119-125.

Duncan het na sy terugkeer na Port Natal 'n skrywe aan die redakteur van die *Natal Mercury* gerig wat in Junie 1857 onder die opskrif, "Delagoa Bay and the slave trade on the East African Coast", verskyn het. Daarin het hy 'n striemende aanval op die handelsbeleid van die Portugese owerheid in Lourenco Marques gedoen en beweer dat hulle net in ivoor- en slawehandel belang gestel het. Hoewel hy toegegee het dat die Portugese owerhede nie in 'n amptelike hoedanigheid by die slawehandel betrokke was nie, het hy talle bewyse aangevoer dat hulle kop in een mus was met die slawehandelaars aan die suidooskus van Afrika en in die verband beweer:

It is well known that the government of Delagoa have taken negro prisoners, and sold them to persons residing in the town. Moreover, almost all Moorish sloops, trading between Delagoa Bay and Mozambique, are slavers in a modified form. Limited numbers of slaves are occasionally shipped on board of them, to and from Mozambique, with passports as passengers, to evade detection if overhauled by a cruiser.¹⁸

Ten einde hierdie slawehandel, "practiced almost within call of a British port", te bekamp, het Duncan voorgestel dat 'n Britse oorlogskip of in Port Natal of in die suidelike gedeelte van Delagoabaai gestasioneer word. Vanweë die groot handelsverkeer tussen die Portugese en die Inyack-koningin, wat 'n "tributary of our Zulu neighbour Panda" was, het Duncan ook voorgestel dat die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir die bevordering van Britse handelsbelange oopgestel word.¹⁹

Die moontlikheid van 'n meer aggressiewe bevordering van Britse handelsbelange aan die ooskus, asook 'n kragtiger optrede teen die slawehandel, het in Julie 1857 tydens Lyons McLeod, die aangewese Britse konsul in Mosambiek, se besoek aan Durban, verdere aandag geniet. Die Britse konsul, wat weens onvoorsiene omstandighede gedwing was om die voorafgaande vyf maande aan die Kaap deur te bring, was op hierdie tydstip vas daarvan oortuig dat die suidelike gedeelte van Delagoabaai, kragtens die 1823-sessie aan Owen, Britse grondgebied was. Sy belangstelling in die baai is verder aangewakker deur die feit dat hy tydens sy verblyf aan die Kaap uit 'n onberispelike bron verneem het dat Portugal van voorneme was om Delagoabaai aan die Zuid-Afrikaansche Republiek te verkoop; 'n transaksie wat die konsul as uiters nadelig vir Britse belange beskou het en ten alle koste wou verhoed.²⁰

¹⁸ Ibid, p. 125.

¹⁹ Ibid, p. 124.

²⁰ L. McLeod, I, pp. 158-161.



8. Lyons McLeod, eerste Britse konsul in Mosambiek, 1857-1858.

Tydens 'n vergadering begin Julie 1857 met die lede van die Durbanse Kamer van Koophandel is die probleme wat die Natalse handelaars met die Portugese owerhede aan die ooskus ondervind het, onder McLeod se aandag gebring. Veral die buitensporige hoë belastinge en die dreigement dat hul eiendom gekonfiskeer sou word as hulle direk met die inheemse mense sou handel dryf, het aandag geniet. McLeod het op sy beurt die lede die versekering gegee dat hy sou poog om die onwettige slawehandel langs die ooskus uit te roei, wettige handel te bevorder en te sorg dat benewens Delagoabaai, ook die ander Portugese hawens aan die ooskus vir Britse handel oopgestel word.²¹

Duncan het McLeod dieselfde dag persoonlik in kennis gestel van sy vrugtelose poging om handelsbetrekkinge met die inheemse mense in die suidelike gedeelte van Delagoabaai aan te knoop. Hy het oor twee sake by McLeod beswaar aangeteken: eerstens, dat hy, alvorens hy met die Zoeloes in die Britse grondgebied in die suidelike gedeelte van Delagoabaai kon handel dryf, aan die Portugese moes belasting betaal, en, tweedens, dat die Portugese 'n monopolie op die handel op die King Georgerivier probeer uitoefen het. Volgens die eienaar van die *Herald*, J.D. Koch, sou McLeod tydens hierdie ontmoeting Duncan die versekering gegee het dat dit Britse handelaars vry gestaan het om op die King Georgerivier handel te dryf. Duncan het ook McLeod se aandag daarop gevestig dat die Britse grondgebied in die suidelike gedeelte van Delagoabaai, naas die bevordering van handel, ook vir die bekamping van die slawehandel benut kon word. Die konsul is ten slotte van Duncan se vermoede dat die Portugese owerhede by slawehandel in Delagoabaai betrokke was, meegedeel, en 'n afskrif van sy skrywe in die verband aan die *Natal Mercury*, oorhandig.²²

McLeod se kortstondige besoek aan Delagoabaai 'n paar dae later sou belangrike gevolge vir Britse aansprake op die baai inhou. Hoewel hy slegs 'n paar uur in die baai vertoef het en nie voet aan wal gesit het nie, is sy vermoedens oor die voordele wat die suidelike gedeelte van die baai vir Britse belange ingehou het, bevestig. "Nature could not well have formed a bay more admirably adapted for the purpose of holding communication with the interior of the adjoining country.." ²³ sou hy later met verwysing na die Maputo- en Englishriviere in sy herinneringe opmerk. Hy was daarvan oortuig dat Britse handelaars deur middel van die "Britse Maputarivier" toegang tot Zoeloeland en deur die English- of Temberivier tot die binneland en selfs die

²¹ L. McLeod, *Travels*, I, pp. 118-119; A.C. Swanepoel, *Natal*., p. 112.

²² L. McLeod, I, pp. 119-125; L. McLeod, II, pp. 59-62.

²³ L. McLeod, I, p. 152.

Transvaalse republiek kon verkry. Die strategiese ligging van Inyackeiland asook die voordelige ligging van die klein hawe in die monding van die Englishrivier, het ook nie sy aandag ontgaan nie.²⁴

Hoewel McLeod slegs 'n uur of wat in die klein baai voor die Portugese fort vertoef het, het dit hom nie verhoed om 'n uiters negatiewe beskrywing van die Portugese se mees suidelike nedersetting aan die ooskus te gee nie:

The town consists of a miserable square of squalid-looking houses, surrounded by huts containing the natives whom the occupants have enslaved. This miserable place is protected by a structure, to which is applied the name of a fort, having a large flag-staff, displaying the flag of Portugal, and a few honey-combed guns, which cannot be fired...The town is filthy in every sense; even the Governor's quarters being so surrounded with filth and dirt of all sorts, that none but Portuguese and Natives, acclimatized by long usage to the pestilential atmosphere of the place, can approach it without being attacked with fits of vomiting. It is impossible for anyone to see the town of Lourenco Marques without being struck with the idea how it is possible for human beings to live there.

Die teenwoordigheid van 'n vermeende slaweskip en hul ooglopende kommunikasie met die inheemse mense van die baai het McLeod oortuig dat die Portugese owerhede in Lourenco Marques kop in een mus met die slawehandelaars was en ter wille van die beskerming van die winsgewende handel allerhande struikelblokke in die weg van Engelse handelaars gelê het.²⁵

McLeod se besoek aan Durban is intussen deur die *Natal Mercury* aangegryp om die Britse anneksasie van die Portugese nedersettings aan die ooskus te bepleit. Onder die opskrif, "The East African Trade", het die blad gewaarsku dat die ooskushandel weens die optrede van die plaaslike Portugese owerhede besig was om dood te bloei en dat indien Brittanje nie gou sy gesag oor die gebied uitbrei nie, Frankryk en die VSA dit sou doen. Die blad het dan ook voorgestel dat Brittanje die nedersettings annekseer, koop of een of ander verstandhouding met die Portugese regering bereik ten einde te verseker dat die handel in daardie geweste kon opbloeï en Britse belange in die Indiese Oseaan beskerm word.²⁶

²⁴ Ibid, pp. 150-154; p. 163.

²⁵ Ibid, pp. 180-183.

²⁶ A.C. Swanepoel, *Natal ...*, p. 112.

Sterk beïnvloed deur McLeod se belofte om Britse handelsbelange in Delagoabaai te bevorder, het Duncan in November 1857 'n handelsvaart na die King Georgerivier met die oog op ivoorhandel onderneem. Hy was ook van voorneme om met toestemming van die inheemse mense 'n reeks jagkampe en 'n voorraadskuur in hul grondgebied op te rig. Omdat Duncan daarvan oortuig was dat Portugese soewereiniteit tot die kus van Delagoabaai en die monding van die King Georgerivier beperk was, het hy geen poging aangewend om toestemming vir sy voorgenome handelsvaart by die Portugese owerhede in Lourenco Marques te verkry nie. Hy het ook doelbewus die Portugese doeanepos by die riviermonding vermy en deur 'n sytak wat hy op sy vorige besoek ontdek het, toegang tot die King Georgerivier verkry.²⁷

Duncan se poging om die Portugese owerhede te ontduik, was egter tevergeefs. Op 6 Desember 1857 het luitenant Da Silva, die waarnemende goewerneur van Lourenco Marques, met drie vaartuie vol gewapende soldate op die *Herald*, sowat 140 km van die riviermonding in Delagoabaai, beslag gelê. Hy het Duncan meegedeel dat hy die Portugese doeanewet oortree het en dat die skip en sy bemanning onder arres na Lourenco Marques sou terugkeer. Duncan het hom nie teen arrestasie verset nie omdat hy daarvan oortuig was dat hul gevangening op 'n misverstand berus het en dat hy en sy bemanning spoedig vrygelaat sou word.²⁸

Voordat Da Silva die terugtog na Lourenco Marques kon aanpak, het die plaaslike opperhoof, Manukusa, egter 'n stokkie voor die Portugese se planne gestee. Omdat Da Silva sonder toestemming sy grondgebied binnegevaar het, het Manukusa die Portugese mag omsingel, die rivier versper en self aanspraak op die *Herald* en sy vrag gemaak. Om die vrede met die inheemse mense te bewaar en die vrylating van die *Herald* te verseker, was Da Silva derhalwe verplig om 'n deel van die *Herald* se vrag as losprys aan Manukusa te betaal.²⁹

Met hul aankoms in Lourenco Marques het die Portugese owerhede beslag gelê op die *Herald* en die res van sy vrag. Duncan en sy bemanning is 'n paar dae in haglike omstandighede aangehou voordat hulle met 'n Portugese vaartuig na Mosambiekeiland gestuur is om op 'n klag van smokkelhandel tereg te staan. Met hul aankoms op Mosambiekeiland is Duncan en sy bemanning aan die sorg van konsul McLeod toevertrou.³⁰

²⁷ TNA, FO 63/844, Koch – Scott, Durban, 25.2. 1858; II, L. McLeod, II, pp. 59-62; p. 81; A.C. Swanepoel, *Natal*, p. 113.

²⁸ TNA, FO 63/844, L. McLeod, II, pp. 63-68; A.C. Swanepoel, *Natal*., p. 114.

²⁹ L. McLeod, II, pp. 66-69.

³⁰ L. McLeod, II, pp. 71-78.

McLeod het onmiddellik by goewerneur-generaal d'Almeida op die vrylating van Duncan en sy bemanning asook die terugbesorging van die *Herald* aan sy regmatige eienaar, aangedring. Syns insiens was die beslaglegging op die *Herald* onwettig omdat die Portugese owerhede in Lourenco Marques geen jurisdiksie oor die King Georgerivier uitgeoefen het nie. Hy het d'Almeida gewaarsku dat die beslaglegging op die *Herald* onvermydelik tot 'n Britse ondersoek van die insulêre Portugese nedersettings tussen Kaap Delgado en Delagoabaai sou lei en dat dit daaruit sou blyk dat Portugese dominium nêrens verder as vyf myl (8 km) van die hoogwatermerk aan die kus gestrek het nie. So 'n ondersoek, aldus McLeod, kon daartoe lei dat Brittanje die onafhanklikheid van invloedryke opperhoofde sou erken, en dat die hele kus van Portugees-Oos-Afrika, met die uitsondering van 'n paar afgesonderde Portugese nedersettings, vir die handel van die beskaafde wêreld oopgestel word. Hoewel hy dit aan d'Almeida verswyg het, het McLeod vermoed dat Duncan se beskuldiging dat goewerneur Machado kop in een mus met die slawe-handelaars was, 'n groot rol in die Portugese se optrede gespeel het.³¹

D'Almeida was egter nie bereid om aan enige van McLeod se versoeke aangaande die *Herald* gehoor te gee nie. Hy het die beslaglegging geregverdig op grond van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 asook 'n Mosambiekse dekreet van 1853 insake handelsdryf aan die ooskus. D'Almeida het McLeod daarop gewys dat kragtens artikel twee van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 die hawens, riviere en kus tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenço Marques (Delagoabaai) as Portugese gebied beskou is en dat buitelandse handelskepe volgens die 1853-dekreet tot vier hawens, te wete Delagoabaai, Quilimane, Ibo en Mosambiekeiland beperk was om handel te dryf. Boonop het die doeane-regulasies van Mosambiek die Portugese owerheid gemagtig om op enige verdagte buitelandse vaartuig beslag te lê. Volgens d'Almeida het die goewerneur van Lourenco Marques dus volkome binne die reg opgetree deur op die *Herald* beslag te lê.³²

McLeod se verdere pogings om vir Duncan en sy bemanning by die goewerneur-generaal in die bresse te tree, het gemengde welslae opgelewer. D'Almeida kon na die verloop van byna twee maande slegs een van die twaalf tersaaklike dokumente waarop McLeod met die oog op die verhoor van die *Herald* se bemanning aangedring het, verskaf, en die ongesteldheid van sy

³¹ TNA, FO 63/844, McLeod – Grey, 1.3.1858; McLeod – Grey, 2.3.1858; McLeod – d'Almeida, 21.1.58; McLeod – d'Almeida, 2.2.1858; McLeod – d'Almeida, 11.2.1858; d'Almeida – McLeod, 22.2.1858; d'Almeida – McLeod, 6.5.1858; McLeod – d'Almeida, 14.5.1858; d'Almeida – McLeod, 17.5.1858; d'Almeida – McLeod, 19.5.1858; d'Almeida – Minister van Marine en Kolonies, 15.5.1858.

³² Ibid.

amptenare as verskoning aangevoer; 'n optrede wat McLeod as die bespotting van Britse belange bestempel het.³³

Die Britse konsul het gevolglik begin Maart 1858 by die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, admiraal F.W. Grey, om hulp aangeklop. McLeod het 'n kort weergawe van die gebeure rondom die beslaglegging op die *Herald* verskaf en die admiraal versoek om met die oog op die beskerming van Britse handelslui teen Portugese brutaliteit, asook vir die handhawing van Britse regte, 'n oorlogskip na Mosambiekeiland te stuur.³⁴

Daar was nog 'n rede waarom McLeod Grey op hierdie tydstip versoek het om 'n Britse oorlogskip na Mosambiekeiland te stuur. Dit was die toenemende gewelddadige betogings voor die Britse konsulaat sedert November 1857 deur die ondersteuners van die slawehandel op die eiland. Die afvuur snags van geweerskote en 'n klipgooiery einde Februarie 1858 na die konsulaat waartydens sy eggenote beseer is, was die laaste strooi. Hy was daarvan oortuig dat die geweld daarop gemik was om hom te intimideer om sy pos te verlaat.³⁵

McLeod was egter nie die enigste persoon wat op hierdie tydstip by admiraal Grey om hulp aangeklop het nie. Die nuus dat die Portugese owerhede in Lourenco Marques op die *Herald* beslag gelê het, het die *Natal Mercury* reeds in Februarie 1858 genoop om die eienaar van die *Herald*, J.D. Koch, aan te raai om die hulp van admiraal Grey in te roep om Britse onderdane en hul belange te beskerm. Die Durbanse Kamer van Koophandel het terselfdertyd 'n petisie opgetrek om die vrylating van die *Herald* en sy bemanning te eis. Luitenant-goewerneur Scott het egter vir Koch en die Kamer van Koophandel die versekering gegee dat hy alles in sy vermoë sou doen om die bemanning te bevry en indien enige Portugese wette oortree is, vir 'n onpartydige verhoor te sorg. Onder hierdie omstandighede het Scott, onbewus van McLeod se versoek, ook aan die begin van Maart 1858 'n versoek tot Grey gerig om 'n Britse oorlogskip na Mosambiekeiland te stuur om, na gelang van omstandighede, bystand aan die bemanning van die *Herald* te verleen.³⁶

Grey het op ontvangs van Scott se versoek onmiddellik die *Lyra*, onder bevel van kommandeur Oldfield, na Lourenco Marques gestuur om ondersoek na die voorval in te stel. Omdat McLeod se

³³ TNA, FO 63/844, d'Almeida – McLeod, 22.2.1858; McLeod – Grey, Mosambiekeiland, 1.3.1858; McLeod – Grey, Mosambiekeiland, 2.3.1858.

³⁴ TNA, FO 63/844, McLeod – Grey, Mosambiekeiland, 1.3.1858; McLeod – Grey, Mosambiekeiland, 2.3.1858.

³⁵ L. McLeod, II, pp. 87-100.

³⁶ TNA, FO 63/844, Koch – Scott, Durban, 25.2.1858; A.C. Swanepoel, *Natal...*, pp. 113-114.

versoek om hulp Grey eers na Oldfield se vertrek uit Simonstad bereik het, het Oldfield voor sy aankoms in Mei 1858 op Mosambiekeiland geen kennis gedra van die uitdagende omstandighede waaronder McLeod en die handjievool oorlewende bemanningslede van die *Herald* hulle bevind het nie.³⁷

McLeod is intussen einde April 1858 deur d'Almeida in kennis gestel dat 'n Mosambiekse tribunaal die klag van smokkelhandel teen die bemanning van die *Herald* weens onregmatighede in die ondersoek laat vaar het en dat dit hulle vrygestaan het om die eiland te verlaat. Die Britse konsul het vervolgens 'n verdere poging aangewend om die beslaglegging op die *Herald* ongeldig te verklaar en die vaartuig aan sy regmatige eienaar terug te besorg. In 'n skrywe aan d'Almeida op 1 Mei 1858 het hy voet by stuk gehou dat die *Herald* in "native waters" voorgekeer is en dat die Portugese beslaglegging op die vaartuig derhalwe onwettig was. D'Almeida het egter sy eis verwerp en aangevoer dat daar op die *Herald* beslag gelê is in grondgebied wat deur beide Brittanje en Portugal as Portugese grondgebied beskou is en dat Portugal se soewereine regte op die King Georgerivier onbetwisbaar was. 'n Verdere rede waarom hy nie aan McLeod se eis kon voldoen nie, was dat die *Herald*-aangeleentheid na Lissabon verwys is en dat hy in afwagting op die besluit van die Portugese regering, geen verdere stappe sou neem nie. McLeod het d'Almeida hierop meegedeel dat hy nie van voorneme was om Portugal se soewereine regte te betwis nie, en die aangeleentheid vir verdere instruksies na die Britse regering sou verwys.³⁸

Op hierdie stadium het 'n verdere aanval op die Britse konsulaat McLeod egter laat besluit om sy pos as Britse konsul in Mosambiek te ontruim. Die aanval, ten spyte van die teenwoordigheid van die *Lyra*, het McLeod oortuig tot watter uiterstes die Slawe-party sou gaan om hul doelstellings te bereik. Die feit dat die *Lyra* op die punt gestaan het om met die bemanning van die *Herald* na Natal te vertrek, asook 'n mededeling van d'Almeida dat hy in die afwesigheid van 'n Britse oorlogskip in die hawe nie verantwoordelikheid vir sy veiligheid kon aanvaar nie, het 'n deurslaggewende rol in McLeod se besluit gespeel. Hy en sy gevolg en die enkele bemanningslede van die *Herald* het gevolglik op 19 Mei 1858 na Port Natal vertrek.³⁹ Vanweë McLeod se besluit om die Britse konsulaat op Mosambiekeiland te ontruim, kon hy eers in

³⁷ TNA, FO 63/844, Acting Colonial Secretary – Koch, Pietermaritzburg, 28.4.1858; Grey – Secretary Admiralty, Simonstad, 18.6.1858; A.C. Swanepoel, *Natal ...*, pp. 113-114.

³⁸ TNA, FO 63/844, McLeod – d'Almeida, 8.4.1858; d'Almeida – McLeod, 10.4.1858; d'Almeida – McLeod, 22.4.1858; McLeod – d'Almeida, 1.5.1858; d'Almeida – McLeod, 6.5.1858; McLeod – d'Almeida, 6.5.1858; McLeod – d'Almeida, 14.5.1858; d'Almeida – McLeod, 17.5.1858; d'Almeida – McLeod, 19.5.1858.

³⁹ TNA, FO 63/844; McLeod – Koch, Durban, 11.6.1858. A.C. Swanepoel, *Natal ...*, pp. 113-114.

November 1858 die Britse minister van buitelandse sake, Malmesbury, op hoogte van die *Herald*-aangeleentheid stel.⁴⁰

Intussen het admiraal Grey reeds in Junie 1858 sy bedenkinge oor McLeod se standpunt oor Portugese regte aan die ooskus teenoor die Britse Admiraliteit uitgespreek. Volgens hom was McLeod se siening nie in ooreenstemming met die standpunt van die Britse regering van November 1857 waarvolgens Portugese soewereiniteit oor die ooskus tussen Kaap Delagado tot by die Baai van Lourenco Marques, uitdruklik erken is nie. Aangesien die King Georgerivier binne hierdie grense geleë was, het die *Herald* syns insiens onder Portugese jurisdiksie handel gedryf en was die beslaglegging en aanhouding van die vaartuig, indien Portugese regulasies oortree is, derhalwe geregverdig. In afwagting op verdere inligting van Oldfield het Grey hom op hierdie tydstip weerhou van verdere kommentaar maar die Admiraliteit verseker dat “in any measures I may adopt I shall not fail to bear in mind that the right of Portugal to the territory in question has been solemnly recognized in the Treaties between that country and Great Britain”.⁴¹ Hoewel Grey se standpunt aan die begin van Augustus 1858 onder die aandag van die Britse departement van buitelandse sake gebring is, het hulle, waarskynlik in afwagting op eerstehandse inligting van McLeod, nie daarop gereageer nie. Soos later sal blyk, het McLeod se standpunt daartoe gelei dat Grey ‘n ondersoek na Anglo-Portugese aansprake op Delagoabaai ingestel het.

Die Britse departement van buitelandse sake het eers in Oktober 1858, nadat Koch, die eienaar van die *Herald*, by Malmesbury om hulp aangeklop het, navrae tot die Portugese minister van buitelandse sake oor die beslaglegging op die *Herald* gerig. Malmesbury het die Britse minister in Lissabon, Henry Howard, versoek om navraag te doen oor watter inligting die Portugese regering oor die beslaglegging op die *Herald* ontvang het en op watter gronde die Portugese owerhede in Delagoabaai met die handelsaktiwiteite van ‘n Britse vaartuig ingemeng het.⁴²

Tydens ‘n gesprek op 26 Oktober 1858 kon die Portugese minister van buitelandse sake, De Loule, egter geen inligting verskaf nie, behalwe ‘n belofte om Howard so gou as moontlik op hoogte van sake te stel.⁴³ Die Portugese minister het egter nie oop kaarte met die Britse diplomaat gespeel nie, aangesien hy reeds in Julie 1858 met verontwaardiging kennis geneem het van McLeod se bewering dat die *Herald* in “native waters” voorgekeer is. Hoewel hy dit

⁴⁰ TNA, FO 63/844, Foreign Office – Howard 6.10.1858.

⁴¹ TNA, FO 63/844, F.W. Grey – Secretary Admiralty, Simonstad, 18.6.1858; Admiralty – Foreign Office, 10.8.1858.

⁴² TNA, FO 63/844, Foreign Office – Howard, 16.10.1858; Howard – De Loule, Lissabon, 24.10.1858; Koch – Malmesbury, Londen, 6 en 19.10.1858.

⁴³ TNA, FO 63/844, Howard – Malmesbury, Lissabon, 28.10.1858.

oorweeg het om die Britse regering in kennis te stel dat die *Herald* in Portugese grondgebied voorgekeer is, het hy besluit om eerder op navrae van Londen te wag.⁴⁴

Onmiddellik na afloop van bogenoemde gesprek het Howard egter kennis geneem van 'n berig oor die *Herald*-beslaglegging wat dieselfde dag in die *Diario do Governo*, die mondstuk van die Portugese regering, verskyn het. In die berig is beweer dat die Britse regering reeds ten volle deur die Portugese minister in Londen, graaf Lavradio, op hoogte van die aangeleentheid gestel is. Howard het in 'n daaropvolgende gesprek met De Loule sy verbasing oor die wanvoorstelling in die berig uitgespreek en opgemerk dat dit "a most unusual course for a government was to publish explanations upon a pending case, before they had been given to the Government who had solicited them". Die minister het egter ontken dat hy die berig gemagtig het of daarvan kennis gedra het, en sy spyt oor die voorval uitgespreek.⁴⁵

De Loule het 'n week later op die Britse navrae aangaande die beslaglegging op die *Herald* gereageer. Volgens die minister het die *Herald* die fiskale regulasies van Mosambiek oortree deur op die King Georgerivier te probeer handel dryf en die oortreding is vererger deurdat die vrag van die *Herald* uit 'n groot hoeveelheid buskruit, gewere en krygsvoorraad bestaan het; 'n baie ernstige oortreding van Mosambiekse doeane-regulasies. Wat betref die gronde vir die Portugese optrede teen die *Herald* het hy Howard daarop gewys dat Portugal se reg op die King Georgerivier onbetwisbaar was, aangesien dit tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenço Marques geleë was en derhalwe reeds deur Brittanje in die tweede artikel van die 1817-konvensie erken is. Die goewerneur van Lourenço Marques het dus kragtens die bepalings van die 1817-konvensie en die fiskale regulasies van Mosambiek volkome binne sy magte opgetree deur op die *Herald* beslag te lê.⁴⁶

Die Portugese minister het nie die geleentheid laat verbygaan om met die vinger na die optrede van die Natalse handelaars te wys nie. Syns insiens het die aard van die *Herald* se vrag duidelik aangetoon dat dit nie die inwoners van die Lourenço Marques-distrik was wat buskruit aan die inheemse mense verkoop het nie, maar Britse onderdane in Port Natal wat op 'n agterbakse manier nie net buskruit nie, maar ook vuurwapens en krygsvoorrade aan hulle verskaf het. Hy het gevolglik die hoop uitgespreek dat in die lig van die verduideliking wat hy verskaf het, die Britse

⁴⁴ AHU, Cx 19, Memorandum Portugese departement van buitelandse sake, 21.7.1858; De Loule – Minister van marine en kolonies, 13.10.1858.

⁴⁵ TNA, FO 63/844, Howard – Malmesbury, Lissabon, 28.10.1858; Howard – Malmesbury, Lissabon, 28.11.1858.

⁴⁶ TNA, FO 63/844; Howard – Malmesbury, Lissabon, 1.11.1858; De Loule – Howard, 26.10.1858.

regering sonder versuim die nodige instruksies aan die Natalse owerhede sou uitreik om die verskeping van vuurwapens en krygsvoorrade na die Portugese grondgebied te verbied.⁴⁷

Malmesbury is nie deur De Loule se verduideliking tevrede gestel nie. Hy het ernstige bedenkinge gekoester oor die gronde wat die Portugese regering vir die beslaglegging op die *Herald* aangevoer het en gevolglik De Loule se skrywe na die koningin se regsadviseur vir kommentaar verwys.⁴⁸ Sy bedenkinge is verder aangewakker deur McLeod se eerste amptelike verslae oor die beslaglegging wat begin November 1858 ontvang is.⁴⁹

McLeod het toegegee dat die monding van die King Georgerivier onder Portugese dominium geval het en dat die *Herald* met die in- en uitvaart van die rivier derhalwe aan beslaglegging deur die Portugese owerhede blootgestel was. Volgens hom was die *Herald*, “once having run the gauntlet, and arrived in waters not belonging to Portugal”, egter nie meer aan beslaglegging deur die Portugese owerhede blootgestel nie. Syns insiens was dit ook duidelik dat die *Herald* in die dominium van ‘n opperhoof wat die Engelse goedgesind was, voorgekeer is, en dat die opperhoof nooit die Portugese sonder toestemming en die oorhandiging van ‘n geskenk op die King Georgerivier toegelaat het nie.

Die Britse konsul het ook kritiek uitgespreek op die gronde waarop die Portugese op die *Herald* beslag gelê het, naamlik die tweede bepaling van die 1817-konvensie, die Mosambiekse dekreet van 1853 aangaande hawens en die Portugese doeane-regulasies. Wat die 1817-konvensie betref, was dit volgens McLeod ‘n ope vraag watter grondgebied Portugal op daardie stadium aan die ooskus besit het. Die 1853-dekreet aangaande Portugese hawens was syns insiens nie op die *Herald* van toepassing nie, aangesien die vaartuig nooit ‘n Portugese hawe besoek het nie en wat die doeane-regulasies betref het hy opgemerk dat die *Herald* “was found 100 miles in the interior of Africa at a spot where the Portuguese have no more authority than they have at Timbuctoo”.⁵⁰

McLeod het in sy verslae aan Malmesbury hom nie net tot die beslaglegging op die *Herald* bepaal nie, maar ook ernstige bedenkinge oor die Portugese aansprake op die ooskus geopper. Syns insiens was daar ‘n misverstand in Britse regeringskringe oor watter gedeelte van die kus tussen Kaap Delgado en Delagoabaai aan Portugal behoort het. Aangesien die Britse regering tot 1856 nooit enige konsulêre verteenwoordiging op hierdie kus geniet het nie, het McLeod hom dit ten

⁴⁷ Ibid.

⁴⁸ TNA, FO 63/844, Malmesbury – Ward, 3.12.1858.

⁴⁹ TNA, FO 63/844, McLeod – Malmesbury, 11.11.1858; McLeod – Malmesbury, 16.11.1858.

⁵⁰ Ibid.

doel gestel om agter die kap van die byl te kom. Volgens hom het die Portugese grondgebied uit nege insulêre nedersettings bestaan, naamlik: Ibo, Mosambiekeiland, Quelimane, Sofala, Bazarutto, Inhambane en Delagoabaai aan die ooskus en Senna en Tete op die Zambesierivier. Om sy bewering oor die insulêre aard van die Portugese nedersettings te staaf, het hy 'n kaart van die kuslyn van suidoos-Afrika by sy skrywe ingesluit waarop die sewe Portugese nedersettings aan die ooskus en twee op die Zambesierivier baie duidelik in blou aangedui is.⁵¹


Volgens McLeod was sommige van die Portugese eiland-nedersettings soos Ibo, Mosambiekeiland en Bazarutto buite die reik-afstand van 'n kanonskoot van die kus geleë en het die Portugese feitlik geen gesag oor die vasteland uitgeoefen nie. Hy kon uit eie ondervinding getuig dat Portugese gesag nie verder as vyf myl (8 km) van die ooskus na die binneland gestrek het nie, "nor more than that distance from any Flag Staff erected by Portugal anywhere on the whole line of the Coast from Cape Delgado to Delagoa Bay". Met die uitsondering van die Portugese nedersettings aan die ooskus en die Angoxa-koninkryk het die Portugese, aldus McLeod, derhalwe nog nooit, selfs nie eers vir 'n kort periode nie, nominale beheer van die kus geniet nie.⁵²

McLeod het vervolgens Malmesbury se aandag daarop gevestig dat die suidelike gedeelte van Delagoabaai, vanaf 'n lyn reguit wes van Kaap Inyack, in 1823 aan kaptein Owen afgestaan is en twee redes aangevoer waarom dit van die uiterste belang was dat Brittanje nie hul aanspraak daarop laat vaar nie. Uit 'n ekonomiese oogpunt omdat verskeie rivier-mondings in die suidelike gedeelte van die baai toegang tot Zoeloeland en ander vrugbare landstreke van Oos-Afrika verleen het, en uit 'n politieke oogpunt, omdat dit die Portugese sou verhoed om Delagoabaai aan die Transvaalse en Vrystaatse republieke te verkoop, "which would give the Boers an outlet for their productions instead of enriching in transitu our Colony of the Cape of Good Hope". In die lig hiervan het hy verskeie redes aangevoer waarom Inyackeiland die ernstige aandag van die Britse regering verdien het: dit was strategies geleë en deel van Delagoabaai wat aan Owen afgestaan is, die inheemse koningin van die eiland was 'n onderdaan van "our ally Panda", die Zoeloe-opperhoof, en die eiland was ideaal om as 'n sanatorium ingeruim te word.⁵³ Soos later sal blyk, sou hierdie voorstelle van McLeod presies drie jaar later tot die Britse anneksasie van Inyackeiland lei.

⁵¹ Ibid.

⁵² Ibid.

⁵³ Ibid.



9. Lyons McLeod se kaart van Oos-Afrika waarop hy die omvang van die Portugese aanspraak op die ooskus aandui, 1859

Die Britse konsul het ook verskeie redes aangevoer waarom die Britse regering weer moes besin oor Portugal se aansprake op die ooskus. Die belangrikstes was dat Brittanje Portugal se aansprake op die ooskus aanvanklik erken het op die uitdruklike voorwaarde dat die Portugese hul rug op die slawehandel sou keer; dat Britse oorlogsskepe aan die ooskus gebruik is om die inheemse mense aan Portugese gesag te onderwerp en dat die Portugese dr. David Livingstone se ontdekkingsreis op die Zambesierivier misbruik het om die binneland van Afrika ten koste van Britse ondernemingsgees vir Portugese handel oop te stel. Hy het selfs voorspel dat as die inheemse mense sou verneem dat Brittanje nie langer bereid was om die Portugese aansprake op die ooskus te ondersteun nie, “the province of Mozambique like that of Algarves, would soon be a thing of the past”. McLeod het ten slotte voorgestel dat die Portugese versoek moet word om hulle aansprake op die ooskus tot Mosambiekeiland te beperk en dat die res van die kus vir die handel van die beskaafde wereld oopgestel word.⁵⁴

Malmesbury was so beïndruk met McLeod se voorstelle dat hy hom versoek het om ‘n verslag oor die politieke en ekonomiese voordele wat die ooskus van Afrika vir Britse belange kon inhou, op te stel.⁵⁵ Voordat Malmesbury egter aan hierdie verslag van McLeod kon aandag skenk, het die bevinding van die koningin se regsadviseur oor die Portugese beslaglegging op die *Herald*, vir belangrike nuwe verwikkelinge gesorg.

Die regsadviseur het op grond van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 bevind dat wat ook al die presiese ligging van Lourenco Marques aan die ooskus was, die omvang van die Portugese besittings in die binneland nie in die 1817-konvensie omskryf of erken is nie. Hy het ook bevind dat die grense van die Portugese besittings aan die ooskus van Afrika nie onbepaald na die binneland verleng kon word om grondgebied wat deur ander groepe besit is, in te sluit nie.⁵⁶

Hierdie bevindings het Malmesbury oortuig dat die Portugese beslaglegging op die *Herald* en hul daaropvolgende optrede teenoor die bemanning uiters onregmatig was. Alvorens die aangeleentheid verder bespreek word, het Malmesbury dit egter noodsaaklik geag om eers afskrifte van alle Portugese wette, dekrete of regulasies wat met die beslaglegging van die *Herald* verband gehou het, te bestudeer. Hy het Howard gevolglik van die Britse standpunt in kennis gestel en versoek om die nodige afskrifte van die Portugese regering te verkry. Naas hierdie dokumente moes Howard die Portugese regering ook versoek om so gou as moontlik rekenskap

⁵⁴ Ibid.

⁵⁵ TNA, FO 881/866, McLeod – Malmesbury, Londen, 30.11.1858, Resources of Eastern Africa.

⁵⁶ TNA, FO 63/844, Malmesbury – Howard, 3.12.1858.

te gee van alle regsproesse waarvolgens die beslaglegging op die *Herald* en die arrestasie en aanhouding van die bemanning geskied het.⁵⁷

Om meer duidelikheid oor Portugese soewereiniteit in die Lourenço Marques-omgewing te verkry, het Malmesbury terselfdertyd weer by McLeod kers opgesteek. Hy is versoek om die presiese ligging van Lourenço Marques te verskaf, die aard van die Portugese beheer oor die monding van die King Georgerivier asook die omstandighede waaronder die *Herald* die rivier binnegevaar het sonder vooraf kennisgewing aan die Portugese owerhede. McLeod moes ook verduidelik of Portugal een of albei oevers van die rivier beset het ten einde beheer oor die skeepvaart daarop uit te oefen en die omvang van die handel deur Portugese of ander vaartuie op die rivier te beskryf. Hy is ten slotte gevra om te verduidelik op watter gronde hy na bewering die kaptein van die *Herald* meegedeel het dat die Portugese geen reg gehad het om met enige handel op die King Georgerivier in te meng nie.⁵⁸

McLeod het 'n paar dae later aan Malmesbury se versoek voldoen en ook 'n kaart van Delagoabaai, waarop die roete van die *Herald* op die King Georgerivier aangedui was, by sy skrywe ingesluit. Wat die presiese ligging van Lourenço Marques betref, het McLeod dit beskryf as geleë op die noordelike oewer van die Englishrivier in Delagoabaai en ook die presiese lengte en breedtegrade verskaf. Hy het Malmesbury terselfdertyd daarop gewys dat die suidelike oewer van die Englishrivier in 1823 aan kaptein Owen afgestaan is. Hy het bevestig dat die *Herald* die King Georgerivier deur 'n sytak, wat slegs aan Duncan bekend was, sonder enige kennisname of inmenging van die Portugese, binnegevaar het en dat dit enige ander vaartuig vry gestaan het om hom dit na te doen. Sover McLeod kon vasstel, het die Portugese nog nooit enige grondgebied in die riviermonding besit of beset ten einde beheer oor die skeepvaart op die rivier uit te oefen nie. Die *Herald* was die eerste buitelandse vaartuig wat die King Georgerivier van die see binnegevaar het en die inheemse mense het af en toe die Portugese toegelaat om die rivier, teen betaling van 'n klein present as erkenning van Manakusi, die plaaslike opperhoof, se soewereiniteit, vir 'n kort afstand binne te vaar. Da Silva se beslaglegging op die *Herald* was in hierdie opsig uniek, aangesien dit die eerste keer was dat die Portugese sonder toestemming van Manakusi die rivier binnegevaar het. Manakusi het egter sy soewereiniteit afgedwing deur Da Silva en sy geselskap gevange te neem en eers na betaling van 'n "handsome" losprys vry te laat. McLeod het ten slotte

⁵⁷ TNA, FO 63/844, Malmesbury – Howard, 3.12.58, Howard – De Loule, Lissabon, 14.12.1858.

⁵⁸ TNA, FO 63/844, Hammond – McLeod, 3.12.1858.



12. Lyons McLeod se sketskaart om die omvang van die Portugese nedersetting van Lorenzo Marques aan te dui, 1858.

ontken dat hy teenoor die kaptein van die *Herald* die bewering gemaak het dat die Portugese geen reg gehad het om met die handel op die King Georgerivier in te meng nie.⁵⁹

Enkele dae na die ontvangs van hierdie inligting het Malmesbury McLeod se verslag oor die politieke en ekonomiese voordele wat die ooskus van Afrika vir Britse belange kon inhou, onder oë geneem. McLeod het verskeie redes aangevoer waarom die besit van die suidelike gedeelte van Delagoabaai uiters belangrike ekonomiese en politieke voordele vir Brittanje ingehou het. Uit 'n ekonomiese oogpunt sou 'n nedersetting op Inyackeiland beheer oor die handel van Delagoabaai en die omliggende grondgebied uitoefen en die ideale ligging vir 'n vuurtoring met die oog op die totstandkoming van 'n posbootdiens tussen Aden, Natal en die Kaap bied. Die suidelike gedeelte van die baai was ryk aan waardevolle grondstowwe en die riviere daarin het boonop toegang tot die hinterland van Zoeloeland verskaf. Britse aansprake op die suidelike gedeelte van die baai was uit 'n politieke oogpunt van die grootste belang omdat dit die Portugese sou verhoed om Delagoabaai aan die Boerepublieke te verkoop; 'n stap wat volgens McLeod uiters nadelig vir Britse belange sou wees, aangesien dit aan die Boere toegang tot 'n eie hawe sou voorsien en die Kaapkolonie daardeur waardevolle deurvoer-belastings ontsê sou word.⁶⁰

McLeod se standpunte het groot byval by Malmesbury gevind. Die minister was veral beïndruk met die moontlikhede wat die baai in die toekoms vir die beskawende invloed van Britse handel in die binneland van Afrika kon bied en het met die oog daarop McLeod se verslag in Desember 1858 na die Britse minister van kolonies, sir Edward Bulwer-Lytton, vir kennisname verwys. Bulwer-Lytton en die senior amptenare in sy departement was eweneens beïndruk met die potensiële geleenthede wat die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir Engelse ondernemingskap gebied het. 'n Afskrif van McLeod se verslag is derhalwe in Januarie 1859 aan die Kaapse goewerneur, sir George Grey, en die luitenant-goewerneur van Natal, sir John Scott, vir kennisname gestuur.⁶¹

Die voordele wat die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir Britse belange kon inhou, is egter reeds in Oktober 1858 deur die voormalige Britse hoë kommisaris aan die Kaap, sir George Clerk, onder Bulwer-Lytton se aandag gebring. Clerk het uit 'n persberig van die beslaglegging op die *Herald* verneem en 'n afskrif van sy brief van 1853 aan Newcastle, waarin hy op grond van die

⁵⁹ TNA, FO 63/844, McLeod – Hammond, 7.12.1858

⁶⁰ TNA, FO 881/866, McLeod – Malmesbury, 30.11.1858, Resources of Eastern Africa.

⁶¹ TNA FO 63/870; Malmesbury – Howard, 16.3.1859 (konsep), Foreign Office – Colonial Office, 17.12.1858; CO 48/391, Malmesbury – Bulwer-Lytton, 17.12.1858; Kommentaar van Barrow, 17.12, 1858; Kommentaar van Bulwer-Lytton; Colonial Office – Grey, 5.1.1859.

Tembe-sessie 'n Britse besetting van die suidelike gedeelte van Delagoabaai bepleit het, aan Bulwer-Lytton gestuur. Die minister het Clerk se voorstel in 'n persoonlike brief onder goewerneur Grey se aandag gebring en sy kommentaar daarop versoek.⁶² Grey het na 'n bestudering van die Tembe-sessie egter ernstige bedenkinge oor enige Britse anneksasie-planne gekoester. Hy het dit betwyfel of Brittanje in die lig van hul bestaande verdrae met Portugal, "could now step in and take an important Province, abutting on that Bay, from them, and whether, under any circumstances, this could be done under cover of a Treaty stated to have been made in the year 1823..."⁶³ Grey het dit voorts ook betwyfel of Brittanje na verloop van 35 jaar op die grondgebied van die inheemse opperhoofde kon aanspraak maak nadat hulle geeneen van die bepalinge van die sessie nagekom het nie.⁶⁴

Maar selfs al sou die Britse regering al hierdie struikelblokke uit die weg kon ruim, was Grey steeds nie te vinde vir 'n Britse anneksasie van die Tembe-gebied nie. Hy het Bulwer-Lytton daarop gewys dat die Boererepublieke reeds oor 'n baie groter en meer vrugbare grondgebied as die Kaapkolonie beskik het en dat hul Europese bevolking ten minste gelykstaande aan die helfte daarvan was. In die lig van die feit dat die Boererepublieke binne 'n paar jaar die Kaapkolonie in bevolkingsgetalle en produkte sou verbystee, was Grey daarvan oortuig "that any line of policy, entered upon with the deliberate intention of shutting them out from commercial advantages, and facilities of a valuable description",⁶⁵ tot mislukking gedoem was. So 'n beleid sou die reeds bestaande groot bitterheid oor die doeane-belasting wat die Kaapkolonie op republikeinse invoere gehef het, en slegs tot eie voordeel aangewend het, alleenlik vererger.

In stede van 'n Britse besetting van die suidelike gedeelte van Delagoabaai, het Grey voorgestel dat daar eerder 'n vergelyk oor doeane-belastinge met die Boererepublieke getref moes word. "My opinion has always been", het hy ten slotte aan Lytton opgemerk, "that, if instead of trying to exclude these States from all commercial advantages, and facilities of a valuable kind, we unite with them - giving them a fair share of all the benefits we attain. We can prevent the Slave Trade much better than by any other plan, and render South Africa a great and peaceful country, of the highest value to Great Britain, instead of being as it will otherwise inevitably be, a cause of weakness and of continual anxiety and apprehension."⁶⁶

⁶² TNA, CO 48/393, Clerk – Merrivale, 6.10.1858; Bulwer-Lytton – Grey, 28.10.1858 (persoonlik).

⁶³ TNA, CO 48/393, Grey – Bulwer-Lytton, 12.1.1859. Relative to purchase of Delagoa Bay.

⁶⁴ Ibid.

⁶⁵ Ibid.

⁶⁶ Ibid.

Grey was nie die enigste Britse gesagvoerder aan die Kaap wat na aanleiding van die *Herald*-aangeleentheid aandag aan Brits-Portugese aansprake op Delagoabaai geskenk het nie. Sy naamgenoot, admiraal F.W. Grey, het, soos reeds vermeld, reeds in Junie 1857 sy bedenkinge oor McLeod se standpunt oor Portugese regte aan die ooskus uitgespreek. Admiraal Grey het kennis gedra van die feit dat Brittanje kragtens die Anglo-Portugese konvensie van 1817 Portugal se aansprake op die ooskus tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques erken het. Hy kon egter nêrens 'n presiese omskrywing van die baai opspoor nie. Die Portugese owerhede het volgehou dat die benaming Lourenco Marques na die volle Delagoabaai verwys het maar volgens Grey het "baie mense" in die Kaapkolonie volgehou dat dit na die klein baai voor die Lourenco Marques-nedersetting verwys het. Grey was ook bewus daarvan dat Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai op die Owen-sessie van 1823 berus het, maar hy was onseker of die 1823-sessie deur Brittanje aanvaar is, aangesien die bepaling daarvan vir baie jare 'n dooie letter gebly het.⁶⁷

Die admiraal se kommer oor die geldigheid van Britse aansprake het voortgespruit uit sy vrees dat die Transvaalse republiek in die nabye toekoms alles in die stryd sou werp om 'n hawe in Delagoabaai te bekom. Met die oog op so 'n gebeurtenis het Grey die Britse admiraliteit in Januarie 1859 versoek om uitsluitel oor drie aangeleenthede te gee: of hy die hele Delagoabaai as Portugese gebied moes beskou, of die Britse regering enige aanspraak gemaak het op die gebied wat in 1823 aan Owen afgestaan is, en of hy nie in elk geval die gebied suid van die English- of Dundasrivier as onafhanklik van beide Portugal en Brittanje moes beskou nie.⁶⁸

Hoewel Grey se versoek reeds in Februarie 1859 onder die aandag van die Britse departement van buitelandse sake gebring is, sou hy, weens die voortslepende geskil oor die Portugese beslaglegging op die *Herald*, eers in Maart 1860 'n antwoord op sy versoek ontvang.

Soos reeds vermeld, is die Portugese regering in Desember 1858 deur Malmesbury versoek om so gou as moontlik rekenskap te gee van alle regsproesse wat in die beslaglegging op die *Herald* gevolg is, asook 'n verduideliking ter regverdiging van hulle optrede teenoor die Britse bemanning van die vaartuig. Die Portugese regering kon egter eers in Februarie 1859 aan hierdie versoek voldoen. Hoewel hulle nog nie al die dokumentasie uit Mosambiek ontvang het nie, is Malmesbury benewens afskrifte van die belangrikste dokumentasie ook van 'n verslag oor die

⁶⁷ TNA, FO 63/870, Grey – Secretary Admiralty, 20.1.1859; Admiralty – Foreign Office, 28.2.1859, Query as to the limits of the Portuguese Territory on the East Coast of Africa.

⁶⁸ Ibid.

Herald-beslaglegging van die Portugese minister van marine en kolonies, Sa da Bandeira, voorsien.⁶⁹

Da Bandeira het verskeie redes ter regverdiging van die beslaglegging op die *Herald* aangevoer. Die belangrikstes was dat Portugal se onbetwisbare reg op die King Georgerivier deur Brittanje erken is, aangesien die rivier tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques geleë was; dat handeldryf deur buitelandse vaartuie op die rivier, wat in die noorde van die hawe van Lourenco Marques geleë was, kragtens 'n 1853-Mosambiekse dekreet verbode was en dat verbode handelsartikels soos vuurwapens en ammunisie aan boord die *Herald* gevind is. Naas die klag van smokkelhandel het die kaptein van die *Herald* ook oortree deur hom teen arrestasie te verset. Da Bandeira het dit betreur dat Duncan 'n pistoolskoot op die Portugese mag afgevuur het wat hom en sy bemanning teen die "barbaarse" inheemse mense beskerm het, en, volgens die minister, van plan was om die *Herald* te buit en die kaptein en sy bemanning te beroof of te vermoor. Die minister was nietemin van mening dat die Portugese owerhede hul plig nagekom het en boonop prysenswaardig opgetree het deur die uitslag van hul geregtelike ondersoek aan die uitspraak van die Mosambiekse-geregshof oor te laat.⁷⁰

Bandeira se standpunt is egter nie deur die koningin se regsadviseur, na wie Malmesbury die verslag verwys het, gedeel nie. Hy het bevind dat die beslaglegging op die *Herald* en die aanhouding van die bemanning onwettig en onregmatig was en dat die Britse regering derhalwe geregtig was om skadevergoeding van Portugal vir hierdie "ernstige internasionale onreg" te eis. Die belangrikste gronde vir hierdie bevinding was dat die beslaglegging nie in 'n Portugese hawe of aan die kus, maar buite Portugese grondgebied plaasgevind het; dat luitenant Da Silva aan Duncan erken het dat die gevangenneming binne die dominium van 'n inheemse opperhoof plaasgevind het en dat die *Herald* nie van plan was om in enige Portugese hawe of grondgebied handel te dryf of enige Portugese wet of doeane-regulasies te oortree of te ontduik nie. Die feit dat die staatsprokureur van Mosambiek erken het dat die bemanning van die *Herald* op grond van onregmatighede in die ondersoek vrygelaat is, het ook 'n groot rol in die bevindings van die regsadviseur gespeel.⁷¹

Hierdie regsadvies het as grondslag gedien vir 'n uiters belangrike brief wat Malmesbury op 16 Maart 1859 aan Howard gerig het. Vanweë die ernstige lig waarin die Britse regering op hierdie

⁶⁹ TNA, FO 63/870, De Loule – Howard, Lissabon, 29.1.1859; Howard – Malmesbury, Lissabon, 12.2. 1859.

⁷⁰ TNA, FO 63/870, Howard – Malmesbury, Lissabon, 12.2.1859, bylaag: Sa da Bandeira – De Loula, Lissabon, 15.1.1859.

⁷¹ TNA, FO 63/870, Memorandum Foreign Office, 11.3.1859.

stadium die beslaglegging op die *Herald* beskou het, is die brief ook aan die Britse eerste minister, lord Derby, asook koningin Victoria, vir kennisname voorgelê. Hammond is meegedeel dat die Britse regering uiters ontevrede was met die pogings van die Portugese regering om die optrede van die Mosambiekse owerhede te regverdig. Die vraag waarop die Britse regering 'n verduideliking van die Portugese regering vereis het, was of die beslaglegging op die *Herald* volgens die internasionale reg geldig was, al dan nie, en nie of die Portugese owerhede hul plig vervul het deur geregtelike stappe teen die kaptein en bemanning in te stel nie. Die Britse regering kon bowendien ook nie vasstel of daar enige uitspraak oor die beslaglegging en aanhouding van die bemanning deur 'n Portugese geregshof gelewer is nie. Dit wou dus voorkom dat hoewel daar reeds in Desember 1857 op die *Herald* beslag gelê is, die Portugese regering tot 29 Januarie 1859, die datum van De Loule se nota, “were either unable or unwilling....to adduce, or refer to any judicial sentence or decision of any Court of Justice in its own justification or defence”. Vir die Britse regering was twee sake egter duidelik: dat die Portugese regering erken het dat daar foute in die geregtelike ondersoek begaan is en dat die eienaars van die *Herald* weens die ruim verloop van tyd groot skade deur die Portugese optrede berokken is.⁷²

Malmesbury het vervolgens kritiek uitgespreek teen die gronde waarop die Portugese regering die optrede van die Portugese owerhede in Lourenco Marques probeer regverdig het, naamlik die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 en die 1853-Mosambiekse dekreet met betrekking tot Portugese hawens aan die ooskus. Die Portugese regering se bewering dat die *Herald* binne Portugese grondgebied, soos deur Brittanje in 1817 erken, gevange geneem is, was foutief, aangesien hulle geen bewys van eiendomsreg of beheer oor die plek van gevangeneming kon aanvoer nie. Boonop het die tweede artikel van die 1817-konvensie ook nie die omvang van die Portugese grondgebied in die Baai van Lourenco Marques omskryf nie en dié grense “cannot in any case be indefinitely extended into the vast continent of Africa beyond its actual possessions ... even by the admission of the Portuguese captor”.⁷³ Die Britse regering kon derhalwe nie saamstem met die wyse waarop die Portugese regering die bepalings van die 1817-konvensie op die beslaglegging van die *Herald* van toepassing gemaak het nie.

Met verwysing na die 1853-Mosambiekse dekreet het Malmesbury daarop gewys dat dit nie van toepassing was op die omstandighede waaronder, of die plek waarop, daar op die *Herald* beslag gelê is nie. Die vaartuig was ten tye van die beslaglegging nie in 'n Portugese hawe of aan enige deel van die kus nie, maar in “a country to which Portugal had no claim and in international

⁷² TNA, FO 63/870, Malmesbury – Howard, 16.3.1859 (konsep).

⁷³ Ibid.

waters". Die kaptein van die *Herald* het ook geen voorneme gehad om in 'n Portugese hawe of grondgebied handel te drywe of enige Portugese wette of doeane-regulasies te verbreek nie, maar slegs om met die inwoners van 'n gebied onafhanklik van Portugal, handel te dryf.⁷⁴

Malmesbury was ook nie bereid om op die bewering dat die *Herald* by die smokkel van vuurwapens en buskruit na die inheemse mense betrokke was, kommentaar te lewer nie. Selfs al sou die bewering bewys kon word, "which it has not as yet been", het hy aan Hammond opgemerk, was die standpunt van die Britse regering dat die beslaglegging op die *Herald* nie in Portugese grondgebied plaasgevind het nie en derhalwe onwettig was.⁷⁵

Volgens Malmesbury het die Britse regering na 'n deeglike oorweging van die aangeleentheid tot die slotsom gekom dat die beslaglegging op die *Herald* onwettig was en dat die bevelvoerder en bemanning, ten spyte van die besware van die Britse konsul in Mosambiek, onregmatig aangehou en die vrag onwettig van die hand gesit is. Die Portugese regering het ook in gebreke gebly om kragtens die internasionale of Portugese reg enige regverdiging vir hul optrede in die aangeleentheid te verskaf. In die lig hiervan moes Howard die Portugese regering meedeel dat die Britse regering op voldoende kompensasie sou aandring vir diegene wat onder hierdie ernstige internasionale onreg skade gely het. Hy moes ook die Britse regering se spyt uitspreek dat die Portugese regering oënskynlik nie ag geslaan het op die besware van die Britse regering teen die hardhandige optrede van die Portugese owerhede teenoor Britse onderdane nie; 'n optrede wat uiters teenstrydig was met die vriendskaplike betrekkinge tussen die twee monargieë. Howard het derhalwe opdrag ontvang om die aandag van die Portugese regering te vestig "to a state of things which cannot be permitted to continue with due regard either to the dignity of this Country or to the interests of Her Majesty's subjects". Hy moes Malmesbury se skrywe aan De Loule voorlees, 'n afskrif daarvan oorhandig en die minister versoek om so gou as moontlik op die kommunikasie van die Britse regering te antwoord.⁷⁶

Howard het hierdie opdrag op 23 Maart 1859 tydens 'n gesprek met die nuwe Portugese minister van buitelandse sake, die hertog van Texeira, uitgevoer. Hoewel Texeira nog nie op hoogte van die *Herald*-aangeleentheid gestel was nie, het hy belowe om so gou as moontlik aan die versoek van die Britse regering te voldoen.⁷⁷

⁷⁴ Ibid.

⁷⁵ Ibid.

⁷⁶ Ibid.

⁷⁷ TNA, FO 63/870, Howard – Malmesbury, 24.3.1859.

Malmesbury, asook sy opvolger as Britse minister van buitelandse sake, lord John Russell, se hoop op 'n spoedige antwoord van die Portugese regering is egter gou verydel. Ten spyte van herhaalde versoeke aan Texeira deur Howard en sy opvolger as Britse minister in Lissabon, sir Arthur Magenis, het Texeira telkens geldige redes vir die gesloer aan Portugese kant aangevoer: 'n regeringsverandering, sy parlementêre verpligtinge en laastens die werksaamhede van 'n sogenaamde Politieke Raad wat die hele aangeleentheid in oënskou moes neem en 'n aanbeveling aan die Portugese regering maak.⁷⁸

Eers teen einde Desember 1859 het Texeira aangedui dat die Portugese regering vanweë die onreëlmatighede in die regsproses bereid was om skadevergoeding aan die eienaars van die *Herald* te betaal, maar met betrekking tot die "territorial fact of the question", Portugal se regte sou verdedig. Hierdie mededeling is tien dae later bevestig deur 'n brief waarin die Portugese regering hulself onvoorwaardelik bereid verklaar het om skadevergoeding aan die eienaar van die *Herald* te betaal - 'n aanbod wat deur die Britse regering aanvaar is en later aan Koch uitbetaal is.⁷⁹

In 'n sterk bewoorde uiteensetting het Texeira egter die grootste gedeelte van sy brief aan 'n verdediging van Portugal se aansprake op die ooskus van Afrika en die Baai van Lourenço Marques in die besonder, gewy. Die Portugese minister het sy spyt uitgespreek dat die Britse regering op grond van 'n onbelangrike eis om skadevergoeding, Portugal se dominium oor sekere gedeeltes van oos-Afrika, soos ooreengekom in die Anglo-Portugese konvensie van 28 Julie 1817, onder verdenking geplaas het. Syns insiens was Malmesbury se interpretasie van die tweede artikel van die konvensie, as synde dat okkupasie as voorwaarde vir die uitoefening van dominium gegeld het, ongegrond. Texeira het in stede daarvan vier beginsels vir Portugal se aansprake op die ooskus aangevoer: die reg van ontdekking, die bepalinge van internasionale verdrae, die beginsels van die internasionale reg en "the very Acts of Great Britain", 'n klaarblyklike verwysing na die Anglo-Portugese konvensie van 1817. Volgens hom het Portugal gedurende die vyftiende en sestiende eeu eerste besitreg aan die ooskus verkry, handel gedryf, forte opgerig en haar gesag oor die inheemse opperhoofde in die binneland van die ooskus uitgebrei. Portugal se besit van Lourenço Marques en die aangrensende grondgebied noord van die Baai was derhalwe gedeeltelik op die reg van ontdekking en gedeeltelik op die reg van verowering gegrond en sedert 1780 as sodanig deur Europese moondhede erken. Selfs al sou hierdie feite buite rekening gelaat word, was dit volgens Texeira duidelik dat ten tye van die

⁷⁸ TNA, FO 63/870, Howard – Malmesbury, Lissabon, 4.4.1859; Malmesbury – Howard, 13.4.1859; Texeira – Howard, Lissabon, 15.4.1859; Howard – Russell, Lissabon, 16.7.1859; Howard – Russell, Lissabon, 3.9.1859; Howard – Russell, Lissabon, 16.10.1859; Foreign Office – Howard, 12.12.1859; Foreign Office – Magenis, 15.12.1859 (konsep)

⁷⁹ TNA, FO 63/870, Magenis – Russell, 16.12.1859; Texeira – Magenis, 26.12.1859.

vasstelling van die grense van die Anglo-Portugese konvensie van 1817, die bestaande en erkende regte van Portugal, “without reference as to whether her Government exercised an effective dominion over all these regions”, as grondslag aanvaar is. “A distinction which was not inserted in that Convention” aldus Texeira, “cannot now be established by a Diplomatic Note, in as much as it would involve a manifest restriction of the said Convention which constitutes the Law between the two Countries”.⁸⁰

Malmesbury se bewering dat die onafhanklikheid van die inheemse mense asook hul gebrekkige betrekkinge met die Portugese in Lourenço Marques die King Georgerivier vir vryhandel oopgestel het, het ook heelwat kritiek van Texeira ontlok. Volgens hom sou die Britse regering moes toegee dat die Portugese geen ooreenkoms met die “barbaarse hordes” aan die oewers van die King Georgerivier kon sluit nie, aangesien dit “an act of international jurisprudence” sou wees wat die Britse regering nie graag in hul eie kolonies sou wou toepas nie. Hoewel die Portugese dus nie op ‘n fort of nedersetting aan die oewers van die King Georgerivier kon aanspraak maak nie, het die fort en nedersetting in Lourenço Marques Portugal die dominium oor die rivier, insluitende die plek waar die *Herald* voorgekeer is, gegee. Enige ander interpretasie van die dominium van kolonies sou, aldus Texeira, die beginsels van die internasionale reg op sy kop draai.⁸¹

Texeira het die invoer van vuurwapens en buskruit deur die Baai van Lourenço Marques as ‘n verdere rede aangevoer waarom Portugal die vryhandel met die inheemse mense van die binneland teengestaan het en in dié verband opgemerk:

The barbarous conditions of those tribes, admitted in official correspondence and confirmed by the works of the most notable explorers, induces the adoption on the part of Colonial governments of measures of security which are considered as indispensable in all colonies similarly situated. There is not, nor can there be a state of security and peace, in the absence of treaties and secure guarantees for the observance of Conventions that may be entered with the natives. The state of things is therefore one more of hostility or truce, than of a secure and settled peace.⁸²

⁸⁰ TNA, FO 63/870, Texeira – Magenis, 26.12.1859.

⁸¹ Ibid.

⁸² Ibid.

Dit was juis met die oog op die voorkoming van ernstige konflik met die inheemse volke dat die Portugese regering, op versoek van die Britse koloniale owerhede, 'n beperking op die invoer van vuurwapens en buskruit deur Lourenco Marques geplaas het. Texeira het dit derhalwe vreemd gevind dat die Britse regering nou as pleitbesorger vir vryhandel met die inheemse mense in hierdie gevaarlike handelsartikels na vore getree het.⁸³

Texeira het ten slotte opgemerk dat die Britse regering sedert 1817 deurentyd Portugal se eksklusiewe reg om die handel met die inheemse mense te beheer, binne die grense vasgestel deur die 1817-konvensie, erken het. Dit was die geval sowel voor as na 1853 toe die hawens van Lourenco Marques, Inhambane, Quilimane en Ibo, kragtens die 1853-Mosambiekse dekreet, vir buitelandse handel oopgestel is en doeane-kantore aldaar opgerig is. Die Britse regering het ook nooit op die reg van vrye navigasie op riviëre aangedring nie; 'n reg wat volgens Texeira selfs in Europa sterk betwis word "and is very far from being admitted for the free trade with the wandering tribes of the interior of Africa". In die lig van al hierdie oorwegings kon Texeira hom derhalwe nie daarvan weerhou om die Britse regering se pogings om Portugal se besitreg binne die grense van die 1817-konvensie te bevraagteken, te betwis nie. Hy was oortuig dat die Britse regering die geldigheid van sy argumente sou insien en dat Portugal, kragtens die 1817-konvensie, sou kon voortgaan om al haar regte op die ooskus van Afrika uit te oefen.⁸⁴

Die Portugese minister se verwagtinge dat die Britse regering die geldigheid van Portugal se aansprake op die ooskus sou insien, is egter spoedig teleurgestel. Hoewel die Britse regering verheug was om te verneem dat die Portugese regering bereid was om skadevergoeding aan die eienaar van die *Herald* te betaal, is Texeira in Februarie 1860 meegedeel dat die Britse regering voorlopig nie bereid was om die kwessie van Portugese jurisdiksie in suidoos-Afrika verder te bespreek nie. Hierdie standpunt het nie geïmpliseer dat die Britse regering die geldigheid of relevansie van Texeira se opmerkings in die verband erken het nie, maar dat hulle voorlopig met hul standpunt, soos deur Malmesbury in Maart 1859 uiteengesit, volstaan het.⁸⁵

Hierdie standpunt van die Britse regering het voortgespruit uit 'n memorandum van Frank Irving, 'n senior amptenaar van die Britse departement van buitelandse sake, op 10 Januarie 1860 oor die grense van die Portugese besittings aan die ooskus van Afrika. Admiraal Grey se versoek in Januarie 1859 aangaande Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, asook die

⁸³ Ibid.

⁸⁴ Ibid.

⁸⁵ TNA, FO 63/870, Foreign Office – Mageniz, 8.2.1860; Mageniz – Texeira, Lissabon, 14.2. 1860. (konsep); Mageniz – Russell, Lissabon, 26.7.1860; Foreign Office – Mageniz, 4.8.1860; Mageniz – Russell, Lissabon, 16.8.1860; Russell – Koch, 19.9.1860.

Portugese regering se gesloer met 'n antwoord op Malmesbury se Maart 1859-skrywe, was waarskynlik die belangrikste redes waarom Irving hierdie memorandum op versoek van Russell opgestel het.⁸⁶

Die memorandum het die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 as vertrekpunt oor die Portugese aansprake op die ooskus van Afrika geneem. Daarvolgens was die enigste dispuut oor die grense van die Portugese besittings aan die ooskus “whether the Bay of Lorenzo Marquez is merely the small inner bay in front of the Portuguese factory of Lorenzo Marquez (at the mouth of the Lorenzo Marquez, Dundas, or English river), or whether it comprehends the whole of Delagoa Bay, which would include the territories of Temby and Mapoota and the Island of Inyack”.⁸⁷ In die memorandum is kennis geneem van die Tembe-sessie aan Owen asook Palmela en Dudley se briefwisseling in 1827 oor Portugese aansprake op die suidelike gedeeltes van Delagoabaai, en opgemerk dat die korrespondensie tussen die twee regerings oënskynlik na 1828 tot 'n einde gekom het.⁸⁸ Daar is geen verwysing gemaak na Palmerston se standpunt in 1835 dat Brittanje geen aanspraak op enige regte in Delagoabaai gemaak het nie.

Volgens Irving is die vraagstuk van die grense van die Portugese besittings aan die ooskus eers weer in 1858 deur die Portugese se arbitêre beslaglegging op die *Herald* onder die aandag van die Britse regering gebring. Op daardie tydstip het die koningin se regsadviseur bevind dat “Lorenzo Marquez itself, wherever it may be, was, and is”, 'n Portugese besitting was, maar dat die omvang van Portugese grondbesit in die binneland nie bepaal is of erkenning geniet het nie.⁸⁹ Die *Herald*-insident het nietemin daartoe gelei dat die Britse regering, danksy inligting verskaf deur konsul McLeod, die presiese ligging van die Portugese se mees suidelike nedersetting aan die suidooskus, Lourenço Marques, kon vasstel.


Die verwarring wat daar oor die benamings Delagoabaai en Baai van Lourenço Marques bestaan het, het vervolgens Irving se aandag geniet. Volgens hom het die Portugese reeds geruime tyd Delagoabaai en die Baai van Lourenço Marques as identies beskou, maar syns insiens kon daar geen twyfel wees dat die 1817-konvensie na die klein, binneste baai aan die mond van die Lourenço Marquesrivier verwys het, “for if the great bay marked as Delagoa Bay in the charts be

⁸⁶ TNA, FO 63/870, Memorandum respecting the Limits of the Portuguese Possessions on the South East Coast of Africa, 16 January 1860.

⁸⁷ Ibid.

⁸⁸ Ibid.

⁸⁹ Ibid.



13. Sketskaart by F. Irving se memorandum vir die Britse departement van buitelandse sake

the one which, as the Portuguese say, was intended this Treaty would have been admitting the sovereignty of Portugal over territory extending many miles south of the most southern of their Establishments".⁹⁰ Hieruit was dit duidelik waarom die Britse regering nooit Portugal se aanspraak op soewereiniteit ten suide van die Lourenco Marques-, Dundas- of Englishrivier en derhalwe op enige grondgebied in die suidelike gedeelte van Delagoabaai, erken het nie. Volgens Irving kon dit derhalwe aanvaar word dat die kuslyn omskryf in die tweede artikel van die 1817-konvensie, slegs verwys het na die kus tussen Kaap Delgado en die Portugese faktory Lourenco Marques, geleë "on the inner bay of that name".⁹¹

Irving het vervolgens aandag geskenk aan die ekonomiese en politieke voordele wat die behoud van die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir Brittanje kon inhou en in hierdie verband sterk op McLeod se verslag van Desember 1858 gesteun. Hy het die ekonomiese voordele as van die uiterste belang beskou, aangesien die baai volop waardevolle produkte bevat het en die riviere in die baai toegang tot die hinterland van Zoeloeland verleen het. Inyackeiland, wat ook in daardie gedeelte van die baai geleë was, was boonop uiters geskik vir 'n handelsnederstelling en sou Brittanje in staat stel om die handel van die omliggende grondgebied te beheer. Die eiland sou ook die mees geskikte plek vir 'n vuurtoring met die oog op die voorgenome posbootdiens tussen Aden, Natal en die Kaapkolonie wees.⁹²

Brittanje se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, kragtens die 1823-sessie aan Owen, was volgens Irving ook van die grootste politieke belang. Dit sou die Portugese verhoed om hul plan om Delagoabaai aan die Transvaalse en Vrystaatse republieke te verkoop, uit te voer; 'n plan wat 'n uitvoerhawe aan die Boere sou bied en hulle in staat sou stel om die invoerbelasting van die Kaapkolonie te vermy.⁹³

Irving het ten slotte ook heelwat aandag geskenk aan die landsgrense van die Portugese besittings in suidoos-Afrika waaroor daar heelwat onsekerheid bestaan het. Hoewel die Portugese regering op 'n uitgestrekte stuk grondgebied aanspraak gemaak het, was hulle jurisdiksie, soos duidelik deur Owen en McLeod se verslae aangetoon, tot hoogstens 'n paar kilometer van hul nedersettings aan die kus beperk. Hy het in dié verband na McLeod se verslag van Desember 1858 verwys waarin die nedersettings en spesifiek Delagoabaai as volkome insulêr beskryf is. Irving het ook McLeod se gevolgtrekking gedeel dat Portugese gesag aan die suidooskus van

⁹⁰ Ibid.

⁹¹ Ibid.

⁹² Ibid.

⁹³ Ibid.

Afrika tot agt geïsoleerde nedersettings beperk was en dat die Portugese geen beheer oor die omliggende grondgebied uitgeoefen het nie. Die Britse regering kon gevolglik slegs die Portugese aansprake op die nedersettings tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques erken, aangesien die koningin se regsadviseer in sy verslag oor die beslaglegging op die *Herald* bevind het dat “the limits of the territories recognized as possessed by Portugal cannot be indefinitely extended beyond its actual Possessions, so as to extend to Possessions not possessed by it, but actually possessed by others”.⁹⁴

Op 24 Januarie 1860 is Irving se memorandum op versoek van Russell aan die Britse minister van kolonies, die hertog van Newcastle, vir kommentaar voorgelê. Newcastle is versoek om veral met die oog op die politieke en kommersiële voordele besonder aandag te skenk aan Brittanje se reg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Hoewel daar onder die senior amptenare van die koloniale kantoor eenstemmigheid was dat Portugal sy uitsluitlike reg op Delagoabaai moes prysgee, was daar heelwat meningsverskil oor die geldigheid van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai en tot watter mate dit gebruik moes word om die Boere toegang tot die see te ontnem. Volgens sir Graham Barrow, senior amptenaar in die koloniale kantoor, was dit duidelik dat die Lourenco Marques-nedersetting, en nie Delagoabaai nie, die Portugese se mees suidelike besitting aan die suidooskus was. As daar die geringste voorneme met die 1817-konvensie was om Delagoabaai as Portugese besitting te erken, sou Kaap Colatto of selfs ‘n punt verder suid, as die mees suidelike Portugese besitting aangedui gewees het. Deur die Portugese interpretasie van die tweede artikel van die 1817-konvensie te aanvaar, aldus Barrow, sou die Portugese beheer verkry oor ‘n baie groter gebied as wat hulle besit het en wat inderwaarheid aan onafhanklike inheemse opperhoofde behoort het. Syns insiens het Owen se besoek aan Delagoabaai in 1823 bo alle twyfel die onafhanklikheid van die inheemse opperhoofde in die baai, asook hul behoefte om beskerming teen die Portugese te verkry, bevestig. Barrow het egter toegegee dat die ooreenkomste wat Owen met die konings van Tembe en Mapoota gesluit het, nooit geïmplementeer is nie en na 37 jaar slegs van waarde kon wees om te bewys dat Portugal se reg op “the whole of Delagoa Bay”, reeds ses jaar na die 1817-konvensie nie erken is nie. Hy het derhalwe voorgestel dat as die Britse regering van voorneme was om op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aanspraak te maak, dit beter sou wees om ‘n nuwe sessie van die inheemse mense te verkry.⁹⁵

⁹⁴ Ibid.

⁹⁵ TNA, CO 48/399, Foreign Office – Colonial Office, 24.1.1860, Memorandum G. Barrow, Russell – Newcastle, 26.1.1860.

Sir Herman Merrivale, die permanente ondersekretaris van kolonies, kon geen voordeel insien om die Boererepublieke van die see af te sny ten einde die Kaapkolonie deur die transitohandel te verryk nie. Hy het die voorstel as onwaardig van Brittanje en die Kaapkolonie beskou en opgemerk dat indien Brittanje nie van voorneme was om die Boererepublieke te her-anneксеer nie, hulle in alle regverdigheid verplig was om hulle as vriende te behandel. In teenstelling met Merrivale was Chichester Fortesque, die parlementêre ondersekretaris van kolonies, van mening dat Brittanje se aanspraak op Delagoabaai sterk genoeg was om die verkoop daarvan deur Portugal aan die Boererepublieke te voorkom. Dit kon ook die moeite werd wees om Brittanje se aanspraak op Delagoabaai te handhaaf ten einde die slawehandel te stuit en die Boere se optrede in die algemeen aan bande te lê; 'n stap wat nie noodwendig sou beteken dat die Boererepublieke onregverdig met betrekking tot hul in- en uitvoere behandel sou word nie.⁹⁶

Die Britse minister van kolonies, Newcastle, was van mening dat Brittanje net so 'n goeie aanspraak op Delagoabaai soos Portugal gehad het. Hy was egter nie so seker van die politieke voordele wat die baai vir Brittanje ingehou het nie. Omdat hy die Boere van slawerny verdink het, het hy die moontlike verkoop van Delagoabaai as boos beskryf weens die waarskynlikheid dat die baai 'n belangrike hawe vir die uitvoer van slawe sou word. Britse besit van die baai daarenteen kon deur een of ander reëling met betrekking tot doeane-belasting met die handelsbelange van die Boere versoen word. Newcastle het met Merrivale saamgestem dat dit onregverdig en onwaardig van Brittanje sou wees om hul aansprake op Delagoabaai te gebruik om die Boererepublieke toegang tot die see te weier en hulle te dwing om transito-gelde aan die Britse kolonies te betaal. In so 'n geval sou hy eerder voorkeur gee aan goewerneur Grey se voorstel van 'n federasie van die Britse kolonies en Boererepublieke in Suid-Afrika.⁹⁷

Newcastle se standpunte oor die politieke en kommersiële voordele wat Britse besit van die suidelike gedeelte van Delagoabaai kon inhou, het die grondslag gevorm vir die koloniale kantoor se amptelike kommentaar op Irving se memorandum. Op 7 Maart 1860 is Russell meegedeel dat dit vir Newcastle uit die memorandum duidelik was dat Portugal se aansprake op die grondgebied suid van die Lourenco Marques-, Dundas- of Englishrivier nooit deur Brittanje erken is nie. Die Britse minister van kolonies was egter nie daarvan oortuig dat die behoud van die suidelike gedeelte van Delagoabaai wat in 1823 aan Owen afgestaan is, enige politieke voordele vir Britse belange sou inhou nie. Hy was nie ten gunste daarvan dat Britse aansprake op Delagoabaai gebruik word om die Boererepublieke van 'n uitvoerhawe uit te sluit en hulle te dwing om

⁹⁶ TNA, CO 48/399, Kommentaar H. Merrivale, 30.1.1860; Kommentaar C. Fortesque, 12.2.1860.

⁹⁷ TNA, CO 48/399, Kommentaar Newcastle, 27.2.1860.

deurgangsregte aan die Britse kolonies te betaal nie. Indien daar egter 'n ooreenkoms oor doeaneregte, versoenbaar met die handelsbelange van die Boererepublieke, getref kon word, sou Britse besit van die suidelike gedeelte van Delagoabaai voorkom dat dit 'n uitvoerhawe vir slawe word. Newcastle was uit 'n handelsoogpunt van mening dat 'n Britse besetting van Inyackeiland voordelig vir die oprigting van 'n vuurtoring sou wees en dat die eiland op grond van die ligging en heilsaamheid daarvan, in Britse hande 'n belangrike spilpunt van wettige handel sou word.⁹⁸

Die Britse minister van kolonies was ten slotte van mening dat met die oog op die snelle toename van Britse belange in suidelike Afrika, die twyfelagtige aard van die toekomstige Britse betrekkinge met die Boererepublieke en die bose invloed van die plaaslike Portugese owerhede, Brittanje nie Portugal se aanspraak op Delagoabaai suid van Lourenco Marques kon erken nie asook nie die voorgenome verkoop daarvan aan die Boere nie.⁹⁹

Newcastle se standpunt oor die belangrikheid van die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir Britse belange in suidelike Afrika, sou verreikende gevolge hê. Op grond van sy standpunt het Russell in April 1860 besluit om Brittanje se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te handhaaf en nie Portugal se aanspraak op soewereiniteit oor enige grondgebied suid van die Lourenco Marques, Dundas of Englishrivier te erken nie. Russell het die Britse admiraliteit onverwyld van sy besluit in kennis gestel. Hy het, met verwysing na admiraal Grey se navraag in Januarie 1859 oor Brits-Portugese aansprake op Delagoabaai, die admiraliteit versoek om die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap mee te deel “that the claim of Portugal to sovereignty over any territory south of the Lourenco Marques, Dundas or English River has never been admitted by the British Government, and that Her Majesty’s Government maintain their right to claim or retain the southern portion of Delagoa Bay, ceded in 1823 to captain Owen”. Die bevelvoerder moes ook opdrag ontvang om dié gedeelte van Delagoabaai voortaan as Britse gebied te beskou en sy aandag daarop te vestig “that looking to the rapid growth of British interests in Southern Africa – to the doubtful nature of our future relations with the Dutch republics, and to the evil influence of Portuguese Authority upon the prosperity of the region in question”, Brittanje nie die verkoop van 'n deel van die baai aan die Boererepublieke sou toelaat nie.¹⁰⁰

⁹⁸ TNA, CO 48/399, Merrivale – Wodehouse, 7.3.1860.

⁹⁹ Ibid.

¹⁰⁰ TNA, FO 63/870, Foreign Office – Admiralty, 7.4.1860; Russell- Mageniz, 5.4.1860; Admiralty – Keppel, 11.4.1860

Russell het ook vir Magenis oor die Britse regering se belangrike besluit in verband met die suidelike gedeelte van Delagoabaai in kennis gestel. Ten einde hom in staat te stel om op enige Portugese remonstrans in dié verband te antwoord, is 'n afskrifte van Irving se memorandum oor die grense van Portugese aansprake op die ooskus en Russell se mededeling van die admiraliteit aan Magenis gestuur.¹⁰¹

Russell se mededeling aan die Britse admiraliteit het handig te pas gekom toe admiraal Grey se opvolger as bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, Keppel, enkele maande later 'n besoek aan die Portugese besittings aan die suidooskus van Afrika afgelê het. Tydens sy besoek aan Delagoabaai in Julie 1860 het hy van die goewerneur van Lourenco Marques verneem dat die Portugese owerhede die 26-ste graad suiderbreedte, as die suidelike grens van hul besittings aan die ooskus van Afrika beskou en van voorneme was om 'n fort op Inyackeiland op te rig. Keppel het die goewerneur daarop gewys dat die Britse regering die Baai van Lourenco Marques of Delagoabaai en die Lourenco Marques-, Dundas- en Englishriviere as die grens tussen die Britse en Portugese besittings in die baai beskou het. Die goewerneur is ook meegedeel dat die gebied ten suide van die genoemde riviere in 1823 aan Brittanje afgestaan is en dat die Britse regering die reg op, en die behoud van die gebied, voorbehou het. Op grond van hierdie inligting het Keppel namens die Britse regering protes aangeteken teen die besetting van die grondgebied asook teen inmenging met enige vaartuig wat ten suide van die Lourenco Marques-, Dundas of Englishrivier handel gedryf het. Met sy aankoms by Mosambiekeiland het Keppel vir goewerneur-generaal d'Andrade van sy protes in kennis gestel.¹⁰²

Vanuit die Mosambiek-kanaal het Keppel op 10 Augustus 1860 die Britse admiraliteit op die nadelige gevolge vir Britse belange in suidelike Afrika gewys indien die Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai erken sou word. Volgens hom sou Inyackeiland sowel as die ingang tot die Englishrivier Portugese besit word en die mondings van twee riviere wat vir meer as 300 km bevaarbaar was, vir alle nasies behalwe dié wat die slawehandel bedryf het, gesluit word. Weens die groot omvang van Delagoabaai was dit waarskynlik die mees geskikte hawe vir die uitvoer van slawe aan die suidooskus van Afrika. Keppel het net soos McLeod verskeie redes vir die oprig van 'n Britse fort en vuurtoring op Inyackeiland bepleit. Dit sou wettige handel met die inheemse mense van die Baai bevorder, die slawehandel 'n nekslag toedien, 'n

¹⁰¹ Ibid.

¹⁰² TNA, FO 63/870, Keppel – Secretary British Admiralty, Mosambiekkanaal, 10.8.1860, Keppel – Goewerneur Lourenco Marques, 28.7.1860.

hawe vir die produkte van die Boererepublieke bied en die grens tussen die Britse en Portugese invloedssfeer aan die suidooskus vorm.¹⁰³

Die Portugese se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai en hul voornemens om 'n fort op Inyackeiland op te rig, asook die stappe wat Keppel geneem het om protes aan te teken, is in Oktober 1860 deur Russell aan Newcastle vir kommentaar voorgelê. Sy standpunt was dat die vraagstuk die punt bereik het waar die Britse en Portugese regerings in gesprek met mekaar moes tree om te bepaal aan wie die suidelike gedeelte van Delagoabaai behoort het.¹⁰⁴

Newcastle se siening is egter nie deur lord Wodehouse, die adjunk-minister van buitelandse sake, gedeel nie. In 'n memorandum wat hy 'n paar dae later op versoek van Russell opgestel het, het hy die mening uitgespreek dat indien daar op hierdie stadium met die Portugese regering in onderhandeling getree sou word, dit die prysgawe van 'n standpunt sou wees wat die Britse regering reeds in 1827 ingeneem het. Volgens Wodehouse het die Britse regering sedert 1827 die standpunt gehuldig dat die Portugese geen aanspraak op die grondgebied suid van "Lourenço Marques bay" gehad het nie en dat die suidelike gedeelte van Delagoabaai, kragtens 'n ooreenkoms in 1823 met die inheemse opperhoofde, aan Brittanje behoort het.¹⁰⁵

Oor die aangewese optrede vir die Britse regering was daar by Wodehouse geen twyfel nie: as hulle in Delagoabaai wou inmeng, moes hulle op hul regte aandring en nie met die Portugese onderhandel nie. "The territory is British according to the treaty of 1823 and the Portuguese have therefore no right to touch it", het hy in dié verband opgemerk. Dit sou boonop voorkom dat die Portugese hulle "papier-blokkade" oor die kus van Afrika uitbrei. Aangesien die riviere in Delagoabaai toegang tot belangrike handelskanale na die binneland verleen het, kon dit ook nie tot voordeel van Britse belange wees as die beheer daarvan aan die Portugese oorhandig word nie.¹⁰⁶

Ten einde Britse belange te beskerm, het Wodehouse twee verbandhoudende voorstelle gemaak: die Britse regering moes Portugese jurisdiksie suid van "Lourenço Marques bay" ontken en 'n aanduiding gee dat Britse oorlogsskepe opdrag ontvang het om enige Portugese mag van

¹⁰³ Ibid.

¹⁰⁴ TNA, FO 63/870, Foreign Office – Colonial Office, 22.10.1860; Rogers – Foreign Office, 6.11.1860.

¹⁰⁵ TNA, FO 63/870, Memorandum Delagoa Bay, Wodehouse, 10.11.1860.

¹⁰⁶ TNA, FO 97/318, Memorandum re question of sovereignty over territory south of Lourenço Marques, Wodehouse, 18.2.1861.

Inyackeiland te verdryf; en dit sou nog voordeliger wees as die suidelike gedeelte van Delagoabaai onder die beheer van die Natalse regering geplaas word.¹⁰⁷

Russell het Wodehouse se standpunt gedeel dat dit geen voordeel sou inhou om met Portugal oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai te onderhandel nie en dat Portugese beheer daaroor 'n ernstige terugslag vir die beskawende invloed van Britse handel sou inhou. Hy was egter nie ten gunste van Britse aansprake op grondgebied waarvoor daar geen voorneme bestaan het om van gebruik te maak nie. 'n Voorstel dat 'n Britse besetting van Inyackeiland onder Natalse beheer die beste oplossing sou wees om die Portugese se verderflike invloed oor die suide van Delagoabaai hok te slaan, is gevolglik in Maart 1861 aan die Britse departement van kolonies voorgelê waar dit baie gunstige kommentaar van Newcastle en sy senior amptenare ontlok het.¹⁰⁸

Newcastle, wat kort tevore nog ten gunste van onderhandelinge met die Portugese oor die besitreg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai was, het nou van deuntjie verander. Hy het Wodehouse se voorstel van 'n Britse besetting van Inyackeiland as die mees praktiese en ekonomiese stap beskou om Portugese uitbreiding suid van Lourenco Marques te verhoed en terselfdertyd Britse beheer oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai te verseker. Syns insiens sou die oprigting van 'n vuurtoring in plaas van 'n fort, 'n vreedsame en nuttige Britse besetting van Inyackeiland vergemaklik. Die moontlike totstandkoming van 'n posbootdiens tussen Suez, Port Natal en die Kaapkolonie was 'n verdere rede waarom Newcastle voorkeur aan die oprigting van 'n vuurtoring op Inyackeiland gegee het. Aangesien Natalse handelaars deur die "belangrike riviere" in die suide van Delagoabaai toegang tot die binneland kon verkry en alreeds in die baai handel gedryf het, het Newcastle die voorstel ondersteun dat Inyackeiland onder Natalse beheer geplaas word.¹⁰⁹

Weens 'n sameloop van omstandighede, deels veroorsaak deur 'n besoek aan die VSA, het Newcastle eers in Augustus 1861 sy amptelike instemming tot 'n Britse besetting van Inyackeiland aan Russell betuig.¹¹⁰ Admiraal Brendon Walker, die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, het gevolglik opdrag ontvang om Inyackeiland namens Brittanje in besit te neem. Met dié doel voor oë het kaptein I.G. Bickford, die bevelvoerder van HMS *Narcissus*, Delagoabaai op 4 November 1861 binnegevaar en by Inyackeiland anker gegooi. 'n Klein geselskap onder bevel

¹⁰⁷ Ibid.

¹⁰⁸ Ibid.

¹⁰⁹ TNA, FO 97/318, Newcastle – Wodehouse, 26.3.1861; Newcastle – Wodehouse, 22.7.1861; CO 48/410, Kommentaar G. Barrow, 8.3.1861.

¹¹⁰ TNA, FO 97/318, Wodehouse – Rogers, 25.7.1861; Memorandum Newcastle, 7.8.1861; Rogers – Wodehouse, 14.8.1861.

van kommandeur Philips het die volgende dag om 12-uur die Britse vlag op Inyackeiland gehys, wat met 'n kanonsaluut van 21-skote deur HMS *Narcissus* begroet is. Luitenant N.H. Neaton het dieselfde dag 'n brief aan goewerneur Lourenco d'Andrade besorg waarin hy in kennis gestel is dat Bickford, in opdrag van die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap, namens die koningin van Engeland besit geneem het van Inyack en Elephanteiland en dat die eilande en paaie in die onmiddellike omgewing daarvan voortaan deel van die kolonie van Natal sou vorm.¹¹¹

D'Andrade het onmiddellik skriftelik protes teen die anneksasie aangeteken en Bickford in kennis gestel dat hy die aangeleentheid so gou as moontlik onder die aandag van die Portugese regering sou bring.¹¹²

Pas na Bickford se terugkeer na Simonstad het 'n kennisgewing in die staatskoerant van die Kaapkolonie verskyn dat die Britse vlag op 5 November 1861 op Inyack en Elephanteiland in Delagoabaai gehys is en dat die eilande voortaan as deel van die kolonie van Natal, Britse besittings sou wees. 'n Soortgelyke kennisgewing het einde Desember 1861 in die Natalse staatskoerant in Pietermaritzburg verskyn. Slegs Britse koloniale amptenare het egter kennis gedra van Newcastle se mededeling in Desember 1861 aan die luitenant-goewerneur van Natal, sir John Scott, "that it was not Her Majesty's Government's intention, that any immediate steps should be taken for forming a settlement on the island of Inyack".¹¹³

Die kennisgewing van die Britse anneksasie van Inyackeiland is sonder versuim deur die Portugese konsul in Kaapstad, Alfredo Duprat, onder die aandag van die Portugese regering gebring.¹¹⁴ Die Portugese minister in Londen, graaf Lavradio, het gevolglik reeds in Februarie 1862 by Russell beswaar aangeteken teen die Britse besitname van Inyack- en Elephanteiland. Met verwysing na die kennisgewing in die Kaapse staatskoerant is Russell meegedeel dat die twee eilande en die Baai van Lourenco Marques sedert die vroegste tye aan die Portugese koning behoort het en dat die besit uitdruklik deur Brittanje in die konvensie van 20 Julie 1817 erken is. In die lig hiervan het die Portugese regering die besitname van die twee eilande as 'n skending van Portugese grondgebied beskou en op skadevergoeding vir die skending van die bestaande Anglo-Portugese ooreenkomste asook die internasionale reg aangedring. Lavradio het die vertroue

¹¹¹ TNA, FO 97/318; Foreign Office – Rogers, 22.8.1861; Newcastle – Goewerneurs van die Kaap en Natal, 4.10.1861; Bickford – Goewerneur Lourenço Marques, 5.11.1861; Goewerneur Lourenco Marques - Bickford, 5.11.1861; Bickford – Walker, Simonsbaai, 19.11.1861; Walker – Secretary Admiralty, Simonsbaai, 20.11.1861; CO 48/415, Foreign Office – Colonial Office, 8.2.1862; Colonial Office – Foreign Office, 19.2.1862.

¹¹² TNA, FO 97/318, Goewerneur Lourenco Marques – Bickford, Lourenco Marques, 5.11.1861.

¹¹³ TNA, CO 48/451, Keate – Granville, 6.8.1870.

¹¹⁴ TNA, FO 97/318, Lavradio – Russell, Londen, 22.2.1862.

uitgespreek dat die Britse regering sonder verwyl 'n ondersoek na die besitname sou instel en kompensasie vir die onverklaarbare optrede van die Kaapse goewerneur sou aanbied. In antwoord hierop is Lavrado meegedeel dat die Britse minister in Lissabon namens die Britse regering op die protes teen die besetting van Inyackeiland sou antwoord.¹¹⁵

Met hierdie doel voor oë het Russell in Maart 1862 'n uiteensetting van die Britse standpunt met betrekking tot die suidelike gedeelte van Delagoabaai aan Mageniz verskaf en hom versoek om 'n nota wat die standpunt sou beliggaam, aan die Portugese regering te rig. Ingesluit by Russell se skrywe, wat ook aan die Britse eerste minister, lord Palmerston, en koningin Victoria voorgelê is, was afskrifte van lord Dudley se korrespondensie met De Palmela in 1827, die oorspronlike Tembe-sessie van 1823, die opdrag aan admiraal Walker, Bickford se korrespondensie met goewerneur d'Andrade en 'n vertaling van Lavrado se nota. Volgens Russell het hierdie dokumentasie onbetwisbare bewyse gelewer dat die Portugese geen reg op grondbesit ten suide van Lourenco Marques gehad het nie en dat die suidelike gedeelte van Delagoabaai in 1823 regmatig aan Brittanje afgestaan is. Die Britse regering moes dus insoverre dit Britse regte en die grense van Portugese soewereiniteit betref, Dudley se standpunt, soos uiteengesit in sy brief van 5 Desember 1827 aan De Palmela, handhaaf. Hy het voorts beweer dat die Britse regering sedert 1823 hulle reg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gehandhaaf het en Portugese aansprake op grondgebied suid van die Lourenco Marques-nedersetting ontken het. Die Britse besetting van Inyackeiland was derhalwe regmatig en die Britse regering kon geen gronde insien waarvolgens die Portugese regering protes kon aanteken of op skadevergoeding kon aandrang nie.¹¹⁶

Russell het ten slotte beweer dat die Britse besetting van Inyackeiland daarop gemik was om wettige handel in Delagoabaai te bevorder en die slawehandelaars voor te keer wat hul handel sonder vrees vir vervolging in die aangrensende Portugese besittings bedryf het. Mageniz is daaraan herinner dat hoewel die Britse regering daarvan oortuig was dat die Portugese regering in goeder trou opgetree het om die slawehandel te bekamp, dit nogtans die Britse regering se plig was om die handel stop te sit; 'n handel wat in "direct violation of the engagements and of the policy of their own Government" deur Portugese onderdane met die oënskynlike ondersteuning van plaaslike owerhede, voortgesit word.¹¹⁷

¹¹⁵ TNA, FO 97/318, Foreign Office – Colonial Office, 3.3.1862; Lavrado – Russell, Londen, 22.2.1862 (afskrif en vertaling).

¹¹⁶ TNA, FO 97/318, Memorandum Russell, 26.2.1862; Russell – Mageniz, 3.3. 1862 (konsep).

¹¹⁷ TNA, FO 97/318, Russell – Mageniz, 3.3.1862 (konsep).

Magenis het op 18 Maart 1862 uitvoering gegee aan Russell se instruksies in verband met 'n nota aan die Portugese regering. De Loule is meegedeel dat die Britse regering, "after a renewed and careful consideration on the subject", van mening was dat Portugal geen aanspraak op enige grondgebied suid van Lourenco Marques gehad het nie en dat die grondgebied, insluitende Inyack en Elephanteiland, regmatig aan Brittanje afgestaan is. Die Britse regering moes derhalwe wat Britse regte en die grense van Portugese grondgebied betref, volstaan met Dudley se standpunt in sy nota van Desember 1827 aan De Palmela.¹¹⁸

Die Britse konsul het vervolgens 'n saak aangeraak wat verreikende gevolge vir Britse en Portugese aansprake op Delagoabaai sou inhou en tien jaar later op die Anglo-Portugese arbitrasie oor Delagoabaai sou uitloop. Met verwysing na die tweede bepaling van die 1817-konvensie, het Magenis opgemerk dat

the only question of dispute which can arise as the limits of the line of coast specified in the above quoted article is whether the bay of Lourenco Marques is the bay in front of the Portuguese factory at the mouth of the river of the same name (also called the Dundas or English River), as Her Majesty's Government believe; or whether it comprehends the whole of Delagoa Bay, as the Portuguese Government contend, which would extend Portuguese territory some miles south of the most Southern of their establishments and into territories where they have never held sovereignty or possession.¹¹⁹

Volgens Magenis het die ligging van die Portugese handelspos op die noordelike oewer van die Lourenco Marquesrivier as bewys gedien dat Portugal geen aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gehad het nie. As die Portugese regering ten tye van die oprigting van die handelspos geglo het dat hulle 'n reg op die suidelike oewer van die Lourenco Marquesrivier gehad het, sou hulle dit op daardie oewer opgerig het en daardeur beheer oor 'n rivier verkry het wat vir meer as 300 km bevaarbaar was.¹²⁰

Magenis het twee verdere argumente aangevoer waarom Brittanje die Lourenco Marquesrivier as die suidelike grens van Portugese grondgebied aan die ooskus van Afrika beskou het. Eerstens, omdat De Palmela in 1827 geen bewyse van enige Portugese aansprake op die grondgebied van die Mapoota-opperhoofde aan Dudley kon voorlê nie en die Britse regering derhalwe die

¹¹⁸ TNA, FO 97/318, Magenis – Russell, Lissabon, 25.3.1862; Magenis – De Loule, Lissabon, 18.3.1862.

¹¹⁹ TNA, FO 97/318, Magenis – De Loule, Lissabon, 18.3.1862.

¹²⁰ Ibid.

oortuiging huldig dat die Portugese nooit enige nedersetting in Mapoota of op enige ander plek so ver suid besit het nie. Tweedens, dat Dudley reeds in 1827 opgemerk het dat die tweede bepaling van die 1817-konvensie, “allowing for the utmost latitude of expression, might include every foot of territory between Cape Delgado and the Bay of Lourenco Marques, but it could not be held to mean the territory of those places inclusive”.¹²¹

Brittanje se regmatige aanspraak op Inyackeiland het volgens Magenis op Owen se ooreenkomste in 1823 met die konings van Tembe en Mapoota berus. Daarvolgens het die Tembe-koning die grondgebied van Tembe “and its dependencies” aan Brittanje afgestaan en die Mapoota-koning het sy grondgebied, wat Inyackeiland ingesluit het, onder beskerming van die Britse kroon geplaas. In die lig van hierdie verdrae het die Portugese regering derhalwe geen gronde vir protes of vir skadevergoeding met betrekking tot die Britse anneksasie van Inyackeiland gehad nie.¹²²

Magenis het ten slotte Russell se opmerking dat die Britse besetting van Inyackeiland hoofsaaklik ten doel gehad het om wettige handel in Delagoabaai en die bekamping van slawerny te bevorder, onder De Loule se aandag gebring. Hy het die Portugese minister daaraan herinner dat hy by verskeie geleenthede sy aandag daarop gevestig het dat hoewel die Britse regering oortuig was dat die Portugese regering in die aangeleentheid ter goeder trou opgetree het, dit die Britse regering se plig was om alles in hul vermoë te doen om die slawehandel te bekamp; veral waar dit in stryd met die ondernemings en beleid van die Portugese regering deur sy eie onderdane en oënskynlike ondersteuning van die plaaslike owerhede bedryf word.¹²³

Die Britse regering het nooit ‘n antwoord van die Portugese regering op Magenis se skrywe ontvang nie, maar in Oktober 1862 het Sa da Bandeira, wat in die plek van De Loule as minister van buitelandse sake waargeneem het, tydens ‘n gesprek met die Britse saakgelastigde in Lissabon, Eduard Hennis, die moontlikheid geopper van ‘n Anglo-Portugese konvensie ten einde al die botsende territoriale eise van die twee moondhede in Afrika te besleg. Portugal was op daardie tydstip in grensgeskille met Brittanje oor botsende aansprake op die Bulama-eiland en die Kongorivier aan die weskus van Afrika gewikkel. Da Bandeira was van mening dat deur wedersydse toegewings met betrekking tot koloniale grense, Portugal en Brittanje maklik tot ‘n vergelyk oor hul koloniale aansprake sou kom. Aangesien hy slegs waargeneem het as minister

¹²¹ Ibid.

¹²² Ibid.

¹²³ Ibid.

van buitelandse sake, het hy nie kans gesien om 'n formele voorstel in die verband te maak nie, maar die begeerte uitgespreek dat sy voorstel onder die aandag van die Britse regering gebring word.¹²⁴

Russell het Da Bandeira se voorstel na Newcastle verwys wat van mening was dat dit raadsaam sou wees om eers vas te stel of die Portugese weer op die hele Delagoabaai of Bulama wou aanspraak maak, alvorens die Britse regering die voorstel oorweeg. Hy het egter 'n besluit oor die aangeleentheid aan Russell oorgelaat, aangesien hy die beste in staat sou wees om te besluit “whether there are advantages likely to result from the measure suggested by Da Bandeira, which would counterbalance any inconvenience which might arise in case the Portuguese Government should reopen these claims”.¹²⁵ Die Britse departement van buitelandse sake was Bandeira se voorstel egter nie goedgesind nie, aangesien daar kommer bestaan het dat die Portugese regering die geleentheid sou gebruik om hul aansprake op die weskus van Afrika te hernu. Volgens 'n senior amptenaar in die departement het daar geen moontlikheid bestaan dat Brittanje en Portugal tot 'n vergelyk oor hul aansprake op die weskus kon kom nie. Magen is gevolglik in November 1862 meegedeel dat indien die Portugese regering die voorstel vir 'n Anglo-Portugese konvensie sou hernu, hy die aangeleentheid na die Britse regering moes verwys.¹²⁶

Hoewel daar niks verder van Da Bandeira se voorstel gekom het nie, het die optrede van die Portugese owerhede in Lourenco Marques teenoor Britse handelaars in Delagoabaai weer in November 1862 aandag in Britse regeringskringe geniet. Die aanleiding daartoe was 'n handelsvaart wat 'n Natalse vaartuig, die *Agness*, in Maart 1862 na Delagoabaai onderneem het. Die *Agness* het die King Georgerivier binnegevaar waar dit 'n week later deur 'n Portugese vaartuig voorgekeer is en beveel is om om te draai. Die bevelvoerder, Charles Hilliard, het egter geweier om aan die Portugese versoek gehoor te gee en sy handelsvaart tot in die gebied van 'n inheemse opperhoof voortgesit. Weens 'n stamoorlog tussen twee inheemse-opperhoofde waarvan een deur die Portugese ondersteun is, kon die vragmeester van die *Agness*, Sanderson, nie daarin slaag om enige handelsbetrekkinge aan te knoop nie. Sanderson het op die punt gestaan om met onverrigter sake na Delagoabaai terug te keer toe hy en 'n paar van die ander Engelse handelaars deur inheemse mense, na bewering in diens van die Portugese, gevange geneem is en hul handelware ter waarde van sesduisend Britse pond terselfdertyd geplunder is. Die inheemse mense het die *Agness* op sleeptou geneem na die Portugese fort in die

¹²⁴ TNA, FO 97/318, Foreign Office – Colonial Office, 14.10.1862.

¹²⁵ TNA, FO 97/318, Hennes – Russell, Lissabon, 4.10.1862.

¹²⁶ TNA, FO 97/318, Foreign Office – Colonial Office, 14.10.1862; Colonial Office – Foreign Office, 25.10.1862.

riviermonding waar die bemanning aangehou is en een van die handelaars, Hearn, na bewering vanweë die brutale behandeling van die Portugese, beswyk het. Die res van die bemanning is eers vrygelaat nadat 'n boodskap van die goewerneur van Lourenco Marques ontvang is. Die *Agness* het in Januarie 1863 na Port Natal teruggekeer.¹²⁷

Die eienaars van die *Agness*, menere Dickenson en Munro, het reeds in Desember 1862 die optrede van die Portugese owerhede in Delagoabaai onder die aandag van die Britse regering gebring. Hulle was daarvan oortuig dat die beslaglegging en plundering van die *Agness* asook die arrestasie van die bemanning in opdrag van die Portugese owerhede in Lourenco Marques geskied het.¹²⁸ Aangesien die Britse regering die voorval in 'n ernstige lig beskou het, is Magenis in April 1863 versoek om 'n verduideliking van die Portugese regering te vra. Die Portugese se versuim om te antwoord het daartoe gelei dat Magenis weer in 'n maand later versoek is om op 'n verduideliking aan te dring en die Portugese regering daarop te wys dat die *Agness*-voorval nie net vanweë die lewens- en eiendomsverlies van die grootste belang was nie, maar ook vanweë “its bearing on the pretensions which Portugal had advanced to territorial sovereignty in the south-eastern territories of Africa”. Nadat daar weer geen antwoord op hierdie versoek ontvang is nie, het Magenis opdrag ontvang om die Portugese regering mee te deel dat die Britse regering die saak in so 'n ernstige lig beskou dat verdere versuim om 'n verduideliking te verskaf, Brittanje sou verplig om onmiddellik volle skadevergoeding van Portugal vir die hardhandige optrede van hul owerhede in Delagoabaai te eis.¹²⁹ Maar selfs hierdie dreigement van Magenis kon geen kommentaar van die Portugese regering oor die *Agness*-voorval ontlok nie.

Eers in Augustus 1866, meer as vier jaar na die voorval, kon Magenis se opvolger, Lytton, die Portugese weergawe van die *Agness*-voorval aan die Britse regering oordra. Daarvolgens het die Portugese owerhede die *Agness* van smokkelhandel verdink omdat die vaartuig die King Georgerivier binnegevaar het sonder om by die Portugese doeanepos in die riviermonding aan te doen. Die Portugese owerhede het egter enige betrokkenheid in die aanval op die *Agness* en die mishandeling van die bemanning ontken. Volgens die Portugese is die *Agness* se bemanning vanweë hul handelsaktiwiteite by 'n stamoorlog van die inheemse mense betrek en hulle daardeur die gramskap van een van die stamme op die hals gehaal. Dit was hierdie groep wat vir die vergrype teenoor die bemanning van die *Agness* verantwoordelik was en hulle aan die Portugese

¹²⁷ TNA, FO 97/318, Foreign Office – Magenis, 3.11.1862 (konsep).

¹²⁸ TNA, FO 97/318, Foreign Office – J Sanderson, 3.11.1862 (konsep); Colonial Office – Admiralty, 3.11.1862 (konsep); Admiralty – Hammond, 5.11.1862; Admiralty – Hammond, 28.11.1862; FO 881 / 1465, Memoranda respecting the Limits of the Portuguese Possessions on the south East Coast of Africa: and the Case of the “Agness”, 1.10.1866.

¹²⁹ TNA, FO 881/1465, Memoranda respecting the Limits of the Portuguese Possessions on the south East Coast of Africa: and the Case of the “Agness”, 1.10.1866.

bevelvoerder in die riviermonding uitgelewer het. Lytton is in hierdie verband daarop gewys dat die goewerneur van Lourenco Marques, nadat hy van die aankoms van die *Agness* se bemanning kennis geneem het, onmiddellik hul vrylating beveel het en hulle toegelaat het om na Port Natal terug te keer.¹³⁰

Aangesien die verklarings van die Portugese regering en die eienaars van die *Agness* in hoofsaak ooreengekom het, was die Britse regering van mening dat daar genoegsame gronde bestaan het om die Portugese regering van alle verantwoordelikheid vir die vergrype teen die bemanning van die *Agness* te verontskuldig. Die Britse regering het nietemin toegegee dat hoewel die eienaars van die *Agness* geen konkrete bewyse kon voorlê nie, hulle tog rede gehad het om die Portugese owerhede van medepligtigheid in die vergrype teen die *Agness* te verdink. Die Britse regering het ook kennis geneem dat die Portugese, soos in die geval van die *Herald*, steeds op nominale gesag oor die King Georgerivier aanspraak gemaak het, hoewel die aansprake nóg deur die inheemse mense nóg deur Brittanje erken is.¹³¹

Die *Agness*-aangeleentheid het egter weer eens die aandag van die Britse regering op die Portugese aansprake op Delagoabaai gevestig. Op versoek van Russell het Frank Irving, die senior amptenaar wat in Januarie 1860 die memorandum oor die grense van die Portugese besittings aan die suidooskus van Afrika opgestel het, in Oktober 1866 weer 'n memorandum oor Anglo-Portugese aansprake op Delagoabaai opgestel. In die memorandum het Irving daarop gewys dat die Portugese regering sedert 1860 geen nuwe argumente aangevoer het om hul aanspraak op die volle Delagoabaai te regverdig nie en steeds hul aansprake op die tweede artikel van die 1817-konvensie gebaseer het. Hy het ook redes verskaf waarom die Britse regering van mening was dat die 1817-konvensie slegs op die kus tussen Kaap Delgado en die Portugese handelspos te Lourenco Marques van toepassing was, en nie die hele Delagoabaai ingesluit het nie. In wat sou blyk 'n profetiese waarskuwing te wees, het Irving ten slotte die aandag van die Britse regering daarop gevestig dat “although the coast line of territory belonging to the Crown of Portugal has been recognized and acknowledged by Great Britain, the extent of its territory inland has never as yet been defined”.¹³²

Dit is ironies dat die lotgevalle van Britse handelskepe binne die Portugese invloedseer in die noorde van Delagoabaai, by twee geleenthede die aandag op Britse aansprake op die suidelike

¹³⁰ Ibid.

¹³¹ Ibid.

¹³² Ibid.

gedeelte van Delagoabaai gevestig het. Die eerste geleentheid, die Portugese beslaglegging op die *Herald* in Desember 1858, het tot hernude Britse belangstelling in die suidelike gedeelte van Delagoabaai aanleiding gegee en in November 1861 die Britse besetting van Inyackeiland tot gevolg gehad. Die tweede geleentheid, die Portugese owerheid se beweerde medepligtigheid in 1862 by die *Agness*-aangeleentheid, het opnuut weer die aandag van die Britse regering op die Portugese aansprake op Delagoabaai gevestig.

Irving was egter nie al persoon wat in 1866 aandag aan die Portugese dominium op die ooskus geskenk het nie. Die president van die Zuid-Afrikaanse Republiek, M.W. Pretorius, het sedert die vroeë sestigerjare die moontlikheid van 'n eie, onafhanklike hawe tussen Port Natal en Delagoabaai ondersoek. Pretorius se belangstelling in 'n eie hawe het voortgespruit uit die hoë in- en uitvoerregte wat die koloniale hawens gehef het op goedere bestem vir die ZAR. Hy het vroeg in 1866, tydens 'n besoek aan Natal om oor invoerregte te onderhandel, met David Forbes, 'n Skotse avonturier, afgespreek om die ooskus suid van die Portugese nedersetting in Delagoabaai te ondersoek met die oog op 'n geskikte hawe vir die ZAR. Forbes se daaropvolgende ondersoek en gunstige verslag oor die monding van die Maputorivier in die suidelike gedeelte van Delagoabaai, sou belangrike gevolge vir Britse en Portugese aansprake op die baai inhou.¹³³

¹³³ AN Pelzer, *Die Suid-Afrikaanse Republiek se Ywer vir 'n eie Hawe* en A. McCorkindale se *Rol in verband daarmee*, pp.147-148; DW Kruger, *Die weg na die see*, pp. 174-175.

ANGLO-PORTUGESE ONDERHANDELINGE OOR DIE SUIDELIKE GEDEELTE VAN DELAGOABAAI, 1868-1872

‘n Proklamasie van president M.W. Pretorius in April 1868 waarvolgens die oostelike grens van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) tot aan die monding van die Maputorivier in Delagoabaai uitgebrei is, sou verreikende gevolge vir Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai inhou. Hoewel Pretorius se proklamasie ‘n dooie letter gebly het, is ‘n ZAR-Portugese verdrag in Julie 1869 gesluit wat Portugal se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai erken het. Britse protes teen hierdie grensreëling, asook teen ‘n daaropvolgende Portugese besetting van Inyackeiland, sou na langdurige onderhandelinge tot ‘n gesamentlike besluit lei om hul opponerende aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aan die arbitrasie van die Franse president voor te lê.

Soos reeds vermeld, het Pretorius in 1866 tydens ‘n besoek aan Natal met David Forbes afgespreek om die ooskus met die oog op ‘n geskikte hawe vir die ZAR te ondersoek. Forbes het na ‘n nougesette ondersoek van Delagoabaai die monding van die Maputorivier as een van die beste moontlike hawens in Suid-Afrika geïdentifiseer. Hy het Pretorius in sy verslag oor die riviermonding daarop gewys dat die Maputorivier oor ‘n afstand van meer as ‘n 100 kilometer tot wes van die samevloeiing van die Pongola- en Usuturiviere naby die Lebomboberge, bevaarbaar was. Onkundig van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai was Forbes voorts van mening dat die inheemse bewoners langs die Maputorivier geen beswaar teen ‘n Transvaalse besitname sou opper nie.¹

Die moontlikheid om ‘n verbindingsweg tussen die ZAR en die monding van die Maputorivier te bewerkstellig, is verder aangewakker deur ‘n ambisieuse haweskema wat Alexander McCorkindale, ‘n Skotse avonturier en familielid van Forbes, in September 1867 aan die Transvaalse Volksraad voorgelê het. McCorkindale het op daardie tydstip reeds ‘n ooreenkoms met die ZAR gesluit vir die totstandkoming van ‘n Skotse nedersetting, bekend as New Scotland, in die suidooste van die Republiek. Sy skema vir “eene vrije en onbelemmerde zeehaven” het behels dat hy op eie onkoste en deur gebruikmaking van die New Scotland-nedersetting, die verkryging van grondgebied van die Amaswazies en die oprigting van ‘n handelspos by die

¹ D.W., Kruger, *Die weg na die see*, pp. 174-175; O.J.O., Ferreira, *Da Costa Leal in die Zuid-Afrikaanse Republiek*, p. 67.

samevloeiing van die Pongola- en Usuturiviere, 'n handelsverbinding tussen die ZAR en die suide van Delagoabaai tot stand sou bring.²

Hoewel die Volksraad op daardie tydstip nie kans gesien het vir McCorkindale se haweskema nie, het dit Pretorius nie verhinder om sy ideaal van 'n vrye deurgang na die see op 'n soortgelyke wyse te probeer verwesenlik nie. Met gebruikmaking van Forbes se kaart en verslag oor die Maputorivier, en onder die foutiewe indruk dat die Britse regering die monding van die Maputorivier in Delagoabaai vry verklaar het, het Pretorius in Januarie 1868 die goedkeuring van sy regering verkry om die oosgrens van die ZAR aansienlik ooswaarts uit te brei. 'n Proklamasie is gevolglik op 29 April 1868 in die staatskoerant gepubliseer waarvolgens die oosgrens van die ZAR tot aan die monding van die Maputorivier in Delagoabaai, insluitende een myl weerskante daarvan, uitgebrei is. Die noord-westelike grens van die Republiek is in dieselfde proklamasie ook oor 'n reusagtige grondgebied in die binneland tot by die Ngami-meer uitgebrei ten einde beheer te verkry oor beweerde nuut ontdekte goudvelde in die geweste.³ Pretorius se proklamasie het onmiddellik Britse en Portugese protes ontlok, maar met geheel verskillende gevolge vir hul aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai.

Pretorius se poging om die ZAR se oosgrens tot aan die monding van die Maputorivier in Delagoabaai uit te brei, het reeds in Mei 1868 aandag in Natalse koloniale kringe geniet. Melmoth Osborne, die Britse magistraat van Newcastle, was die eerste Britse amptenaar wat 'n eksemplaar van die Transvaalse staatskoerant van 29 April 1868 onder oë gekry het. Hy het vanuit die staanspoor vermoed dat Pretorius se proklamasie daarop gemik was om deur middel van die anneksasie van die Usuturivier, 'n hawe vir die ZAR in Delagoabaai te verkry. Osborne het die staatskoerant, asook 'n uittreksel en vertaling van die Uitvoerende Raadnotule oor die Forbes-aangeleentheid aan luitenant-goewerneur Keate gestuur,⁴ wat tot dieselfde gevolgtrekking gekom het. "It appears from these proceedings", het Keate in Augustus 1868 aan die Britse hoë kommissaris aan die Kaap, sir Philip Wodehouse, berig, "that with a view of obtaining a suitable harbour that republic (ZAR) proposes to proclaim the annexation to its territory of the whole course of the River Umsuti (Usutu) on the ground that that river has its rise in the present territory of the republic, and on the pretext that its mouth in Delagoa Bay has been declared free by the English Government according to the Natal Government gazette of October 1867".⁵ Keate, deeglik bewus van Britse aansprake op Inyackeiland en die suidelike gedeelte van Delagoabaai,

² D.W., Kruger, pp. 174-175.

³ Ibid., pp. 177-178.

⁴ TNA, CO 179/90, Keate – Wodehouse, 14.8.1868; Osborne – Erskine, 4.8.1868.

⁵ TNA, CO 179/90, Keate – Wodehouse, 14.8.1868.

het Wodehouse egter die versekering gegee dat die ZAR se vertolking van die kennisgewing in die Natalse staatskoerant op 'n wanopvatting berus het.⁶

'n Besoek van 'n Swazi-afvaardiging aan Pietermaritzburg in Julie 1868 het Keate se bedenkinge oor Pretorius se proklamasie verder aangewakker. Volgens die afvaardiging het McCorkindale in samewerking met ander Europese mans 'n gedeelte van die Amaswaziegebied beset met die oog daarop om 'n groot dorp soortgelyk aan Pietermaritzburg tot stand te bring. McCorkindale het homself as 'n Engelsman aan die Swazies voorgehou, maar hulle duidelik te verstaan gegee dat alhoewel hy met lede van die Natalse regering vertrou was, hy nie aan koloniale gesag verantwoordelik was of hul instruksies sou nakom nie. Die Swazie-afvaardiging het Keate derhalwe versoek om die verdere toe-eiening van hul grondgebied “by persons who although they call themselves Englishmen, behave as if they were not Englishmen”,⁷ te voorkom.

Keate het hierdie inligting onder Wodehouse se aandag gebring as 'n verdere bewys van die “encroaching tendencies” van die ZAR-regering. Syns insiens wou dit voorkom of McCorkindale van voorneme was om 'n nedersetting van Skotse immigrante onder die beskerming van die Glasgow-, Londen- en Transvaalse maatskappye tot stand te bring en dat hy openlik die voorneme uitgespreek het om homself van die ZAR-regering te distansieer en kommunikasie met Delagoabaai te bewerkstellig.⁸

Wodehouse het reeds in Junie 1868, na aanleiding van 'n berig in die *Cape Argus*, van Pretorius se proklamasie kennis geneem. Die berig het verwys na die “belangrike kennisgewing” in die Transvaalse staatskoerant waardeur “an immense extent of territory” tot die ZAR toegevoeg is en voorspel dat die proklamasie tot probleme met die Britse gesag in Suid-Afrika gaan lei. Die ZAR se ooswaartse uitbreiding deur middel van die Usutu- en Pongolariviere tot in die suidelike gedeelte van Delagoabaai, is as die belangrikste deel van die proklamasie beskou, aangesien dit die Republiek in besit gestel het van “a good and safe harbour of its own, into which a navigable river is discharged”.⁹

Wodehouse, wat juis op daardie tydstip aandag geskenk het aan beweringe dat die inwoners van die ZAR by slawerny betrokke was, het derhalwe by Pretorius navraag gedoen oor die egtheid

⁶ Ibid.

⁷ TNA, CO 179/90, Keate – Wodehouse, 2.9.1868.

⁸ Ibid.

⁹ TNA, CO 48/441, Wodehouse – Buckingham, 18.7.1868.

van die proklamasie, asook die omstandighede waaronder hulle die grondgebied verkry het waarop hulle nou aanspraak gemaak het.¹⁰

Hy het Pretorius se proklamasie ook onmiddellik onder die aandag van die Britse minister van kolonies, die hertog van Buckingham, se aandag gebring. Wodehouse het Buckingham daarop gewys dat die ZAR deur die proklamasie toegang tot die see in Delagoabaai verkry, hul grondgebied weswaarts halfpad na die Atlantiese-oseaan uitbrei en terselfdertyd volkome beheer oor alle handel tussen die Kaapkolonie en die inheemse mense in die binneland verkry.¹¹

Die Britse hoë kommissaris se besorgdheid oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai is verder aangewakker deur 'n persoonlike gesprek met McCorkindale op 1 September 1868 waartydens hy eerstehands van die planne verneem het om 'n Engelse republiek ten ooste van die ZAR tot stand te bring. Op daardie tydstip het Wodehouse nog nie van Keate se gesprek met die Swazie-afvaardiging kennis gedra nie. Volgens McCorkindale, wat onderweg na Londen was, het 'n aantal Engelse maatskappye grond van die ZAR-regering asook 'n aangrensende strook grondgebied van die Swazies gekoop. Omdat die maatskappye onder andere oor die bekamping van slawerny nie tot 'n vergelyk met die ZAR-regering kon kom nie, was hulle van voorneme om 'n republiek tot stand te bring in die grondgebied wat hulle van die inheemse mense gekoop het. Hulle was ook van voorneme om deur 'n konvensie soortgelyk aan die Sandrivierkonvensie van 1852, erkenning van die Britse regering te verkry en veral die bepalinge met betrekking tot die bekamping van slawerny, noudeset na te kom. Volgens McCorkindale het hy alreeds voelers na die leiersfigure in die voormalige Lydenburgse republiek uitgesteek om met die nuwe Engelse republiek te federeer en sodoende 'n nuwe staat tussen die ZAR en Delagoabaai tot stand te bring wat met die oog op die Britse mark katoen, tabak, en graan sou produseer. Hierdie staat sou ook alle slawerny-ekspedisies ontmoedig.¹²

Wodehouse se raad aan McCorkindale was dat die Britse minister van kolonies van 'n vollediger uiteensetting van die beoogde projek voorsien sou moes word alvorens hy enige besluit daaromtrent sou neem. Omdat hy oortuig was dat McCorkindale voornemens was om sy planne aan Buckingham voor te lê, het Wodehouse die minister onverwyld van McCorkindale se onderhandelinge met die ZAR-regering in kennis gestel. Hy het Buckingham se aandag daarop gevestig dat die grondgebied wat McCorkindale van die ZAR verkry het ongeveer 150 tot 200 myl

¹⁰ TAB, SS 100, R 806/68, Wodehouse – Pretorius, 22.6.1868.

¹¹ TNA, CO 48/441, Wodehouse – Buckingham, 18.7.1868.

¹² TNA, CO 48/441, McCorkindale – Wodehouse, Kaapstad, 1.9.1868.

van Delagoabaai geleë was en dat hy ook grondgebied, tussen die ZAR en die see in die omgewing van Delagoabaai, van 'n inheemse groep verkry het. Laasgenoemde grondgebied het deur middel van die Maputorivier toegang tot Delagoabaai gebied.¹³

Hoewel Wodehouse bedenkinge gehad het oor die betroubaarheid van McCorkindale se inligting, was hy nietemin van mening dat sy planne aansienlike voordele vir Britse belange kon inhou. Hy het Buckingham derhalwe aangeraai om hom kans te gee om McCorkindale se planne verder te ondersoek, alvorens hy enige besluit daaroor neem.¹⁴

Daarmee was dit nog nie die einde van Wodehouse se kommer oor Transvaalse planne met Delagoabaai nie. Hy is in Oktober 1868 deur Pretorius meegedeel dat sy proklamasie op die 1852-konvensie met die Britse regering asook verskeie ooreenkomste met die inheemse gemeenskappe noord van die Vaalrivier gegrond was. Pretorius was daarvan oortuig dat hy nie enige Britse regte geskend het nie, maar sou graag van Wodehouse wou verneem indien hy van standpunt verskil het, aangesien die ZAR-regering graag goeie betrekkinge met die omliggende Britse kolonies wou handhaaf.¹⁵

Wodehouse het in sy antwoord die ernstige implikasies aangedui wat Pretorius se proklamasie vir Britse belange in suidelike Afrika kon inhou. Hy het die president meegedeel dat die “proposed Eastern extension of the limits of the republic involves an appropriation of territory at Delagoa Bay which was many years ago ceded to Great Britain”, en dat die uitbreiding van die westelike grens die Kaapkolonie se handels- en kommunikasie met Brits georiënteerde inheemse stamme in die binneland afgesny het. Wodehouse kon hom nie voorstel dat sodanige maatreëls die goedkeuring van die Britse regering sou wegdra nie, en was derhalwe nie bereid om direk of indirek enige erkenning aan die ZAR se aansprake te verleen, alvorens hy instruksies van die Britse regering ontvang het nie.¹⁶

Met die oog op die spoedige ontvangs van Buckingham se instruksies is afskrifte van Wodehouse se korrespondensie met Pretorius derhalwe vroeg in Oktober 1868 aan die koloniale kantoor gestuur. Wodehouse het van die geleentheid gebruik gemaak om Buckingham se aandag te vestig op die nadelige gevolge wat Pretorius se proklamasie vir Britse belange in Suid-Afrika kon inhou. Hy het die minister daarop gewys dat Pretorius, deur sy ooswaartse uitbreiding van die

¹³ TNA, CO 48/441, Wodehouse – Buckingham, 4.9.1868.

¹⁴ Ibid.

¹⁵ TNA, CO 48/442, Wodehouse – Buckingham, 9.10.1868; Pretorius – Wodehouse, 9.9.1868 (afskrif).

¹⁶ TNA, CO 48/442, Wodehouse – Buckingham, 9.10.1868.

republiek se grense, aanspraak op toegang tot die see gemaak het, “and thus, on paper at least, obtained possession of the great object of his desires, a Sea Port, and that in the Southern portion of Delagoa bay, which was many years ago ceded to the British government”.¹⁷ Deur sy weswaartse uitbreiding het Pretorius volkome beheer verkry oor die Kaapkolonie se handel met die binneland insoverre dit ivoor, volstruisvere en ander waardevolle kommoditeite betref het. Buckingham se aandag is ook daarop gevestig dat alhoewel Pretorius die egtheid van sy proklamasie bevestig het, hy feitlik geen gronde vir sy aansprake verskaf het nie.¹⁸

In die lig hiervan, asook die Swazies se besware teen McCorkindale se toe-eiening van hul grondgebied, het Wodehouse Pretorius se optrede skerp veroordeel en Buckingham versoek dat die Britse regering onmiddellik hul ontevredenheid daaroor uitspreek. Wat betref Delagoabaai moes die toe-eiening van Britse grondgebied onmiddellik stop gesit word en die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap gemagtig word om op versoek van Wodehouse ‘n oorlogskip na die baai te stuur “to destroy any settlement which the republic might attempt to establish on that Coast”.¹⁹ Wat die ZAR se toe-eiening van grondgebied aan sy wesgrens betref, het Wodehouse voorgestel dat indien Pretorius nie sy proklamasie herroep nie, die Britse regering die 1852-konvensie opskort en ‘n verbod op die deurvoer van vuurwapens en ammunisie na die ZAR instel.²⁰

Buckingham het reeds sedert Augustus 1868 aandag aan Pretorius en McCorkindale se beweerde planne met betrekking tot Delagoabaai aandag geskenk. Hy was vanuit die staanspoor besorgd of Pretorius, kragtens die internasionale reg en die bepalinge van die 1852-konvensie by magte was om die ZAR se grondgebied uit te brei en of die Britse regering by magte was om noord van die Vaalrivier in te meng.²¹ Senior amptenare in die koloniale kantoor het McCorkindale se planne om sy eie “klein republiek” tussen die ZAR en Delagoabaai tot stand te bring, as verregaande bestempel en dit as ‘n slenter van die ZAR beskou om toegang tot die see te verkry.²²

Buckingham het die Britse minister van buitelandse sake, lord Stanley, gevolglik in Oktober 1868 gevra of die ZAR volgens die internasionale reg daarop geregtig was om “vast territories” in Suid-

¹⁷ Ibid.

¹⁸ Ibid.

¹⁹ Ibid.

²⁰ Ibid.

²¹ TNA, CO 48/442, Colonial Office – Foreign Office, 6.10.1868; Colonial Office – Foreign Office, 17.10.1868; Uittreksel uit Natal Mercury, 9.6.1868; Afskrif 1852-Konvensie.

²² TNA, CO 48/441, Wodehouse – Buckingham, 4.9.1868. Kommentaar van Elliot en Hammond, 14 en 17.10.1868.

Afrika toe te eien en of die Britse regering kragtens die bepalings van die 1852-konvensie geregtig was om noord van die Vaalrivier in te meng. Hy het ook kennis geneem van die koloniale kantoor se standpunt dat dit uiters onwenslik was dat hierdie “large extent of territory”, insluitende die onlangse ontdekte goudvelde ten noorde van die ZAR, “should be arbitrarily placed under the government of a people who have in truth no power to occupy or govern it”.²³ Stanley het Pretorius se proklamasie vir regsadvies na die koningin se regsadviseur, sir Travers Twiss, verwys. Hy het sy bevindings vroeg in November 1868 aan Buckingham bekend gemaak.²⁴

Twiss se bevindings het gerusstellende nuus oor Pretorius se proklamasie vir Britse regeringslui in Brittanje en Suid-Afrika verskaf. Hy het bevind dat die proklamasie “cannot, of itself, according to the acknowledged law and usage of nations, be regarded as founding a title on the part of that republic to the territories described in that Proclamation...”.²⁵ Hy het veronderstel dat die Britse regering met die ondertekening van die 1852-konvensie nie van voorneme was “to recognize any title on the part of that republic to territory on the eastern side of the Drakensberg..beyond the sources of the Vaal, such, for instance, as seems to be now set up by the Volksraad of the Republic in respect of the territory in which the River Umzuti takes its rise”.²⁶ Dit was derhalwe vir Twiss nie duidelik op watter gronde die ZAR aanspraak gemaak het op die grondgebied in die opvangsgebied van die Usuturivier nie. As dit op die oprigting van nedersettings voor Oktober 1867 sou berus het, sou dit ‘n skending van Britse soewereiniteit wees, aangesien die ZAR-Volksraad erken het dat dié riviermonding voor Oktober 1867 Britse grondgebied was . Dit was boonop

an acknowledged rule of public law that possession of a line of seacoast, and of the mouths of the rivers on such a line of coast, gives to the nation in possession of them a right to exclude all other nations from the interior country watered by such rivers.

Volgens Twiss was die “non-abandonment of that river by the British” derhalwe ‘n onoorkombare struikelblok vir die ZAR om op ‘n regmatige wyse besit van die monding van die Maputorivier in Delagoabaai of “the interior country through which it flows”, te verkry.²⁷

²³ TNA, CO 48/442, Colonial Office – Foreign Office, 6.10.1868.

²⁴ TNA, FO 83/2328, Queens Advocate – Stanley, 29.10.1868.

²⁵ Ibid.

²⁶ Ibid.

²⁷ Ibid.

Twiss was daarvan oortuig dat Pretorius se proklamasie op 'n misverstand berus het dat die Britse regering in Oktober 1867 die monding van die Maputorivier in Delagoabaai vry verklaar het. Syns insiens het dit boonop die Britse regering vrygestaan "to declare that it will not recognize any part of the territory watered by that river to be a possession of the Republic."²⁸

Buckingham het Wodehouse derhalwe in November 1868 meegedeel dat die Britse regering nie die geldigheid van Pretorius se proklamasie erken het nie en dat dit boonop wou voorkom of die ZAR aanspraak gemaak het op Britse grondgebied ten suide van die Portugese nedersetting in Delagoabaai. Hy het Wodehouse ook meegedeel dat hy van voorneme was om so gou as moontlik 'n oorlogskip na die baai te stuur ten einde vas te stel of die ZAR enige poging aangewend het om nedersettings in Britse grondgebied te vestig. Die Kaapse goewerneur is ook van afskrifte van korrespondensie tussen Buckingham en McCorkindale voorsien en meegedeel dat laasgenoemde in kennis gestel is dat die Britse regering nie goedkeuring aan sy beoogde nedersettings kon verleen nie.²⁹

Buckingham het die Britse admiraliteit in Desember 1868 op hoogte van Pretorius se proklamasie gestel, en hulle versoek om 'n oorlogskip na Delagoabaai te stuur ten einde vas te stel of die ZAR enige nedersettings op Britse grondgebied tot stand gebring het.³⁰ Sy besluit om nie die Britse departement van buitelandse sake hiervan in kennis te stel nie, sou enkele maande later na aanleiding van 'n navraag van die Portugese regering oor die besoek van die Britse oorlogskip aan Delagoabaai, groot verwarring en verleentheid in Britse regeringskringe veroorsaak.

Hierdie verwarring is deels veroorsaak deur 'n voorstel wat Sa da Bandeira, die Portugese minister van buitelandse sake, in Januarie 1869 aan die Britse regering voorgelê het. Omdat Portugal en Brittanje op daardie tydstip op die punt gestaan het om hul botsende aansprake op die besitreg van Bulama, 'n eiland aan die weskus van Afrika, ter arbitrasie te verwys, het Da Bandeira die tyd ryp geag om ook die besitreg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai op dieselfde wyse te besleg. Die Britse regering is derhalwe oor arbitrasie gepols en die versekering gegee dat die Portugese regering "is disposed to treat these questions in such a manner as to be able by means of mutual concessions to obtain a result which will be advantageous both to

²⁸ Ibid.

²⁹ TNA, CO 48/442, Buckingham – Wodehouse, 24.11.1868.

³⁰ TNA, CO 48/442, Colonial Office – Admiralty, 3.12.1868 CO 48/447, Proceedings of H.M. Ship *Peterel*, Simonsbaai, 27.4.1869; FO 63/1046, Admiralty – Colonial Office, 5.7.1869, Verslag kommandeur Cochrane (afskrif).

Portugal and to Great Britain”.³¹ Da Bandeira se voorstel was die eerste verwysing na moontlike arbitrasie as oplossing vir die dispuut oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai.

Da Bandeira se voorstel het egter min entoesiasme in die Britse departement van buitelandse sake ontlok. In ‘n interne memorandum oor Delagoabaai is die geskil rondom die besitreg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gereduseer tot die interpretasie van die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 waarvolgens Brittanje Portugal se soewereiniteit oor die ooskus tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques erken het. Volgens die memorandum kon Brittanje nie Portugal se standpunt dat die term “Baai van Lourenco Marques” die hele Delagoabaai insluit, aanvaar nie, aangesien dit volgens die Britte na die klein baaitjie “at the northern extremity of Delagoa Bay at the mouth of the Lourenco Marques River”, verwys het. Die Britse minister van buitelandse sake, Clarendon, het hiermee akkoord gegaan. Da Bandeira is derhalwe in Februarie 1869 meegedeel dat die Britse regering “cannot entertain a question of disturbing the existing state of things, as the decision of Her Majesty’s Government re the alleged claims of the Portuguese Crown to this territories..was arrived at after full enquiry and the most deliberate consideration”.³² Die Britse koloniale kantoor is nie van Da Bandeira se arbitrasie-voorstel of Clarendon se standpunt daaroor ingelig nie.

Ten einde vas te stel of die ZAR enige nedersettings op Britse grondgebied tot stand gebring het, het ‘n Britse oorlogskip, HMS *Peterel*, in Maart 1869 ‘n geheime sending na Delagoabaai onderneem. Die bevelvoerder, kommandeur Cochrane, het onderweg sy reis onderbreek om met Keate in Pietermaritzburg te beraadslaag. Keate het ‘n donker prentjie oor Britse belange in Delagoabaai asook die ZAR se beweerde planne om ‘n vastrapplek in die baai te bekom, aan Cochrane geskets. Volgens hom het die Natalse regering geen beheer oor enige grondgebied in die baai of Inyackeiland uitgeoefen nie. Om sake te vererger, was Keate daarvan oortuig dat McCorkindale kop in een mus met die ZAR en die Pruisiese regering was om deur middel van grondaankope en ‘n “high road down the Mapoota River through the Amatonga Country”, toegang tot Delagoabaai te bewerkstellig. Hy het reeds berig ontvang van ‘n nedersetting by die samevloeiing van die Usutu- en Pongolariviere in die Maputorivier, sowat 16 tot 24 kilometer oos van die Lebomboberge. Met hierdie inligting en ‘n rowwe sketsplan van die omliggende

³¹ TNA, FO 63/1047, Bandeira – Murray, 5.1.1869; Murray – Clarendon, 14.1.1869.

³² TNA, FO 63/1047, Clarendon – Murray, 30.1.1869; Memorandum Delagoa Bay; Bandeira – Murray, 3.2.1869; Murray – Bandeira, 6.2.1869.

grondgebied van Delagoabaai, het Cochrane op 21 Maart 1869 in die monding van die Englishrivier, regteenoor die klein Lourenco Marques-nedersetting, anker gegooi.³³

Cochrane het die volgende dag 'n brief onder die opskrif, "Respecting the formation of a Colony in the vicinity of Delagoa Bay", aan goewerneur Sima oorhandig, waarin die doel van sy besoek aan die baai verduidelik is. Die goewerneur het egter geen kennis gedra van Pretorius se proklamasie, enige Transvaalse nedersetting in die omgewing van Delagoabaai of enige ander nedersetting in Portugese grondgebied nie. Omdat Sima nie Engels magtig was nie, was hy nie bereid om enige verklaring op skrif te bevestig nie. Hy het ook oor geen kaart van Delagoabaai beskik nie en kon selfs nie eens die grense van Portugese aansprake op Delagoabaai aan Cochrane verduidelik nie.³⁴

Sima is ook in kennis gestel dat Cochrane van voorneme was om die Tembe- en Maputoriviere te verken ten einde vas te stel of daar enige Europese nedersettings langs die riviere tot stand gekom het, of in wording was. Na 'n dag lange verkenning van die Temberivier waartydens geen teken van enige nuwe nedersetting gevind kon word nie, het Cochrane na Inyackeiland gevaar waarvandaan hy, vergesel van sy navigasie-offisier en nege bemanningslede, op 24 Maart 1869 die Maputorivier in twee roeibote aangedurf het. Sy mikpunt was die samevloeiing van die Usutu- en Pongolariviere aan die voet van die Lebomboberge, ongeveer 90 kilometer van Delagoabaai, waar daar na bewering reeds 'n Transvaalse nedersetting was. Cochrane het dié samevloeiing na 'n uiters vermoeiende vaart van 17 dae bereik, maar kon geen teken van enige Europese nedersetting vind nie. Onderweg daarheen het hy ook by die Amatonga-koning, Mazingi, navraag gedoen oor enige Transvaalse of Europese nedersetting. Nóg Mazingi, nóg enige van sy onderdane langs die Maputorivier het egter kennis van enige Europese nedersettings gedra. Met sy terugkeer na Delagoabaai kon Cochrane ook geen teken van enige Europese nedersetting vind tydens 'n besoek aan Inyack-, Elephant- en Shefeaneiland nie. Hy was derhalwe daarvan oortuig dat met die uitsondering van die Portugese "no white man exists from Inyack Island to the Lebombo mountains, nor is there any settlement, or preparations for the same".³⁵ Cochrane se bevindings is in Junie 1868 onder die aandag van die Britse koloniale kantoor gebring.³⁶

³³ TNA, CO 48/442, Colonial Office – Admiralty, 3.12.1868; FO 63/1046, Admiralty – Colonial Office, 5.7.1869; Verslag van kommandeur Cochrane (afskrif).

³⁴ CO 48/447, Proceedings of H.M. Ship *Peterel*, Simonsbaai, 27.4.1869.

³⁵ Ibid.

³⁶ Ibid.

Nuus van Cochrane se besoek aan Delagoabaai het intussen die Portugese konsul-generaal in Kaapstad, Alfredo Duprat, bereik. Spekulاسie in 'n koerantberig oor die *Petere* se geheimsinnige vaart na Delagoabaai en gerugte dat die Britse regering besluit het om die Tembe- en Maputagebiede te annekseer, het Duprat snuf in die neus laat kry oor die ware doel van die oorlogskip se besoek aan die baai. Na onsuksesvolle navrae by die Kaapse owerhede het Duprat hom na Simonstad begeef waar hy met groot moeite van 'n vlootoffisier verneem het dat die bevelvoerder van die Britse vloot aan die Kaap opdrag ontvang het om die Tembe- en Maputagebiede in Delagoabaai op grond van kaptein Owen se 1823-verdrae in besit te neem. Duprat het hierdie inligting onmiddellik onder die aandag van Sa da Bandeira, die Portugese minister van buitelandse sake, gebring.³⁷

Bandeira het hierdie inligting, in die lig van die Britse standpunt met betrekking tot sy arbitrasie-voorstel oor Delagoabaai, in 'n baie ernstige lig beskou. Die Portugese saakgelastigde in Londen, Figaniere e Morao, het gevolglik in Junie 1869 'n skrywe aan Clarendon gerig waarin hy Portugal se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai breedvoerig uiteengesit het. Hy het Clarendon daarop gewys dat Brittanje kragtens die tweede artikel van die 1817-konvensie, Portugal se onbetwisbare reg op alle grondgebied "washed by the Bay of Lourenco Marques" erken het; nooit op De Palmela se nota van 22 Mei 1828 geantwoord het nie en 33-jaar laat verloop het voordat hulle eensydig die Britse vlag op Inyackeiland gehys het. Selfs al sou daar bedenkinge oor Portugal se dominium op die suidelike gedeelte van Delagoabaai bestaan het, het dit Brittanje nie die reg gegee "to interpret by itself alone an article that was said to be doubtful". Volgens Morao was dit dus voor die hand liggend dat 'n Britse besitname van die suidelike gedeelte van Delagoabaai sonder die uitdruklike goedkeuring van die Portugese regering, 'n skending van Portugese grondgebied sou wees. Morao het ten slotte 'n beroep op Clarendon gedoen om in die lig van die vriendskaplike betrekkinge tussen die Britse en Portugese koninkryke die Delagoabaai-vraagstuk op 'n vreedsame wyse deur middel van onderhandeling en nie deur besitname nie, te besleg.³⁸

Aangesien die Britse buitelandse kantoor geen kennis gedra het van enige Britse planne om grondgebied in Delagoabaai te beset nie, is daar vermoed dat Marao se skrywe in verband met Cochrane se besoek aan die baai gestaan het. Morao se brief is gevolglik aan die koloniale kantoor gestuur met 'n versoek "for information as to whether there is any foundation for the report

³⁷ Delagoa Bay: Correspondence respecting the claims of her Majesty's Government 1875, p. 157, Duprat – Bandeira, (Kaapstad) 4.4.1869.

³⁸ TNA, FO 63/1047, Morao – Clarendon, 14.6.1869.

referred to". Dié kantoor het in Julie 1869 bevestig dat hulle geen instruksies vir die besitname van die "lands in question" uitgereik het nie en dat die gerugte waarskynlik voortgespruit het uit Cochrane se besoek aan Delagoabaai. Die nuwe Britse minister van kolonies, graaf Granville, het van die geleentheid gebruik gemaak om sy ampsgenoot se aandag te vestig op Russell se skrywe van Maart 1862 na aanleiding van Portugese besware teen die Britse anneksasie van Inyackeiland. Volgens Granville was hy nie bewus van enige voordele wat die besit van die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir enige Britse kolonie kon inhou nie, "as to make it requisite to reopen any controversy respecting it, except in so far as it may become of importance in enabling us to check the development of slavery in the Trans Vaal Republic".³⁹

Nadat daar ook van die Britse admiraliteit bevestiging ontvang is dat geen Britse bevelvoerders by die besitname van grondgebied in Delagoabaai betrokke was nie, het Clarendon Marao einde Augustus 1869 meegedeel dat nóg die Britse regering, nóg die Britse owerhede aan die Kaap, enige opdrag vir die besitname van grondgebied gegee het. Hy het die saakgelastigde ook meegedeel dat die berig oor die beweerde Britse besitname in Delagoabaai

may probably have arisen in consequence of one of Her Majesty's ships having been sent to Delagoa Bay with the view of ascertaining the truth of rumours that had reached the authorities at the Cape to the effect that certain agents of the Transvaal Republic had established posts on the shores of the Bay.

In die lig hiervan was Clarendon van mening dat dit onnodig was "to enter into discussion in regard to the rights of Sovereignty over the Territories in question".⁴⁰ Die Portugese regering se enigste kommentaar op hierdie skrywe was dat hulle bly was om te verneem dat die beweerde Britse besitname van Delagoabaai op ongegronde inligting gegrond was.⁴¹

Naas Marao se navraag het die beweerde "aggressive movements" van die ZAR en McCorkindale ten opsigte van Delagoabaai ook in Junie 1869 die aandag van Britse regeringslui in Suid-Afrika geniet. Klagtes van verskillende inheemse groepe in dié verband aan Keate asook koerantberigte dat die ZAR en McCorkindale 'n ooreenkoms bereik het om beheer oor die monding van die

³⁹ TNA, FO 63/1047, Memorandum Foreign Office, 16.6.1869; Foreign Office – Colonial Office, 2.7.1869; Colonial Office – Foreign Office, 14.7.1869; Foreign Office – Colonial Office, 17.7.1869; Colonial Office – Foreign Office, 29.7.1869.

⁴⁰ TNA, FO 3/1047, Foreign Office – Admiralty, 3.8.1869; Admiralty-Foreign Office, 9.8.1869; Clarendon – Marao, 27.8.1869; Foreign Office – Colonial Office, 27.8.1869.

⁴¹ TNA, FO 63/1047, Marao – Granville, 3.9.1869.

Maputorivier in Delagoabaai te verkry, en selfs voelers na die Vrystaatse republiek uitgesteek het, het Wodehouse tot optrede gedwing.⁴²

Hoewel hy oor geen betroubare inligting beskik het nie, het Wodehouse beide Pretorius en McCorkindale se aandag daarop gevestig dat die monding van die Maputorivier Britse grondgebied was en dat die Britse regering onder geen omstandighede 'n nie-Britse nedersetting daar sou toelaat nie. Wodehouse het die aangeleentheid ook met die president van die Vrystaat, JH Brand, wat toevallig op verlof in Kaapstad was, bespreek. Hoewel die Vrystaatse president geen kennis van die saak gedra het nie, het Wodehouse hom nogtans meegedeel dat Brittanje onder geen omstandighede 'n vreemde nedersetting aan die monding van die Maputorivier sou toelaat nie.⁴³

Wodehouse het die nuwe Britse minister van kolonies, Granville, van sy optredes in kennis gestel asook sy vasbeslotenheid om die Boere se planne met betrekking tot Delagoabaai in die wiele te ry. "In this case", het hy in Julie 1869 opgemerk, "their proceedings can be easily arrested, and the rights of the British Government asserted by the mere dispatch of a Ship of War to Delagoa Bay with instructions to eject the intruders and burn the Settlement".⁴⁴

Soos reeds vermeld, het Pretorius se April 1868-proklamasie ook tot protes van Portugese kant gelei. Duprat het in sy brief van 24 Junie 1868 die Transvaalse president daarop gewys dat Portugal reeds sedert 1546 aanspraak gemaak het op die gebied wat ter sprake was. Pretorius is terselfdertyd meegedeel dat Portugal die ZAR nog altyd goedgesind was en graag 'n verdrag van vrede, vriendskap en handel tot voordeel van albei partye met die Republiek wou sluit. Pretorius het 'n ooreenkoms en grensskikking tussen die twee lande verwelkom en daarmee die weg gebaan vir Duprat se besoek aan Pretoria in Julie 1869 om oor 'n verdrag van vrede en handel te onderhandel.⁴⁵

Die resultaat van sy besoek was 'n voorlopige "Traktaat van Vrede, Vriendschap, Handel en Grenzen" tussen die ZAR en Portugal wat op 29 Julie 1869 deur Pretorius en Duprat onderteken is. Hierdie verdrag was 'n mylpaal in die verhouding tussen die ZAR en Portugal. Die ZAR is amptelik deur Portugal erken en in ruil vir sy erkenning van Delagoabaai as Portugese besit het

⁴² TNA, CO 48/445, Wodehouse – Granville, 2.7.1869.

⁴³ Ibid.

⁴⁴ Ibid.

⁴⁵ TAB, SS 100, R 803/68, Duprat – Pretorius, 24.6.1868; SS 104, R 1365, Duprat – Pretorius, 1.11.1868; O.J.O. Ferreira, p.72; D.W. Kruger, pp. 181-182.

die Republiek die reg verkry om onder gunstige handelsvoorwaardes van sy nabygeleë natuurlike hawe, Lourenco Marques, gebruik te maak. In dié verdrag is die grenslyn tussen die ZAR en die Portugese besittings aan die ooskus as parallel met die 26°30' suiderbreedte tot by die Lebomboberge en daarvandaan in 'n noordelike rigting tot by die samevloeiing van die Limpopo- en Pafuririviere beskryf. Hierdeur het die ZAR erkenning gegee aan Portugal se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai asook op die grondgebied van inheemse mense ten suide van die baai. 'n Kaart wat dié voorgestelde grenslyn aandui, is deur landmeter-generaal Magnus Forssman opgestel en ook op 29 Julie 1869 deur Pretorius en Duprat onderteken. Hierdie grensreëling sou belangrike gevolge vir Portugal en Brittanje se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai inhou.⁴⁶

Wodehouse, wat vooraf deur Duprat van sy voorgenome sending na die ZAR in kennis gestel is, was onder die indruk dat die onderhandelinge verband gehou het met die “noordelike” en “suidelike” grense van die ZAR. Na Duprat se aankoms in die Republiek het Wodehouse egter uit koerantberigte verneem dat Duprat en Pretorius oor Portugal se dominium oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai onderhandel het.⁴⁷ Soortgelyke verontrustende inligting het die Britse buitelandse kantoor reeds in Junie 1869 bereik. Daarvolgens het Duprat opdrag van die Portugese regering ontvang om met die ZAR-regering tot 'n vergelyk oor Pretorius se April-1868 proklamasie te kom. Senior amptenare was derhalwe bekommerd dat die Portugese hulself die reg sou toe-eien om die ZAR toegang tot die see te verleen op 'n deel van die ooskus waarvan die Britse regering nie Portugese soewereiniteit erken het nie.⁴⁸


Hierdie vrese is met Duprat se terugkeer na Kaapstad bewaarheid. Wodehouse het uit koerantberigte verneem dat Duprat op 29 Julie 1869 'n verdrag van “Vrede, vriendskap en handel” met die ZAR onderteken het wat ook bepalings oor die oosgrens van die Republiek ingesluit het. Volgens 'n sketskaart van Forssman in 'n plaaslike koerant, getiteld: “Sketch Map showing the boundary line between the Possessions of the Portuguese Royal Government and the SA Republic according to the Treaty made on 29 th July 1869”, het die Portugese op die volle omvang van Delagoabaai aanspraak gemaak. Wodehouse het onmiddellik 'n skriftelike navraag aan Duprat gerig oor die bepalings en egtheid van die verdrag. Die Portugese konsul-generaal is terselfdertyd herinner aan 'n vorige gesprek met Wodehouse waartydens Brittanje se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, kragtens Owen se 1823-verdrae, bespreek is.⁴⁹

⁴⁶ O.J.O. Ferreira, pp. 72-77; D.W. Kruger, pp. 187-188.

⁴⁷ TNA, CO 48/446, Wodehouse – Granville, 3.9.1869. Afskrifte in FO 63/1047.

⁴⁸ TNA, FO 63/1047, Morao-Clarendon, 14.6.1869; Memorandum Foreign Office, 28.6.1869.

⁴⁹ TNA, CO 48/446, Wodehouse – Granville, 3.9.1869.



14. Sketskaart van die ZAR-Portugese grensreëling van Julie 1869 waarvolgens die ZAR Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai erken het.

Duprat het nog dieselfde dag geantwoord dat aangesien hy nie die kaart waarna Wodehouse verwys het onder oë gehad het nie, hy nie die korrektheid daarvan kon bevestig nie. Wat die bepalings van die verdrag betref, het hy eweneens sy spyt uitgespreek dat alvorens dit nie deur die Portugese regering bekragtig is nie, hy nie by magte was om dit te bespreek nie. Duprat het nietemin nie gekroom om Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te bevraagteken nie. Hy het erken dat hy by 'n vorige geleentheid Wodehouse se aandag gevestig het op 'n "paragraaf" in 'n Kaapse koerant aangaande Owen se sessie vir die suidelike gedeelte van Delagoabaai, maar die hoë kommissaris daaraan herinner dat hy by dieselfde geleentheid protes aangeteken het teen Britse aansprake op enige gedeelte van Delagoabaai. Syns insiens het Owen 'n fout begaan deur 'n verdrag te sluit met opperhoofde wat hulself as Portugese onderdane beskou het. Op grond van 'n onlangse mededeling van die Portugese regering was Duprat boonop daarvan oortuig dat Owen se verdrae ongeldig was en die geleentheid gebruik om opnuut namens die Portugese regering beswaar aan te teken teen Britse aansprake op enige gedeelte van Delagoabaai.⁵⁰

Wodehouse het Duprat se onderhandelings met die ZAR en sy standpunt met betrekking tot Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai in 'n baie ernstige lig beskou. Hy het onmiddellik afskrifte van sy korrespondensie met Duprat en Forssman se sketskaart, asook 'n vertaling van die ZAR se ooreenkoms met McCorkindale, aan die koloniale kantoor gestuur, met 'n versoek "that both the Commodore commanding the station and myself ought without delay to be informed of the wishes of Her Majesty's Government to the course to be pursued".⁵¹

Die hoë kommissaris het terselfdertyd ook navrae aan Pretorius gerig oor die egtheid en akkuraatheid van Forssman se kaart van die ZAR se oosgrens. Aangesien die kaart die Portugese grondgebied ten ooste van die ZAR beskryf het "as extending for several miles to the Southward of Delagoa", is Pretorius daarop gewys dat die suidelike gedeelte van Delagoabaai reeds baie jare tevore kragtens 'n verdrag met "the Chief of those parts" aan Brittanje afgestaan is en dus foutief was.⁵² Pretorius se antwoord op Wodehouse se navrae is onbekend.

Granville en die senior amptenare in die koloniale kantoor het Wodehouse se bedenkinge oor die ZAR-Portugese verdrag gedeel. Daar is met kommer kennis geneem dat Portugal kragtens die

⁵⁰ Ibid.

⁵¹ Ibid.

⁵² Ibid.

verdrag, “a large portion of territory about Delagoa Bay which does not belong to Portugal”, aan die ZAR afgestaan het en dat die verdrag waarskynlik verband gehou het met McCorkindale se planne. “Whether it may be considered desirable or not to relinquish our rights in that quarter” het sir Graham Barrow opgemerk, “this offhand, &, it may be said unprincipled act can not be allowed to pass without some notice”.⁵³

Die Britse minister van buitelandse sake, Clarendon, is gevolglik in Oktober 1869 van die ZAR-Portugese verdrag in kennis gestel met ‘n versoek dat Wodehouse se protes teen die grensbepalings goedgekeur word. Clarendon het na die bestudering van ‘n kaart waarop die nuwe Portugese grensreëlins met betrekking tot Delagoabaai aangedui is, Wodehouse se optrede goedgekeur. Granville het egter sy aanbod om die aangeleentheid onder die aandag van die Portugese saakgelastigde in Londen te bring, om onbepaalde redes nie op daardie tydstip benut nie.⁵⁴

Wodehouse was nie die enigste Britse gesagvoerder in Suid-Afrika wat deur Duprat se besoek aan die ZAR en die oënskynlike toenadering tussen die Boere en die Portugese op hol gejaag is nie. In Pietermaritzburg het Keate die moontlikheid oorweeg dat Duprat se besoek “may have paved the way for combined action in removing obstacles to the respective aspirations of these two Powers”. Syns insiens wou die Portugese hulle invloedseer van die ooskus na die binneland uitbrei en die ZAR soortgelyk hulle invloedseer ooswaarts na die see. Hy het twee moontlike landstreke geïdentifiseer waarop die ZAR en Portugal kon saamwerk: die grondgebied tussen Delagoabaai en McCorkindale se New Scotland-nedersetting in die ooste van die Republiek en die grondgebied tussen Quelimane en die noordelike gedeelte van die ZAR. Hoewel Keate op daardie tydstip nie enige bewyse vir sy vermoedens kon aanvoer nie, het hy dit nietemin goed gedink om Granville op hoogte te hou “of any movement that may seem to be in contemplation by the neighbouring Governments”.⁵⁵

‘n Onbeplande besoek aan Pietermaritzburg deur die goewerneur van Quelimane, onderweg na die ZAR, het Keate opnuut laat onraad merk. Hy kon deur middel van ‘n tolk en ander bronne vasstel dat die goewerneur van plan was om met Pretorius oor ‘n Portugese strafekspedisie teen ‘n inheemse opperhoof in die Zambesievally samesprekings te voer en dat die afvaardiging weens die onbegaanbaarheid van die roete tussen Delagoabaai en die Republiek, genoodsaak

⁵³ TNA, CO 48/446, Wodehouse – Granville, 3.9.1868; Kommentaar G. Barrow, 12.10.1869.

⁵⁴ TNA, CO 48/446, Foreign Office – Colonial Office, 22.10.1869; Colonial Office – Foreign Office, 23.10.1869; Foreign Office – Colonial Office, 27.10.1869 (Afskrifte in FO 63/1047).

⁵⁵ TNA, FO 63/1047, Keate – Wodehouse, 19.11.1869.

was om die ompad deur Natal te neem. Keate was egter daarvan oortuig dat die ekspedisie meer om die lyf gehad het as 'n strafekspedisie teen 'n opstandige inheemse opperhoof.⁵⁶ Sy vertroulike kommunikasie aangaande "certain movements of the Portuguese in South Africa" is gevolglik in Januarie 1870 onder Murray se aandag gebring met die opdrag om die doel van die voorgenome Portugese ekspedisie vas te stel. Murray het sonder veel moeite vasgestel dat 'n Portugese strafekspedisie inderdaad op die been gebring is om 'n inheemse opperhoof in die Zambesievallei te straf en dat Keate se bedenkinge derhalwe ongegrond was. Hierdie bevinding is in Maart 1870 aan Keate en Wodehouse oorgedra.⁵⁷

Keate se navraag oor die Portugese optrede aan die suidooskus het egter tot 'n belangrike nuwe verwikkeling gelei. Murray het tydens sy navrae oor die Portugese strafekspedisie vasgestel dat Duprat onderweg na Lissabon was om die ZAR-Portugese verdrag van Julie 1869 aan die Portugese regering vir goedkeuring voor te lê. Volgens ingeligte bronne in Lissabon het hierdie verdrag die grense tussen die ZAR en die Portugese besittings in Mosambiek bepaal en ook voorsiening gemaak vir Transvaalse in- en uitvoere deur Portugese grondgebied.⁵⁸

Hierdie inligting het die koloniale kantoor oortuig dat die ZAR-Portugese verdrag bepalinge aangaande Transvaalse in- en uitvoere deur Portugese grondgebied bevat het en dat Forssman se sketskaart van die ZAR-oosgrens met die oog op die bepalinge van die verdrag opgestel is. Daar is ook vermoed dat sekere bepalinge in die ooreenkoms tussen die ZAR en McCorkindale 'n rol in die vasstelling van die grens tussen die ZAR en die Portugese besittings gespeel het.⁵⁹

Naas die ZAR-Portugese verdrag het juis McCorkindale se planne om 'n handelsverbinding tussen Delagoabaai en die ZAR tot stand te bring, op hierdie tydstip ook ernstige aandag in Britse regeringskringe geniet. McCorkindale het onderweg na Engeland in November 1869 Wodehouse in Kaapstad besoek waartydens hy met die hulp van verskeie sketsplanne sekere misverstande en verkeerde voorstellings tussen hom en die hoë kommissaris uit die weggeruim het. Volgens McCorkindale het hy deur sy ooreenkomste met die ZAR en die inheemse mense ten ooste van die Republiek toegang tot die gebruik van die "shores of Delagoa bay and the Rivers running into it", verkry. Al wat hy van die Britse regering verlang het, was 'n versekering dat solank hy hom nie aan onaanvaarbare praktyke teenoor die Europese of inheemse mense skuldig maak nie, "they will not consider it their duty to take any active steps for removing him from the shores of Delagoa

⁵⁶ Ibid.

⁵⁷ TNA, FO 63/1047, Foreign Office – Murray, 19.1.1870.

⁵⁸ TNA, FO 63/1047, Murray – Clarendon, 19.2.1870.

⁵⁹ TNA, FO 63/1047, Foreign Office - Colonial Office, 4.3.1870; Memorandum Barrow, 5.3.1870.

Bay or hindering his navigation of its tributary Streams".⁶⁰ Hoewel Wodehouse dit duidelik gemaak het dat hy nie by magte was om namens die Britse regering met McCorkindale oor enige regte in die suidelike gedeelte van Delagoabaai te onderhandel nie, het hy hom tog op grond van die aansienlike kommersiële voordele daarvan, bereid verklaar om sy versoek aan Granville voor te lê. Wodehouse het in Desember 1869 die daad by die woord gevoeg en die hoop uitgespreek dat Granville "may not be unwilling to concede this much to him".⁶¹

McCorkindale se versoek het nie op simpatieke ore in die koloniale kantoor geval nie. Senior amptenare was van mening dat die aanvaarding van sy voorstel die Britse owerhede in Suid-Afrika met nimmereindigende probleme met die ZAR en Natal sou opsaal en daar is selfs voorgestel dat Granville nie hierdie "twyfelagtige karakter" met sy aankoms in Londen te woord moes staan nie. Op versoek van Granville is daar egter besluit om op verdere kommunikasie van McCorkindale te wag, alvorens 'n besluit geneem word.⁶²

Die aangeleentheid is in Februarie 1870 op die spits gedryf toe McCorkindale in Londen 'n direkte versoek tot Granville gerig het oor die Britse regering se standpunt met betrekking tot die verskeping van handelsware op die Pongola- en Usuturiviere tussen sy "New State" en Delagoabaai. Hy het Granville daarop gewys dat die "New State" nie onder die invloed "of any republic in Africa" gestaan het nie. McCorkindale was veral begerig om te verneem of die Britse regering van voorneme was om in te meng "with our innocent use of the waters flowing through this recognized New State to the outer Bay (van Delagoabaai) and from thence to the Indian Ocean".⁶³

Ten einde aan hierdie versoek te voldoen, het sir Graham Barrow 'n omvattende memorandum aangaande McCorkindale se skemas opgestel waarin hy met behulp van 'n kaart die moontlike inbreuk op Britse regte in die suide van Delagoabaai aangetoon het. Barrow was daarvan oortuig dat McCorkindale, die ZAR en Portugal kop in een mus was om die Republiek toegang tot Delagoabaai te verseker, en in hierdie verband opgemerk: "...it seems clear that McCorkindale's present application is not of so simple a character as it bears on the face of it".⁶⁴ In die lig van hierdie waarskuwings het Granville besluit om eers met Wodehouse, na sy terugkeer na Londen,

⁶⁰ TNA, CO 48/453, Wodehouse – Granville, 17.11.1869.

⁶¹ Ibid.

⁶² TNA, CO 48/453, Wodehouse – Granville, 17.11.1869, Kommentaar Barrow en Sandford, 23.12.1869.

⁶³ TNA, CO 48/453, McCorkindale – Granville, Londen, 9.2.1870.

⁶⁴ TNA, CO 48/453, McCorkindale – Granville, Londen, 9.2.1870; Memorandum G. Barrow, 16.2.1870.

te beraadslaag, alvorens hy op McCorkindale se versoek antwoord. Wodehouse is van hierdie besluit in kennis gestel.⁶⁵

Die koloniale kantoor het McCorkindale derhalwe einde Februarie 1870 meegedeel dat aangesien sy “scheme of Settlements bordering on Delagoa Bay” belangrike implikasies vir die belange van die Kaapkolonie, Natal en die inheemse bevolking ingehou het, Granville eers na verdere konsultasie met Wodehouse, op sy versoek sou antwoord.⁶⁶

‘n Regeringsverandering in Brittanje het egter verhoed dat Granville sy afspraak met Wodehouse kon nakom. Die voormalige hoë kommissaris het nietemin kort na sy terugkeer na Londen die nuwe Britse minister van kolonies, lord Kimberley, op hoogte van sake met betrekking tot McCorkindale se skemas geplaas. In teenstelling met Barrow het Wodehouse ‘n meer rooskleurige prentjie oor McCorkindale se planne aan Kimberley geskets. Hy het Kimberley daarop gewys dat McCorkindale reeds geruime tyd probeer het om ‘n “large settlement” in suidoos-Afrika, nie ver van die kus van Delagoabaai nie, tot stand te bring, en dat hy van voorneme was om ‘n handelskanaal tussen die ZAR en Delagoabaai deur middel van die Pongolarivier, “that runs into Delagoa Bay at a point claimed by Great Britain as British Territory”, te bewerkstellig.⁶⁷

Hoewel Kimberley se aandag daarop gevestig is dat Portugal Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai betwis het, kon Wodehouse nie insien hoe McCorkindale se planne vir ‘n nedersetting en sy ooreenkoms met die ZAR, ‘n bedreiging vir Britse belange kon inhou nie. Hy het dié planne, asook die redes waarom die Britse regering nie daarteen beswaar kon maak nie, as volg aan Kimberley verduidelik:

The Trans Vaal Government wishes to trade by means of a channel of the Pongola, and to levy Custom Duties on goods imported into its territory by that line. It seems that such duties could be most conveniently collected at the point at which the water-carriage ceases-That is, at the Southern point of the land obtained from the Natives by McCorkindale and to what our Government has no claim. He has therefore entered into an agreement with the Trans Vaal Government for carrying out such an arrangement for their mutual benefit to which we cannot, I think, fairly object, and of which therefore it is not necessary for us to take formal notice.⁶⁸

⁶⁵ TNA, CO 48/453, Colonial Office – McCorkindale, 25.2.1870.

⁶⁶ TNA, CO 48/453, Colonial Office – McCorkindale, 25.2.1870; Wodehouse – Kimberley, Londen, 20.7.1870.

⁶⁷ TNA, CO 48/453, Wodehouse – Kimberley, Londen, 20.7.1870.

⁶⁸ Ibid.

Hiervolgens moes die Britse regering volgens Wodehouse slegs 'n besluit neem oor daardie gedeelte van die Pongolarivier "which runs through so-called British Territory", d.w.s. die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Hy het veronderstel dat "the position of Mr McCorkindale" geen invloed op die Brits-Portugese geskil oor die gedeelte van die baai sou hê nie. As Portugal se aanspraak gehandhaaf word, sou McCorkindale met die Portugese regering tot 'n vergelyk moes kom.⁶⁹

Wodehouse se geesdriftige ondersteuning van McCorkindale se planne het die gewensde uitwerking op Kimberley gehad. McCorkindale is in Julie 1870 in kennis gestel dat Kimberley nie beswaar sou aanteken as hy op eie risiko fasiliteite vir die ontskeping van handelsware aan die oewers van Delagoabaai sou oprig nie. Hy is ook die versekering gegee "that so long as your conduct proves to be unimpeachable you will not be disturbed by the British Government", maar terselfdertyd gewaarsku "that such abstinence of interference on the part of Her Majesty's Government is not an acknowledgement of the right of Portugal or of the Trans Vaal Republic to exercise any control over the territory in question, and that they reserve entire discretion to interfere at any time if they should think proper".⁷⁰ Beide luitenant-generaal Hay, wat in Wodehouse se plek as goewerneur en hoë-kommissaris waargeneem het, en Keate, is van Kimberley se kommunikasie met McCorkindale in kennis gestel.⁷¹

McCorkindale se planne met betrekking tot Delagoabaai is egter intussen in die skadu gestel deur Portugese stappe om hul aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te versterk. Op 5 April 1870 het die goewerneur van Lourenco Marques in opdrag van goewerneur-generaal Da Costa Leal die Portugese vlag aan die noordelike oewer van Inyackeiland gehys en 'n klein Portugese garnisoen op die eiland gestasioneer.⁷² Keate het eers in Junie 1870, na aanleiding van 'n berig in 'n plaaslike koerant, van die Portugese optrede verneem. Hy het uit betroubare bronne verneem dat die besitname onder die voorwendsel geskied het dat een helfte van die eiland noord van die 20-ste graad suiderbreedte geleë was en dus binne die grense van Portugal se Oos-Afrikaanse besittings geval het.⁷³

⁶⁹ Ibid.

⁷⁰ TNA, CO 48/453, Colonial Office – McCorkindale, 26.7.1870.

⁷¹ TNA, CO 48/453, Colonial Office – Hay, 22.8.1870; Colonial Office – Keate, 22.8.1870.

⁷² TNA, FO 63/1047, Murray – Granville, 6.8.1870.

⁷³ TNA, CO 179/98, Keate – Granville, 8.6.1870.

Keate het hierdie inligting sonder versuim onder Hay se aandag gebring ten einde hom in staat te stel om protes aan te teken. Hay het 'n verband gesien tussen die Portugese optrede en die “encroachments” van die ZAR en dit aanvanklik oorweeg om 'n Britse oorlogskip na Delagoabaai te stuur ten einde agter die kap van die byl te kom. 'n Toevallige besoek aan die Kaap deur die aangewese nuwe goewerneur-generaal van Mosambiek, JR Coelho da Amaral, onderweg na Mosambiekeiland, het hom egter van plan laat verander. Hy het Da Amaral per brief van die beweerde Portugese besetting van Inyackeiland in kennis gestel en daarop gewys dat die eiland 'n Britse besitting onder beheer van die Natalse regering was. Hay was daarvan oortuig dat die Portugese besetting op 'n misverstand berus het en Da Amaral derhalwe versoek om ondersoek in te stel. Hy het die nuwe goewerneur-genraal egter versoek om die Portugese garnisoen van die eiland te onttrek indien die besetting nie op 'n misverstand berus het nie.⁷⁴

Da Amaral, wat oor geen kennis van die besetting beskik het nie, het Hay verseker dat hy onmiddellik aandag aan die saak sou skenk. Hy het Hay nietemin versoek om begrip te hê indien hy die aangeleentheid na die Portugese regering sou moes verwys.⁷⁵

Hay het na die ontvangs van hierdie brief voorlopig besluit om geen verdere stappe aan die Kaap met betrekking tot die Portugese besetting van Inyackeiland te neem nie. Aangesien die aangeleentheid egter verband gehou het met die “future position and government of these colonies and their relations with the surrounding states”, het hy dit in Augustus 1870 onder Kimberley se aandag gebring.⁷⁶

Kimberley het die Portugese besetting van Inyackeiland as onregmatig beskou en Granville versoek om by die Portugese regering beswaar aan te teken. Granville was egter van mening dat die Britse regering nie geregtig was om Portugal se reg op die noordelike gedeelte van Inyackeiland te betwis nie, aangesien Brittanje kragtens die 1817-konvensie Portugal se soewereiniteit oor die grondgebied op die vasteland tussen Kaap Delgado en Lourenco Marques erken het. Volgens hom was dit “doubtful whether the islands on that coast, comprised within those limits, should not be looked upon as Portuguese possessions”. Hy was derhalwe nie bereid om 'n protesnota aan die Portugese regering te stuur alvorens hy nie van meer akkurate inligting oor die aangeleentheid voorsien is nie.⁷⁷

⁷⁴ TNA, CO 48/451, Keate – Granville, 8.6.1870; Hay – Da Amaral, 27.7.1870.

⁷⁵ TNA, CO 48/451, Da Amaral – Hay, 29.7.1870.

⁷⁶ TNA, CO 48/451, Hay – Kimberley, 2.8.1870.

⁷⁷ TNA, FO 63/1047, Colonial Office – Foreign Office, 30.8.1870; Granville – Colonial Office, 3.9.1870 (konsep).

Die Portugese besetting van Inyackeiland het egter intussen reeds tot 'n navraag van Murray aan die nuwe Portugese minister van buitelandse sake, die hertog van Saldanha, gelei. Murray het eers in Augustus 1870 uit 'n persberig van die Portugese besitname van Inyackeiland verneem. Aangesien daar geen kennisgewing oor die besetting in die Portugese staatskoerant verskyn het nie, het Murray in 'n nota aan Saldanha die hoop uitgespreek dat die persberig ongegrond was en die minister daarop gewys dat die eiland 'n Britse besitting onder beheer van die Natalse regering was. Hy het Saldanha derhalwe versoek om te bevestig dat die persberig insake die Inyack-besetting vals was.⁷⁸

Murray het Granville van sy optrede in kennis gestel en hom daarop gewys dat die Portugese regering reeds in Maart 1862 en Februarie 1869 gewaarsku is dat Inyackeiland 'n Britse besitting was en dat die Britse regering nie enige Portugese aanspraak op die grondgebied suid van Lourenco Marques kon erken nie. Granville het Murray se optrede goedgekeur, asook 'n verdere skrywe op 25 Augustus 1870 waarin die Portugese minister weer eens versoek is om ernstige aandag aan die aangeleentheid te skenk.⁷⁹

Terwyl die Britse regering op Saldanha se antwoord gewag het, het Kimberley intussen sy standpunt oor die botsende Anglo-Portugese aansprake op Delagoabaai gewysig. Op 21 September 1870 het hy, met verwysing na die ZAR-Portugese verdrag en die Portugese besetting van Inyackeiland, aan Granville voorgestel dat die opponerende Brits-Portugese aansprake "to certain territories on the East Coast of Africa" vir arbitrasie verwys word. Granville was egter van mening dat alvorens arbitrasie oorweeg word, daar eers vasgestel moes word "whether the report of the Portuguese occupation of Inyack is well founded, and, if so, whether the Portuguese Government intend to remain or to abandon such occupation".⁸⁰

Kimberley is ook op hoogte gestel van Murray se optrede in dié verband en dat Granville hom versoek het "to again press the Portuguese Government for an answer upon the subject". Hierdie inligting is ook onder Hay en Keate se aandag gebring met 'n versoek om Kimberley in kennis te stel indien hulle enige betroubare inligting aangaande die beweerde Portugese besetting van Inyackeiland ontvang.⁸¹

⁷⁸ TNA, FO 63/1047, Murray – Saldanha, 6.8.1870.

⁷⁹ TNA, FO 63/1047, Murray – Granville, 7.8.1870; Granville – Murray, 16.8.1870, Murray – Saldanha, 25.8.1870.

⁸⁰ TNA, FO 63/1047, Colonial Office – Foreign Office, 21.9.1870; Foreign Office – Colonial Office, 21.9.1870; Foreign Office – Colonial Office, 26.9.1870.

⁸¹ TNA, FO 63/1047, Foreign Office – Murray, 26.9.1870.

Intussen is Murray op 19 September 1870 in 'n amptelike nota deur die nuwe Portugese minister van buitelandse sake, Carlos Bento da Silva, meegedeel dat die goewerneur-generaal van Mosambiek opdrag gegee is om in die lig van die voorgenome Anglo-Portugese onderhandelinge oor Delagoabaai, die Portugese garnisoen aan Inyackeiland te ontrek. Volgens Da Silva was die Portugese minister van marine, wat die opdrag uitgereik het, van mening dat “while those negotiations are pending neither of the two Powers should occupy the territories in question”.⁸² Murray, wat oor geen kennis van enige onderhandelinge oor Delagoabaai beskik het nie, was uit die aard van die saak uit die veld geslaan deur hierdie mededeling. Hy kon nie begryp waarom die Britse regering ewe skielik hul standpunt met betrekking tot die suidelike gedeelte van Delagoabaai en Inyackeiland verander het nie en het derhalwe Granville se instruksies versoek voordat hy Da Silva se nota beantwoord.⁸³

Da Silva se nota het ook die Britse buitelandse kantoor onkant betrap. Senior amptenare kon geen verklaring verskaf waarom die Portugese regering onder die indruk verkeer het dat Anglo-Portugese onderhandelinge oor Delagoabaai op hande was nie. Met goedkeuring van Kimberley het Granville Murray derhalwe in Oktober 1870 in kennis gestel dat daar geen sprake van onderhandelinge met die Portugese regering oor Delagoabaai in die vooruitsig was nie en dat daar ook geen verandering in die Britse standpunt met betrekking tot die suidelike gedeelte van Delagoabaai en Inyackeiland plaasgevind het nie. Granville het Murray daaraan herinner dat die Britse regering “have invariably declined to entertain the question of sovereignty over Delagoa Bay” en dat ‘n Portugese voorstel dat die Delagoabaai-vraagstuk vir arbitrasie verwys word, reeds in 1869 deur die Britse regering van die hand gewys is. Sedertdien het daar geen kommunikasie tussen die Britse en Portugese regerings oor hierdie aangeleentheid plaasgevind nie en die Britse regering was derhalwe “at a loss to understand the impression on the mind of the Portuguese Government that negotiations are now pending on the subject”. Aangesien opdrag gegee is om die Portugese troepe aan Inyackeiland te onttrek, is Murray versoek om tot tyd en wyl die Portugese regering weer die aangeleentheid aanroer, geen verdere stappe te neem nie.⁸⁴

Die moontlikheid van Anglo-Portugese onderhandelinge oor Delagoabaai het intussen ook die aandag van die aangewese nuwe Britse hoë kommissaris aan die Kaap, sir Henry Barkly, geniet. Hy het voor sy vertrek na die Kaap die koloniale kantoor in 'n kort memorandum oor “Portuguese encroachments in Delagoa Bay” op hoogte van sy standpunte gestel. Hy was van mening dat die

⁸² TNA, FO 63/1047, Murray – Granville, 23.9.1870; Da Silva – Murray, 19.9.1870.

⁸³ TNA, FO 63/1047, Murray – Granville, 23.9.1870.

⁸⁴ TNA, FO 63/1047, Foreign Office – Murray, 22.10.1870, Memorandum Foreign Office, 3.10.1870.

Britse regering eers 'n sterk bewoorde protesnota aan die Portugese regering moes stuur, alvorens hulle arbitrasie oor die twee moondhede se botsende aansprake op Delagoabaai oorweeg.⁸⁵

Barkly het daarop gewys dat die inheemse mense in die suide van Delagoabaai nooit aan Portugese gesag onderwerp is nie, maar dat hul trou aan die Britse Kroon byna 'n halwe eeu tevore aanvaar is. Daarbenewens is die Britse vlag minder as tien jaar tevore in opdrag van die Britse koningin op Inyackeiland gehys en deur 'n "Royal Order in Council" as deel van die Natal-kolonie verklaar. "If rights this formally asserted be lightly abandoned" het hy opgemerk, "it may be found that aggression in other quarters will follow". Syns insiens was die Portugese bewus van die toenemende belangrikheid van hierdie deel van Suid-Afrika en sou hulle eerder die inwoners van die Transvaalse republiek, "who have no peculiar scruples on the subject of Slavery or the treatment of the Natives", bo die Britte as bure verkies. Die moontlikheid dat die Portugese hul aansprake op Delagoabaai ten koste van Britse belange aan die Boere kon toesê, kon ook nie uitgesluit word nie. Dit kon daartoe lei dat Delagoabaai in 'n belangrike uitvoerhawe vir slawe ontwikkel. In die lig van al die opofferings aan Britse kant om die slawehandel aan die suidooskus te bekamp, kon die Britse regering derhalwe nie in die Portugese besetting van Inyackeiland berus nie.⁸⁶

Die moontlikheid van Brits-Portugese samesprekings oor die besitreg van Inyackeiland het weer in Desember 1870 in die Portugese Cortes ter sprake gekom. Die Portugese minister van marine en kolonies, Mello Gouveia, het in antwoord op 'n parlementêre navraag in hierdie verband, die indruk geskep dat onderhandelinge oor die besitreg van Inyackeiland nog hangende was, maar dat die Portugese regering daarvan oortuig was dat Portugal 'n onbetwisbare aanspraak op die eiland besit het. Hoewel hierdie amptelike verklaring in stryd was met die inhoud van verskeie Britse voorleggings aan die Portugese regering, het Murray dit goed gedink om alvorens hy instruksies van Granville ontvang, nie op die minister se standpunt te reageer nie.⁸⁷

Tydens dieselfde sitting het Gouveia ook meer lig gewerp op die redes vir die besetting van Inyackeiland en die groot verwagtinge wat die Portugese regering van die implementering van die ZAR-Portugese verdrag gekoester het - 'n verdrag wat volgens die minister kort tevore deur die laerhuis in die parlement goedgekeur is. Volgens Gouveia het die goewerneur van Lourenço

⁸⁵ TNA, CO 48/451, Memorandum H. Barkly, Londen, 11.10.1870; CO 179/98, Keate – Granville, 8.6.1870; Kommentaar Barrow, 22.8.1870.

⁸⁶ CO 48/451, Memorandum H. Barkly, Londen, 11.10.1870.

⁸⁷ TNA, FO 63/1048, Murray – Granville, 12.1870.

Marques Inyackeiland beset ten einde die “kolonisasie” van die eiland deur twee Engelssprekende persone te verhoed en daardeur “beheer, stabiliteit en vrede” op dié voorpos in die Baai van Lourenco Marques, te verseker. Die verdrag met die ZAR was volgens die minister die uitkoms van ‘n gemeenskaplike aspirasie om die handel van die welvarende Transvaal deur Lourenco Marques te kanaliseer en sodoende die handelsmonopolie van die Natalse handelaars te verbreek. Gouveia het Pretorius lof toegeswaai vir sy versierendheid in dié verband en die vertroude uitgespreek dat ‘n bloeitydperk vir Lourenco Marques as voorkeurhawe van die ZAR op hande was. Murray het die minister se mededeling so belangrik geag dat hy ‘n afskrif en vertaling van die lywige Cortes-notule onder die aandag van die buitelandse kantoor gebring het.⁸⁸

Keate het op dieselfde tydstip, Desember 1870, ook meer te wete gekom oor die redes vir die Portugese besetting van Inyackeiland, asook hulle oënskynlike voornemens met die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Hy het van I.P. Ablett, ‘n Natalse handelaar wat gereeld met die Lourenco Marques-nedersetting handel gedryf het, verneem dat die Portugese op die suidelike gedeelte van Delagoabaai tot by die 26-ste graad suiderbreedte, insluitende die noordelike gedeelte van Inyackeiland, aanspraak gemaak het. Deur hul besitname van die noordelike gedeelte van die eiland het die Portugese verseker dat die ingang van die baai gevolglik binne Portugese gebiedswaters val. Keate is ook meegedeel dat die goewerneur van Lourenco Marques Ablett verbied het om op die Maputorivier handel te dryf - selfs al was hy bereid om belasting te betaal - en dat hy met die beslaglegging van sy vaartuig gedreig is indien hy die goewerneur se opdrag sou verontagsaam. Ablett was derhalwe daarvan oortuig dat die Portugese alle buitelandse handel met die inheemse mense van Delagoabaai asook Inyackeiland wou verhoed.⁸⁹

Keate het hierdie inligting sonder verwyl onder Kimberley se aandag gebring en hom daarop gewys dat die Portugese beheer oor die monding van Delagoabaai nie alleen die handel met die onafhanklike inheemse mense in die wiede gery het nie, maar ook die “free passage by sea of natives to and fro between those countries and Natal”. Oor waarom hy hierdie spesifieke inligting onder Kimberley se aandag gebring het, het Keate nie doekies omgedraai nie:

I mention these circumstances as showing how desirable it is that this wrongful occupation of British territory should be put a stop to with as little delay as possible. They seem to me to show

⁸⁸ Ibid.

⁸⁹ TNA, FO 63/1048, Keate – Kimberley, 8.12.1870; Brief “Colonist of Natal”; Abbett – Erskine, 3.12.1870.

too that the time has come when this Government should take some steps for establishing and exhibiting it's authority over this Island which is part of the Colony of Natal.⁹⁰

Keate het vermoed dat McCorkindale se planne en aktiwiteite dalk ook 'n rol in die Portugese besetting van Inyackeiland gespeel het. "In the absence of any visible signs of British possession" het hy aan Kimberley opgemerk, "they may have asserted a claim to and ventured on occupying Inyack Island for the purpose of putting an obstacle in the way of this project which must necessarily be prejudicial to their interests as they understand them".⁹¹

Hoewel Kimberley nie op Keate se versoek vir die herokkupasie van Inyackeiland gereageer het nie, het hy die voortgesette Portugese okkupasie van die eiland onder Granville se aandag gebring.⁹² Murray het gevolglik in Februarie 1871 die aandag van die Portugese regering hierop gevestig en van Da Silva se opvolger, die hertog d'Avila, 'n skriftelike versekering ontvang dat die goewerneur van Lourenco Marques reeds in November 1870 beveel is om die troepe aan die eiland te onttrek. Volgens die minister is die opdrag uitgevoer en het die Portugese onttrekking nie verder die aandag van die Britse en Portugese regerings geniet nie. 'n Afskrif van d'Avila se nota is aan Keate gekommunikeer, wat in die tussentyd ook bevestiging van Natalse handelaars ontvang het dat die Portugese troepe aan Inyackeiland onttrek is.⁹³

Insteede van Inyackeiland sou die ZAR-Portugese verdrag van 1869 weer in Maart 1871 die aandag van die Britse regering op die suidelike gedeelte van Delagoabaai vestig. Gouveia se bevestiging dat die verdrag goedgekeur is en hernude besware in die koloniale kantoor teen die grensreëling, het Granville tot optrede gedwing. Hy het Murray versoek om 'n afskrif van die verdrag by die Portugese regering aan te vra "on the ground that it is stated to affect British interests and British territorial rights". Murray moes ook vasstel of die Portugese regering 'n aandeel gehad het in Pretorius se poging om die oosgrens van die ZAR tot Delagoabaai uit te brei.⁹⁴

Murray het gevolglik in April 1871 'n sterk bewoorde skrywe tot d'Avila gerig waarin hy skerp kaspie gemaak het teen die bepalings van die 1869-verdrag. Hy het die minister gewaarsku dat dit uit die kaarte wat hy onder oë gehad het, duidelik was dat die bepalings van die verdrag

⁹⁰ TNA, CO 179/99, Keate – Kimberley, 8.12.1870.

⁹¹ Ibid.

⁹² TNA, FO 63/1048, Colonial Office – Foreign Office, 10.2.1871.

⁹³ TNA, FO 63/1048, Murray – d'Avila, 27.2.1871; d'Avila – Murray, 4.3.1871; Murray – Granville, 6.3.1871.

⁹⁴ TNA, FO 63/1048, Colonial Office – Foreign Office, 16.3.1871; Foreign Office – Colonial Office, 26.3.1871; Foreign Office – Murray, 6.4.1871.

grondgebied ingesluit het waarop die Britse regering oor 'n lang tydperk enige Portugese aansprake op besitreg ontken het. Volgens Murray kon daar min twyfel wees dat die Portugese grens, soos bepaal deur die tweede klousule van die 23-ste artikel, die suidelike gedeelte van Delagoabaai asook Inyackeiland ingesluit het. D'Avila is herinner aan die amptelike korrespondensie wat sedert 1827 oor hierdie onderwerp gevoer is en dat die Britse regering nog nooit die Portugese interpretasie van die 1817-konvensie oor die suidelike grens van die Portugese besittings in Delagoabaai aanvaar het nie. Dié standpunt van die Britse regering is reeds in Desember 1827 aan De Palmela oorgedra en sedertdien konsekwent gehandhaaf wanner die Delagoabaai-vraagstuk ter sprake gekom het. D'Avila is ook herinner aan Magenis se nota oor dieselfde onderwerp van Maart 1862 waarop die Portugese regering nooit geantwoord het nie, asook sy eie protes-nota namens die Britse regering teen die onregmatige optrede van die goewerneur-generaal van Mosambiek in die besetting van Inyackeiland.⁹⁵

Die Britse minister het hom vervolgens tot die bekragtiging van die ZAR-Portugese verdrag van 1869 gewend. Aangesien die verdrag 'n bepaling bevat het dat dit binne 'n jaar deur die Portugese koning goedgekeur en bekragtig moes word, d.w.s. voor of op 29 Julie 1870, en dit nie gebeur het nie, het hy tot die slotsom gekom dat die huidige Portugese regering "had declined to adopt and carry it out". Aangesien hy eers agterna vasgestel het dat die verdrag in 'n geheime sitting van die Cortes goedgekeur is, het hy dit as sy plig beskou om d'Avila te waarsku,

that if, as I fear may prove to be the case, the boundary clauses of that treaty shall be found to embrace any portions of territorial possessions whether bay, shore or land, which Her British Majesty's Government has officially, distinctly, and uniformly declared that it cannot and does not admit to form lawfully a part of the possession of the Crown of Portugal, I feel assured that I am only forestalling the instructions I shall receive from Her Majesty's Government when I enter my formal protest as I now do against any of the boundary stipulations in the said Treaty which may infringe the rights of the British Crown over the southern parts of Delagoa Bay and the adjacent territory.⁹⁶

In 'n verdere nota 'n dag later het Murray, met verwysing na die suidelike gedeelte van Delagoabaai, by d'Avila navraag gedoen of die Portugese regering, "or it's accredited local agents", 'n rol gespeel het in Pretorius se proklamasie van April 1868 waardeur die ZAR 'n groot stuk grondgebied van die inheemse mense geannekseer het. Volgens Murray wou dit vir die

⁹⁵ TNA, FO 63/1048, Murray – Granville, 25.4.1871; Murray – d'Avila, 25.4.1871.

⁹⁶ TNA, FO 63/1048, Murray – d'Avila, 25.4.1871.

Britse regering voorkom of Pretorius sy proklamasie met die oog op 'n verdrag met die Portugese oor hul gemeenskaplike grens, uitgereik het. Aangesien al die ander bepalings van die 1869-verdrag uit die oogpunt van die Britse regering van sekondêre belang was teenoor die grensbepaling, het Murray voorlopig sy opmerkings tot hierdie bepaling beperk.⁹⁷

Nadat 'n maand verloop het sonder enige antwoord op sy skrywe, het Murray op 24 Mei 1871 in 'n opvolgskrywe op 'n antwoord by d'Avila aangedring.⁹⁸ 'n Verdere maand en 'n half sou egter verloop voordat die Portugese minister op Murray se skrywes sou reageer.

Intussen was daar belangrike verwikkelinge in beide die buitelandse en koloniale kantore rondom Britse aansprake op die suidelike gedeeltes van Delagoabaai. Kimberley is begin Junie 1871 van Murray se skrywes aan d'Avila asook 'n afskrif en vertaling van die ZAR-Portugese verdrag van 1869 in kennis gestel. Hierdie inligting het die koloniale kantoor aangespoor om opnuut Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te ondersoek. Sir Robert Herbert, die permanente onder-sekretaris van kolonies, het by Barrow navraag gedoen oor "any proclamation or other paper showing what is our claim to country on the shores of Delagoa Bay". Na die bestudering van drie lywige bande dokumentasie oor Britse aansprake op Delagoabaai, wat onder andere Irving se memorandum van Oktober 1866 ingesluit het, het Herbert tot die slotsom gekom dat "some decisive action should be taken to determine whether the Portuguese claim is bad and ours good to the Southern part of Delagoa Bay and to Inyack Island". Dat daar groot onsekerheid in koloniale kringe oor Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai bestaan het, blyk ook duidelik uit Herbert se verdere opmerking dat só 'n besluit die Britse regering ten minste in staat sou stel "to determine what extent of territory we have jurisdiction over in the event of the union of our territories in South Africa coming forward for consideration".⁹⁹

Kimberley het Herbert se standpunt gedeel en derhalwe aan Granville voorgestel of die tyd nie aangebreek het om 'n ooreenkoms oor die presiese grens tussen die Britse en Portugese besittings op die suidooskus van Afrika te bereik nie. Granville was bereid om aan Kimberley se versoek te voldoen, op voorwaarde dat hy van die "exact boundary claimed by the Colonial Office which can be supported by evidence", ingelig word. 'n Ondersoek na dié "exact boundary" het die koloniale kantoor egter talle hoofbrekens besorg. Daar was veral kommer oor Britse aansprake op Inyackeiland wat op Owen se Maart 1823-verdrag met Malette berus het en as "probably the most

⁹⁷ TNA, FO 63/1048, Murray – d'Avila, 26.4.1871.

⁹⁸ TNA, FO 63.1048, Doria – d'Alvila, 24.5.1871.

⁹⁹ TNA, CO 179/105, Foreign Office – Colonial Office, 1.1.1871; Memorandum Herbert, 7.6.1871; Colonial Office – Foreign Office, 13.6.1871.

valuable point on that part of the African coast” beskryf is. Volgens Kimberley sou dit broekskeur gaan om te bewys dat die eiland by die Tembe-sessie ingesluit was, aangesien Maiette slegs jurisdiksie uitgeoefen het oor die grondgebied tussen die English- en Maputoriviere en Inyackeiland oos van laasgenoemde rivier geleë was.¹⁰⁰

In die lig hiervan is Granville op 6 Julie 1871 meegedeel dat Kimberley “doubts whether it would be expedient for this Government at this present juncture to initiate any attempt at a settlement of boundaries by declaring the precise lines on which it found such claim”. Insteede hiervan het hy voorgestel dat die Portugese regering versoek moes word om aan te toon op watter gronde hul grensreëling met die ZAR oor Delagoabaai berus het en dat Engeland nie enige Portugese aanspraak op die ooskus van Afrika suid van die “old factory of Lourenco Marques on the inlet of that name at the mouth of English river in Delagoa Bay” erken het nie. Indien die Portugese regering egter sou volhard in hul standpunt dat die Britse aanspraak onhoudbaar is, sou dit volgens Kimberley die voordeligste wees om die saak vir arbitrasie te verwys.¹⁰¹

Hierdie voorstel van Kimberley het egter op niks uitloop nie, aangesien Granville juis op hierdie tydstip in besit gestel is van d’Avila se lang verwagte antwoord op Murray se nota van Maart 1871 - ‘n antwoord wat ‘n belangrike rol in verdere Britse besluite sou speel. Uit die inhoud van d’Avila se nota was dit duidelik dat die Portugese regering vasbeslote was om hul aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te handhaaf. Die Britse regering is daarop gewys dat die dispuut oor Portugal se aansprake op die baai uitsluitlik aan Owen se onregmatige optrede in 1823 te danke was en dat De Palmela reeds in Mei 1828 al die Britse besware teen Portugal se aansprake op die baai weerlê het. Brittanje het boonop nooit op De Palmela se nota geantwoord nie; ‘n verdere bewys dat hulle geen teenvoeter vir Portugal se aansprake “to the whole of the Bay of Lourenco Marques” gehad het nie. Nieteenstaande hierdie stilswye het die Britse regering 33 jaar laat verloop voordat hulle wederegtelik en ten spyte van Portugese besware, in 1861 besit van Inyack- en Elephanteiland geneem het. D’Avila het met verwysing na die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 opgemerk dat selfs al sou daar bedenkinge aan Britse kant oor die geldigheid van Portugal se aansprake op die baai bestaan het, dit Brittanje nie die reg gegee het “to interpret by themselves alone an article the sense of which they attempt to call into question”.¹⁰²

¹⁰⁰ TNA, FO 63/1048, Foreign Office – Colonial Office, 1.6.1871; Colonial Office – Foreign Office, 13 en 17.6.1871; Foreign Office – Colonial Office, 23.6.1871; Opmerking van Kimberley, 27.6.1871.

¹⁰¹ TNA, FO 63/1048, Colonial Office – Foreign Office, 6.7.1871

¹⁰² TNA, FO 63/1048, d’Avila – Doria, 3.7.1871; Doria – Granville, 11.7.1871; Afskrif en vertaling van d’Avila se nota van 3 Julie 1871.

Ter staving van Portugal se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai het d'Avila hom naas die Anglo-Portugese konvensie van 1817, vir die eerste keer ook op die ZAR-Portugese verdrag van 1869 beroep. Volgens hom was die verdrag met die ZAR die mees onlangse erkenning van die Portugese interpretasie van die 1817-konvensie waarvolgens die suidelike grens van die Baai van Lourenco Marques "is fixed by means of a right line along the 26° 30' of South latitude". Die feit dat die Portugese regering kort tevore die onttrekking van Portugese troepe van Inyackeiland gelas het, was volgens d'Avila 'n bewys van hul goeder trou en begeerte om die status quo met betrekking tot Delagoabaai te handhaaf, totdat 'n skikking bereik kon word. In die lig hiervan het die Portugese regering vertrou dat Brittanje Portugal se reg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai sou erken asook "the utter groundlessness of the attempt to call that right into question".¹⁰³

Ter staving van Portugal se aansprake op Delagoabaai het D'Avila ook 'n eksemplaar van 'n boek deur burggraaf De Paiva Manso, getiteld, *Memoria sobre Lourenco Marques (Delagoa Bay)*, aan die Britse regering gestuur. Hierdie boek, wat die vorige jaar in Lissabon gepubliseer is, het 'n omvattende uiteensetting van Portugal se historiese aansprake op die Baai van Lourenco Marques bevat.¹⁰⁴

Granville was egter steeds nie bereid om Portugal se aanspraak op enige grondgebied suid van die Lourenco Marques-nedersetting te erken nie. Die Britse saakgelastigde in Lissabon, Doria, het d'Avila gevolglik op 17 Julie 1871 versoek om die gronde aan te toon waarop die Portugese grensreëling in die 1869-verdrag met die ZAR berus het. Hy is terselfdertyd meegedeel dat die Britse regering "do not recognize the claim of Portugal to any point on the East Coast of Africa, South of the old factory of Lourenco Marques on the inlet of that name at the mouth of the English river in Delagoa Bay".¹⁰⁵


D'Avila was egter nie bereid om aan Granville se versoek te voldoen nie. Hy het Doria meer as 'n maand later meegedeel dat aangesien die Britse regering nog nie op die Portugese regering se twee nota's van 14 Junie 1869 aan Clarendon en dié van 3 Julie 1871 aan Granville geantwoord het nie, hy nie bereid was om verdere kommentaar oor die inhoud daarvan te lewer nie.¹⁰⁶

¹⁰³ Ibid.

¹⁰⁴ Ibid.; Eksemplaar van "Memoria sobre Lourenco Marques (Delagoa Bay)".

¹⁰⁵ TNA, FO 63/1048, Granville – Doria, 12.7.1871; Doria – d'Avila, 17.7.1871

¹⁰⁶ TNA, FO 63/1048, Doria – Granville, 28.8.1871; d'Avila – Doria, 27.8.1871; Doria – d'Avila, 28.8.1871.



15. Paivo Manso se Memoria sobre Lourenço Marques (Delagoa Bay) wat die Portugese regering in Julie 1871 aan die Britse minister van buitelandse sake gestuur het.

Daar was 'n onskuldige verklaring vir Granville se versuim om d'Avila se nota van 3 Julie 1871 te beantwoord; hy wou eers Kimberley se standpunt daaroor verneem.¹⁰⁷ Voordat hy egter sover kon kom, is hy op 17 Augustus 1871 deur die koloniale kantoor in kennis gestel dat Kimberley op die punt gestaan het om 'n voorstel van Keate vir die herokkupasie van Inyackeiland deur die Natalse regering, goed te keur. Alvorens Kimberley enige instruksies in hierdie verband wou uitreik, wou hy eers by Granville verneem of hy, in die lig van die onderhandelinge “now in progress between this country and Portugal with respect to the neighbouring territory”, enige besware teen die besluit wou opper.¹⁰⁸

Keate se voorstel het voortgespruit uit gebeure wat in Mei 1871 rondom Inyackeiland afgespeel het. Sover Keate kon vasstel, het McCorkindale nooit vir Wodehouse of die Britse regering ingelig oor die presiese plek in Delagoabaai waar hy van voorneme was om sy nedersetting op te rig nie en het hy ook geen inligting in dié verband ontvang nie. In Junie 1871 het hy egter uit die ZAR van McCorkindale se weduwee verneem dat haar man op 1 Mei 1871 op Inyackeiland oorlede is en dat sy gehoop het dat die verdere ontwikkeling van sy Inyack-nedersetting “would be carried on as originally intended time being allowed for communication to and from England”.¹⁰⁹

Keate het in sy antwoord navraag gedoen op watter gronde sy namens haar oorlede eggenoot aanspraak op Inyackeiland gemaak het, en haar meegedeel dat die eiland deel van Natalse grondgebied was. Ten einde enige misverstand by haar en ander belanghebbendes uit die weg te ruim, is McCorkindale se weduwee ook meegedeel dat die Natalse regering nooit enige regte of grondgebied op Inyackeiland aan enige individu toegestaan het nie.¹¹⁰

Keate het Kimberley in Junie 1871 van McCorkindale se afsterwe in kennis gestel en sy aandag daarop gevestig dat die minister McCorkindale se ooreenkoms met die ZAR goedgekeur het op voorwaarde dat die Britse aanspraak op die grondgebied waardeur die Pongola gevloei het, gehandhaaf sou word. Volgens Keate het nóg Kimberley nóg Wodehouse egter voorsien dat grondgebied, “which is not merely subject to claims on the part of Great Britain, but which is already in its possession, and been made to form part of the British Colony of Natal, should be occupied and used by mr McCorkindale for purposes from which that Colony is not only to reap no advantage, but which are directly opposed to its interests.”¹¹¹

¹⁰⁷ TNA, FO 63/1048, Foreign Office – Colonial Office, 19.8.1871.

¹⁰⁸ TNA, FO 63/1048, Colonial Office – Foreign Office, 17.8.1871.

¹⁰⁹ TNA, FO 63/1048, Keate – Kimberley, 22.6.1871.

¹¹⁰ Ibid.

¹¹¹ Ibid.

Kimberley se aandag is vervolgens gevestig op die voordele wat 'n Britse besetting van Inyackeiland vir Britse belange in die algemeen en Natal in die besonder kon inhou. Uit 'n skeepvaart-oogpunt was die veilige en beskutte Port Melville-hawe ideaal vir herstelwerk en die verkryging van verversings; dit het 'n veilige kanaal na die monding van die Maputarivier gebied en was vanweë die ligging daarvan 'n beter en gesonder hawe as English River in Lourenco Marques. Besoekende skepe aan Port Melville of die Maputarivier sou ook nie in die nabyheid van die Portugese nedersetting van Lourenco Marques vaar nie. Uit 'n ekonomiese oogpunt het Inyackeiland potensiaal vir winsgewende suiker- en koffie-plantasies ingehou en die nagenoeg 250 Amatonga-inwoners en hul "petty chief", aan wie die Portugese tydens hul besetting skatplig betaal het, het na bewering uitgesien na 'n Britse besetting van hul eiland.¹¹²

Keate het vervolgens verduidelik hoekom 'n Britse besetting en die totstandkoming van 'n georganiseerde arbeider-emigrasieskema op die eiland, onder toesig van die Natalse regering, tot 'n grootskaalse verligting in die kolonie se ernstige behoefte aan ongeskoolde arbeiders kon lei:

From Cape Colatto large numbers of Amatonga would come across from the mainland seeking employment, and they could be shipped under arrangements to be made with those who require their services from Port Melville, that is, from an appanage of the Government of Natal to Natal itself, and could be sent back to their homes by the same way without passing within reach of either Portuguese or Zulu interference.¹¹³

Uit inligting wat Keate ontvang het, wou dit egter voorkom of ander ongemagtigde emigrasieskemas "not under any Government supervision", asook nedersettings soortgelyk aan dié van McCorkindale, op Inyackeiland in die vooruitsig gestel word.

In die lig van hierdie omstandighede was Keate van mening "that the time has arrived when this Government ought to take steps for asserting its authority on the spot, and I shall be glad to have Your Lordship's sanction to my proposing to the Legislative Council to make provision for the appointment of an officer to represent the Government there".¹¹⁴ Deur 'n Natalse amptenaar op Inyackeiland te stasioneer, sou dit gou duidelik wees "whether it would be practicable and safe to

¹¹² Ibid.

¹¹³ Ibid.

¹¹⁴ Ibid.

organize a Government system by which the planter on the coast, who is most interested in this matter, might have something like a certainty of supply.”

Naas ‘n oplossing vir die kolonie se arbeidsprobleme het Keate ook ander voordele van ‘n Britse besetting van Inyackeiland aan Kimberley voorgedien. Hy was daarvan oortuig dat so ‘n stap tot die opbloei van handel op die Maputorivier sou lei; die Portugese op die langtermyn sou dwing om die King Georgerivier vir “British enterprise seeking an entrance into its broad waters” oop te stel, en dat die veilige en beskutte Port Melville binne afsienbare tyd in ‘n “port of call and a harbour of refuge” sou ontwikkel.¹¹⁵

Keate se versoek het groot byval by Kimberley en die senior amptenare van die koloniale kantoor gevind. Hulle was dit almal eens dat die Natalse regering onverwyld hul regte op Inyackeiland moes uitoefen en ‘n regeringsagent op die eiland aanstel. Dit was onder hierdie omstandighede dat Kimberley op 17 Augustus 1871 by Granville verneem het of daar enige besware in die buitelandse kantoor teen die voorgenome herokkupasie van Inyackeiland sou wees.¹¹⁶

Granville se enigste reaksie was om ‘n afskrif van d’Avila se skrywe aan Kimberley te stuur en sy aandag daarop te vestig dat “although d’Avila is right in stating that no answer was returned by Her Majesty’s Government to the Duke de Palmela’s note of 22 May 1828, Her Majesty’s Government have nevertheless on every occasion adhered to their views that the possessions of Portugal on the East Coast of Africa do not extend further South than the mouth of the Lourenco Marques River”.¹¹⁷ Kimberley se aandag is ook daarop gevestig dat die Portugese regering nooit op Magen’s se nota van 18 Maart 1862 geantwoord het nie.

Die inhoud van d’Avila se nota het nietemin ernstige bedenkinge oor ‘n herokkupasie van Inyackeiland in die koloniale kantoor tot gevolg gehad. “(A)fter reading it”, het Herbert aan Kimberley opgemerk, “I am not satisfied that we can properly authorize the occupation of Inyack Island by Natal at the present stage of the question”. Syns insiens sou ‘n Britse okkupasie van Inyackeiland in die lig van die Portugese besluit om hul troepe aan die eiland te onttrek, “seem a rather high handed proceeding towards a weaker (though erring) power for us to step in”. Herbert het gevolglik aan Kimberley voorgestel om die okkupasie van Inyackeiland te laat vaar en aan

¹¹⁵ Ibid.

¹¹⁶ TNA, FO 63/1048, Colonial Office – Foreign Office, 17.8.1871

¹¹⁷ TNA, FO 63/1048, Foreign Office – Colonial Office, 19.8.1871.

Granville voor te stel dat 'n "proposal for arbitration should be pressed as of immediate importance". Kimberley het Herbert se voorstelle aanvaar en Granville dienaangaande ingelig.¹¹⁸

Die Britse saakgelastigde in Lissabon, William Doria, is gevolglik op 21 September 1871 in kennis gestel dat Brittanje bereid was om Sa da Bandeira se Januarie 1869-arbitrasievoorstel te aanvaar, "should it still be acceptable to Portugal..". Granville het dit duidelik gestel dat hoewel Brittanje nie die Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai erken het nie, hulle nie enige stappe sou neem, "which might appear unfriendly to Portugal", om hulle aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te bevestig nie. Aangesien die Britse regering baie waarde aan die spoedige beslegting van die vraagstuk geheg het, is die vertroue uitgespreek dat die Portugese regering hul besluit so gou as moontlik sou kommunikeer.¹¹⁹

Doria het hierdie opdrag op 28 September 1871 ontvang en nog dieselfde dag die nuwe Portugese minister van buitelandse sake, Joao de Andrade Corvo, van die Britse regering se besluit en versoek in kennis gestel. Hoewel Corvo verheug was om van die Britse besluit te verneem, sou byna drie weke verloop voordat hy die instemming van die Portugese regering bevestig het. Die Britse regering het intussen vir beide Barkly en Keate oor die Britse arbitrasievoorstel ingelig en laasgenoemde terselfdertyd versoek om hom te weerhou van enige stappe om Britse aansprake op die eiland te beskerm - 'n versoek waaraan die Natalse goewerneur langtand gehoor gegee het.¹²⁰

Hoewel Granville se voorstel dat Frankryk as arbiter in die vraagstuk optree onmiddellik deur die Portugese regering aanvaar is, is die arbitrasie-protokol weens verskeie meningsverskille eers in September 1872 gefinaliseer. Een van die eerste meningsverskille het oor die presiese omvang van die Portugese aanspraak op Delagoabaai ontstaan. Die Britse arbitrasie-voorstel het na 'n "general determination of the limits of the English and Portuguese possessions in South Eastern Africa" verwys. Corvo het egter reeds in Desember 1871 na die arbitrasie-vraagstuk "as one respecting a portion of territory to the south of the Bay of Lourenco Marques", verwys. Kimberley het gevolglik Granville se aandag daarop gevestig dat dit vir die Britse kolonies in Suid-Afrika van

¹¹⁸ TNA, FO 63/1048, Colonial Office – Foreign Office, 30.8.1871.

¹¹⁹ TNA, FO 63/1048, Foreign Office – Colonial Office, 8.9.1871; Colonial Office – Foreign Office, 19.9.1871; Foreign Office – Doria, 21.9.1871.

¹²⁰ TNA, FO 63/1048, Doria – Corvo, 28.9.1871; Doria – Granville, 6.10.1871; Doria – Granville, 30.10.1871; Corvo – Doria, 26.10.1871; Kimberley – Keate, 19.9.1871.

toenemende belang was “that our right to the Southern portion of Delagoa Bay and to Inyack Island, as well as to the inland country claimed by us should be upheld”.¹²¹

Die Portugese regering is gevolglik in Januarie 1872 versoek om die presiese omvang van die grondgebied waarop Portugal aanspraak gemaak het, op ‘n kaart aan te dui. Corvo is ook meegedeel dat ‘n protokol onderteken sou word “as soon as the point upon which the arbitration will fall shall have been settled”.¹²²

Corvo het in Februarie 1872 aan hierdie versoek voldoen met ‘n kaart en beskrywing waarvolgens Portugal op soewereine regte oor die Baai van Lourenco Marques (Delagoabaai) tot by 26°30’ suiderbreedte, asook die grondgebied tussen die baai en die Lebomboberge, aanspraak gemaak het. Dié gebied was volgens Corvo de jure en de facto dominiums van die Portugal. Ter staving van die Portugese aanspraak het Corvo ‘n kort historiese oorsig oor Portugese aansprake op die Baai van Lourenco Marques sedert 1544 ingesluit en die Britse regering se aandag daarop gevestig dat Portugal se aanspraak op hierdie kusgebied ook deur die ZAR in die Transvaal-Portugese verdrag van 1869 erken is.¹²³

Corvo het ook verwys na die Britse regering se aansprake “to an unspecified and ill-defined part of the territories in the southern extremity of the Bay of Lourenco Marques” en in dié verband opgemerk dat Brittanje, met die uitsondering van Inyack- en Elephanteiland, nog nooit enige regmatige aanspraak op enige deel van Delagoabaai besit het nie. In die lig hiervan was die Portugese regering daarvan oortuig dat die arbiter versoek moes word om oor die grense van die Portugese besittings in die Baai van Lourenco Marques en omstreke uitspraak te lewer.¹²⁴

Die Portugese minister het ten slotte twee versoeke tot die Britse regering gerig: dat die status quo in die grondgebied onder dispuut gehandhaaf word ten einde te verseker dat niemand se aansprake benadeel word nie en dat die arbitrasie-protokol sou gou as moontlik onderteken word.¹²⁵

Die Britse regering het beide versoeke ernstig opgeneem. Reeds in April 1872 is daar besluit om met die oog op Corvo se versoek met betrekking tot die handhawing van die status quo, geen

¹²¹ TNA, FO 63/1048, Foreign Office – Colonial office, 9.11.1871; Colonial office – Foreign Office, 15.11.1871; Murray – Corvo, 30.11.1871; Corvo – Murray, 12.12.1871; Murray – Corvo, 25.1.1872; Colonial Office – Foreign Office, 19.2.1872.

¹²² TNA, FO 63/1048, Murray – Corvo, 25.1.1872.

¹²³ TNA, FO 63/1049, Corvo – Murray, 19.2.1872.

¹²⁴ Ibid.

¹²⁵ Ibid.

stappe te neem in verband met die Portugese beslaglegging aan die einde van 1871 op 'n Britse handelsvaartuig op die Maputorivier nie.¹²⁶

Wat die protokol betref, het die Britse regering die standpunt gehuldig dat die Portugese regering vir 'n protokol soortgelyk aan die Bulama-arbitrasie te vinde sou wees. Dié arbitrasie oor botsende Anglo-Portugese aansprake op die Bulama-eiland aan die weskus van Afrika is in April 1870 deur president Ulysses Grant van die VSA ten gunste van Portugal beslis. Drie afskrifte van 'n vertroulike konsep-protokol wat byna woordeliks op die Bulama-protokol gebaseer was, is gevolglik in Junie 1872 aan Corvo ter ondertekening gestuur. Corvo het drie wysigings aan die konsep-protokol voorgestel : die byvoeging van die woorde “as far as 26 degrees, 30 minutes” om die suidelike grens van die Portugese aanspraak aan te dui; 'n wysiging in die tydsduur vir die voorlegging van dokumentasie aan die arbiter en die byvoeging van die woorde “Baai van Lourenco Marques” na die term “Delagoabaai”. Granville het die voorgestelde wysigings aan Kimberley voorgelê wat geen beswaar teen die eerste wysiging gehad het nie. Weens die feit dat daar geen telegrafiese verbinding met Natal bestaan het en kommunikasie met die Kaapkolonie maande in beslag geneem het, het Kimberley eerder 12 in plaas van ses maande vir die indien van dokumentasie voorgestel - 'n voorstel wat deur die Portugese regering aanvaar is.¹²⁷

Kimberley was egter nie te vinde vir die byvoeg van die woorde “Baai van Lourenco Marques” na die woord “Delagoabaai” nie. Sy beswaar was daarop gegrond dat die Portugese beweer het dat “Baai van Lourenco Marques” en “Delagoabaai” na dieselfde baai verwys het, terwyl die Britse regering beweer het dat die term “Baai van Lourenco Marques” slegs na die klein baai voor die Lourenco Marques-nedersetting verwys het.¹²⁸


Corvo was op sy beurt nie te vinde vir Kimberley se wysigings in die terminologie van die dispuut nie, aangesien die baai reeds sedert 1544 as “Baai van Lourenco Marques” bekend gestaan het en die Britse regering dieselfde naam daaraan gegee het in die Anglo-Portugese konvensie van 1817. Aangesien die arbitrasie nie 'n dispuut oor die geografiese nomenklatuur van die ooskus van Afrika was nie, maar oor Portugal se reg tot 'n “portion of territory situated to the south of the bay”, wat die Britte as Delagoabaai beskryf het, het die Portugese regering voorgestel dat die woorde “Baai van Lourenco Marques (Delagoabaai)” in die Portugese weergawe van die protokol, en “Delagoabaai (Baai van Lourenco Marques)”, in die Engelse weergawe gebruik word.¹²⁹

¹²⁶ TNA, FO 63/1049, Foreign Office – Colonial Office, 22.4.1872; Keate – Barkly, 6.11.1872.

¹²⁷ TNA, FO 63/1049, Murray – Corvo, 3.6.1872; Corvo – Murray, 21.6.1872, Colonial Office – Foreign Office, 1.7.1872.

¹²⁸ TNA, FO 63/1049, Colonial Office – Foreign Office, 1.7.1872.

¹²⁹ TNA, FO 63/1049, Murray – Corvo, 8.7.1872; Corvo – Murray, 12.7.1872; Murray – Corvo, 17.7.1872.



16. Corvo se kaart van Februarie 1872 aan die Britse departement van buitelandse sake waarop hy Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aangedui het.

Op versoek van Corvo het die Portugese saakgelastigde in Londen, die hertog van Saldanha, in Julie 1872 hierdie voorstel persoonlik aan Granville oorgedra. Die Britse minister is daarop gewys dat die baai sedert 1544 die naam van sy “ontdekker”, Lourenco Marques, gedra het en in “all geographical works and ancient maps” as die “Baai van Lourenco Marques” aangedui is. Ook dat die Britse regering die naam Delagoabaai vir die Baai van Lourenco Marques in die Anglo-Portugese konvensie van 1817 gebruik het. Wat ook al die motief van die Britse regering was om ‘n ander betekenis aan die Baai van Lourenco Marques te gee, kon hulle nie Portugal die reg ontnem om die naam te behou waaronder die baai die voorafgaande 300 jaar oor die wêreld heen bekend gestaan het nie.¹³⁰

Granville het groot begrip vir die Portugese standpunt getoon, maar Saldanha meegedeel dat hy eers Kimberley moes raadpleeg, alvorens hy ‘n besluit kon neem. Granville het derhalwe ‘n memorandum van sy gesprek met Saldanha aan Kimberley gestuur met ‘n voorstel dat die Britse regering die woorde “Lagoa de Lourenco Marques” tussen hakies na die woord “Delagoabaai” sou aanbring en die Portugese regering insgelyks die woord “Delagoabaai” na die woorde “Lagoa de Lourenco Marques”.¹³¹

Met Saldanha se daaropvolgende besoek aan Granville moes hy egter verneem dat Kimberley nie vir hierdie voorstel te vinde was nie en daarop aangedring het dat daar, selfs met uitsluiting van die woorde “Baai van Lourenco Marques”, slegs na Delagoabaai in die protokol verwys word. Volgens hom was Lourenco Marques nie die naam van die baai nie, maar slegs die naam van een van die vier riviere wat in die baai ingevloei het. Saldanha se daaropvolgende voorstel aan Granville dat beide die benamings “Baai van Lourenco Marques” en “Delagoabaai” weggelaat word en dat die baai slegs deur sy lengte- en breedtegrade in die protokol beskryf word, is egter deur beide die Britse en Portugese regerings aanvaar.¹³² Daarmee is die laaste struikelblok in die ondertekening van die arbitrasie-protokol uit die weggeruim.

‘n Engelse en Portugese weergawe van die protokol is gevolglik op 25 September 1872 deur Doria en Corvo namens hul onderskeie regerings in Lissabon onderteken. Daarvolgens is die Franse president, Adolphe Thiers, versoek om uitspraak te lewer oor Brittanje en Portugal se botsende aansprake “to certain territories formerly belonging to the Kings of Temb  and Mapoota,

¹³⁰ TNA, FO 63/1049, Corvo – Saldanha, 22.7.1872 (afskrif).

¹³¹ TNA, FO 63/1049, Saldanha – Corvo, 5.8.1872 (afskrif); Foreign Office – Colonial Office, 1.8.1872.

¹³² TNA, FO 63/1049, Saldanha – Corvo, 5.8.1872 (afskrif); Foreign Office – Saldanha, 5.8.1872 (Privaat); Doria – Corvo, 6.8.1872.

on the eastern coast of Africa, including the Islands of Inyack and Elephant". Die belangrikste bepaling was dat die uitspraak van die president finaal en onmiddellik van krag sou wees; dat die twee partye hulle eerste voorlegging met stawende dokumentasie binne twaalf maande aan die arbiter en die opponerende party sou voorlê; en hul finale argumente binne die verloop van 'n verdere twaalf maande. Die arbiter is ten slotte versoek om sy skriftelike uitspraak so spoedig as moontlik in Parys te lewer.¹³³

¹³³ Official Correspondence on the Lourenco Marques – Delagoa Bay Question (1874), p. 54, Protocol of a Conference held at the Foreign Office in Lisbon on the 25th of September 1872, between the Minister and Secretary of State for Foreign Affairs of His Most Faithful Majesty and Her Britannic Majesty's Chargé d'Affaires at the Court of Lisbon.

HOOFSTUK SEWE

DIE DELAGOABAAI-ARBITRASIE, 1872-1875

Die Britse en Portugese regerings sou in September 1873 en September 1874 hul eerste en tweede betoë in die Delagoabaai-arbitrasie aan die nuwe Franse president, maarskalk Patrice MacMahon, voorlê. Die spoorwegideale van president T.F. Burgers van die ZAR en die moontlikheid dat MacMahon ten gunste van Portugal sou uitspraak lewer, sou egter tot onderhandelinge agter die skerms lei waarvolgens Brittanje reeds voor die finale uitspraak in die Delagoabaai-arbitrasie, 'n reg van eerste aankoop op die baai van Portugal verkry het.

In Oktober 1872 was daar 'n meningsverskil tussen die buitelandse en koloniale kantoor oor wie vir die opstel van die Britse saak verantwoordelikheid moes aanvaar. Die Britse minister van buitelandse sake, lord Granville, was van oordeel dat die koloniale kantoor die verantwoordelikheid daarvoor moes aanvaar, aangesien dié kantoor arbitrasie voorgestel het en koloniale belange in suidelike Afrika ter sprake was. Hy het lord Kimberley, die Britse minister van kolonies, van sy standpunt in kennis gestel en alle relevante inligting in die argiewe van die buitelandse kantoor aan die koloniale kantoor besorg. Kimberley was egter nie vir Granville se voorstel te vinde nie. Hy was van mening dat aangesien dit 'n geskil met 'n buitelandse moondheid was, die Britse saak die verantwoordelikheid van die buitelandse kantoor was. Om sy standpunt te ondersteun, het hy na die Bulama-arbitrasie in 1869 verwys waar die buitelandse kantoor verantwoordelikheid vir die Britse saak oor die dispuut met Portugal oor die Wes-Afrikaanse eiland aanvaar het. Die feit dat die belangrikste inligting oor die Delagoabaai-aangeleentheid reeds in dié kantoor se argiewe beskikbaar was, het ook 'n rol in Kimberley se standpunt gespeel.¹

Granville het Kimberley uiteindelik gelyk gegee, en die opstel van die Britse saak is gevolglik aan die regsadviseur van die buitelandse kantoor, dr. P. Deane, opgedra. Sy grootste aanvanklike probleem was om 'n kaart waarop beide Portugal en Brittanje se aansprake op Delagoabaai duidelik aangedui was, in die hande te kry. Nóg die koloniale, nóg die buitelandse kantoor, kon hom van 'n geskikte kaart voorsien; 'n sprekende bewys van die onkunde in Britse regeringskringe oor die presiese omvang van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Deane het ten einde raad voorgestel dat die Britte en Portugese saam 'n kaart

¹ TNA, FO 63/1050, Colonial Office – Foreign Office, 27.11.1872; Colonial Office – Foreign Office, 30.12.1872; Memorandum Hertslett, 12.11.1872.

opstel waarop hul onderskeie aansprake aangetoon word. Murray was egter bevrees dat Corvo se gebrek aan entoesiasme vir hierdie voorstel tot eindelose vertraging kon lei. Omdat die Britte en Portugese volgens die Delagoabaai-protokol hul betoë voor 25 September 1873 moes indien, het Deane van sy plan afgesien uit vrees dat die indiening van die Britse betoog deur 'n gesloer aan Portugese kant verdrag kon word.² Hy het die Britse konsepbetoog in Augustus 1873 aan Kimberley voorgelê, wat dit sonder enige wysiging goedgekeur het.³

Beide die Britse en Portugese sake is op 15 September 1873 aan president Adolphe Thiers se opvolger, maarskalk Patrice MacMahon, in Parys voorgelê.⁴ Daar was ooglopende verskille in die voorkoms en omvang van die Britse en Portugese sake. Die Portugese saak was vervat in 'n lywige publikasie waarvan die teks drie keer, en die aantal stawende dokumente, twee keer die omvang van die Britse saak was. 'n Verdere opvallende kenmerk was dat die Britse voorlegging geen Franse vertaling bevat het nie terwyl 'n gesertifiseerde Franse vertaling deel van die Portugese saak gevorm het. Nadat die Britse gesant in Parys, lord Lytton, sy kommer oor die aangeleentheid aan Granville uitgespreek het, is MacMahon inderhaas van 'n ongesertifiseerde Franse vertaling voorsien. Die feit dat die Portugese regering een van hul bekwaamste internasionale regsgeleerdes vir die duur van die arbitrasie na Parys afgevaardig het, het ook nie onopgemerk in Britse regeringskringe verbygegaan nie.⁵

Volgens die Britse saak was die belangrikste aangeleentheid waaroor die Franse president moes uitsluitel gee, tweeledig van aard: eerstens, of die inheemse leiers van Tembe en Maputo ooit hul dominium (besitreg) op hul grondgebied of enige deel daarvan deur verowering, sessie of enige ander wyse afgestaan het; en tweedens, of die Britse of Portugese regerings 'n besitreg oor hul grondgebied kon verkry het indien beide, of een van die opperhoofde, nie langer as vry en onafhanklik beskou kon word nie.⁶

Die Britse regering het aangevoer dat alhoewel Delagoabaai deur die Portugese ontdek is,⁷ hulle nooit dominium en okkupasie op die suidelike gedeelte van die baai geneem het nie, en dat

² TNA, FO 63/1050, Admiralty – Foreign Office, 7.1.1873; Foreign Office – Deane, 28.1.1873; Colonial Office – Foreign Office, 25.2.1873.


³ TNA, FO 63/1050, Colonial Office – Foreign Office, 1.9.1873.

⁴ Delagoa Bay: Correspondence respecting the claims of Her Majesty's government. (1875), p.48, Lytton – Derby, Parys, 16.9.1873; Lytton – Granville, Parys, 7.10.1873.

⁵ TNA, FO 63/1050, Lytton – Derby, Lissabon, 18.6.1875; DO 119/611, Delagoa Bay: Case for Her Majesty's Government; Bahia de Lourenço Marques: Questão entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do president da Republica Franceza. Memoria apresentada pelo governo Portuguez.

⁶ TNA, DO 119/611, Delagoa Bay: Case for Her Majesty's Government, p. 2.

⁷ Die Britte en Portugese het die woord "ontdek" uit 'n Europese oogpunt gebruik, d.w.s. dat die Portugese die eerste Europeërs was wat die gebied besoek het.



17. Delagobaai-arbitrasie: Britse kaart: A Survey of Delagoa Bay, 1822

Portugese aansprake op Delagoabaai derhalwe tot noord van die Lourenco Marques- of Englishrivier beperk was, en dit nooit die Inyack- en Elephanteilande, asook die Inyack-skiereiland, ingesluit het nie. Verder dat die inheemse opperhoofde in die hele gebied suid van die Englishrivier, en seewaarts, vry en onafhanklik was, besit en dominium uitgeoefen het, en dat die Portugese geen jurisdiksie oor hierdie gebied uitgeoefen het nie. Ten slotte is aangevoer dat hierdie vry en onafhanklike inheemse leiers in 1823, met die goedkeuring van hul onderdane, die soewereiniteit van hul grondgebied aan Brittanje afgestaan het.⁸

In die Britse saak is erken dat daar ten tye van Owen se ekspedisie na Delagoabaai in 1822 baie min inligting oor die inheemse mense aan die suidooskus van Afrika bekend was, en in watter mate hulle aan Portugese gesag onderworpe was. Omdat die Britse regering op daardie stadium daarvan bewus was dat Portugal sekere besittings aan die suidooskus van Afrika, insluitend die fort in Delagoabaai, gehad het, is daar besluit om met die oog op die ondersteuning en aanvulling van die ekspedisie se voedsel- en watervoorraad, geloofsbriewe vir Owen by die Portugese saakgelastigde in Londen te verkry. Die Britse wanopvatting oor Portugese aansprake op Delagoabaai is egter met die oorhandiging van Owen se geloofsbriewe aan die waarnemende goewerneur van Lourenco Marques, Casimir, uit die weggeruim. Sy erkenning aan Owen dat Portugese gesag in die baai nie verder as die onmiddellike omgewing van die fort gestrek het nie, het aan Britse kant alle vrese oor Portugese soewereiniteit oor Delagoabaai uit die weggeruim. Op grond van hierdie verklaring het Owen die opname van Delagoabaai, al die riviere wat daarin uitmond, die eilande van Inyack en Elephant, die Inyack-skiereiland asook die aangrensende kus, onderneem, sonder enige ondersteuning of teenkanting van die Portugese owerhede in Lourenco Marques.⁹

Die Britse saak het vervolgens aandag geskenk aan die korrespondensie wat tussen die Britse en Portugese regerings in 1826-1828 na aanleiding van Owen se optredes in Delagoabaai ontstaan het. Die arbiter se aandag is daarop gevestig dat hierdie korrespondensie, asook die Anglo-Portugese konvensie van 1817, die grondslag vir die Delagoabaai-dispuut tussen die twee regerings gevorm het. Hulle het die arbiter daarop gewys dat die Portugese hul aansprake op Delagoabaai op vyf argumente gegrond het, naamlik: die reg van ontdekking, die oprig van forte en nedersettings, ooreenkomste tussen die Portugese en die inheemse mense, kartografiese

⁸ TNA, DO 119/611, Case for Her Majesty's Government, pp. 2-3.

⁹ Ibid., pp. 3-5.

bewyse en veral die bepalings van die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 vir die bekamping van slawerny.¹⁰

Aan Britse kant is aangevoer het dat alhoewel die Portugese Delagoabaai ontdek het, dit hulle in die afwesigheid van besitname en okkupasie, nie 'n absolute en permanente besitreg oor die baai gegee het nie. Soortgelyks het die oprigting van 'n fort en die totstandkoming van 'n nedersetting die Portugese ook nie die reg op 'n onbeperkte stuk grondgebied na die suide en weste van die baai verleen nie. Die ooreenkomste wat beide die Portugese en Britte met die inheemse mense in dié geweste gesluit het, was aldus die Britte 'n klinklare bewys dat die goewerneur van Lourenco Marques nooit enige gesag ten suide van die Lourenco Marques en Englishrivier uitgeoefen het nie. Insoverre die Portugese aansprake op ooreenkomste met die inheemse mense berus het, is daarop gewys dat hul 1794-ooreenkoms met die Tembe-opperhoof die enigste ooreenkoms in dié verband was en weinig om die lyf gehad het. Daar het boonop onsekerheid oor die presiese ligging van die klein stukkie grondgebied op die suidelike oewer van die Temberivier bestaan. Die Britte se slotsom was dat die Portugese geen aanspraak op enige gedeelte van die Tembe- en Maputo-grondgebied besit het nie en dat hul leiers as vry en onafhanklik, en nie as Portugese vasale, beskou moes word.¹¹

Volgens die Britse saak het hul aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, in teenstelling met die Portugese aansprake, uit regmatige ooreenkomste met die inheemse leiers van Tembe en Maputo voortgespruit. Die arbiter is daarop gewys dat Owen in Maart 1823 deeglik op hoogte van sake in Delagoabaai was en onder geen omstandighede 'n ooreenkoms met 'n Portugese vasal sou sluit nie, veral nie as die Portugese oor 'n fort en garnisoen in die onmiddellike omgewing van dié inheemse leier beskik het nie. Die inheemse mense van Tembe en Maputo was vry en onafhanklik en het uit vrye wil ooreenkomste met Owen gesluit. Die Britte het in hierdie verband met betrekking tot Owen se ooreenkomste met Makasane in Augustus 1823 opgemerk: "It is impossible to read these two Treaties and not be convinced that the King of Mapoota acted in every respect as a free and independent Sovereign at the time when he signed them". In die Britse saak is nietemin toegegee dat hierdie verdrae Brittanje slegs toestemming verleen het om in die Maputo-gebied handel te dryf, en dat dit nie enige territoriale regte, dominium of jurisdiksie ingesluit het nie. Die Britte het egter in dieselfde asem die verklarings wat die goewerneur van Lourenco Marques in Oktober 1823 van Makasane en Malette verkry het, as

¹⁰ Ibid., p. 5.

¹¹ Ibid., pp. 6-9.

‘n bedrogspul afgemaak wat daarop gemik was om die Britse verdrae met hierdie leiers van nul en gener waarde te maak.¹²

Volgens die Britse saak het die Portugese en Britse verdrae met die inheemse leiers drie punte bewys: eerstens, dat die Portugese in 1794 met ‘n vry en onafhanklike Tembe-leier onderhandel het, en dat sy opvolgers niks van hul gesag of dominium ingeboet het nie; tweedens, dat Maïette in 1823 sy grondgebied tussen die Dundas-, English- en Maputoriviere aan Brittanje afgestaan het en dat dié sessie nie deur Maïette se verklaring in Oktober 1823 ongeldig gemaak is nie - Brittanje was derhalwe steeds geregtig om op soewereiniteit oor dié landstreek aanspraak te maak; en derdens, dat Portugal geen territoriale regte suid van die Lourenco Marquesrivier besit het nie. Die Portugese kon derhalwe nie aanspraak maak op enige territoriale of ander regte aan die oewers van die baai, oos van die Maputorivier, of op die Inyack-skiereiland, of die Inyack- of Elephanteilande nie.¹³

Vervolgens het wat die Britte beskou het as die korrekte interpretasie van die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817, aandag geniet. Hulle het die arbiter daarop gewys dat De Palmela hom vanuit die staanspoor op hierdie artikel beroep het as die geldigste bewys dat Brittanje reeds in 1817 Portugese soewereiniteit oor die ooskus van Afrika tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques erken het; en dat opeenvolgende Portugese ministers daarna in hul kommunikasie met die Britse regering herhaaldelik met groot meerderwaardigheid na hierdie argument verwys het. Dié argument, het volgens die Britte egter op ‘n ongeldige vertolking van die 1817-konvensie berus. Die bepalings van die konvensie was op die bekamping van slawerny aan die ooskus, en nie die vasstelling van grense nie, gemik. Die tweede bepaling van die konvensie het dus nie Portugal se dominium op al die grondgebied tussen Kaap Delgado en Lourenco Marques erken nie, maar slegs slawehandel in die Portugese grondgebied tussen die twee voorgenoemde plekke toegelaat. Volgens die Britse interpretasie is slegs Portugal se aansprake op daardie eilande en nedersettings aan die ooskus waaroor hulle jurisdiksie en dominium uitgeoefen het, soos byvoorbeeld Ibo, Mosambiekeiland, Sofala en Lourenco Marques, deur die konvensie erken.¹⁴

Die Britte het die arbiter se aandag voorts daarop gevestig dat die uitdrukking “Baai van Lourenco Marques” en nie “Delagoabaai” nie, in die bepaling gebruik is. Volgens die Britse interpretasie het

¹² Ibid., pp. 9-12.

¹³ Ibid., pp. 13-14.

¹⁴ Ibid., pp. 14-16.

die twee uitdrukkings na twee verskillende baaie verwys: “Baai van Lourenco Marques” na die klein baai voor die Lourenco Marques-nedersetting en “Delagoabaai” na die groot baai ten suide daarvan. As dié Britse interpretasie aanvaar word, sou die korrekte interpretasie van die bepaling Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai tot die fort en nedersetting in Lourenco Marques beperk.¹⁵

In die Britse betoog is vervolgens ‘n oorsig van die belangrikste verwikkelinge in die Delagoabaai-dispuut na 1828 tot en met die ondertekening van die arbitrasie-protokol in September 1872 gegee. Hiervolgens is die verdere bespreking van Britse en Portugese aansprake op Delagoabaai in 1828 weens die onstuimige politieke toestand in Portugal opgeskort, en nie omrede die Britse regering nie kans gesien het, of nie in staat was, om De Palmela se argumente te weerlê nie. Met die uitsondering van ‘n Britse remonstrans aan die Portugese regering oor die invoer van wapentuig deur Lourenco Marques, het die dispuut eers weer met die Britse besetting van Inyackeiland in November 1861 die aandag van die onderskeie regerings geniet. Die Britte het die arbiter daarop gewys dat die Portugese die Britse anneksasie van Inyackeiland beskryf het as “an assumption on the part of the British Government to interpret by themselves alone an article of the convention of 1817”, en dat die Britse regering geen antwoord ontvang het op Magenis se uiteensetting van Britse regte in dié verband, in Maart 1862 nie.¹⁶

Volgens die Britse saak het Brittanje in 1868 onmiddellik beswaar aangeteken teen die ZAR se proklamasie met betrekking tot die monding van die Maputorivier in Delagoabaai, en die Republiek se aandag daarop gevestig dat die Britse regering “had never declared that river to be free”. Daar is ook kennis geneem dat die besoek van ‘n Britse oorlogskip aan Delagoabaai kort hierna, die Portugese laat vermoed het dat Brittanje van voorneme was om besit van die Tembe- en Maputogebiede te neem. Aldus die Britte het die Portugese regering in hul protes teen die voorgenome Britse anneksasie presies dieselfde argumente vir Portugese aansprake op die baai as De Palmela s’n in 1828 aangevoer. Brittanje het op hul beurt beswaar aangeteken teen die Portugese besitname van Inyackeiland in April 1870. Uit die Portugese antwoord op hul protes het die Britse regering verneem dat die Portugese regering met die oog op die hangende onderhandeling met hul Britse eweknie, opdrag gegee het om die eiland te ontruim. Hierdie wanvoorstelling oor voorgenome onderhandelinge was egter volgens die Britse voorlegging “of no

¹⁵ Ibid., pp. 16-17.

¹⁶ Ibid., pp. 19-21.

importance to the solution of the question upon which the decision of the Arbiter is now sought by both governments".¹⁷

Aldus die Britte is die dispuut oor Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai deur die publikasie van die ZAR-Portugese verdrag van 1869 op die spits gedryf. Die feit dat die suidelike grens van die Portugese besittings hiervolgens op 26°30' suiderbreedte vasgestel is, het die Britse regering laat vermoed dat die Portugese die geleentheid benut het "to obtain this species of recognition from the Republic to oppose the well-known contention of the British Government that the true limit of the Portuguese territory was the River Lourenco Marques, near the centre of Delagoa Bay".¹⁸ Die Britse regering het derhalwe in April 1871 formeel protes aangeteken teen "the right of Portugal to treat as a part of the Portuguese territory lands which Great Britain had officially, distinctly, and uniformly declared to be no part of the Portuguese possessions".¹⁹ Die Portugese regering het in hul antwoord hul aansprake op die baai gehandhaaf en die Britse regering daarop gewys dat Brittanje met die anneksasie van Inyackeiland in 1861 ook die reg in eie hande geneem het om hul eie interpretasie van 'n bepaling van die 1817-konvensie op die baai van toepassing te maak.²⁰

In die Britse saak is die arbiter daarop gewys dat die Britse regering op hierdie tydstip van die dispuut besluit het om heroorweging te skenk aan 'n voorstel van 'n voormalige Portugese minister van buitelandse sake, Da Bandeira, om die geskil ter arbitrasie aan 'n derde party voor te lê. 'n Sodanige Britse voorstel is gevolglik in September 1871 aan die Portugese regering voorgelê wat dit 'n maand later aanvaar het.²¹

Die Britse regering het ten slotte hul vertroue uitgespreek dat die arbiter vanweë sy wye ervaring en oordeelsvermoë die feite en regmatige gevolgtrekkings in die Britse saak na behore sal evalueer en op 'n gepaste oplossing vir die vraagstuk besluit.²²

Die Portugese het met hul saak ter aanvang daarop gewys dat Brittanje Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van die Baai van Lourenco Marques, wat die Tembe- en Maputo-gebiede ingesluit het, en tot by 26°30' suiderbreedte gestrek het, betwis het. Die Portugese het egter hul aansprake op die Baai van Lourenco Marques gegrond op hul ontdekking en verkenning van die

¹⁷ Ibid., pp. 22-23.

¹⁸ Ibid.

¹⁹ Ibid., p. 22.

²⁰ Ibid., pp. 22-23.

²¹ Ibid., pp. 23-24.

²² Ibid., pp. 24-25.

baai in die sestiende eeu, hul besitname en okkupasie van die baai oor 'n tydperk van drie eeue, 'n Tembe-sessie in 1794, die erkenning van Portugese aansprake deur die inheemse leiers van Tembe en Maputo, die erkenning van Portugese regte deur verskeie Europese regerings en die Britse erkenning van hierdie regte in die Anglo-Portugese konvensie van 1817.²³

Die geskiedenis van die dispuut met Brittanje oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai het die Portugese in drie fases verdeel, te wete, die tydperk 1823-1860, die tydperk 1861-1869 en die tydperk 1869-1871. Volgens hulle het die dispuut ontstaan uit die verdrae wat Owen in Maart en Augustus 1823 met Malette en Makasane gesluit het. Hiervolgens het Owen 'n misverstand tussen die inheemse mense van Tembe en die Portugese goewerneur uitgebuit om 'n verdrag met Malette te sluit waarvolgens Brittanje 'n aanspraak op die suidelike oewer van Temberivier verkry het. Soortgelyke ooreenkomste met Makasane het die weg gebaan vir Britse aansprake op die Maputogebied. Die Portugese het Owen se optrede in Delagoabaai ten skerpste veroordeel en as 'n wederregtelike reeks aanvalle op Portugese soewereiniteit bestempel.²⁴


Die Portugese het die arbiter se aandag daarop gevestig dat beide Makasane en Malette in Oktober 1823 vrywilliglik die geldigheid van hul ooreenkomste met Owen ontken het, en opnuut hul status as Portugese onderdane deur ooreenkomste met die Portugese goewerneur van Lourenço Marques bevestig het. Hierdie verwikkelinge is reeds in Mei 1824 onder die aandag van die Portugese minister in Londen gebring ten einde protes aan te teken teen Owen se onregmatige optrede in Portugese grondgebied.²⁵

Owen se optrede tydens daaropvolgende besoeke aan Delagoabaai in April 1824 en Augustus 1825, is eweneens as onregmatig, aggressief en konfronterend teenoor Portugese aansprake beskou. Volgens die Portugese het Owen tydens sy besoek aan Delagoabaai in April 1824 die wanorde in Portugese geledere benut om met behulp van 'n klein Britse troepemag die Portugese vlag aan die Tembe-oewer te verwyder en met die Britse vlag te vervang. Tydens sy daaropvolgende besoek aan Delagoabaai in Augustus 1825 het hy 'n vaartuig ontset waarop die Portugese beslag gelê het vir smokkelary, 'n onskuldige soldaat doodgeskiet, gedreig om met sy skeepskanonne die fort met die grond gelyk te maak en weer eens die Portugese vlag met geweld

²³ Bahia de Lourenço Marques: Questão entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do president da Republica Franceza. Memorla appresentada pelo governo Portuguez. Lisboa, 1875., pp. XLIX-L; pp. LXI-LXII;

²⁴ Questão....., pp. L-LXI; pp. L-LIV.

²⁵ Ibid., pp. LIII-LV.



18 . Delagoabaai-arbitrasie Portugese kaart waarop botsende Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aangedui word, September 1873.

aan die Tembe-oewer verwyder. Hierdie onregmatige optrede het tot hernude instruksies aan die Portugese minister in Londen gelei om teen Owen se optrede te protesteer.²⁶

Volgens die Portugese saak het De Palmela in die daaropvolgende korrespondensie met die Britse minister van buitelandse sake, lord Dudley, alle Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai “verwoestend” weerlê en terselfdertyd Portugal se onbetwisbare reg op die Baai van Lourenco Marques met behulp van onweerlegbare argumente aangetoon. De Palmela het hom, aldus die Portugese voorlegging, so goed van sy taak gekwyt dat die Britte, aldus die Portugese voorlegging, nie kans gesien het om op sy laaste nota van Mei 1828 te antwoord nie en 33 jaar laat verloop het voordat hulle hul aansprake op die baai met die anneksasie van Inyackeiland in November 1861 hervat het.²⁷

Die Britse anneksasie van Inyackeiland in 1861 het volgens die Portugese die tweede fase van die dispuut oor Britse en Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai ingelei. Dié Britse anneksasie is deur die Portugese as ‘n wederregtelike inbesitneming “against all the principles of law and even of courtesy” beskryf. Die arbiter se aandag is daarop gevestig dat die Portugese minister in Londen, Lavrado, in Februarie 1862 ten sterkste teen die anneksasie geprotesteer het.²⁸

Aldus die Portugese het die besoek van HMS *Peterel* aan Delagoabaai in April 1869 die derde fase van die dispuut ingelei. Portugese navrae oor die doel van dié besoek het tot ‘n versekering van Clarendon gelei dat die Britse regering nie van voorneme was om besit te neem van die Tembe- en Maputogebiede nie. Die arbiter is daarop gewys dat Portugal se regte in die suide van die baai tot by 26°30’ suiderbreedte kort hierna in ‘n verdrag met die ZAR erken is en dat Brittanje onmiddellik hierna in April en Mei 1871 hul aansprake op die suidelike gedeelte van die baai deur middel van twee protesnota’s aan die Portugese regering hernu het. Die Portugese antwoord hierop in Julie 1871 het tot ‘n dooiepunt in die dispuut gelei. Die Portugese betoog het daarop gewys dat aangesien beide Portugal en Brittanje egter vasbeslote was om die dispuut op ‘n eerbare wyse op te los, Da Bandeira se voorstel van Februarie 1869, om die dispuut na arbitrasie te verwys, einde 1871 deur beide regerings aanvaar is.²⁹

²⁶ Ibid.

²⁷ Ibid., pp. LV-LVII.

²⁸ Ibid., pp. LVII-LIX.

²⁹ Ibid., pp. LIX-LXII.

Met die Britse en Portugese voorleggings afgehandel, het beide die Britse en Portugese regerings gebruik gemaak van die bepaling in die Delagoabaai-protokol om binne twaalf maande na hul eerste betoë aan die arbiter, ook 'n tweede en finale betoog voor te lê. Dit was nadat elkeen die ander se betoog onder oë gehad het. Die finale Britse en Portugese betoë is gevolglik in September 1874 aan president MacMahon voorgelê. Beide betoë het dieselfde ooreenkomste en verskille as die eerstes vertoon. Die tweede Portugese saak was weer eens in Portugees en Frans opgestel, wat inhoud betref dubbel die omvang van die tweede Britse saak en het benewens 'n kaart ook 'n groot aantal stawende dokumente bevat. 'n Franse vertaling van die tweede Britse saak is aan MacMahon beskikbaar gestel.³⁰

Die Britse regering het hulle in hul repliek op die Portugese saak hoofsaaklik op twee punte van kritiek toegespits. Eerstens, om te bewys dat die Portugese na die ontdekking van Delagoabaai nie die inheemse mense in die suide van die baai onderwerp het nie, en dat Portugese gesag derhalwe nooit verder as die Lourenco Marques-fort en nedersetting gestrek het nie. Tweedens, om die belangrikste feitefoute, moedswillige verswygings, ongegronde bewerings en gevolgtrekkings in die Portugese voorlegging aan die kaak te stel, ten einde te verhoed dat dit die regspraak van die tribunaal verydel.³¹

Die Britte se sterkste argument teen Portugese dominium op die suidelike gedeelte van Delagoabaai was dat die Portugese nooit hul ontdekking van die baai met die besit en okkupasie daarvan in die suide opgevolg het nie. Hulle het bevestig dat die Portugese die baai ontdek het en die Lourenco Marques-fort en nedersetting op die noordelike oewer van die English- of Esperito Santorivier tot stand gebring het, maar die arbiter daarop gewys dat “the question is one of the right by occupation and possession, and not one of the fact of discovery or of right derived from discovery, not followed by occupation”. In hierdie verband is die Portugese bewering dat hulle die inheemse mense van die baai aan hul gesag onderwerp het, as 'n baie ernstige mistasting beskou, en die arbiter gewaarsku om hierdie bewering met die grootste omsigtigheid te benader en aan deeglike ondersoek te onderwerp. Hoewel dit wou voorkom of die inheemse mense in die noorde- en noordweste van die baai 'n vorm van skatplig aan die Portugese betaal het, was daar volgens die Britse argument ernstige bedenkinge of dit ook in die suide- en suidweste van die baai die geval was. Volgens die Britte het hierdie inheemse mense geen skatplig betaal nie, maar

³⁰ TNA, FO 881/2441, Reply on behalf of Her Majesty's Government to the Portuguese Mémoire; Delagoa Bay. Correspondence respecting ..., p. 173, Derby – Lyons, 8.9.1874; Reply on behalf of Her Majesty's Government to the Portuguese Mémoire; Bahia de Lourenço Marques; Questão entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do president da Republica Franceza. Segunda Memoria do Governo Portuguez (Replica á Memoria Inglesa).

³¹ TNA, FO 881/2441, Reply on behalf of Her Majesty's Government to the Portuguese Mémoire, pp. 1-4.

weliswaar ruilhandel in ivoor en vee bedryf vir produkte verskaf deur die Portugese in Lourenco Marques. Hoe dit ook al sy, sodanige “vague and undefined a state” van skatpligtigheid, kon, aldus die Britse voorlegging, nie as bewys van Portugese dominium oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai beskou word nie.³²

Volgens die Britte het die Portugese betoog sterk bewyse gelewer dat die Portugese dominium in die baai nie verder as die Temberivier gestrek het nie. Die feit dat die ontwikkeling van die ongesonde en ongerieflike Portugese nedersetting Lourenco Marques sedert 1828 tot die noordelike oewer van die Lourenco Marquesrivier beperk was, was volgens hulle ‘n bewys dat die Portugese nooit enige grondgebied ten suide van die Temberivier besit het nie. Die Portugese memoire het ook voldoende bewyse gelewer dat die Portugese nooit ‘n monopolie op die handel in die baai kon verwerf nie en dat die inheemse mense, met enkele uitsonderings waartydens hulle vir kort tydperke deur Portugese skepe en troepe oorweldig is, nooit hul onafhanklikheid prysgegee het nie. Slegs in enkele gevalle het sommige van die inheemse leiers op die noordelike oewer van die Lourenco Marquesrivier grond aan die Portugese verkoop of afgestaan. Hieruit was dit dus duidelik dat die Portugese selfs op die noordelike oewer van die baai, “hold now and have held from the first of their settling on this part of the coast of Africa, only so much land as was ceded to them by the native chiefs, and they could protect by their guns”.³³

Aldus die Britte was die Portugese memoire inderdaad ‘n sterk bevestiging van die feite en argumente in die Britse saak en ‘n bewys dat die Portugese aanspraak op enige grondgebied ten suide van die Lourenco Marques- of Englishrivier ongegrond was.³⁴

Die Britse regering het hulle vervolgens daarop toegespits om die arbiter se aandag op die belangrikste feitefoute, moedswillige verswygings, ongegronde bewerings en gevolgtrekkings in die Portugese memoire te vestig. Sy aandag is eerstens daarop gevestig dat alhoewel die Portugese bewus was van die inhoud van Owen se skrywe aan die goewerneur-generaal van Mosambiek in Oktober 1825, hulle twee baie belangrike bewerings van Owen oor Portugese aansprake op Delagoabaai, verswyg het. Die eerste, dat daar geen sprake van Portugese jurisdiksie oor Delagoabaai en die omliggende grondgebied was nie, en, die tweede, dat waarnemende goewerneur Casimir aan Owen erken het dat die inheemse mense in die

³² Ibid., pp. 3-5.

³³ Ibid., pp. 4-5.

³⁴ Ibid., p. 5.

omgewing van die Portugese fort vry en onafhanklik was en dat Portugese beheer tot die onmiddellike omgewing van die fort beperk was.³⁵

Die Britte het ook ten sterkste beswaar aangeteken teen die opstellers van die Portugese saak se vrylike gebruik van die woorde fabriseer, vervalsing, leuens en verwaandheid om Owen se optredes in Delagoabaai te beskryf. Na hul mening was die gebruik van hierdie woorde “beneath the dignity of two great Powers who are laying such evidence as each may have before the eminent person to whose decision the facts are deferred”.³⁶

Aldus die Britte was die mees blatante dwaling in die Portugese memoire egter die indruk wat geskep is dat die Britse minister van buitelandse sake, lord Dudley, nooit op die Portugese nota van Mei 1828 geantwoord het nie omdat Brittanje geen teenargumente op die Portugese aansprake op Delagoabaai kon opper nie. Die arbiter se aandag is daarop gevestig dat die Portugese saakgelastigde in Londen, Morao, in 1869 bevestig het dat die Anglo-Portugese korrespondensie oor die Delagoabaai-dispuut in 1828 weens die uitbreek van ‘n burgeroorlog in Portugal skipbreuk gely het.³⁷

Die Britse regering het ook beswaar aangeteken teen die Portugese bewering dat Brittanje op die eensydige vertolking van verdrae staat gemaak het om hul regte in die suide van Delagoabaai te beskerm. Daar is toegegee dat Brittanje van tyd tot tyd opgetree het om hul regte op die grondgebied van Maputo en die nabygeleë eilande van Inyack en Elephant, te beskerm. Hiervolgens het die Britse regering derhalwe met die bekendmaking van die ZAR-Portugese verdrag van 1869 onmiddellik besluit om die dispuut met Portugal op te los, aangesien hulle nie bereid was “to have her rights quietly extinguished by a Treaty between two foreign Governments”.³⁸ Dit is aan die arbiter oorgelaat om te besluit of Brittanje reg of verkeerd in hierdie geval opgetree het.


Die Britte het met verbasing kennis geneem van die Portugese se sterk bewoorde kommentaar met betrekking tot die Britse anneksasie van Inyackeiland. Die arbiter is daarop gewys dat die Portugese ook die eiland met ‘n klein militêre afdeling beset het, en, ‘n kort rukkie daarna, met ‘n

³⁵ Ibid., p.7.

³⁶ Ibid.

³⁷ Ibid., p.8.

³⁸ Ibid.



19. Delagoabaai-arbitrasie: kaart van 1843 deur Charles Mitchell, landmeter-generaal van die Kaapkolonie, waarop die Portugese aansprake op die suidooskus heelwat suid van Delagoabaai erken word, soos voorgelê in September 1873.

pennestreep in die verdrag met die ZAR die dominium “over the whole territory in question” aanvaar het.³⁹

Die Britse regering het ook met verbasing kennis geneem van die Portugese bewering dat hul aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai deur verskeie Europese state insluitend Brittanje erken is. Wat Europese erkenning betref, is die arbiter daarop gewys dat slegs die ZAR-regering, en geen Europese regering, Portugal se aansprake op Delagoabaai tot by 26°30' suiderbreedte erken het nie. Die Britte het ook kommentaar gelewer op 'n sketskaart in die Portugese memoire waarvolgens die Kaapse landmeter-generaal, kolonel Michell, in 1843 Portugal se aansprake op die ooskus tot noord van die Britse besitting, St. Luciabaai, erken het. Die Britte het die arbiter se aandag daarop gevestig dat Michell se sketskaart nie met die oog op die Delagoabaai-dispuut opgestel is nie en derhalwe nie as erkenning van Portugese aansprake kon dien nie. Sy aandag is ook daarop gevestig dat die brief van die Kaapse landmeter-generaal aan die Portugese minister waarby die sketskaart aangeheg was, nie by die Portugese dokumentasie ingesluit was nie en dat die Britse regering geen kennis gedra het van die doel, inhoud en omstandighede waaronder Michell dié brief in 1843 aan die Portugese minister gerig het nie. Verder is opgemerk dat die opsteller landmeter-generaal van die Kaapkolonie, en nie Natal of Delagoabaai was nie, en derhalwe oor baie min kennis beskik het oor die “different territories whose frontiers he proposed to trace”.⁴⁰

Die Britte het weer eens hul bedenkinge oor die ZAR-Portugese verdrag van 1869 geopper. Hulle het die arbiter se aandag daarop gevestig dat hoewel daar in die Portugese memoire erken is “that a conflict had for some years been pending between Portugal and Great Britain with reference to the rights of sovereignty”, die betwiste gebied nietemin in die verdrag met die ZAR as die eksklusiewe eiendom van Portugal erken is. Die Britse regering het dit vreemd gevind dat die Portugese, “notwithstanding this long pending conflict, assumed in this Treaty the indisputable right to the debatable territory, and now relies upon it's own assertion of that right as an evidence of title ..”.⁴¹ Hoewel hulle nie kans gesien het om weer hul besware teen die verdrag op skrif te stel nie, is die arbiter nogtans versoek om weer aandag aan die grensbepalings van die verdrag te skenk.

³⁹ Ibid.

⁴⁰ Ibid., pp. 11-14.

⁴¹ Ibid., p. 14.

Die Britte het vervolgens aandag geskenk aan die Portugese standpunt met betrekking tot Owen se verdrae met die inheemse gemeenskappe van Tembe en Maputo. Die Britte se hoofbeswaar was teen die Portugese bewering dat Engelse onderdane getuies was van Maiette se verklaring op 20 Oktober 1823 waartydens hy sy verdrag met Owen ontken en sy onderdaanskap aan die Portugese koning bevestig het. Volgens die Britte was hierdie bewering 'n aanduiding van die ernstige gebrek aan betroubare getuienis aan Portugese kant om hul aansprake op die baai te bewys. Die arbiter is daarop gewys dat daar in die Portugese memoire ten minste twee weergawes van hierdie gebeure verskaf word: volgens die een het die Engelse die verrigtinge vrywilliglik bygewoon, maar volgens die ander weergawe is hulle spesifiek deur die Portugese uitgenooi om teenwoordig te wees. Boonop was daar naas die bewering in die Portugese memoire geen ander onafhanklike bevestiging van hierdie gebeure nie. Aldus die Britte was dit uit beide weergawes duidelik dat as enige Engelse teenwoordig was, hulle waarskynlik "did not understand what was said or transacted, and it is certain that they did not in any matter assent to what is alleged to have been done".⁴²

In hoeverre die inheemse leiers van Tembe en Maputo in Oktober 1823 hulle onafhanklikheid aan die Portugese prysgegee het, moes volgens die Britte beoordeel word aan die hand van die gebeure wat na die aflegging van Maiette se verklaring in die suide van die baai afgespeel het. Die Portugese het moedswillig die feit verswyg dat die Portugese poging om hul vlag in Tembe te hys, tot die dood van De Cardeinas en 26 van sy manskappe gelei het, asook die oorgawe van die Portugese garnisoen en hul onderwerping aan Maiette se vredesvoorwaardes.⁴³

Die arbiter is ten slotte daarop gewys dat die Britse regering hulle ten volle vereenselwig het met die besitreg-beginsels waarop die Portugese aansprake op Delagoabaai berus het, en waarop daar soveel klem in die Portugese saak gelê is. Die Britse regering daarenteen het egter staat gemaak op die historiese feite en dokumente wat aantoon dat die Portugese nooit enige grondgebied suid van die Lourenco Marques- of Englishrivier of nabygeleë eilande besit het nie; dat die inheemse leiers nooit vasale van die Portugese was nie; nooit skatplig aan hulle betaal het nie en as vry en onafhanklike gemeenskappe volgens die volkereg geregtig was om ooreenkomste met Brittanje te sluit. Aangesien hierdie verdrae nooit ter syde gestel of opgeskort is nie, was dit derhalwe steeds bindend en onvervreembaar op beide die Britte en inheemse mense van Tembe en Maputo van toepassing.⁴⁴

⁴² Ibid., pp. 15-16.

⁴³ Ibid., p. 16.

⁴⁴ Ibid., pp. 17-18.

Die tweede Portugese saak het uit vyf afdelings bestaan waarin die Portugese enersyds hul aansprake op die Baai van Lourenco Marques weer eens met 'n veelheid van feite, bewerings en stawende dokumentasie probeer bevestig het, en andersyds, volgens hulle, die Britse argumente vir hul "onwettige aansprake" op die suide van die baai vernietigend weerlê het. Die Portugese het in afsonderlike afdelings 'n groot aantal argumente aangevoer waarom hul aanspraak op die Baai van Lourenco Marques sedert 1544 op die ontdekking, besitname en effektiewe okkupasie daarvan berus het. Die gronde vir hul aanspraak op die besit en soewereiniteit oor die baai is op die okkupasie van die handelspos aan die monding van die Espirito Santorivier (Lourenco Marquesrivier) asook die eilande van Inyack en Shefean sedert die sestiende eeu, gevestig. Naas die ontdekking van, en handeldryf in die baai, het die Portugese ook hul aansprake gevestig op hul gesagvoering oor die inheemse mense van die baai, die oprigting van fortifikasies in die Tembe- en Maputogebiede, en die uitsluiting van buitelandse mededingers.⁴⁵

Wat die oprigting van fortifikasies betref, het die Portugese die arbiter se aandag daarop gevestig dat Portugal reeds aan die begin van die agtiende eeu hul eerste fort in die Tembegebied opgerig het, gevolg deur 'n tweede fort in 1781 op die noordelike oewer van die Espirito Santorivier, asook ander fortifikasies in die Maputogebied en op Inyack- en Shefeaneilande. Met betrekking tot die uitsluiting van buitelanders, is daar na die Britte in 1720, die Nederlanders in 1730 en die Oostenrykers in 1782 verwys. Volgens die Portugese het die effektiewe okkupasie van die baai nie vereis dat die Portugese van die hele baai en omliggende grondgebied besit moes neem nie.⁴⁶

Die arbiter se aandag is voorts daarop gevestig dat Portugal se regte op die Baai van Lourenco Marques ook deur die inheemse opperhoofde van Tembe en Maputo, verskeie Europese regerings en selfs deur Brittanje erken is. Die inheemse mense van Tembe en Maputo is as vasale van die Portugese voorgehou en die bewering is gemaak dat hierdie vasaalskap in Oktober 1823 deur hul ooreenkomste met die goewerneur van Lourenco Marques herbevestig is. Die feit dat die Portugese na bewering administratiewe en fiskale funksies in hierdie gebiede uitgeoefen het en dat die inheemse mense boonop skatpilig betaal het, is as 'n verdere bewys van Portugese soewereiniteit aangevoer.⁴⁷

⁴⁵ Bahia de Lourenço Marques; Questão entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do president da Republica Franca. Segunda Memoria do Governo Portuguez (Replica á Memoria Inglesa), pp. LXXI-LXXVIII.

⁴⁶ Segunda Memoria do Governo Portuguez, pp. XIII-XV; pp. XVII-XXI; pp. XXIII-XXV.

⁴⁷ Ibid., pp. XXVII-XXVIII; pp. XXVI-XXXIX.

Wat die Portugese aanspraak dat hul regte op die Baai van Lourenco Marques deur verskeie Europese regerings erken is, betref: Hoewel hulle geen enkele regering geïdentifiseer het nie, het die Portugese weer eens aangevoer dat verskeie Europese regerings deur hul optredes erkenning aan Portugal se aansprake op die Baai van Lourenco Marques verleen het. Voorts is aangetoon dat 26°30' suiderbreedte in talle Europese beskrywings en kaarte van die ooskus van Afrika as die suidelike grens van die Mosambiek-kolonie aangedui is.⁴⁸

Die Portugese het weer eens beweer dat Portugal se aansprake op die Baai van Lourenco Marques uitdruklik deur Brittanje in die tweede artikel van die Anglo-Portugese konvensie van 1817 erken is. Volgens hulle het hierdie konvensie ook die onbetwisbare bewys verskaf dat die Baai van Lourenco Marques reeds in 1817 as die suidelike grens van die Portugese besittings aan die ooskus beskou is, en dat selfs Engelssprekendes erken het dat die name “Delagoabaai” en “Baai van Lourenco Marques” na dieselfde baai verwys het.⁴⁹

Die Britse aansprake op die suide van Delagoabaai is weer eens as ontoelaatbaar en onwettig bestempel. Die arbiter is daarop gewys dat daar in die Britse verdrae met die Maputoleier geen sprake van die sessie van grondgebied was nie, ‘n feit wat deur die Britte in hul eerste voorlegging erken is. Boonop het dié handelsooreenkomste met die inheemse mense reeds lank tevore in onbruik verval en die geldigheid van die ooreenkomste intussen verstryk. Die feit dat beide die Tembe- en Maputoleiers in Oktober 1823 die geldigheid van hul verdrae met Owen ontken het, is as ‘n verdere bewys van die ongeldigheid van Britse aansprake aangevoer.⁵⁰

Die Portugese regering het weer eens Owen se optrede om Britse regte in die suide van Delagoabaai te vestig, ten sterkste veroordeel. Sy optrede in dié verband is as “blatante verraad” en die misbruik van sy Portugese geloofsbriewe bestempel. Volgens die Portugese het Owen, alhoewel hy kennis gedra het van die bepalinge van die 1817-konvensie, met voorbedagte rade opgetree om die suidelike gedeelte van die baai vir Brittanje in te palm en sodoende ‘n lang gekoesterde Britse ideaal te verwesenlik.⁵¹

Die arbiter se aandag is ten slotte op die oorweldigende hoeveelheid bewyse gevestig dat Portugal ‘n onbetwisbare en onweerlegbare wettige reg op die Baai van Lourenco Marques tot by die 26°30' suiderbreedte besit het; en dat daar insgelyks geen regmatige gronde vir Brittanje se

⁴⁸ Ibid., pp. XL-XLVI.

⁴⁹ Ibid., pp. XLVI-LIV.

⁵⁰ Ibid., pp. XI-XIII; pp. LV-LVII.

⁵¹ Ibid., pp. LVII-LXVI.

aanspraak bestaan het nie. Die tweede Portugese memoire is afgesluit met die vertroue dat Frankryk geregtigheid aan Portugal se aansprake op die baai sou laat geskied.⁵²

Volgens die bepalings van die Delagoabaai-protokol moes MacMahon na die ontvangs van die finale Britse en Portugese betoë sy beslissing so spoedig as wat dit vir hom geleë was, skriftelik aan die twee regerings bekend maak.⁵³

In Januarie 1875 is beide die Britse en Portugese regerings egter om 'n verdere voorlegging aan MacMahon versoek. Die sekretaris van die Delagoabaai-arbitrasie, die hertog Decazes, het die twee regerings versoek om 'n presiese omskrywing van die Tembe- en Maputogebiede te verskaf en ook aan te dui of die dispuut op die volle omvang van die twee gebiede ter sprake was, al dan nie. Na raadpleging met dr. Deane het die Britse regering in Februarie 1875 die volgende beskrywing van die Tembe- en Maputogebiede aan Decazes voorgelê:

The territory of Tembe is bounded on the north by the English and Lourenco Marques or Dundas Rivers, on the west by the Lebombo mountains, on the south and east by the Mapoota River to its mouth and on the east, from the mouth of the Mapoota River to the mouth of the English River, by the shores of the larger Bay.

The territory of Mapoota is bounded on the west by the Mapoota River from its mouth as far as latitude 26°30'S, on the south by latitude 26°30', on the east by the sea and includes the peninsula and Islands of Inyack and Elephant Island, and on the north by the shores of the large Bay.

Decazes is ook meegedeel dat die dispuut inderdaad op "the whole of these territories" betrekking gehad het. Die Britse en Portugese voorleggings is op dieselfde dag aan die sekretaris van die Delagoabaai-arbitrasie oorhandig en afskrifte daarvan onderling uitgeruil.⁵⁴

Beide die Britse en Portugese regerings het op hierdie tydstip onder die indruk verkeer dat MacMahon binne die volgende paar maande sy beslissing bekend sou maak. Nie een van die twee regerings kon op daardie stadium voorsien nie dat 'n besluit wat die ZAR-regering in September 1874 geneem het om die aanleg van 'n spoorweg na Delagoabaai van staatsweë aan te pak, reeds

⁵² Ibid., p. LXXVIII.

⁵³ Official Correspondence on the Lourenco Marques – Delagoa Bay Question (1874), p. 54; Protocol of a Conference held at the Foreign Office in Lisbon, 25 September 1872.

⁵⁴ TNA, FO 63/1051, Lyon – Derby, Parys, 23.1.1875; Decazes – Lyon, Parys, 21.1.1875; Derby – Lyon, 5.2.1875; Lyons – Derby, Parys, 8.2.1875.

voor die uitspraak tot verdere onderhandelinge oor Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai sou lei. Dié verwikkeling was die regstreekse gevolg van president M.W. Pretorius se opvolger, Thomas Francois Burgers, se ideaal van 'n Transvaalse verbinding met Delagoabaai, vry van Britse invloed.

Burgers het 'n spoorweg na Delagoabaai as die beste waarborg vir die politieke en ekonomiese onafhanklikheid van die ZAR beskou en die lotgevalle van die Republiek tydens sy bewind sou dan ook rondom Delagoabaai wentel. Enkele weke nadat hy in 1872 president geword het, het hy die Transvaalse regering oortuig om die bou van 'n spoorweg tussen Pretoria en Delagoabaai aan te durf.⁵⁵

Burgers het vanuit die staanspoor besef dat hierdie ideaal nie sonder heftige teenkanting van Brittanje sou geskied nie. Ten einde die teenkanting te omseil en Delagoabaai uit Britse hande te hou, het hy in 'n geheime sitting in Junie 1873 aan die Volksraad voorgestel dat die Republiek die baai van Portugal aankoop. Die Volksraad het hulle met Burgers se standpunt vereenselwig en besluit om hom na Europa te stuur om die hawe ten bate van die ZAR aan te koop of uit Britse hande te hou. Weens die aanvang van die Delagoabaai-arbitrasie oor die besitreg van die suidelike gedeelte van Delagoabaai het daar voorlopig egter niks van Burgers se Europese reis gekom nie.⁵⁶

Ten einde die totstandkoming van die Delagoabaaispoorweg te bespoedig, het Burgers in September 1874 die Volksraad vir 'n tweede keer oortuig om die spoorwegverbinding, wat hy as "eene levenskwesie" vir die Republiek bestempel het, van staatsweë aan te pak. Die feit dat die Delagoabaai-arbitrasie nog hangende was, het hom nie die minste bekommer nie. Hy het die Volksraad die versekering gegee dat indien die uitspraak ten gunste van Brittanje sou wees, die Britse gebied in die baai met "een kleinen bocht" vermy kon word. Die Volksraad het hulle met Burgers se voorstel vereenselwig en hom na Europa afgevaardig om uitvoering aan sy planne te gee, naamlik om 'n ooreenkoms met Portugal oor die Mosambiekse gedeelte van die Delagoabaaispoorweg te sluit en die nodige kapitaal vir die spoorwegkonstruksie te vind.⁵⁷

Burgers het in Februarie 1875, kort voor sy reis na Europa, op 'n openbare vergadering op Potchefstroom die doel van sy reis as ter wille van sy gesondheid maar ook om ter wille van die

⁵⁵ M.S. Appelgryn, *Thomas Francois Burgers Staatspresident 1872-1877*, pp. 77-79.

⁵⁶ Ibid., pp. 79-80.

⁵⁷ Ibid., pp. 81-82.

vryheid en onafhanklikheid van die ZAR “een uitweg naar de buitenwereld” tot stand te bring, beskryf. Burgers het nie doekies omgedraai waarom die Republiek “een uitweg” benodig het nie. Dit was nodig omdat die Britse koningin en haar verteenwoordigers in die Republiek se buurstate die ZAR nie handelsvryheid gegun het nie. Daarom was die sluit van ‘n handelsooreenkoms met gunstige tariewe met Portugal van deurslaggewende belang vir sy reis.⁵⁸

Die president se opmerkings oor die doel van sy reis was nie al aangeleentheid wat die aandag van die Engelse pers in Suid-Afrika getrek het nie. Burgers se boodskap tydens ‘n besoek aan ‘n skool in Uitenhage dat Suid-Afrika naas Engels ook oor sy eie taal beskik het en ware patriotte en hul eie George Washington benodig het, het heelwat beroering en ‘n skerp teregwysing in die Kaapse pers teweeggebring. Die Britse hoë kommissaris aan die Kaap, sir Henry Barkly, het die nuus aan lord Carnarvon, die Britse minister van kolonies, in ‘n vertroulike skrywe op 12 April 1875, twee dae na Burgers se vertrek na Engeland aanboord die *Walmer Castle*, oorgedra: “I mention these things not to set up Your Lordship against the man”, het hy Carnarvon meegedeel, “but to put Her Majesty’s Government on their guard, as he is a very chameleon in his moods and may have to curry his objects pass himself off as a loyal subject of the Queen”.⁵⁹

Burgers se uitlating op Uitenhage was nie al rede waarom Barkly op hierdie tydstip ernstige bedenkinge oor die president se voorgenome besoek aan Europa gekoester het nie. Hy was reeds maande lank bewus van ‘n gerug dat president MacMahon in die Delagoabaai-arbitrasie ten gunste van Portugal sou uitspraak lewer. Dié gerug is aan die Portugese konsul-generaal in Londen en voormalige Portugese konsul-generaal in Kaapstad, Alfredo Duprat, toegedig. Die hoë kommissaris het ook reeds geruime tyd vermoed dat die ZAR en Duitsland agter die skerms aan die konkel was en dat Delagoabaai die sleutel tot nouer samewerking tussen die twee state sou wees. Hierdie vermoede het ontstaan na aanleiding van ‘n berig in die *Natal Mercury* dat Burgers in 1873 ammunisie en gewere deur Delagoabaai vir ‘n klein Duitse eenheid in Pretoria met behulp van die Duitse konsul in Natal ingevoer het. Barkly se agterdog is verder aangewakker deur ‘n berig in dieselfde koerant dat agente van die Duitse regering kort tevore pogings aangewend het om Lourenco Marques van die Portugese regering te koop of vir 100 jaar te huur.⁶⁰

Barkly het sy vrese dat die ZAR en Duitsland agter die skerms oor Delagoabaai aan die knoei was, in April 1875 onder Carnarvon se aandag gebring. In sy skrywe aan Carnarvon oor hierdie

⁵⁸ S.P. Engelbrecht, *Thomas Francois Burgers, ‘n lewensskets*, pp. 160-162; M.S. Appelgryn, *Thomas Francois ...*, p.83.

⁵⁹ M.S. Appelgryn, *Thomas Francois ...*, pp. 83-84.

⁶⁰ TNA, FO 63/1051, Barkley – Carnarvon, 5.4.1875 (geheim).

vrees het hy die minister daarop gewys dat indien MacMahon ten gunste van Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai sou beslis, “overtures will in all probability be renewed directly or indirectly for the acquisition of the territory South of that Port which was in doubt”.⁶¹ Omdat die Portugese nie in staat was om die Amatongas in die suidelike gedeelte van die baai te onderwerp nie, sou hulle dié grondgebied heel waarskynlik maklik aan ‘n buitelandse moondheid afstaan. Die hoë kommisaris het nie die moontlikheid uitgesluit dat die Duitse regering voorlopig tevrede was om die onderhandelinge met die Portugese aan Burgers oor te laat nie. Die oënskynlike doel van sy besoek aan Europa - onderhandelinge vir die aanlê van ‘n spoorweg na Delagoabaai - was in hierdie opsig ‘n goeie dekmantel. Volgens Barkly kon die spoorweg egter nie die ware rede vir Burgers se besoek aan Lissabon wees nie, aangesien die Portugese regering reeds ‘n konsessie aan George Moodie, ‘n Transvaalse spoorweg-pionier, toegestaan het en dit prematuur sou wees om ‘n spoorweglening te sluit alvorens enige terrein-opnames onderneem is.⁶²

Barkly het gewaarsku dat aangesien die oorgrote meerderheid van die ZAR se invoere deur Natal geskied het, die beoogde spoorweg na Delagoabaai ‘n ernstige terugslag vir die Britse kolonie se doeaneregte en handel kon inhou. Hoewel dit nie die opponering van Burgers se spoorwegplanne kon regverdig nie, het hy Carnarvon nietemin aangeraai om ‘n fyn oog daaroor te hou, aangesien Duitse inmenging in Suid-Afrika eindelose politieke en kommersiële probleme in Suid-Afrika sou skep “and put an end for once and for ever to all chance of the formation of the federal union of the different states under the British Flag, which it is so desirable to see accomplished”.⁶³

Hoewel Barkly nie aan die Britse regering wou voorskryf nie, het hy voorgestel dat die Britse minister in Lissabon opdrag moes ontvang om “on the result of the Arbitration being announced, to ascertain whether the Government there would be prepared to part with the territory awarded to it, and if so to obtain the promise of a first refusal from our ancient ally”.⁶⁴ Volgens hom moes daar in elk geval een of ander reëling met betrekking tot Inyackeiland getref word, aangesien dit ongewens sou wees as dié strategiese eiland in die bekamping van die slawehandel, in die hande van ‘n vreemde moondheid sou beland.⁶⁵

⁶¹ Ibid.

⁶² Ibid.

⁶³ Ibid.

⁶⁴ Ibid.

⁶⁵ Ibid.

Carnarvon het Barkly se waarskuwing oor Burgers se beweerde oogmerke met betrekking tot Duitsland en Delagoabaai, in 'n baie ernstige lig beskou. Hy het 'n afskrif van die geheime brief onder die aandag van lord Derby, die Britse minister van buitelandse sake, gebring, en voorgestel dat daar sonder versuim in Parys vasgestel moes word wanneer die uitspraak in die arbitrasie verwag word, en, indien moontlik, in wie se guns dit sou wees. Hy het Derby se aandag ook op Barkly se voorstel gevestig dat indien die uitspraak nie in die guns van Brittanje sou wees nie, die Britse minister in Lissabon moes vasstel of die Portugese bereid sou wees om Brittanje die reg van eerste aankoop op die suidelike gedeelte van Delagoabaai toe te staan.⁶⁶

Carnarvon het ook nie die belangrikheid van Delagoabaai vir sy plan vir 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag, uit die oog verloor nie. Derby is derhalwe daarop gewys dat die besit van Delagoabaai en die omliggende gebied "is of very special importance to Great Britain at this moment, as it would tend very materially to advance and to simplify the negotiations for the confederation under the British Flag of the Colonies and States in South Africa which there would appear to be now prospects of effect".⁶⁷ Daarenteen sou die vestiging van 'n Europese moondheid "in this part of South Africa," tot verwarring en moeilikhede in koloniale en imperiale verband aanleiding gee. Ten einde Derby op hoogte van sake met betrekking tot Carnarvon se federasie-planne te stel, is hy ook voorsien van 'n afskrif van Carnarvon se bekende federasie-dépêche wat vroeg in Mei 1875 aan Barkly gestuur is en waarmee die federasiebal in Suid-Afrika amptelik aan die rol gesit is.⁶⁸

Derby het onverwyld aan Carnarvon se versoeke voldoen. Op 6 Mei 1875 is telegrafiese instruksies aan lord Lyons, die Britse minister in Parys, gestuur om by die Franse minister van buitelandse sake navraag te doen wanneer die uitspraak van die arbitrasie-saak verwag word. Omdat Derby dit nie gerade geag het om navraag te doen oor die uitslag van die uitspraak nie, is die minister versoek om slegs oor die verwagte datum van die uitspraak navraag te doen. Lyons het 'n week later berig dat die uitspraak nie voor die middel van Junie 1875 verwag word nie.⁶⁹

Derby het ook die Britse saakgelastigde in Lissabon, Cobbold, opdrag gegee om vas te stel of die Portugese regering onlangs met Duitsland of enige ander moondheid oor die verkoop van Delagoabaai, ingeval die arbiter ten gunste van Portugal sou beslis, onderhandel het. Hy het dit

⁶⁶ TNA, FO 63/1051, Colonial Office – Foreign Office, 5.5.1875; Memoranda Lister en Derby, 6.5.75.

⁶⁷ Ibid.

⁶⁸ Ibid.

⁶⁹ TNA, FO 63/1051, Foreign Office – Colonial Office, 12.5.1875 (vertroulik); FO 63/1051, Memoranda van Lister en Derby, 6.5.1875.

raadsaam geag om nie verdere instruksies aan die saakgelastigde te gee nie, alvorens die aard van die uitspraak nie bekend was nie. Cobbold het 'n paar dae later berig dat die beslissing nie voor die begin van Junie 1875 verwag word nie en dat hy onbewus was van enige onderhandelinge “for the cession of the territory in question to any foreign Power”. Hierdie inligting is onmiddellik onder die aandag van die koloniale kantoor gebring.⁷⁰

Carnarvon het intussen op 8 Mei 1875 'n persoonlike ontmoeting met Burgers gehad. Die ontmoeting het plaasgevind op dieselfde dag wat Burgers 'n dinee van die Britse buitelandse kantoor op uitnodiging van Derby bygewoon het, en twee dae voor 'n soortgelyke dinee waarop hy Carnarvon se eregas was. Die gesprek het oor Brits-Transvaalse betrekkinge en die gedagte van 'n Suid-Afrikaanse konfederasie gehandel. Carnarvon het teenoor Burgers die hoop uitgespreek dat Brittanje en die ZAR die strydbyl van die verlede kon begrawe en 'n nuwe verstandhouding bewerkstellig. In dié verband het hy 'n konfederasie van Suid-Afrikaanse state as sy uiteindelijke doelwit aan Burgers voorgehou. Tydens 'n verdere onderhoud op 11 Mei 1875, 'n dag nadat Burgers sy eregas op 'n dinee was, het Carnarvon 'n afskrif van sy federasie-dépêche aan Barkly aan Burgers oorhandig. Burgers het, volgens 'n dagboek-inskrywing van Carnarvon, “approved of every word and that he would give me every support and assistance in his power”. Volgens Carnarvon se dagboekinskrifings en Burgers se briewe oor sy ontmoeting met Carnarvon en Derby, het die aanstaande uitspraak in die Delagoabaai-arbitrasie nooit in hul gesprekke ter sprake gekom nie.⁷¹

Die koloniale kantoor het egter op dieselfde tydstip, naamlik teen die middel van Mei 1875, 'n tweede geheime brief van Barkly ontvang waarin hy weer gewaarsku het dat Burgers se Europese besoek met Transvaal-Duitse intriges in Delagoabaai in verband gestaan het. Barkly het met verwysing na sy vorige brief aan Carnarvon oor Burgers se Europese besoek, 'n afskrif van 'n brief van luitenant-goewerneur Richard Southey van Griekwaland-Wes ingesluit, wat sy vermoede oor die ware redes vir Burgers se besoek versterk het. Volgens Southey se inligting uit hoogs betroubare bronne het Burgers op sy reis na Kaapstad eerwaarde Kotze op Richmond meegedeel dat hy slegs twee dae in Engeland gaan bly, dan na Lissabon sou reis “to get a cession of the coast, or some treaty which should be available in the second part of his mission, when he goes to Berlin to offer the country to the Germans”.⁷² Southey het ook verneem dat

⁷⁰ Ibid.

⁷¹ P. Gordon, *The Political Diaries of the Fourth Earl of Carnarvon, 1857-1890*, p. 250; M.S. Appelgryn, *Thomas Francois...*, pp. 85-86; TAB, A371, S.P. Engelbrecht-versameling, Burgers – Mary Burgers, Londen, 11.5.1875; Burgers – Uitvoerende Raad, Londen, 13.5.1875; Burgers – Joubert, Londen, 31.5.1875.

⁷² TNA, FO 63/1051, Colonial Office - Foreign Office, 15.5.1875 (Vertroulik); Barkly - Carnarvon, 15.4.1875 (Geheim); Southey – Barkly, 8.4.1875 (Vertroulik)

verskeie Duitse offisiere, met die goedkeuring van die Duitse regering, na bewering besig was om militêre opleiding in Pretoria aan die staatsartillerie te verskaf.⁷³ Carnarvon het Barkly se brief op 15 Mei 1875 onder Derby se aandag gebring en die hoop uitgespreek dat Burgers tot die oortuiging sou kom “that the true interests of his country lie not in German alliances but in a better and closer relationship with England”.⁷⁴

Omdat Derby hierdie inligting in ‘n baie ernstige lig beskou het, is beide die Britse ministers in Lissabon en Berlyn onverwyld van die beweerde Transvaal-Duitse intriges met betrekking tot Delagoabaai in kennis gestel, en versoek om ondersoek in te stel.⁷⁵

Barkly se skrywe het ook Carnarvon en sy senior amptenare tot optrede gedwing. Op grond van die groot gevaar wat die vervreemding van die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir Britse belange in Suid-Afrika kon inhou, het Herbert op 15 Mei 1875 ‘n voorstel vir verdere Anglo-Portugese onderhandelinge oor dié gedeelte van die baai aan Carnarvon voorgelê. Hy was van mening

that it would be quite proper to make a formal and open proposal to Portugal that the two countries should mutually undertake that neither of them will, in the event of the award being in its favour, entertain any proposal for the acquisition of the territory in dispute by any other power until the defeated party has had an opportunity of making a reasonable offer for the acquisition of the territory whether by purchase or for some other consideration⁷⁶

Carnarvon het Herbert se voorstel onder Derby se aandag gebring en die hervatting van Anglo-Portugese onderhandelinge oor Delagoabaai gemotiveer op grond van die ernstige bedreiging vir Britse belange indien “the territory now in dispute would pass into the hands of any third power”. Derby se aandag is ook gevestig op die skerp kritiek wat die Britse regering in Suid-Afrika en Engeland sou verduur, tensy hulle kon bewys dat alle moontlike voorsorgmaatreëls getref is “to avoid complications which may easily become serious, and if all efforts are not made to secure the country now under arbitration”.⁷⁷ Oor watter sleutelrol Delagoabaai in die toekoms van Suid-Afrika kon speel, het hy as volg opgemerk:

⁷³ Ibid.

⁷⁴ Ibid.

⁷⁵ TNA, FO 63/1051, Cobbold – Derby, Lissabon, 13.5.1875; Foreign Office – Colonial Office, 21.5.1875.

⁷⁶ TNA, CO 537/1249, Memorandum Herbert, 15.5.1875.

⁷⁷ TNA, CO 537/124a, Colonial Office – Foreign Office, 21.5.1875 (vertroulik).

It must be remembered that Delagoa Bay is in great measure the key to all that part of Africa and, if were to pass into the hands either of the Dutch Republics or of a foreign and powerful European state would acquire value very much out of proportion to its present importance.⁷⁸

Voordat Derby op Carnarvon se voorstel kon reageer, is hy deur Cobbold in kennis gestel dat die Portugese regering op geen stadium enige onderhandelinge met die Duitse minister in Lissabon oor Delagoabaai gevoer het nie. Cobbold was van mening dat die Portugese op hierdie tydstip geen voorstelle oor die vervreemding van die baai sou oorweeg nie. Inteendeel, as die uitspraak ten gunste van Portugal se aansprake sou wees, sou Portugal syns insiens die geleentheid benut om 'n nuwe koloniale beleid te implementeer deur Delagoabaai vir vryhandel met alle nasies oop te stel. Hierdie inligting is onmiddellik aan die koloniale kantoor oorgedra, maar dit het geen wysiging in hul standpunt met betrekking tot die noodsaak van verdere onderhandelinge met Portugal oor Delagoabaai, tot gevolg gehad nie.⁷⁹

Die Britse minister in Berlyn, lord Odo Russell, het 'n week later verdere gerusstellende nuus oor die Delagoabaai-vraagstuk aan Derby verskaf. Hy het uit verskeie private gesprekke met die Duitse minister van buitelandse sake, Von Bülow, afgelei dat die Duitse regering "would not accept that territory even as a gift from any power, there being no wish, no intention, to acquire Colonies for Germany on the part of the Emperor". Die Duitse kanselier, Otto von Bismarck, het hom meegedeel dat as Burgers Berlyn sou besoek "to offer the Transvaal to the protection of the German Empire", hy nie sukses sou behaal of enige aanmoediging ontvang nie. Die kanselier het nie kans gesien om solank hy lewe of aan bewind was, met 'n Duitse protektoraat in 'n veraf geleë landstreek opgesaal te sit nie. Hierdie inligting is na die koloniale kantoor verwys wat dit onder die aandag van Barkly gebring het.⁸⁰

Derby het ten spyte van die gerusstellende nuus dat Duitsland geen belangstelling in Delagoabaai getoon het nie, nietemin besluit om Carnarvon se voorstel op die proef te stel. Hy het die Britse minister in Lissabon, Lytton, gevolglik op 7 Junie 1875 versoek om 'n formele nota aan die Portugese minister van buitelandse sake, João de Andrade Corvo, te rig

proposing that the Portuguese Government should enter into an agreement with that of the Her Majesty to the effect that whichever way the award of the arbitrator may be given as regards

⁷⁸ Ibid.

⁷⁹ TNA, CO 537/124a, Cobbold – Derby, Lissabon, 13.5.1875 (afskrif); Foreign Office – Colonial Office, 21.5.1875.

⁸⁰ TNA, CO 537/124a, Russell – Derby, Berlyn, 1.6.1875.

the right of sovereignty over the territory on the South East Coast of Africa now in dispute between Great Britain and Portugal; the power in whose favour the award is given shall not entertain any proposal for the acquisition of the territory in question by any other power until the defeated party has had an opportunity of making a reasonable offer for its acquisition either by purchase, or for some other consideration.⁸¹

Lytton het Derby se instruksie op 12 Junie 1875 ontvang, 'n dag nadat hy uit 'n persberig verneem het dat president MacMahon ten gunste van Portugese soewereiniteit oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai beslis het. Hy het nie teenstaande die veranderde omstandighede rondom die uitslag van die arbitrasie onmiddellik 'n streng vertroulike privaatbrief aan Corvo gerig waarin hy hom oor Derby se instruksie ingelig het en voorberei het op die ontvangs van 'n amptelike nota in dié verband. Lytton het dit raadsaam geag om die minister daarop te wys dat alhoewel die instruksie hom pas bereik het, dit 'n geruime tyd "previous to the official announcement of the award" gedateer was. Hy het ook sy oortuiging uitgespreek dat die Portugese regering nie sou huiwer om die gevraagde versekering aan die Britse regering te gee nie. Corvo is gevolglik versoek om in afwagting op sy amptelike antwoord op die Britse versoek, Lytton solank privaat en vertroulik namens homself en sy kabinets-kollegas die gevraagde versekering te gee. Lytton sou dit telegrafies aan Derby oordra.⁸²

Met MacMahon se uitspraak egter nog geensins amptelik nie, het Corvo twee dae later aan Lytton se versoek voldoen. Hy het Lytton meegedeel dat Portugal nie die grondgebied, "awarded to her by the French arbitrator", aan enige derde moondheid sou afstaan of verkoop nie. Lytton is terselfdertyd ook meegedeel dat Corvo vir etlike weke uitstедig sou wees, maar met sy terugkeer na Lissabon graag met hom oor die Britse voorstel in gesprek sou wou tree. Hierdie nuus is onmiddellik telegrafies onder Derby se aandag gebring wat dit ook aan die koloniale kantoor gekommunikeer het.⁸³

Lytton het egter ten spyte van hierdie versekering besluit om 'n amptelike nota oor die Britse voorstel met betrekking tot die vervreemding van Delagoabaai, sonder versuim aan Corvo voor te lê. Die Britse voorstel is gevolglik op 14 Junie 1875 in 'n amptelike nota aan Corvo gekommunikeer. Hy is meegedeel dat die Britse regering tot die Delagoabaai-arbitrasie ingestem het op grond van 'n opregte behoefte om in belang van die ou en hartlike betrekkinge tussen die

⁸¹ TNA, CO 537/124a, Foreign Office – Colonial Office, 29.5.1875 (vertroulik).

⁸² TNA, CO 537/124a, Lytton – Derby, Lissabon, 18.6.1875; Lytton – Corvo, Lissabon, 14.6.1875.

⁸³ TNA, FO 63/1052, Corvo – Lytton, 17.6.1875; Lytton – Derby, 24.6.1875.

twee moondhede, 'n ou dispuut oor die soewereiniteit oor grondgebied “so closely neighbouring the Colonial Possessions of the two Powers in Southern Africa”, uit die weg te ruim. Corvo is egter terselfdertyd in tipies diplomatieke taal daarop gewys dat

the possession of that territory by any third Power, to whom the surrender of it was not contemplated by the British Government when the British Government agreed to submit to arbitration the disputed title on which it had hitherto claimed and held the territory in question, would scarcely be calculated to inspire on the part of Her Majesty's Government those sentiments of confidence and security with which they are fully prepared to accept the award of the arbitration, if that award be favourable to the claims of Portugal.⁸⁴

Lytton het derhalwe die vertroue uitgespreek dat die Portugese regering in die lig van hierdie omstandighede en die vriendskaplike betrekkinge tussen die twee regerings, hulle gunstige oorweging aan die Britse voorstel sou skenk.⁸⁵

Corvo het nie gras onder sy voete laat groei om Lytton die gevraagde versekering te gee nie. Hoewel die uitspraak van MacMahon nog steeds nie amptelik bekend gemaak is nie, het hy reeds op 17 Junie 1875 'n amptelike nota aan Lytton gerig waarin die Britse regering die versekering gegee is dat die Portugese regering vasbeslote was om geen gedeelte van Delagoabaai aan 'n derde moondheid af te staan nie. Die Britse regering is terselfdertyd ook die versekering gegee dat wat die Delagoabaai-vraagstuk betref, hulle volkome op Portugese lojaliteit en vriendskap kon vertrou. Lytton het met die ontvangs van hierdie belangrike nota die inhoud daarvan onmiddellik telegrafies onder die aandag van die Britse regering gebring.⁸⁶

Hoewel MacMahon op hierdie tydstip nog nie sy amptelike uitspraak in die Delagoabaai-arbitrasie gelewer het nie, was dit nog nie die einde van die nuwe verstandhouding oor Delagoabaai tussen Brittanje en Portugal nie. Carnarvon wou met die oog op die bevordering van sy federasie-planne in Suid-Afrika vasstel of die Portugese regering na die amptelike uitspraak van die Delagoabaai-arbitrasie bereid sou wees om met Brittanje oor die vervreemding van Delagoabaai te onderhandel. Lytton het gevolglik op 7 Julie 1875 opdrag ontvang om die Portugese regering so gou as moontlik in dié verband te pols.⁸⁷

⁸⁴ TNA, FO 63/1052, Lytton – Corvo, 14.6.1875.

⁸⁵ Ibid.

⁸⁶ TNA, FO 63/1052, Corvo – Lytton, 17.6.1875.

⁸⁷ TNA, FO 63/1052, Colonial Office – Foreign Office, 17.7.1875 (geheim); Foreign Office – Colonial Office, 7.7.1875; Foreign Office – Lytton, 7.7.1875.

Lytton het hierdie aangeleentheid tydens 'n persoonlike gesprek met Corvo op 22 Julie 1875 aangeroer. Corvo was van mening dat só 'n versekering, d.w.s. dat Brittanje 'n reg van eerste weiering besit het indien die Portugese regering sou besluit om Delagoabaai te verkoop, ingesluit was by hul versekering aan die Britse regering dat Portugal die baai nie aan 'n derde moondheid sou afstaan nie. Ten einde enige misverstand uit die weg te ruim, het hy Lytton gemagtig om die verlangde versekering weer eens in die "most positive and emphatic terms" aan Derby oor te dra. Carnarvon was besonder ingenome met Corvo se versekering en het dit "as one of no small importance in the future negotiations which may probably arise out of this arbitration" aan Derby bestempel.⁸⁸

Uiteindelik het president MacMahon op 28 Julie 1875 in Parys die amptelike uitspraak in die Delagoabaai-arbitrasie in 'n handgeskrewe dokument van een bladsy gelewer. Hy het op grond van agt gevolgtrekkings uit die Britse en Portugese getuienis wat aan hom voorgelê is, ten gunste van Portugal se aansprake op die gebiede van Tembe en Maputo en die eilande van Inyack en Elephant, beslis. Sy gevolgtrekkings was:

1. Dat Delagoabaai of die Baai van Lourenco Marques in die sestiende eeu deur die Portugese seevaarders ontdek is, en dat Portugal in die sewentiende en agtiende eeu verskeie plekke op die noord-oewer van die Baai en op Inyackeiland beset het.
2. Dat Portugal sedert die ontdekking van Delagoabaai deurentyd aanspraak gemaak het op sy soewereine besit van die hele Baai en aangrensende gebiede, asook op Portugal se eksklusiewe reg om daar handel te dryf. Verder dat Portugal met wapengeweld hierdie aanspraak suksesvol rondom 1732 teen die Nederlanders en in ongeveer 1781 teen die Oostenrykers verdedig het.
3. Dat die wetgewing ingevolge waarvan Portugal hierdie aansprake gehandhaaf het, nie aanleiding gegee het tot enige beswaar deur die Nederlandse en Oostenrykse regerings nie.
4. Dat Brittanje in 1817 met die ondertekening van die Anglo-Portugese konvensie vir die bekamping van slawerny, nie Portugal se reg op die Baai van Lourenco Marques betwis het nie. Die tweede artikel in hierdie konvensie moet inderdaad vertolk word as dat die hele

⁸⁸ Ibid., Lytton – Derby, 22.7.1875; Colonial Office – Foreign Office, 16.7.1875.

Delagoabaai of Lourenco Marques (name wat aldus MacMahon na willekeur gebruik word) deel van die besittings van die Kroon van Portugal gevorm het.

5. Dat die Britse regering kaptein Owen in 1822 opdrag gegee het om 'n hidrografiese opname van Delagoabaai en die riviere wat daarin uitmond, te onderneem, en hom ook by die Portugese regering aanbeveel het.
6. Dat die onvoorsiene inkrimping van die Portugese gesag in daardie gebiede in 1823 moontlik vir kaptein Owen mislei het, en veroorsaak het dat hy eerlik onder die indruk verkeer het dat die inheemse leiers van die betwiste gebiede onafhanklik van die Portugese monargie was. Dit het egter nie die konvensies wat hy met hulle gesluit het minder strydig met die regte van Portugal gemaak nie.
7. Dat byna onmiddellik na die vertrek van die Britse skepe uit Delagoabaai die inheemse leiers van Tembe en Maputo weer hul afhanklikheid van die Portugese owerhede erken het. Hierdeur het hulle dus self verklaar dat hulle nie die mag gehad het om ooreenkomste te sluit nie.
8. Dat die konvensies wat deur kaptein Owen en die Tembe- en Maputo-leiers onderteken is, gesluit is tussen partye wat nie bevoeg was om ooreenkomste te sluit nie, en dus van nul en gener waarde was. Hierbenewens is die voorwaardes wat in die Tembe-konvensie gestipuleer is, nooit nagekom nie, terwyl die Maputo-konvensies wat vir bepaalde tydperke gesluit is, nooit na die verstryking daarvan, hernu is nie.⁸⁹

Derby het die amptelike uitspraak aan die begin van Augustus 1875 onder Carnarvon se aandag gebring, en hom daarop gewys "that the award is to the effect that the claims of Portugal over the territories of Tembe and Maputa - over the peninsula of Inyack-and over the islands of Inyack and Elephant - are duly proved and established".⁹⁰ Aangesien Brittanje verplig was om die uitspraak te aanvaar, het hy Carnarvon versoek om die Britse goewerneurs in Suid-Afrika opdrag te gee om Portugal se soewereiniteit oor hierdie gebiede te erken. Met dié doel voor oë het hy 'n konsep-skrywe in dié verband aan die Britse admiraliteit vir Carnarvon se goedkeuring voorgelê.⁹¹

⁸⁹ Ibid., Foreign Office – Colonial Office, 1.9.1875.

⁹⁰ TNA, FO 63/1052, Foreign Office – Colonial Office, 4.8.1875.

⁹¹ Ibid.

Hoewel Carnarvon die uitslag van die arbitrasie betreur het, het hy hom vereenselwig met die inhoud van Derby se konsep-skrywe aan die admiraliteit. Op voorstel van Herbert is Derby egter versoek om 'n Engelse vertaling van die Franse-uitspraak te voorsien, "as they are too important for the Colonial Office to undertake to give the English version which must be place on record in the Colonies".⁹² Die Britse ambassade in Parys het twee weke later aan Herbert se versoek voldoen.⁹³

Beide Barky en die luitenant-goewerneur van Natal, sir Henry Bulwer, is gevolglik in September 1875 van die Engelse vertaling van die uitspraak in kennis gestel en met die oog op Derby se versoek om erkenning aan Portugese soewereiniteit te verleen, aangeraai om enige stappe te neem "for publishing and placing formally on record the decision of Marshall MacMahon".⁹⁴

⁹² TNA, FO 63/1052, Colonial Office – Foreign Office, 17.8.1875.

⁹³ TNA, FO 63/1052, Foreign Office – Colonial Office, 1.9.1875; Colonial Office – Foreign Office, 17.8.1875.

⁹⁴ TNA, CO 179/119, Colonial Office – Barkley, 6.9.1875; Colonial Office – Bulwer, 6.9.1875.

HOOFSTUK AGT

SLOT

Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai in die tydperk 1822 tot 1875 het nie 'n spesifieke patroon gevolg nie. Die tydperk is gekenmerk deur verskeie insidente rakende aansprake op eienaarskap op dié gedeelte van die baai tussen Groot-Brittanje en Portugal. Dit sou uiteindelik in 1875 deur arbitrasie deur die Franse president, maarskalk Patrice MacMahon, ten gunste van Portugal besleg word.

Kaptein William Owen kan tereg as die grondlegger van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai beskou word. Daar bestaan geen twyfel nie dat hy die baai in September 1822 binnegevaar het onder die vaste oortuiging dat dit deel gevorm het van Portugal se Oos-Afrikaanse besittings waarvan Brittanje die besitreg in die Anglo-Portugese konvensie van 1817 erken het. Waarnemende goewerneur Casimir se onvermoë om beskerming aan die Britse ekspedisie te verleen, en sy erkenning dat Portugese gesag in Delagoabaai nie verder as die onmiddellike omgewing van die Portugese fort gestrek het nie, het Owen laat besef dat hier 'n ideale geleentheid was om Britse belange in Delagoabaai te bevorder. Dit sou verreikende gevolge vir Britse en Portugese aansprake op die baai inhou.

Met die wanopvatting van Portugese soewereiniteit oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai eenklaps uit die weggeruim, het Owen die baai en riviere op eie verantwoordelikheid verken en met die oog op die bevordering van Britse handelsbelange, vriendskaplike betrekkinge met die inheemse volkere aanknoop. Hy het hom gedurende die res van sy ekspedisie se werksaamhede nie verder aan enige Portugese aansprake op die baai gesteur nie, hoewel hy steeds vriendskaplike betrekkinge met die plaaslike owerhede in Lourenco Marques gehandhaaf het.

Owen se voorneme om Britse belange in Delagoabaai te bevorder, het reeds duidelik geblyk uit sy eerste instruksies aan luitenant Vidal vir die verkenning van die Temberivier. Hoewel daar in sy instruksies van die Britse admiraliteit geen sprake van die verkryging van grondgebied was nie, het hy Vidal nietemin versoek om 'n

geskikte ligging vir 'n nedersetting te identifiseer. Hierdie opdrag toon dat Owen reeds enkele dae na sy aankoms in English River-hawe besluit het om sy instruksies, ter wille van die bevordering van Britse handelsbelange, te oorskry en 'n nuwe weg in te slaan – 'n besluit wat sy wetenskaplike verkenningstog in 'n politieke aangeleentheid sou verander en reeds in November 1822 op die eerste Britse aanspraak op Delagoabaai sou uitloop: die reg van Britse handelaars om sonder vrees vir Portugese inmenging vryhandel met die inheemse mense in die suidelike gedeelte van die baai te beoefen.

Die Britse bevelvoerder se konfrontasie in Maart 1823 met die nuwe Portugese goewerneur, Lupe de Cardeinas, oor Portugese dominium (besitreg) op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, het eweneens belangrike gevolge vir Britse aansprake op dié gedeelte van die baai ingehou. De Cardeinas se brutale optrede teenoor Britse handelaars op die Maputorivier en sy voorneme om na die Britte se vertrek die suidelike gedeelte van Delagoabaai met geweld te beset en die Portugese vlag op elke prominente punt in die baai te hys, het 'n deurslaggewende rol gespeel in Owen se besluit om die Tembe-sessie namens Brittanje te aanvaar.

Owen se konfrontasie met De Cardeinas oor Portugese besitreg op die suidelike gedeelte van Delagoabaai het ook 'n belangrike rol tydens sy derde besoek aan Delagoabaai gespeel. Sy ware oogmerk met die verkenning van die Maputorivier in Augustus 1823 was om 'n Portugese oorname van die Maputo-koninkryk te voorkom en 'n verdrag van handel en vriendskap met Makasane te sluit.

Makasane en Maiette se bereidwilligheid in Oktober 1823 om hul onderdanigheid aan Portugal te erken, is 'n duidelike bewys dat hulle weinig waarde aan hul verdrae met Owen geheg het en slegs op eie onmiddellike ekonomiese voordele ingestel was.

Hoewel Owen se ooreenkomste met die twee inheemse opperhoofde uit 'n staatsregtelike oogpunt dus van weinig waarde was, was dit ironies genoeg nie die geval met De Cardeinas se ooreenkomste nie. Dié ooreenkomste sou meer as vyftig jaar later tydens die Anglo-Portugese skeidsgereg oor Delagoabaai 'n sleutelrol speel om Portugal se aanspraak op die suidelike deel van die baai ten koste van

Brittanje te laat seëvier. MacMahon het in Julie 1875 bevind dat die inheemse opperhoofde deur hierdie ooreenkomste met De Cardeinas hul afhanklikheid van die Portugese owerhede erken het en hierdeur self verklaar het dat hulle nie die mag gehad het om ooreenkomste met Owen te sluit nie.

Dit is nietemin duidelik uit Owen se korrespondensie met die Britse regering dat hy meer in die Tembe- en Maputoverdrae gesien het as bloot die bevordering van Britse handelsbelange in Delagoabaai. Syns insiens het dié verdrae ook die geleentheid gebied vir die vestiging van Britse sendelinge en beskawing asook die bekamping van slawerny aan die suidooskus.

Owen se pogings om die grense van Britse gesag in suidelike Afrika tot Delagoabaai uit te brei, het, met die uitsondering van kommodoor Nourse, weinig indien enige ondersteuning in Britse regeringskringe geniet. Lord Bathurst, die Britse minister van kolonies, se kommentaar in Oktober 1823 dat die Tembe-sessie “appears to be in its details objectionable and impracticable, even supposing that the Cession was in itself desirable”¹, het boekdele in dié verband gespreek. Die Kaapse goewerneur, lord Somerset, het ook nie Owen, Nourse of dr. John Philip se standpunte oor die belangrikheid van Delagoabaai vir die Kaapkolonie en die Britse Ryk gedeel nie. Hoewel hy nie die voordele van die baai ontken het nie, het sy standpunt dat Delagoabaai volgens alle verslae ‘n ongesonde en gevaarlike gebied was, waarskynlik ‘n deurslaggewende rol in Bathurst se besluit gespeel om nie die Tembe-sessie te aanvaar nie.

Nourse was die enigste Britse gesagvoerder wat Owen se oogmerke met betrekking tot Delagoabaai ondersteun het. Sy kennisgewing van 1 Junie 1823 waarvolgens Britse onderdane gemagtig is om in Delagoabaai handel te dryf, sou die eerste en enigste amptelike poging wees om Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te bevorder. Nourse het egter reeds in Oktober 1823 opdrag ontvang om dié magtiging ter syde te stel.

¹ TNA, ADM 1/4239, Horton – Croker, 17.10.1823.

Owen se konfrontasie met goewerneur Von Belliker in Delagoabaai in Augustus 1825 was 'n keerpunt in die Anglo-Portugese dispuut oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Portugese protes teen sy aggressiewe optrede in Delagoabaai het die eerste korrespondensie op diplomatieke vlak oor die botsende Anglo-Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van die baai tot gevolg gehad. Tydens hierdie korrespondensie in die jare 1826-1828 het De Palmela, die Portugese saakgelastigde in Londen, die eerste breedvoerige uiteensetting van Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai verskaf wat ernstige vrae oor die geldigheid van Britse aansprake laat ontstaan het. Dit wil voorkom of die Britse minister van buitelandse sake, lord Dudley, reeds op hierdie tydstip besluit het om af te sien van Britse soewereiniteit oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai en om eerder aan te dring op die reg van vrye handelsverkeer in daardie geweste. Hierdie korrespondensie, en veral die verskil in interpretasie wat aan die term "Baai van Lourenco Marques" in die Anglo-Portugese konvensie van 1817 geheg is, sou in 1872 die grondslag van die Delagoabaai-arbitrasie vorm.

Die optrede van lord Palmerston, Dudley se opvolger as Britse minister van buitelandse sake, in die dertigerjare, dui uiteensaglik daarop dat die Britse regering alreeds op hierdie stadium nie bereid was om Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai te betwis nie. Trouens, Palmerston het in Julie 1835 in 'n amptelike skrywe aan die Britse departement van kolonies onomwonde enige Britse aansprake op Delagoabaai ontken; 'n standpunt waarvan MacMahon om voor die hand liggende redes nooit van kennis gedra het nie.

Hoewel Palmerston in 1835 enige Britse aansprake op Delagoabaai ontken het, sou die Portugese beslaglegging op 'n Natalse vaartuig, die *Herald*, in die noorde van die baai in Desember 1857, tot 'n wysiging in die Britse standpunt lei. Die beslaglegging op die *Herald*, en veral die optrede van die Britse konsul op Mosambiekeiland, Lyons McLeod, het opnuut die aandag op Britse en Portugese aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai gevestig. McLeod se bedenkinge oor Portugese aansprake op die ooskus asook sy rooskleurige vooruitsigte oor die handelsmoontlikhede van die suidelike gedeelte van Delagoabaai, het 'n groot rol in Britse regeringslui se hernude belangstelling in Delagoabaai gespeel.

Benewens McLeod het admiraal F.W. Grey se versoek in Januarie 1859 aan die Britse admiraliteit om uitsluitel te gee oor die grense van Portugese soewereiniteit in Delagoabaai, ook belangrike gevolge vir Britse aansprake op die baai ingehou. Sy versoek het nie alleen tot die opstel van die eerste Britse memorandum oor die grense van die Portugese besittings aan die ooskus gelei nie, maar ook tot 'n nuwe standpunt-inname oor Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai.

Hierdie memorandum en die hertog van Newcastle, die Britse minister van kolonies, se standpunt oor die belangrikheid van die suidelike gedeelte van Delagoabaai vir Britse belange in suidelike Afrika, het lord Russell, die Britse minister van buitelandse sake, in April 1860 laat besluit om Britse aansprake te handhaaf en nie Portugal se aanspraak op soewereiniteit oor enige grondgebied suid van die Lourenco Marques- of Englishrivier te erken nie. Ten einde Portugese uitbreiding suid van Lourenco Marques te verhoed en terselfdertyd Britse beheer oor die suidelike gedeelte van Delagoabaai te verseker, is die Britse vlag in November 1861 op Inyackeiland gehys en onder Natalse beheer geplaas.

Hoewel die Britte hulle nie veel aan die Portugese protes teen die Britse anneksasie van Inyackeiland gesteur het nie, het die anneksasie weer eens die aandag op die verskil in interpretasie van die tweede artikel van die 1817-konvensie laat val. Kragtens die artikel het Brittanje Portugal se aanspraak op die ooskus van Afrika tussen Kaap Delgado en die Baai van Lourenco Marques erken. Volgens die Portugese het die verwysing na die Baai van Lourenco Marques na die hele Delagoabaai suid van die Portugese nedersetting Lourenco Marques verwys, terwyl die Britte by monde van sir Arthur Magenis, die Britse minister in Lissabon, volgehou het dat dit na die klein baai in die monding van die Lourenco Marquesrivier verwys het. MacMahon het in sy uitspraak dertien jaar later die Portugese gelyk gegee dat die Baai van Lourenco Marques na die hele Delagoabaai verwys het en dat die tweede artikel inderdaad vertolk moet word as dat die hele Delagoabaai deel van die besittings van die Kroon van Portugal gevorm het.

President M.W. Pretorius se poging in 1868 om die ZAR se grondgebied tot aan die monding van die Maputorivier uit te brei en sy onderhandelinge met die Portugese

konsul-generaal in Kaapstad, Alfredo Duprat, oor die oosgrens van die ZAR, het verreikende gevolge vir Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai ingehou. Die ZAR-Portugese verdrag van 1869 wat daaruit gespruit het, het die ZAR die eerste staat gemaak wat Portugal se aanspraak op die suidelike gedeelte van Delagoabaai erken het. Hoewel die Britse regering teen hierdie grensreëling asook teen 'n daaropvolgende Portugese besetting van Inyackeiland geprotesteer het, sou langdurige Anglo-Portugese onderhandelinge uiteindelik tot 'n gesamentlike besluit lei om hul opponerende aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai aan die arbitrasie van die Franse president voor te lê.

Pretorius en Duprat se optredes en onderhandelinge met betrekking tot Delagoabaai het die onkunde in Britse regeringskringe aangaande die presiese omvang van Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai, asook die gebrek aan kommunikasie tussen die buitelandse- en koloniale kantore oor hierdie aangeleentheid, duidelik aan die kaak gestel. Dit het egter geen invloed op die geldigheid van Britse aansprake uitgeoefen nie.

Die gebrek aan erns waarmee die Britse regering hul aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai bejeën het, het ook in die voorbereiding van die Britse saak vir die Delagoabaai-arbitrasie na vore getree. Die Britse betoë het in omvang, voorkoms en inhoud sleg afgesteek by die Portugese saak en 'n wrang smaak in die mond gelaat dat 'n amptelike Franse vertaling nie uit die staanspoor deel van die Britse voorlegging gevorm het nie. Maarskalk MacMahon se amptelike uitspraak in die Delagoabaai-arbitrasie in Julie 1875 ten gunste van Portugal se aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai het derhalwe nie as 'n verrassing vir die Britse regering gekom nie.

Ten slotte verdien lord Lytton, die Britse minister in Lissabon ten tye van die MacMahon-uitspraak, dalk die laaste woord oor Britse aansprake op die suidelike gedeelte van Delagoabaai. Hy het die Britse minister van buitelandse sake, lord Derby, se aandag daarop gevestig dat die Portugese pers met groot vreugde van president MacMahon se uitspraak ten gunste van Portugal kennis geneem het, en dat ten minste een koerant in dié verband opgemerk het: "England is not fortunate in

the maintenance of those rights which circumstances oblige her to submit to the decision of other powers”.²

² TNA, CO 537/124a, Lytton – Derby, Lissabon, 18.6.1875.

BIBLIOGRAFIE

I. LITERATUUR

Alexandre, V. en Dias, J., *O Império Africano 1825-1890* (Lissabon: Editorial Estampa, 1998).

Alpers, E.A., *The East African Slave Trade*, (Westport: Technomic Publishing Company, 1967).

Appelgryn, M.S., *Thomas Francois Burgers, Staatspresident 1872-1877*, (Pretoria: HAUM Uitgewery, 1979).

Axelson, E., *Portuguese in South-East Africa, 1488-1600*, (Kaapstad: C. Struik, 1973).

Axelson, E., *Portuguese in South-East Africa, 1600-1700* (Johannesburg : Witwatersrand University Press, 1960)

Axelson, E., *Portugal and the Scramble for Africa, 1875-1891*, (Johannesburg: Witwatersrand University Press, 1967).

Bonifácio, M. de F., *Memorias do Duque de Palmela* (Córclova: Dom Quixote, 2010).

Boteler, T., *Narrative of a Voyage of Discovery to Africa and Arabia, Performed in his majesty's ships Leven and Barracouta from 1821 to 1826, Volumes I & II* (Richard Beutley: London, 1835).

Botelho, J.J.T., *Historia Militar e Política dos Portugueses em Moçambique de 1833 aos nossos dias* (Lissabon: 1936 (Tweede hersiene uitgawe)).

Boxer, C.R., *An African Eldorado: Monomotapa and Mocambique, 1498-1752*, (Salisbury, Rhodesia: The Central Africa Historical Association, herdruk 1974).

Boxer, C.R., *Zeevarend Nederland en zijn Wereldrijk, 1600-1800*, (Amsterdam: Rainbow Paperback, 2002).

Boxer, C.R., *The Portuguese Seaborne Empire, 1415-1825*, (London, 1969).

Boxer, C.R. en De Azevedo, C., *Fort Jesus and the Portuguese in Mombasa, 1593-1729*, (London: Hollis & Carter, 1960).

Boxer, C.R., *The tragic history of the sea, 1589-1622: Narratives of the shipwrecks of the Portuguese East Indiamen "Sao Thome"*, (London: University of Minnesota Press, 2001).

Burrows, E.H., *Captain Owen of the African Survey, 1774-1857*, (New Brunswick: A.A. Balkema, 1979).

Capela, J., *O tráfico de Escravos nos Portos de Moçambique, 1717-1904*, (Lissabon: 2016 (Tweede hersiene uitgawe)).

Costa, J.P.O. (red.), *História da Expansão e do Império Português*, (Lissabon: A Esfera dos Livros, 2014).

Coupland, R, Sir, *East Africa and its Invaders: From the Earliest Times to the Death of Seyyid Said in 1856*, (Londen: Oxford University Press, 1965 (herdruk)).

Coupland, R, Sir, *The Exploitation of East Africa 1856-1890: The Slave Trade and the Scramble*, (Londen: Northwestern University Press, 1967).

Coupland, R. Sir, *Kirk on the Zambesi, A Chapter of African History*, (Londen: Oxford University Press, 1928).

De Kiewiet, C.W., *British Colonial Policy and The South African Republics, 1848-1872*, (London: Longmans, Green and Col, 1929).

De Kiewiet, C.W., *The Imperial Factor in South Africa, A study in politics and economics* (Cambridge: Cambridge University Press, 1937).

De Kock, W.J., *Portugese Ontdekkers om die Kaap, Die Europese aanraking met Suidelike Afrika, 15415-1600*, (Kaapstad: A.A. Balkema, 1957).

De Wet, C., Hatting, L. en Visagie, J. (reds.), *Die VOC aan die Kaap 1652-1795*. (Pretoria: Protea Boekhuis, 2016).

Duffy, J., *Portugeuse Africa*, (London: Oxford University Press, 1961).

Egerton, H.E., *A Short History of British Colonial Policy* (London: Methuen & Co., Sewende uitgawe, 1924).

Eldredge, E.A., *Kingdoms and Chiefdoms of Southeastern Africa: Oral Traditions and History, 1400-1830*, (Rochester: University of Rochester, 2015).

Eldredge, E.A., *The Creation of the Zulu Kingdom, 1815-1828, War, Shaka and the Consolidation of Power*, (Cambridge: Cambridge University Press, 2014).

Eldredge, E.A. en Morton, F. (red.), *Slavery in South Africa, Captive Labour on the Dutch Frontier*, (Pietermaritzburg: University of Natal Press, 1994).

Elkiss, T.H., *The Quest for an African Eldorado: Sofala, Southern Zambezia, and the Portuguese, 1500-1865*, (Waltham: Crossroads Press, 1981).

Etherington, N., *The Great Treks, The Transformation of Southern Africa, 1815-1854*, (London: Pearson Education Ltd., 2001).

Ferreira, O.J.O., *Da Costa Leal in die Zuid-Afrikaanse Republiek, Die sekretaris van 'n Portugese Diplomatieke Kommissie se besoek aan Potchefstroom en terugreis na Lourenço Marques, 1869-1870*, (Pretoria: Protea Boekhuis, 2008).

Ferreira, O.J.O., *Ilha de Moçambique byna Hollands Portugese inbesitname, Nederlandse veroweringspogings en die opbloei en verval van Mosambiek-eiland*, (Jeffreysbaai: Adamastor, 2010).

Ferreira, O.J.O. en Le Roux, S.W., *Sagres & Suiderkruis, Raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue*, (Gordonsbaai & Jeffreysbaai: Adamastor, 2009).

Flemming, F., *Barrow's Boys. A Stirring Story of Daring, Fortitude and Outright Lunacy*, (London: Granta Publications, 2001).

Gordon, P. (red.), *The Political Diaries of the Fourth Earl of Carnarvon, 1857-1890. Colonial Secretary and Lord Lieutenant of Ireland*, (Cambridge: Cambridge University Press, 2009).

Graham, G.S., *Great Britain in the Indian Ocean, A Study of Maritime Enterprise, 1810-1850* (Oxford: Clarendon Press, 1967).

Goodfellow, C.F., *Great Britain and South African Confederation, 1870-1881* (Kaapstad: Oxford University Press, 1966).

Hammond, R.J., *Portugal and Africa, 1815-1910, A Study in Uneconomic Imperialism*, (Stanford, California: Stanford University Press, 1966).

Hanna, A.J., *The Beginnings of Nyassaland and North-Eastern Rhodesia, 1859-1995*, (London: Oxford University Press, 1956).

Hill, P.G., *Fifty Days on board a Slave-Vessel*, (London: John Murray, 1844).

Hoppe, F., *Portugiesisch-Ostafrika in der Zeit des Marquês de Pombal (1750-1777)*, (Berlyn: Colloquim Verlag, 1965).

Jackson, Haight, M.V., *European Powers and South East Africa, A Study of International Relations on the South-East coast of Africa, 1796-1856*, (New York: F.A. Praeger, hersiene uitgawe, 1967).

Kapp, P., Dr. John Philip: Die grondlegger van die Liberalisme in Suid-Afrika, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Agt- en-Veertigste Jaargang, Deel II*.

Keagan, T., *Dr. Philip's Empire., One man's Struggle for Justice in Nineteenth-century South Africa*, (Cape Town: Zebra Press, 2016).

Keay, J., *The Honourable Company. A History of the English East India Company*, (London: Harper Collins Company, 1993).

Kirby, P.R. (Red), *The Diary of Dr Andrew Smith Director of the "Expedition for Exploring Central Africa*, Vol. 1, (Cape Town, 1939 VRS 20).

Krüger, D.W., *Die weg na die see of die Ooskus in die Boere-beleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding tot die Portugese, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938, Deel I.*

Lloyd, C., *The Navy and the Slave Trade, The Suppression of the African Slave Trade in the Nineteenth Century* (London: Longmans, Green en Co, 1949).

Lobato, A., *Quatro Estudos e uma evocação para a história de Lourenço Marques* (Lissabon: Junta de Investigações do Ultramar, 1961).

Lobato, A., *História da fundação de Lourenço Marques*, (Lisboa: Edicoes da Revista Lusitania, 1948).

Lobato, A., *Lourenço Marques, 1830*, (Lisboa: Centro de Estudos Históricos Ultramarinos, 1966).

McCleod, L., *Travels in Eastern Africa; With The Narrative of a Residence in Mozambique, (1860)*, Vol 1 & 2, (Londen: Frank Cass & Co., 1971).

Millar, A. K., *Plantagenet in South Africa, Lord Charles Somerset*, (Londen: Oxford University Press, 1965).

Montez, C., *Descobrimento e Fundação de Lourenço Marques, 1500-1800*, (Lourenço Marques: Minerva Central – Editora, 1948).

Morrell, W.P., *The Gold Rushes*, (London, Adam & Charles Black, 1968).

Muller, C.F.J., *Die Britse owerheid en die Groot Trek*, (Pretoria: Academica, 1969 (Derde uitgawe))

Muller, C.F.J., *Die Oorsprong van die Groot Trek*, (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1974).

Newitt, M., *A History of Portuguese Overseas Expansion, 1400-1668*, (London: Routledge, 2005).

Newitt, M., *A History of Mozambique*, (London: Hurst & Company, 2009 (derde druk))

Newitt, M.D.D., *Portuguese Settlement on the Zambesi: Exploration, Land Tenure and Colonial Rule in East Africa*, (London: Longman, 1973).

Newitt, M.D.D., en Palmer H.C., *Northern Mozambique in the Nineteenth Century: the Travels and Explorations of H.E. O'Neill*, (Boston: Brill, 2016).

Newitt, M., *Portugal in Africa, the Last Hundred Years*, (London: C. Hurst & co., 1981).

Newitt, M., *Portugal in European and World History*, (London: Reaktion Books, 2009).

Owen, W. F., *Narrative of Voyages to Explore the Shores of Africa, Arabia and Madagascar, Volumes I & II* (London: Richard Bentley, 1833).

Paquette, G., *Imperial Portugal in the Age of Atlantic Revolutions, The Luso-Brazilian World, 1770-1850*, (Cambridge: Cambridge University Press, 2013).

Punt, W.H.J., *Louis Trichardt se laaste skof*, (Pretoria: J.L. van Schaik, 1953).

Ritchie, G.S., *The Admiralty Chart. British Naval Hydrography in the Nineteenth Century* (London: Hollis and Carter, 1967).

Theal, G.M., *The Portuguese in South Africa*, (Kaapstad: J.C. Juta & Co., 1896).

Theal, G.M., *Het begin van de Zuid-Afrikaansche geschiedenis*, (Amsterdam: HAUM, 1904).

Thompson, N., *Earl Bathurst and the British Empire 1762-1834*, (London: Leo Cooper, 1999).

Uys, C.J., *In the Era of Shepstone, being a Study of British Expansion in South Africa (1842-1877)*, (Lovedale: Lovedale Press, 1933).

Wilcken, P., *Empire Adrift, The Portuguese Court in Rio de Janeiro 1808-1822*, (London: Bloomsbury Publishing, 2005).

II. PERIODIEKE PUBLIKASIES

The South African Commercial Advertiser, 1824-1859

The Graham's Town Journal, 1832-1845

The Times, 1868-1875

The Cape Argus, 1875

De Zuid-Afrikaan, 1854-1859

III. GEPUBLISEERDE ARTIKELS

Bixler, R.W., 'Anglo-Portuguese Rivalry for Delagoa Bay', *The Journal of Modern History*, Vol. 6, Nr. 4 (Desember 1934), pp. 425-440.

Hope, P., 'Journey from Natal via the South African Republic and across the Lebombo Mountains to Lorenzo Marques or Delagoa Bay and thence to the Gold fields near Lydenburg', *The Journal of the Royal Geography Society of London*, Vol. 44 (1974), pp. 203-217.

Liesegang, G., 'Nguni Migrations between Delagoa Bay and the Zambezi, 1821-1839', *African Historical Studies*, Vol. 3, Nr. 2, (1970), pp. 317-337.

Newitt, M.D.D., 'Drought in Mozambique 1823-1831', *Journal of Southern African Studies*, Vol. 15, Nr. 1, (October 1988), pp. 15-35.

Eldredge, E.A., 'Sources of Conflict in Southern Africa, C. 1800-1830: The 'Mfecane' Reconsidered', *The Journal of African History*, Vol. 33 (1992) pp. 1-35.

Newitt, M.D.D., 'The Early History of the Sultanate of Angoche', *The Journal of African History*, Vol. 13, Nr. 3 (1972), pp. 397-406.

Newitt, M.D.D., 'Angoche, The slave Trade and the Portuguese c. 1844-1910', *The Journal of African History*, Vol. 13, Nr. 4 (1972), pp. 659-672.

Parsons, N., 'Reviving the Treks Debates', *South African Historical Journal*, Vol. 46, (May 2002), pp. 308-312.

Legassick, M., 'The Great Treks: The Evidence', *South African Historical Journal* 46 (May 2002), pp. 283-299.

Chewins, L., 'The Relationship between Trade in Southern Mozambique and State Formation: Reassessing Hedges on Cattle, Ivory and Brass', *Journal of Southern African Studies* (2016), vol. 42, No. 4, 724-741.

Harries, P., 'Slavery, Indenture and Migrant Labour: Maritime Immigration from Mozambique to the Cape, c. 1780-1880.', *African Studies* 73:3, 323-340, (6 November 2014).

Pelzer, A.N., 'Alexander McCorkindale en sy Skemas, 1864-1866', *Historia*, Vyftiende Jaargang, Nr. 1, (Maart 1970), pp. 6-23.

Pelzer, A.N., 'Die Invloed van McCorkindale se haweskemas op Britse belangstelling in Delagoabaai'. *Historia*, Vyftiende Jaargang, Nr. 2, (Junie 1970), pp. 74-80.

Pelzer, A.N., 'Die Suid-Afrikaanse Republiek se Ywer vir 'n eie Hawe en A. McCorkindale se Rol in verband daarmee'. *Historia*, vyftiende Jaargang, Nr. 3, (September 1970), pp. 146-163.

IV. VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Brown, R.T., '*William Fitzwilliam Owen: Hydrographer of the African Coast, 1774-1857*', ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Syracuse, 1972

Chewins, L., '*Trade at Delagoa Bay: The influence of trade on political structures 1721-1799*', Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 2015.

Coetzee, C.G., *'Die Stryd om Delagoabaai en die Suidooskus, 1600-1800'*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1954.

Hafkin, N.J., *'Trade, Society and Politics in Northern Mozambique, 1753-1913'*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Boston, 1973.

Hedges, D.W., *'Trade and Politics in Southern Mozambique and Zululand in the eighteenth and early nineteenth centuries'*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Londen, 1978.

Liesegang, G. J., *'Beiträge zur Geschichte des Reiches der Gaza Nguni in südlichen Moçambique 1820-1895'*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Keulen.

Smith, A.K., *'The Struggle for Control of Southern Moçambique, 1720-1835'*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Kalifornië, 1970.

Swanepoel, A.C., Natal: *Ekstraterritoriale Vraagstukke 1856-1864*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1978.

Van Tonder, B.S.C., *Die verhouding tussen die Boere in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Portugese van Mosambiek tussen die jare 1836-1839*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1952.

Webb, A., *'The Expansion of British naval Hydrographic Administration 1808-1829'*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Exeter, 2010.

V. GEPUBLISEERDE BRONNE

Bahia de Lourenço Marques: Questã entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do presidente da Republica Franceza. Memoria apresentada pelo Governo Portuguez, (Lisboa: Imprensa Nacional, 1875).

Bahia de Lourenço Marques: Questão entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do presidente da Republica Franceza. Segunda Memoria do Governo Portuguez (Replica á Memoria Ingleza), (Lisboa: Imprensa Nacional, 1874).

Delagoa Bay. Correspondence respecting the claims of Her Majesty's Government. Presented to both Houses of Parliament by command of Her Majesty 1875, (London: 1875).

Official Correspondence on the Lourenco Marques-Delagoa Bay Question (1874), (London: Henry S. King & Co., 1874).

Theal, G.M., *Records of South-Eastern Africa*, Volumes 1-9. (London, 1898).

Leverton, B.J.T., *Records of Natal, Volume One-Three, 1823-1838*, (Pretoria: The Government Printer, 1984-1990)

VI. ARGIVALE BRONNE

THE NATIONAL ARCHIVES (Londen)

1. Admiralty (ADM)

ADM 1/69: Letters from Commander-in-Chief/Senior Officer at the Cape of Good Hope, 1820-1825.

ADM 1/2268: Letters from Captains, Surnames O, 1820-1823.

ADM 1/2269: Letters from Captains, Surnames O, 1824.

ADM 1/2270: Letters from Captains, Surnames O, 1825.

ADM 1/2271: Letters from Captains, Surnames O, 1826.

ADM 1/4239: Letters from Secretaries of State, 1823-1824.

ADM 1/5687: From Secretaries of State, 1857.

ADM 1/5744: From Colonial Office, 1860.

ADM 2/1485: Admiralty: Out-Letters, 1821-1822.

ADM 2/1587: Admiralty: Out-Letters, 1824-1826.

ADM 50/290: Admiralty: Admiral's Journals, 1864-1865.

ADM 51/3034: Admiralty: Captains' Logs, Barracouta, 1821-1826.

ADM 51/3254: Admiralty: Captains' Logs, Leven, 1819-1825.

ADM 123/4: Admiralty: Africa Station: Correspondence, 1857-1860.

ADM 123/24: Admiralty: Africa Station: Correspondence, 1857-1862.

ADM 123/25: Admiralty: Africa Station: Correspondence, 1859-1864.

ADM 344/1050: Admiralty: Hydrographic Department: Coastal and Riverine Views, 1823.

ADM 344/1057: Admiralty: Hydrographic Department: Coastal and Riverine Views, 1910-1911.

ADM 344/1058: Admiralty: Hydrographic Department: Coastal and Riverine Views, 1823-1911.

ADM 344/1060: Admiralty: Hydrographic Department: Coastal and Riverine Views, 1878-1882.

ADM 344/1061: Admiralty: Hydrographic Department: Coastal and Riverine Views, 1882.

ADM 344/1062: Admiralty: Hydrographic Department: Coastal and Riverine Views, 1882.

2. Colonial Office (CO)

CO 48: Cape of Good Hope Colony, Original Correspondence, Original Despatches.

CO 48/ 62-494

CO 167: Mauritius, Original Correspondence, 1778-1951.

CO 179: Natal, Original Correspondence, 1846-1910.

CO 179/49-240.

CO 291: Transvaal, Original Correspondence, 1877-1910

CO 291/1-26.

CO 324/75: Minutes by earl Bathurst, 1824-1827.

CO 537: Confidential Correspondence, 1759-1955.

CO 537/124(a): South Africa. Despatches, Offices and Individuals, 1856-1883.

CO 879: Africa, Confidential Print, 1848-1970.

CO 879/9;11;12 en 24.

CO 959: Various Private Collections, 1869-1956: Correspondence sir Bartle Frere, 1869-1880.

3. Dominion Office (DO)

DO 119/611: Dispute between UK and Portugal over claims to territory on eastern coast of Africa, particularly Delagoa Bay, together with maps of the area, 1873-1900.

4. Foreign Office (FO)

FO 63: General Correspondence before 1906, Portugal.

FO 63:

58;59;60;121;327;395;522;580;601;614;631;640;698;808;822;
831;836;838;42;843;844;845;853;856;864;870;871;888;893;
894;915;923;924-927;970;989;1101-1104;1026;1033-
1035;1039;1046-1052;1062;1063;1075;1087;1098;1110;
1114-1117;1129-1134;1212;1261;1326;1359;1371;1421;1440.

FO 83: Law Officers' Reports, General Correspondence before 1906.

FO 83/2322: Law Officers' Reports: Poland and Portugal, 1827-1831.

FO 83/2328: Law Officers' Reports: Poland and Portugal, 1862-1876.

FO 84: Slave Trade Department, General Correspondence before 1906.

FO 93/33/102: Award of President Dispute: Great Britain and Portugal – Delagoa Bay.

FO 97/318: Portugal. Possessions on the East Coast of Africa, Delagoa Bay.

FO 179: Portugal: General Correspondence.

FO 312: Archives of the Cape Town Slave Trade Commission, 1843-1870.

FO 312/12-48.

FO 881: Foreign Office: Confidential Print, 1827-1914.

FO 881/314: Portugal: Decree. Slave Trade, 1842.

FO 881/320: Portugal: Protocol. Slave Trade. East Coast of Africa, 1850.

FO 881/322: Portugal: Protocol. Slave Trade. East Coast of Africa, 1847.

FO 881/773: Portugal: Further Papers. Case of the “Charles et Georges”, 1 November 1858-31 December 1858.

FO 881/773A: Portugal: Further Papers. Case of the “Charles et Georges”, 1 November 1858-31 December 1858.

FO 881/774: Portugal: Further Papers. Translation. “Charles et Georges”. Presented to Portuguese Parliament, 1858.

FO 881/866: Africa: Report. Resources of Eastern Africa. (Consul L. McLeod), 1858.1464.

FO 881/1731: Portugal: British Reply to Portuguese memorial. Island of Bulama, and parts of Guinea, November 1869.

FO 881/1733: Africa: resolutions. East African Slave Trade Committee, 1869.

FO 881/1805: Portugal: Decision of President of United States. Island of Bulama, and parts of Guinea, 21 April 1870.

FO 881/2205: Portugal: Protocol. Delagoa Bay. Arbitration, 25 September 1872.

FO 881/2322: Africa and Zanzibar: Report. Measures for Suppression of Slave Trade on East Coast, 31 May 1873.

FO 881/2324: Portugal: British Case. Claims to Territories on East Coast of Africa. Delagoa Bay. Arbitration, 1822-1872.

FO 881/2340: Africa and Portugal: Appendix to British Case. Survey of Delagoa Bay, 1873.

FO 881/2441: Portugal: British Reply. Claims to Territories on East Coast of Africa. Delagoa Bay Arbitration, 1874.

FO 881/2402: Portugal: Memo. Historical Sketch of Alliances between Great Britain and Portugal. (1373-1815) (Mr. L. Hertslet), 10 April 1823.

FO 881/2741: Africa: Despatch. Visit to Delagoa Bay. (Consul F. Elton), 25 October 1875.

FO 881/2772: Portugal: Memo. Portuguese Possessions on East Coast of Africa. (Mr. E. Hertslet), 24 December 1875.

FO 881/2915: General: Correspondence. Slave Trade, 1875.

FO 881/3825: Africa and Portugal: Memo. British Right of Sovereignty over East Coast of Africa between Tugela River and Delagoa bay. (Sir E. Hertslet), 9 January 1879.

5. Domestic records of the Public Record Office (PRO)

PRO 30/6/1: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: The Queen, 1874-1875.

PRO 30/6/3: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: The Queen, 1876-1878.

PRO 30/6/4: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Prince of Wales, 1874-1878.

PRO 30/6/5: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Cabinet. First Lord of the Admiralty, 1874-1878.

PRO 30/6/8: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Cabinet. Foreign Secretary, 1874-1878.

PRO 30/6/11: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Cabinet. Prime Minister, 1874-1878.

PRO 30/6/14: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Personal and family papers.

PRO 30/6/17: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Official, Under-Secretaries, 1874-1878.

PRO 30/6/23: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Correspondence with Governors, South Africa miscellaneous: Thomas Francois Burgers, 1875-1878.

PRO 30/6/32: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Colonial Governors (Sir Henry Barkly), 1874-1877.

PRO 30/6/38: Henry Herbert, 4th Earl of Carnarvon: Papers. Correspondence: Colonial Governors, Natal, 1875-1878.

THE BRITISH LIBRARY (Londen)

1. Manuscripts Collections
 - i. Lord Lytton: Letters to lord Carnarvon (Add MS 60797)
 - ii. Sir Robert Morier: Letters to sir Charles Dilke (Add MSS 43883)
2. India Office Records. East India Company Factory Records: Cape of Good Hope.
 - i. Account by Alexander Dixon, 3rd mate, Hope, of encounter with and capture of Dutch brig Hare at Delagoa Bay, 13 August 1796 (IOR/G/9/1)
3. India Office Records. Records of the Board of Commissioners for the Affairs of India. Board's Collections.
 - i. Complaint preferred by the Portuguese Governor of Mozambique against Captain Thomas Ramsden, master of the Country ship Perseverance, for trading in Delagoa Bay without permission. (IOR/F/4/535/12856)
4. India Office Records and Private Papers
 - i. Papers of Robert Saunders Dundas, 2nd Viscount Melville (1771-1851) President of the Board of Control, 1807-09, including memoranda and intelligence dated 1807, concerning the East India Company's wish to annex Delagoa Bay and Mozambique (Mss Eur F495)
5. Western Manuscripts
 - i. Description of the S. E. coasts of Africa and their delineation by H.M. ships Leven, Captain William Fitzwilliam Owen, and Barracouta; 1823 (Add MS 33837)
6. East India Series 83.
 - i. Owners of the *Spy*, Complaints against the Portuguese at Delagoa Bay, 22nd October 1781, with enclosures. (IOR/H/175: 1781-1783)

THE NATIONAL MARITIME MUSEUM (Greenwich, Londen)

1. Personal Collections

- i. Owen, William Fitzwilliam, Vice-Admiral, 1774-1857 (manuscript) (COO/3)
- ii. Boteler, Thomas, Commander, 1797-1829, (manuscript) (BTL/2/1/2-12))

THE ROYAL GEOGRAPHICAL SOCIETY (Londen)

1. RGS Journal Manuscripts Collection.

- i. Hope, Percy: Journey from the Transvaal, over the Lebombo Mountains to Delagoa Bay, 1874 (JMS/2/125)
- ii. Alexander J.E. : Notes on the intended expedition to Delagoa Bay, 1834 (JMS/2/5)
- iii. Coqui, (?): Journey from Andries Ohrigstad to Delagoa Bay in 1846, 1859 (JMS/2/63)
- iv. Baines, J. Thomas: Description of part of the (Orange River) Sovereignty, the course of the Limpopo and the country between it and Delagoa Bay, 1854 (JMS/2/35)
- v. Alexander, J.E.: Reports to the RGS on expedition in South Africa. List of rivers St. John's to Delagoa Bay, 1835 (JMS/2/8)

2. RGS Correspondence Collection

- i. Emery, Lt. J.B.: October 20 1836, not enthusiastic about going on an expedition to Delagoa Bay, 1836-1837 (RGS/CB2/168)

3. RGS Monograph Collection

- i. Captain J. Lyons McLeod R.N. (Obituary) (GJ2 (1893))
- ii. Confederation in South Africa and Delagoa Bay, 1874 (MGX.578.11)

KING'S COLLEGE LONDON

Special Collections: Wodehouse, sir Philip Edmond (1811-1887) Knight, colonial governor.

ARQUIVO HISTÓRICO ULTRAMARINO DE LISBOA (Lissabon)

Secretaria de Estado da Marinha e ul Ultramar.

Direcção Geral do Ultramar: Moçambique.

Correspondência: 1834-1878: Cx 1 – Cx 54.

ARQUIVO DO MINISTÉRIO DOS NEGÓCIOS ESTRANGEIROS (Lissabon)

Cx 968: Bahia de Lourenco Marques, 1823-1893

Cx 1124: Caminho de Ferro de Lourenco Marques, 1873-1888

Cx 1150-1152: Comissão Mista: Cabo de Boa Esperança

BIBLIOTECA NACIONAL DE PORTUGAL (Lissabon)

Bahia de Lourenço Marques: Questão entre Portugal e a Gran-Bretanha sujeita á arbitragem do president da Republica Franceza. Segunda Memoria do Governo Portuguez (Replica á Memoria Ingleza). Lisboa, Imprensa Nacional, 1874.

A Questão do Transvaal: Documentos Colligidos, Tradusidos e Communicados á Sociedade de Geographia de Lisboa por Augusto de Castilho.

TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK (Pretoria)

1. Aanwinste (A)

A 371 SP Engelbrecht-versameling:

3 Inkomende stukke, 1872-1875.

5 Uitgaande stukke, 1873-1881.

Korrespondensie, Burgers-Joubert, 1875-1876.

6 Aangebode adresse en eerbewyse, 1872-1877.

7 Pamflette, koerante ens., 1872-1879.

2. Staatsekretaris (SS)

Inkomende Stukke 1868-1876: SS 100 – SS 215

3. Eerste Volksraad (EVR)

15-18 Volksraadnotule, 15.11.1871-8.3.1877

181 Geheime notule, 1872-1877.

4. Uitvoerende Raad (UR)

4-5 Besluite (notule), 25.11.1871-12.4.1877

KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (Kaapstad)

1. Government House (GH)

GH 1/35: Papers received from Secretary of State, London: General 1823

GH 23/15: Papers despatched to Secretary of State, London: General 1844

GH 23/16: Papers despatched to Secretary of State, London: General 1846

GH 1/248: Papers received from Secretary of State, London: General 1855

GH 1/249: Papers received from Secretary of State, London: General 1855

GH 1/251: Papers received from Secretary of State, London: General 1856

GH 1/254: Papers received from Secretary of State, London: General 1856

GH 1/258: Papers received from Secretary of State, London: General 1857

GH 1/267: Papers received from Secretary of State, London: General 1858

GH 23/28: Papers despatched to Secretary of State, London: General 1861

GH 1/288: Papers received from Secretary of State, London: General 1862

GH 1/326: Papers received from Secretary of State, London: General 1870

GH 1/329: Papers received from Secretary of State, London: General 1870

GH 23/31: Papers despatched to Secretary of State, London: General 1871

GH 1/336: Papers received from Secretary of State, London: General
1872

GH 1/340: Papers received from Secretary of State, London: General
1873

GH 1/345: Papers received from Secretary of State, London: General
1873

GH 1/349: Papers received from Secretary of State, London: General
1874

GH 1/352: Papers received from Secretary of State, London: General
1875

GH 1/354: Papers received from Secretary of State, London: General
1875

GH 1/355: Papers received from Secretary of State, London: General
1875

GH 23/33: Papers despatched to Secretary of State, London: General
1875

GH 1/364: Papers received from Secretary of State, London: General
1876

SA NASIONALE BIBLIOTEEK KAAPSTAD

Cape Town Special Collections

1. Sir George Grey Collection (MSB 223)
 - i) Frederick William Grey (Admiralty House, Simons Town, 1858-1859):
Includes note on Delagoa Bay marked 'Private'.
2. An eulogy on Dr. Alexander Cowie, and Mr. Benjamin Green, who lost their lives on their return from Delagoa Bay, to Graham's Town
(SABP.197(7))
3. Forssman, Oscar Wilhelm Alric, 1822-1889: A guide for agriculturists and capitalists, speculators, miners, &, wishing to invest money profitable in the Transvaal Republic, South Africa: containing a description of a number of first-class farms, situated in different districts of the Republic, the tariff of Custom House duty in Delagoa Bay and other useful information
(A.968.2T/FOR)

Cape Town General Collection

1. Cooley, William Desborough: Memoir on the expediency of sending an expedition to explore the country west of Delagoa Bay. London: Royal Geographical Society, 1833. (FB.5378 (11))

Cape Town Manuscripts

1. Methodist (Miscellaneous) Collection (Manuscript)
 - i) William Threlfall to Reverend J Taylor, London (Ship 'Neriad', 11.4.1824). MS, 4 pp. Describes experiences at Delagoa Bay. (MSB 873)